

DIE GESKIEDENIS VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1918-1948

deur

STEPHANUS JOHANNES KITCHING

*Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad*

MAGISTER IN GESKIEDENIS

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Pretoria

NOVEMBER 1995

<u>INHOUD</u>	<u>BLADSY</u>
VOORWOORD	1
<u>HOOFSTUK I</u>	
<u>DIE ONTSTAAN VAN VOLKSBANKE</u>	3
<u>HOOFSTUK II</u>	
<u>DIE STIGTING VAN ONS EERSTE VOLKSBANK</u>	17
<u>HOOFSTUK III</u>	
<u>WETGEWING EN ONDERSOEK MET BETREKKING TOT</u> <u>ONS EERSTE VOLKSBANK EN ANDER VOLKSBANKE,</u> <u>1926 - 1942</u>	44
1. ONS EERSTE VOLKSBANK EN DIE WOEKERWET VAN 1926 EN DIE UITWERKING DAARVAN OP VOLKSBANKE IN DIE ALGEMEEN	44
2. RAAD VAN HANDEL EN NYWERHEID SE VERSLAG OOR ONS EERSTE VOLKSBANK, 1934	69
3. DIE BANKWET VAN 1942	94
<u>HOOFSTUK IV</u>	
<u>DIE GROEI EN VOORUITGANG VAN ONS EERSTE</u> <u>VOLKSBANK, 1918 - 1927</u>	105
<u>HOOFSTUK V</u>	
<u>DIE GROEI EN VOORUITGANG VAN ONS EERSTE</u> <u>VOLKSBANK, 1928 - 1948</u>	138
1. DIE GROEI EN VOORUITGANG VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1928 - 1937	138
2. DIE GROEI EN VOORUITGANG VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1938 - 1948	162
<u>HOOFSTUK VI</u>	
<u>DIE GEBOUE EN REKLAME VAN ONS EERSTE</u> <u>VOLKSBANK, 1918 - 1948</u>	186
1. GEBOUE	186
2. REKLAME	194

HOOFSTUK VII

<u>ONS EERSTE VOLKSBANK EN DIE STIGTING VAN ANDER VOLKSBANKE, 1918 - 1945</u>	205
--	------------

HOOFSTUK VIII

<u>DIE STATUTE VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1948</u>	225
--	------------

SLOTBESKOUING	246
----------------------	------------

BRONNE	251
---------------	------------

TABELLE	256
----------------	------------

SAMEVATTING	259
--------------------	------------

SUMMARY	261
----------------	------------

SLEUTELTERME	263
---------------------	------------

DANKBETUIGINGS

Graag spreek ek my dank en waardering uit teenoor die volgende persone vir elkeen se bydrae by hierdie studie:

- * Jan Louw vir die versorging van die finale produk en bystand met die tabelle.*
- * Hanlie vir die tik van die finale produk.*
- * Prof.W.A.Stals vir sy moeite en bekwame leiding met die voltooiing van die verhandeling.*
- * Die personeel van Ons Eerste Volksbank vir hul ondersteuning en bystand.*
- * Prof.J.S.Bergh wat as mede-leier opgetree het.*

Hierdie verhandeling word opgedra aan my ouers, wat my die voorreg gebied het om te kan gaan studeer. Dit word ook opgedra aan my vrou Hanlie, my twee seuns, Stephan en Louw, sonder wie se motivering en geduld die verhandeling nie sou gerealiseer het nie. Dan ook aan my Skepper wat my geleer het dat alles moontlik is as jy glo en doen.

VOORWOORD

Wat ekonomiese geskiedenis betref, is dit algemeen bekend dat dit 'n terrein is wat min betree word. Hierdie feit word duidelik onderstreep as South African History and Historians¹, A Bibliography of South African History, 1979 - 1989² en die Bibliography³ in die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, vir die tydperk 1990 - 1994 saamgestel deur Mary-Lynn Suttie, deurgewerk word. Wanneer daar gekyk word na die geskiedenis van die bankwese in Suid-Afrika, blyk dit duidelik dat hierdie veld grootliks braak lê, behalwe vir enkele werke daaroor. Dit is veral die geskiedenis van Nedbank wat intensief deur G. Verhoef⁴ nagevors is. Die navorsing oor Standard Bank⁵ is nie so omvattend as die navorsing oor Nedbank nie. Die terrein van volksbanke is nog feitlik onaangeraak. Dit is slegs die werk van E.H.D.Arndt⁶ wat daaroor verskyn het. Dié werk oor Ons Eerste Volksbank is daarom 'n eerste in sy soort.

Die doel met hierdie verhandeling is om te verduidelik wat 'n volksbank is en dan in besonder Ons Eerste Volksbank uit te lig. Met die verloop van die studie is daar ook 'n verskeidenheid onderwerpe wat betrekking

-
- 1.C.F.J.Muller, F.A.van Jaarsveld, T. van Wijk en M.Boucher (reds.), South African History and Historians.
 - 2.B.J.Liebenberg, K.W.Smith en S.B.Spies (reds.) A Bibliography of South African History, 1979 - 1989.
 - 3.Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 28, Mei 1993, pp.398 - 445, . Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 29, November 1993, pp.349 - 408, . Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 30, Mei 1994, pp.222-297, . Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 31, November 1994, pp.359 - 398.
 - 4.Die geskiedenis van Nedbank, 1945 - 1973, (D.Litt et Phill, RAU, 1987).
 - 5.A.Mabin, and B.Conradie (Eds.), The confidence of the whole country: Standard Bank reports on economic conditions in Southern Africa 1865 - 1902.
 - 6.E.H.D.Arndt, Volksbanke, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika.

het op Ons Eerste Volksbank, aangespreek. Daar is ondersoek ingestel na die oorsprong van die gedagte rondom volksbanke en hoe die idee versprei het. Voorts is aangetoon hoe die gedagte van volksbanke in Suid-Afrika posgevat het en gelei het tot die ontstaan van Ons Eerste Volksbank in Pretoria. Dit was onvermydelik dat tersaaklike wetgewing wat 'n effek op volksbanke in Suid-Afrika uitgeoefen het, aangespreek moes word. Om die sukses van Ons Eerste Volksbank te kon bepaal, het dit behels dat daar na die finansiële groei en vooruitgang vanaf 1918 - 1948 gekyk moes word.

Hoewel Ons Eerste Volksbank huidiglik nog bestaan, word slegs die tydperk 1918 - 1948 in behandeling geneem, aangesien dit heel gou duidelik geword het dat die dokumentemateriaal tot 'n meer resente datum te omvangryk vir 'n M.A.-verhandeling sou wees. 'n Geskiedkundige oorsig van Ons Eerste Volksbank het ingesluit dat daar ook by die geboue van Ons Eerste Volksbank stilgestaan moes word. Omdat daar so min bekend is oor volksbanke, is daar ook gekyk na die wyse waarop die bank aan die publiek bekend gestel is. Die gedagte van volksbanke was nie net beperk tot Ons Eerste Volksbank nie, maar het ook gelei tot die ontstaan van ander volksbanke. In hierdie studie is ook gekyk na die redes waarom hierdie ander volksbanke misluk het.

In hierdie verhandeling word deurgaans na pond sterling verwys aangesien dit in die tydperk onder bespreking die Suid-Afrikaanse geldstelsel was. 'n Direkte vergelyking van die waarde van geld sou onrealisties wees. In 1961 toe die Suid-Afrikaanse geldstelsel gedesimaliseer is, was f1 egter gelykstaande aan R2.

HOOFSTUK I

DIE ONTSTAAN VAN VOLKSBANKE

Die volksbankbeweging het rondom 1849 in Duitsland ontstaan toe die twee baanbrekers, Franz Hermann Schulze (1808 - 1883) en Friedrich Wilhelm Raiffeisen (1818 - 1888) besef het dat 'n volk net gered kon word deur selfhelp en nie deur liefdadigheid nie. Moeilike ekonomiese toestande in Duitsland het daartoe gelei dat woekeraars gefloreer het, veral omdat daar nie voorsiening gemaak is om kredietfasiliteite vir die "klein man" (klein ambagsmanne en -handelaars sowel as die klein boer) te skep nie.¹

Dit was juis in hierdie tyd toe almal wou meehelp met die sosiale en ekonomiese hervorming van die armer klasse, dat die gedagte ontstaan het om volksbanke op te rig. Alhoewel die gedagte in Engeland ontstaan het, is dit in Europa verder ontwikkel. Die beste voorbeelde van volksbanke is die van Schulze, Raiffeisen, L.d'Andrimont en L.Luzzatti, almal deur dr.Leoné Wollemborg geïnspireer om volksbanke op te rig. Hiermee sou hulle heelwat kapitaal kon insamel, 'n nuwe stimulus aan besighede kon gee en terselfdertyd heelwat werkseleenthede skep, sonder groot onkoste vir enige persoon. In 1849 is die heel eerste volksbank in Europa in Westerwald in Sakse gestig. In elke ander land waar 'n volksbank opgerig is, het dit bygedra tot die opbou en vooruitgang van die land. In talle lande het volksbanke juis die verskil tussen finansiële verval en finansiële selfstandigheid beteken.²

-
- 1.E.H.D.Arndt, Volksbanke, met spesiale verwysing na Suid-Afrika, p.1.
 - 2.H.W.Wolff, People's Banks, A Record of Social and Economic success, pp.1-3.

Volksbanke se belangrikste kenmerk was dat dit op selfhelp gebaseer was. Selfhelp het begin verdwyn omdat al hoe meer mense geglo het dat dit die regering se plig was om hulle te help. Volgens H.W.Wolff was elke persoon wat die geleentheid gehad het om die meriete van volksbanke te beoordeel, uiters ingenome met die prestasies van die banke. Daarom is dit nie snaaks dat selfs regerings die oprigting van volksbanke in hul eie lande aangemoedig het nie. Daar word selfs beweer dat volksbanke die beste en effektiëste wapen teen sosialisme is.³

Volksbanke in Europa het met talle probleme te kampe gehad soos werkverskaffing, ekonomiese milieu, sosiale klasse, woongebiede ensovoorts, wat aangespreek moes word. Al hierdie faktore moes meehelp om te bepaal hoe so 'n bank georganiseer sou word. In wese het volksbanke twee doelwitte gehad, die eerste was om krediet op die goedkoopste moontlike manier beskikbaar te stel teen voorwaardes wat die debiteur die beste gepas het. Tweedens moes daar voldoende sekuriteit verskaf word vir die krediet wat verleen is. Omdat dit in hierdie geval behoeftige mense was, kon daar nooit 'n oormaat van sekuriteit wees nie. Volgens Wolff moes die voorbeeld van die Scotch Cash Credit-instelling nagevolg word. Hierdie tipe vereniging het die lede se besittings as sekuriteit vereis. Die stelsel wat die Skotte gebruik het, het tot gevolg gehad dat Skotland in honderd en vyftig jaar van 'n ekonomiese barbarisme tot 'n florerende ekonomiese staat opgehef is. Daarom word die Scotch Cash Credit-instellings as die begin

3.H.W.Wolff, People's Banks, A record of Social and Economic success., pp.4-10.

van koöperatiewe krediet in die wêreld beskou.⁴

Om suksesvol te kon wees, moes 'n volksbank binne die bereik van leners wees. Indien so 'n bank nie beskikbaar was nie, het dit die deur vir woekeraars geopen. Dit was 'n euwel waarteen gewaak en wat teen alle koste bestry moes word. Dit was ook belangrik dat die debiteur sy verantwoordelikheid moes aanvaar vir die kapitaal wat hy geleen het. Die bank moes ook hul sake op 'n streng besigheidsgrondslag bedryf het, want dit het die heel beste sekuriteit verskaf. Enige poging van 'n lener om sy verantwoordelikheid te ontduik, sou die aftakeling van sekuriteit tot gevolg hê. Liefdadigheid het ook gelei tot die aftakeling van verantwoordelikheid, daarom kon daar geen plek vir liefdadigheid in so 'n besigheid wees nie. Dit het mense geleer om te veel staat te maak op ander mense se bydraes in plaas van op hul eie.⁵

Probleme ontstaan wanneer die belange van die lener wat gewoonlik finansieel sterker is, teen die van die ontvanger wat finansieel swakker is, afgespeel word. Die bedoeling was juis om hierdie probleem met die totstandkoming van volksbanke op te los, maar in baie gevalle het dit misluk. Geen bank kan bestaan as dit nie deur die inwoners in die omgewing waar dit opgerig is, aanvaar word nie.⁶

Wolff beweer dat daar twee motiewe was waarom mense by volksbanke betrokke geraak het. Eerstens, bloot om hulleself te help deur gesamentlike sekuriteit wat lei tot groter persoonlike voordeel. Tweedens om hulleself

4. H.W.Wolff, People's Banks, A Record of Social and Economic success, pp.28-31.

5. Ibid., pp.34-35.

6. Ibid., pp.35-36.

te help, maar om ook terselfdertyd ander te help. In die eerste geval het die persoon se hulp en betrokkenheid daartoe gelei dat ander persone hulleself kon help en dit het 'n gevoel van samehorigheid geskep. Die tweede motief was wel minder winsgewend, maar dit het 'n gevoel van bevrediging verskaf ten spyte daarvan dat daar nie veel gewen is nie. Dit het wedersydse hulpverlening bevorder en tot karakteruitbouing gelei. Die eerste motief lyk uiters selfsugtig, maar dit word die beste op die ekonomiese terrein verstaan. Op ekonomiese gebied het dit besliste voordele, want as 'n persoon verantwoordelik is vir sy eie ekonomiese heil, sal hy alles in sy vermoë doen om dit te laat slaag.'

Tog het dit gebeur dat talle ondersteuners van koöperatiewe bankwese dit slegs beskou het as 'n middel om hulle ekonomies saam te bind. Hierdie persone was geheel ten gunste van selfhelp, maar selfhelp net vir persoonlike gewin en eie voordeel. Hier is klem gelê op individuele pogings en alles wat bereik is, is beskou as verdien. Hierdie gedagte het grootliks ooreengekom met die Schulze-Delitzsch-sisteem waar 'n persoon deelname geweier is, totdat hy genoeg kapitaal gehad het om 'n aandeel in die vereniging te kon opneem. Die vraag ontstaan nou wat sou gebeur het as 'n persoon nie in staat was of nie die kontant gehad het om 'n aandeel te kon opneem nie. Moes hierdie persoon dan uitgesluit gewees het van enige verdere hulp? Ironies genoeg was dit juis hierdie mense wat hulp die meeste nodig gehad het. Koöperatiewe verenigings is eintlik vir hulle gestig, want slegs deur aan hierdie verenigings deel te neem, kon hulle hul posisie verbeter het. Dit sou nie wenslik wees om

7.H.W.Wolff, People's Banks, A Record of Social and Economic success, pp.42-43.

hierdie persone weg te wys of hulle te dwing om hulle tot liefdadigheid te wend nie, aangesien hulle 'n groot behoefte aan finansiële ondersteuning gehad het.⁸

Vir hierdie mense was die koöperatiewe vereniging of bank nie net 'n plek waar goedere op krediet gekoop word nie, maar die ekonomiese hart en huis, 'n skool vir alle soorte ekonomiese aksies en besigheidsopleiding. Wolff wys daarop dat hy daarvan oortuig is dat selfhelp nie afgetakel word wanneer persone wat individueel swak is met 'n verskeidenheid van swakhede, saamgebind word om hul swakheid in krag te omskep nie. Hierdeur word een persoon se swakheid versterk deur 'n ander persoon se sterkte, elkeen gee soveel as hy kan tot voordeel van almal. Volgens Wolff is dit selfhelp wat daartoe lei dat 'n gemeenskap of nasie uitstyg bo alle struikelblokke. In selfhelp word al hierdie persone se belange saamgebind en is dit nie net 'n najaag van wins nie. Dit open ook deure waardeur persone wat nie behoeftig is nie, die kan help wat wel behoeftig is deur hulle in 'n posisie te plaas waar hulle hulself kan help. Dit het beteken dat persone kon help sonder om te gee.⁹

Die idee van koöperatiewe kredietbanke het sy oorsprong in Duitsland gehad. Hier het die twee apostels van sulke kredietverenigings naamlik Franz Hermann Schulze en Friedrich Wilhelm Raiffeisen op ongeveer dieselfde tyd met hul kreatiewe idees begin, die een in die ooste en die ander in die weste van Duitsland. Na die hongersnood wat die rewolusie van 1848 voorafgegaan het, het hulle van die armoede en ellende van hulle mede dorpsinwoners bewus geword en het beide aan

8. H.W.Wolff, People's Banks, A Record of Social and Economic success, pp.44-46.

9. Ibid., pp.46-47.

koöperatiewe verenigings begin dink.¹⁰

Schulze, wat 'n magistraat was in sy geboortedorp Delitzsch, het baie met die arm mense in sy dorp te doen gekry. Aanvanklik het hy en sy vriend dr. Bernhardt, 'n hulpfonds op die been gebring en 'n koöperatiewe vereniging gestig. Die doel hiervan was om gesamentlike aankope vir lede van die vereniging te doen. Alhoewel dié tipe vereniging nie gewild was in Engeland nie, het dit geweldig vinnig veld gewen in Duitsland. Dit was so suksesvol dat Schulze in 1850 sy eerste kredietvereniging geopen het. Dit was egter nie ten volle koöperatief nie, aangesien die fondse deur persone verskaf is wat nie leners van die vereniging sou word nie. 'n Persoon is slegs finansieel gehelp as hy lid van die vereniging was en hom aan die reëls daarvan onderwerp het. Lenings is ook net op 'n streng besigheidsgrondslag toegeken. Die vereniging is op 'n verdere koöperatiewe basis geplaas deurdat elke lid 'n aandeelhouer moes word. Aandele in die vereniging kon in paaiemente afbetaal word. Schulze het hiermee gepoog om aan sy lede direkte belang in hul vereniging te gee. In hierdie opsig het Schulze se vereniging heelwat van dié van Raiffeisen verskil. Hy het geglo dat omdat die mense arm was hy nie van hulle kon verwag het om aandele op te neem nie. Vir hom was eerlikheid en betroubaarheid baie belangrik.¹¹

Die voordeel van aandeelkapitaal was dat dit 'n gesonde toevloei van kapitaal vir die vereniging verseker het. Schulze het ook op 'n sterk reserwefonds as 'n veiligheidsmaatreël aangedring. Hy was van mening dat

10. H.W.Wolff, People's Banks..., p.69.

11. H.W.Wolff, People's Banks..., pp.69-78; E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.3-4.

dit 10% van die aandelekapitaal moes bedra, dit kon selfs tot 50% daarvan verhoog word. Soms het die verpligte opneem van aandele ook 'n negatiewe uitwerking gehad. Dit het baie keer gebeur dat persone nie lid kon word nie, omdat hulle nie genoeg kapitaal gehad het nie.¹²

Schulze wou die vereniging finansieel so onafhanklik moontlik maak. Lede is verbied om meer as vier keer hul eie kapitaal van buite deur middel van deposito's te verkry. Hy wou elke lid dwing om te spaar. Armoede moes uitgeskakel word, daarom het die verenigings later as Dwangspaarbanke bekend gestaan. Schulze was gekant teen die beperking van lidmaatskap tot 'n bepaalde klas of groep. Hy wou meer besigheid hê en 'n groter verspreiding van die risiko. Geen liefdadigheid is in die organisasie toegelaat nie, daarom is gebruik gemaak van 'n gesalarieerde permanente personeel. So is daar ook presensiegelde aan lede van die bestuur betaal vir elke vergadering wat hulle bygewoon het. Die bedryfskoste van die vereniging is laag gehou deur die relatiewe grootte van die bedrywighede daarvan. Later het baie van hierdie verenigings tot gewone banke ontwikkel.¹³

Lidmaatskap van hierdie vereniging was maklik bekombaar. Feitlik elke eerbare persoon kon lid word, maar hy moes in staat wees om 'n aandeel in die vereniging te kon opneem. Ironies genoeg kon pensioenarisse nie deel in die voordele van hierdie verenigings nie, aangesien hulle reeds afgetree en ook nie meer 'n gereelde inkomste gehad het nie. Lenings is net toegestaan teen sekuriteit en dit het die

12.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.78-79.

13.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.81-86; E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.4-5.

grootte van die lening bepaal. Daar is soms 'n inspeksiekomitee aangestel wat ondersoek moes instel na die kredietwaardigheid van die applikant. Hierdie komitee het dan bepaal hoeveel krediet aan 'n applikant toegestaan kon word.¹⁴

In 1859 is 'n Unie gestig waaraan alle verenigings behoort het wat op die Schulze-Delitzsch-grondslag bedryf is. Dit het groter eenvormigheid verseker en ook die publiek se vertroue gewen, aangesien almal nou kon voordeel trek uit die ondervinding van die suksesvolste vereniging. Omdat die Unie alle vorme van Schulze-Delitzsch-verenigings ingesluit het, is daar sub-unies gestig wat die belange van gespesialiseerde groepe behartig het. Aanvanklik het die kredietverenigings 'n stelsel van vrywillige inspeksie gehad, maar dit is later deur wetgewing verplig. Die wisselstelsel wat in Duitsland gebruik is, het tot die instelling van 'n klaringsstelsel gelei. Die invordering van wissels het gelei tot die instelling van 'n eie sentrale bank asook sentrale distriksbanke. Namate die verenigings al hoe meer geneig het na handelsbanke, is gebruik gemaak van die Dresdnerbank wat spesiaal vir die doel 'n koöperatiewe afdeling gestig het.¹⁵

Die begin van die Raiffeisen-instellings in Westerwald het soos die spreekwoordelike mosterdsaadjie begin wat gegroei het tot 'n reuse boom met takke amper reg oor die wêreld. Raiffeisen wat burgemeester in die bosdistrik Westerwald in Duitsland was, het net soos Schulze as gevolg van sy amp in aanraking gekom met die behoeftige mense in sy distrik en die haglike toestande

14.H.W.Wolff, People's Banks...., pp.86-88.

15.H.W.Wolff, People's Banks...., pp.100-106;E.H.D.Arndt, Volksbanke...., pp.5-6.

waaronder die mense geleef het.¹⁶

Dit was hier in Westerwald waar hy aanskou het hoe hierdie arm mense finansieel aan die genade van die Jode uitgelewer was en waar woeker geseëvier het. Die Jode het veral in die weste en suide van Duitsland feitlik 'n monopolie oor die kleinhandel gehad. Daar is beweer dat as 'n persoon eenkeer in die hande van die Jode geval het, hy verplig was om van die Jood te koop en om aan hom te verkoop en alles teen sy prys. Daar was niemand anders tot wie hierdie mense hulle kon wend nie en daarom het die hele distrik 'n woekerhel geword. Voordat Raiffeisen iets hieraan kon doen, is hy na Flammersfeld verplaas waar hy besluit het om die kleinboere te help en die woekeraar te beveg. Hy het onmiddellik aan die werk gespring en met die fondse wat hy bymekaar kon kry, het hy 'n koöperatiewe bakkery op die been gebring. Dit was so suksesvol dat hy in 1849 'n dorpsbank met slegs £300 geopen het. Raiffeisen het die inwoners in kennis gestel dat indien hulle sy reëls sou navolg, hy hulle finansieel sou ondersteun. Hierdie bank was so suksesvol dat dit die greep van die Jode op die inwoners in Flammersfeld verbreek het. Anders as Schulze het Raiffeisen ook nie geglo in advertensies nie. Hy was van mening dat as sy werk goed genoeg was, dit vanself 'n advertensie sou wees. Alhoewel die aantal banke aanvanklik stadig gegroei het, het dit geleidelik begin veld wen. In 1885 was daar 245 Raiffeisen-instellings in Duitsland, in 1891 was daar 885 en in 1896 was daar reeds 2000 gewees.¹⁷

16.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.111-112;E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.6-7.
17.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.112-116;E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.7-8.

Hoewel Schulze en Raiffeisen albei dieselfde ideaal nagestreef het, is dit moeilik om hulle met mekaar te vergelyk, omdat hul besigheidsmetodes heelwat van mekaar verskil het. Schulze het verkies om in die meer digbevolkte stede tot voordeel van die middelklas te werk. Hy het ook nie doelbewus gepoog om die arm man te bevoordeel nie. Hierteenoor het Raiffeisen die yl bevolkte platteland verkies waar hy tot voordeel van die arm man gewerk het. Raiffeisen het ook geen lidmaatskapsgelde vereis nie en lenings is oor 'n baie lang tydperk terugbetaal, sodat die lening maklik terugbetaal kon word. Hy was van mening dat die lening tot voordeel van die arm man moes wees en nie tot sy verleentheid nie. Lede is met oorleg gekies deur persone wat reeds lede was. Die bedoeling was nie om duisende lede te hê nie, maar om die wat nie geskik was nie, uit te laat.¹⁸

Net soos in die geval van die Schulze-Delitzsch-instellings, het die Raiffeisen-instellings ook 'n bestuur en 'n inspeksiekomitee gehad. Al die lede wat op die bestuur gedien het, moes dit sonder vergoeding doen, hoewel hulle vir persoonlike uitgawes vergoed is. Die enigste persoon wat 'n salaris ontvang het, was die kassier en hy was slegs 'n amptenaar en nie 'n lid van die vereniging nie. Raiffeisen het ook daarna gestreef om sy instellings tot die beginsel van die ontvangs van deposito's en die toestaan van lenings te beperk. Hierdeur wou hy verseker dat dit nooit net gewone banke sou word nie.¹⁹

In 1889 is Raiffeisen deur die wet verplig om lede

18. H.W. Wolff, People's Banks..., pp.117-118; E.H.D. Arndt, Volksbanke..., p.8.
19. H.W. Wolff, People's Banks..., pp.118-119; E.H.D. Arndt, Volksbanke..., p.8.

aandele te laat opneem. Hy het dit oorkom deur die aandele baie goedkoop te verkoop en lede toe te laat om dit in paaiemente af te betaal. Raiffeisen was gekant teen die betaling van dividende, want hy het geglo dat dit die mense finansieel gulsig gemaak het. Alle winste is gevolglik in 'n reserwefonds inbetaal. In die Raiffeisen-instellings was daar twee tipes reserwefondse. Die een was net 'n gewone reserwefonds waar een derde van die surplusgelde inbetaal is. Dié reserwefonds is gebruik om in onvoorsiene omstandighede te help. Die ander fonds wat opgebou is deur die storting van twee derdes van die surplusgelde elke jaar, het in wese die hart van die hele sisteem gevorm. Hierdie fonds het die kapitaal vir die instelling verskaf om hul werksaamhede mee te bedryf. As die winste te groot geword het, is dit in belang van die algemene publiek gebruik, maar nooit tot voordeel van die lede nie.²⁰

Raiffeisen se instellings was gebaseer op die suiwer koöperatiewe beginsels van veiligheid, versigtigheid en stabiliteit. In hierdie opsig het sy instelling met die van Schulze ooreengekom, want vir beide was hierdie beginsels van kardinale belang. Raiffeisen het alles gedoen om die uitleen van geld te ontmoedig. 'n Lener moes kon bewys dat hy wel die geld benodig en dat hy betroubaar was. Selfs nadat die lening toegestaan is, is die lener en sy borge se posisie gereeld nagegaan. Die publiek het al hoe meer vertrouwe in die Raiffeisen-instellings begin kry. Dit het daartoe bygedra dat die banke in die posisie was om weer te help met die oprigting van ander koöperatiewe verenigings. Raiffeisen-instellings het vermeerder en daarom is daar besluit om unies te stig wat onderlinge samewerking kon

20.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.120-121; E.H.D.Arndt, Volksbanke..., p.9.

koördineer. In 1877 het Raiffeisen 'n eie sentrale bank gestig. Die unies was eintlik niks anders as provinsiale takbanke van die sentrale bank nie.²¹

Hierdie sentrale bank het die rol vervul van 'n gemeenskapskas waarin alle oortollige gelde van die verenigings inbetaal is. Hierdie geld is weer tot die beskikking van behoeftige verenigings gestel. Die sentrale bank was in 'n posisie om die plaaslike banke te help, totdat hulle die publiek se vertroue geniet het. Die Raiffeisen-stelsel is gekenmerk deur 'n beperkte werkring met die oog op sekuriteit en nie besigheid eerste nie. Die winsmotief is uitgeskakel en diens aan die vereniging is vrywillig verleen. Die sterk reserwefonds het ook daartoe bygedra dat goedkoper krediet verskaf kon word.²²

Die Raiffeisen-instellings was so gewild dat daar teen 1914 reeds 4000 sulke banke in Duitsland was. Beide die Raiffeisen-en die Schulze-Delitzsch-instellings het 'n geweldige aandeel in die vestiging en verspreiding van koöperatiewe bewegings in en buite Duitsland gehad.²³

Volksbanke het ook elders baie vinnig toegeneem. In Italië het twee tipes volksbanke ontstaan. Daar was die Banche Popolari wat spesifiek vir die kleinhandelaars en die Casse Rurali wat vir die kleinboere in die lewe geroep is. In beide die banke se stigting het L.Luzzatti 'n beduidende rol gespeel.²⁴

21.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.121-126;E.H.D.Arndt, Volksbanke..., p.10.

22.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.126-130;E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.11-12.

23.E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.12-13.

24.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.195-251, pp.295-322.

Luzzatti het vir Italië gedoen wat Schulze en Raiffeisen vir Duitsland gedoen het. Die volksbankbeweging het ook na Indië versprei en het getoon dat ook daar 'n groot behoefte aan volksbanke was. In Indië was daar volgens Wolff teen 1919 reeds 25 000 volksbanke met meer as 'n miljoen lede wat in totaal meer as £8 000 000 aan werkskapitaal verskaf het. Hierdie volksbanke het uitstekende resultate gelewer.²⁵

In Amerika het volksbanke nie so 'n groot of beduidende rol as in Europa gespeel nie. Hierdie verenigings verskil van dié in Europa in die opsig dat elke vereniging onafhanklik was en nie met ander verenigings saamgewerk het nie. In Amerika was daar drie soorte kredietverenigings, naamlik die Ope-, die Semi-ope en die Industriële kredietvereniging. Laasgenoemde het die meeste byval by die Amerikaners gevind. Omdat die bedryfskoste en risiko's so laag was, is daar deur wetgewing bepaal dat die rentekoers laag moes wees. In die meeste gevalle was die rentekoers net 1% per maand op die onbetaalde saldo. Teen 1935 was daar reeds 2411 verenigings met 'n ledetal van 516 300 en 'n totale bate van £8 750 000.²⁶ Volgens Wolff was daar op hierdie stadium reeds volksbanke in Oostenryk, Hongarye, Switserland, België, Rusland, Frankryk, Serwië, Roemenië, Bulgarye, Ciprus, Jamaika, Ierland, Japan en Sjina. Trouens, Wolff maak self melding van die stigting van 'n volksbank in Suid-Afrika.²⁷

Wat volksbanke in Suid-Afrika betref, was dit duidelik dat daar heelwat probleme en struikelblokke was.²⁸ In

25.H.W.Wolff, People's Banks..., pp.364-383, p.VII.

26.E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.14-16.

27.H.W.Wolff, People's Banks..., p.3.

28.E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.24-25.

sy werk oor volksbanke, werp E.H.D.Arndt lig op die struikelblokke in die Unie van Suid-Afrika wat die oprigting van volksbanke verhoed het. Volgens hom was die Woekerwetgewing wat hier van toepassing was, die grootste struikelblok omdat dit nie tred gehou het met die veranderde wêreldorde nie. Volgens Arndt het die kredietbehoefte geleidelik verander van krediet uitsluitlik vir produksie- of handelsdoeleindes na 'n behoefte vir verbruiks- en produksiedoeleindes. Hy het beweer dat dit noodsaaklik was om in hierdie behoeftes te voorsien, maar in baie lande, net soos in Suid-Afrika, kon daar nie op 'n behoorlike of wettige manier in die behoeftes voorsien word nie, omdat die wetgewing in hierdie lande nie met hierdie fundamentele verandering in die ekonomiese organisasie tred gehou het nie.²⁹ Verder is Arndt van mening dat koöperatiewe kredietverenigings meer aandag in Suid-Afrika verdien het, juis omdat dit die gedagte van selfhelp en saamwerk aangemoedig het. Dit sou help om die gedagte van regeringshulp teen te werk. Dit sou die hele bevolking in staat gestel het om vir hulself geleenthede te skep. Volksbanke sou elke persoon leer om sy eie bankier te wees asook om die verantwoordelikhede daarvoor te aanvaar.³⁰

29. E.H.D.Arndt, Volksbanke..., pp.26-27.

30. Ibid., pp.34-35.

HOOFSTUK II

DIE STIGTING VAN ONS EERSTE VOLKSBANK

Nog voordat C.C.Logan enige van die ander stigterslede van Ons Eerste Volksbank ontmoet het, het hy met verskeie persone in veral Amerika geskakel om inligting oor die werking van koöperatiewe instellings te bekom. In 1911 het hy aan G.N. Kehr, die president van die Co-operative Loan and Investment Company geskryf. Hy het versoek dat Kehr aan hom inligting moet verskaf oor die funksionering van sy instelling. In reaksie hierop het Kehr vir Logan oor heelwat knelpunte geadviseer. Kehr het daarop gewys dat hulle instelling gestig was met die uitsluitlike doel om geld aan werkende persone te leen vir die aankoop van meubels en eiendom teen wettige rentekoerse. In die staat Pennsilvanië was dit wettig om geld uit te leen tot 'n bedrag van tweehonderd dollar teen 6% rente per jaar. Hulle was ook geregtig op die ontvangs van 10% makelaarskommissie.¹

Voorts het Kehr daarop gewys dat sy instelling bedrae van vyf tot tweehonderd dollar uitgeleen het. Die terugbetaling van die lening is so gereël dat dit die lener gepas het, maar dit moes so gou moontlik terugbetaal word sodat dit weer vir lenings beskikbaar gestel kon word. Hy meld ook dat hulle heelwat verliese gely het, veral wanneer iemand sy werk verloor het of waar meubels weer verkoop moes word om die uitstaande skuld te delg. Hy adviseer Logan verder om sy beoogde vereniging op dieselfde basis as hulle instelling te organiseer. Om verder behulpsaam te wees, het Kehr 'n voorbeeld van hulle aansoekvorms as 'n voorbeeld aan Logan gestuur. Hy het ook gewaarsku

1. Argief Ons Eerste Volksbank (hierna Argief O.E.V.),
Lêer 1: G.N.Kehr - C.C.Logan, 21.6.1911.

teen verenigings bekend as Loan Sharks, omdat hulle meer rente bereken het as wat die wet toegelaat het. Kehr het dit beklemtoon dat al die aandeelhouders van die vereniging verwag het om goeie winste te behaal. Hy benadruk ook die belangrikheid dat besigheid op 'n streng besigheidsgrondslag bedryf moes word.²

Logan het ook 'n brief gerig aan die Lincoln National Bank of Rochester, insake hulle kennis aangaande volksbanke. In reaksie hierop het die bank se assistent-kassier, E.F.Pilloz, aan Logan berig dat daar geen volksbanke of 'n soortgelyke instelling in New York was nie, maar dat daar moontlik so 'n instelling in Buffalo was. Hierdie instelling was nie anders as die banke in hul eie staat of in enige ander Amerikaanse staat nie. Dit het onder die toesig van die New York State Banking Department geval. Volgens Pilloz het die benaming volksbank vir hom niks beteken nie en het dit ook geen betrekking gehad op enige tipe bank nie.³

Hierna het Logan besluit om aan die instelling in Buffalo te skryf. In Junie 1911 het hy reaksie op sy skrywe ontvang toe die voorsitter van The National Federation of Remedial Loan Associations aan hom geskryf het. Volgens W.N.Finley het Logan se brief hom laat besef hoe eenders elke land se probleme was, ongeag waar dit geleë was. Hy het verklaar dat hul federasie uit 21 verenigings bestaan het. Die doel van die verenigings was om dieselfde toestande te bestry wat Logan aan hom geskets het. Finley het ook daarop gewys dat op enige plek waar "remedial loan work"

2. Argief O.E.V., Lêer 1: G.N.Kehr - C.C.Logan, 21.6.1911.

3. Transvaalse Argiefbewaarples (hierna T.A.B.), W119(2)I: E.F.Pilloz - C.C.Logan, 17.6.1911.

aangepak is, dit afgesien van die Loan Sharks, altyd met twee groot euwels te doen gekry het. Eerstens was daar die afwesigheid van voldoende wetgewing wat hul werk moes ondersteun. Tweedens het die ondersteuning van die welgestelde mense, wat eintlik heel eerste betrek moes word, nooit werklik gerealiseer nie. Finley het ook gemeld dat nie een van hierdie instellings wat gestig is om mense finansiëel te help nog ooit misluk het nie. Inteendeel, almal was finansiëel suksesvol.⁴

Finley was ook van mening dat die probleme waarmee Logan te doen gehad het, nie groter was as die waarmee hulle en soortgelyke finansiële instellings te doen gekry het nie. Tog het hy daarop gewys dat die besigheidsmetodes van die verskillende instellings gevarieer het, omdat omstandighede in elke dorp verskil het. Hy het vir Logan dus aangeraai om 'n werkswyse te vind wat die beste aan sy doel sou beantwoord. Hy het daarop gewys dat hulle een van drie metodes gevolg het om 'n waarborg vir 'n lening te kry. Eerstens het hulle 'n verband op die huisinhoud van die lener, of 'n bewys van artikels wat by pandjieswinkels verpand is of van twee bevredigende borge aanvaar. Watter een van hierdie metodes hulle ook al aanvaar het, het hulle 'n maandelikse paaiement as afbetaling van die lening, wat insluit die delging van die kapitaal en die rente, vereis. Die tydperk vir afbetaling het gewissel van 3-23 maande, maar gewoonlik is dit deur plaaslike omstandighede bepaal. Hy het ook 'n voorbeeld van verskillende vorms wat deur hulle gebruik is, aan Logan gestuur, sodat hy 'n idee van hul werksaamhede kon vorm. Hy het die hoop uitgespreek dat hulle kontak sou

4.T.A.B., W119(2)I: W.N.Finley - C.C.Logan, 22.6.1911.

behou en was bereid om behulpsaam te wees waar hy kon.⁵

Ten spyte van die inligting wat Logan ontvang het, kon hy nie dadelik met 'n volksbank begin het nie. Dit was eers ses jaar later dat hy en 'n vriend van hom, S.J.Bezuidenhout, planne beraam het om die armes en werkloses in Pretoria van hulp te wees. Op daardie stadium was daar geen instelling waar 'n arm man of enige iemand anders geld in geval van onvoorsiene finansiële probleme of vir produktiewe doeleindes kon leen nie. Dit het beteken dat daar geen krediet vir die gewone man, behalwe by die woekeraars, bekikbaar was nie. Hiervan het Bezuidenhout eerstehandse ondervinding gehad. Omdat hy nêrens anders geholpe kon raak nie, het hy in 1916 £5 by 'n geldskierter geleen. Die geldskierter het aan hom 'n skuldbewys gegee waarvolgens hy al sy besittings vir £5.10.0 verpand het. Hy het sy £5 gekry, maar moes aan die einde van die maand £5.10.0 terugbetaal het. Dit het beteken dat die geldskierter se rentekoers 120% per jaar beloop het.⁶

Die Armblanke-vraagstuk is verder vererger deur die roekelose wyse waarop onproduktiewe krediet, dit wil sê krediet vir kruideniersware, meubels en motors, toegestaan is. Die tipe krediet het nog beskerming geniet deur wetgewing, want as 'n persoon nie kon betaal nie, is die item net weer teruggeneem. In baie gevalle is krediet weer deur persone misbruik wat los en vas gekoop het, sonder om te betaal. Dit het weer die vertroue van die kredietgewers geskend. Die oortreders is ook deur die wet beskerm, want daar kon niks aan hulle gedoen word as hulle nie bedrog gepleeg

5.T.A.B., W119(2)I: W.N.Finley - C.C.Logan, 22.6.1911.

6.Argief O.E.V., Lêer 1: S.J.Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.8.

het nie.⁷ 'n Plan moes dus beraam word om verarming teen te werk. Geleenthede moes geskep word waar die minder bevoorregtes op 'n billike wyse en teen billike terme geld kon leen vir produktiewe doeleindes. Hulle moes geleer word om hulleself te kon help, want in selfhelp het die redding van die armblanke gelê.⁸

Bezuidenhout en Logan het vir 'n geruime tyd planne beraam oor hoe om die behoeftiges te kon help en aan hulle werk te kon verskaf. Bezuidenhout het tydens sy verblyf in Potchefstroom heelwat kennis van koöperasies opgedoen en was hy gevolglik van mening dat hierdie ideaal verwesenlik kon word deur die stigting van 'n koöperatiewe vereniging. Deur so 'n vereniging kon hulle geld bekom om die behoeftiges te help en terselfdertyd kon hulle dan ook klein lenings aan lede van die koöperatiewe vereniging toestaan.⁹

Intussen het Logan vir Bezuidenhout meegedeel dat hy ook belanggestel het om 'n koöperatiewe vereniging te stig en dat hy reeds heelwat inligting uit Amerika daarvoor ontvang het. Dit was duidelik dat beide van hulle graag 'n koöperatiewe bank wou stig. Die probleem was dat nie een van hulle geweet het hoe en waar om te begin nie. 'n Verdere probleem was dat beide van hulle salaristrekkers was, elk met 'n gesin en 'n verband op hul huise. Ten spyte hiervan het hulle besluit om steeds met hulle ideaal voort te gaan en om 'n vergadering by Bezuidenhout se huis te hou. Die vergadering was gereël vir 15 Januarie 1917 en 63 persone was daarheen uitgenooi. Daar het egter net ses

7. P. du Toit, (Samesteller): Verslag van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk gehou te Kimberley 2 tot 5 Oktober 1934, S.J. Bezuidenhout, Die Betekenis van Volksbanke, p.118.

8. Ibid.

9. Argief O.E.V., Lêer 1: S.J. Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.10.

persone opgedaag, agt saam met Bezuidenhout en Logan. Hulle het besluit om hulle nie daardeur te laat ontmoedig nie.¹⁰ Tydens hierdie vergadering is die Arme Blanke Verbond gestig.¹¹ Op hierdie vergadering is 'n voorlopige bestuur met Logan as voorsitter en Bezuidenhout as sekretaris verkies. Hulle het ook meegewerk om die konstitusie van die Arme Blanke Verbond op te stel.¹² Hierin was die strewe om 'n volksbank op te rig, uiteindelik vervat.¹³

Terwyl Logan en Bezuidenhout alles in hul vermoë gedoen het om 'n volksbank op te rig, het enkele koerante ook begin aandag gee aan die ontoereikende kredietinstellings wat in die Unie van Suid-Afrika bestaan het. In 'n artikel wat in De Volkstem van 6 Julie 1917 onder die titel Knoei Financiers verskyn het, is daar verwys na talle gebreke in die kredietsisteem wat daar in die Unie bestaan het. Hierin is beweer dat daar ongetwyfeld 'n behoefte was aan 'n tipe van 'n kredietinstelling wat die behoeftige persone ook kon help. Die skrywer van die artikel wys ook daarop dat enige persoon wat hom vir 'n lening tot 'n bankbestuurder gewend het, al was dit ook hoe klein, bereid moes wees om sekuriteit te kon aanbied. Die mense wat finansieel gesukkel het, het gewoonlik nie vriende gehad wat vir hulle kon borg staan nie. Hulle het ook nie die nodige besittings gehad wat as waarborg aangebied kon word nie. Al uitweg wat vir hierdie persone oorgebly het, was om hulle tot woekeraars te wend. In ander lande waar daar van die Raiffeisenbanke

-
10. Argief O.E.V., Lêer 1: S.J. Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.8.
11. Argief O.E.V., Lêer 1: P.J. van B. Marais, Ons Eerste Volksbank, p.4.
12. T.A.B., W119/I(1): Notules van die Arme Blanke Verbond, 15.1.1917-23.1.1920.
13. Argief O.E.V., Lêer 1: S.J. Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.10.

bestaan het, het dit 'n heilsame invloed op hierdie toestand van sake uitgeoefen. Dit was die enigste uitweg om die woekeraars met al hul beloftes aan die kaak te stel.¹⁴

Die skrywer was verder van mening dat daar wel 'n behoefte aan 'n Raiffeisenbank bestaan het. Daar hoef net gekyk te word na al die woekeraarkantoor-tjies wat op groot skaal besigheid bedryf het. Daar was ook heelwat finansiële maatskappye wat oral in die land agente uitgestuur het met aanloklike beloftes, wat gelei het tot die uitneem van 'n polis, wat in wese geen voordele vir die persoon ingehou het nie. Alhoewel die polis dit moontlik gemaak het vir 'n polishouer om 'n lening te kon bekom, dit tog feitlik onmoontlik was om so 'n lening te kon bekom. Gevolglik het die betrokke persoon opgehou om sy premies te betaal, wat meegebring het dat hy sy reeds betaalde premies op die polis ook verloor het. Lesers is gemaan om waaksaam te wees en nie toe te laat dat hulle mislei word nie. Daar is ook 'n beroep gedoen op finansiers wat bekwaam en eerlik genoeg was om so 'n Raiffeisenbank in die lewe te roep. Die verwagting was dat die bestaande banke geen besware teen die totstandkoming van so 'n instelling sou hê nie. Die algemene mening was dat so 'n Raiffeisenbank gegrond op gesamentlike krediet, net 'n opbouende maatskaplike effek kon uitoefen. Diegene wat so 'n kredietinstelling op die been kon bring, sou 'n weldaad aan die gemeenskap bewys het.¹⁵

In reaksie op die berig Knoei Financiers, het P.C.Baerveldt 'n artikel onder die opskrif Volksbanken in De Volkstem laat plaas. Volgens hom is die voorstel

14.Ms.203.28, De Volkstem, 6.7.1917(Knoei Financiers).

15.Ibid.

vir die oprigting van 'n volksbank reeds ernstig oorweeg. Hy het ook die sukses en heilsame invloed van die Raiffeisenbanke beklemtoon. Volgens hom was die werkswyse gebaseer op 'n koöperatiewe stelsel of onderlinge samewerking. Volgens Baerveldt is die gedagte oorspronklik aan die Scotch Cash Credit-instellings ontleen. Die doel van 'n volksbank was om die klein handelaar, klein fabriekseienaar, klein boer, kantoorklerk, amptenaar, werker en die privaat persoon se sake in die algemeen te steun. Hierdie persone moes gehelp word in hul geldelike nood, want hulle kon nie by gewone banke gehelp word nie en het gewoonlik in die hande van die woekeraars geval. Baerveldt het verder aangevoer dat dit dikwels gebeur het dat 'n amptenaar of ambagsman as gevolg van siekte in 'n gesin tydelik in finansiële nood verkeer het. Hierdie persoon het gewoonlik niemand gehad tot wie hy hom vir finansiële hulp kon wend nie. In Europa was daar talle volksbanke wat so 'n persoon kon help. Die beheer- en administrasiekoste van so 'n bank moes in verhouding tot die aantal aandeelhouders en die omvang van sake so laag as moontlik gehou word. Hy het ook gemeen dat die bestuur so groot as moontlik moes wees, sodat die bestuurder uit hul kennis en ervaring kon put. Hy het gehoop dat hy die belangstelling van die publiek met die artikel sou kon wek.¹⁶

Baerveldt was inderdaad reg dat die gedagte om 'n volksbank op te rig, verskeie kere al ernstig oorweeg is. Logan en Bezuidenhout het egter nie oor genoegsame kennis in die verband beskik nie. Dit was eers in Augustus 1917 dat daar 'n wending plaasgevind het, toe hulle vir J. Postmus ontmoet het. Hy was die hoofbestuurder van die Nederlandse Bank te Pretoria en

16. Ms. 203.28, De Volkstem, 13.7.1917 (Volksbanken).

later ook die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Hy self het ook al vir 'n geruime tyd in die rigting van 'n volksbank gewerk. Beide Logan en Bezuidenhout het besef dat die geleentheid om 'n volksbank op te rig, 'n werklikheid geword het. Postmus was 'n bankkenner en Logan en Bezuidenhout was in voeling met die behoeftes van die inwoners in Pretoria.¹⁷

Postmus is gevolglik uitgenooi om die vergadering van die Arme Blanke Verbond op 24 Augustus 1917 by te woon en met die vereniging oor 'n volksbank te gesels. By die geleentheid het hy breedvoerig verduidelik hoe die Arme Blanke Verbond te werk kon gaan om 'n volksbank op te rig. Die Bestuur van die Arme Blanke Verbond het besluit om die saak op 'n volgende vergadering te bespreek en daar is versoek dat Postmus ook aanwesig moes wees. Hierdie vergadering het op 28 Augustus in die Wes-Einde Skool plaasgevind.¹⁸ Tydens die vergadering het Logan daarop gewys dat daar in die konstitusie van die Arme Blanke Verbond vir die oprigting van 'n volksbank voorsiening gemaak is en dat dit steeds 'n doelwit van die vereniging was. Postmus het weereens verduidelik hoe daar te werk gegaan moes word om 'n volksbank op te rig. Die vergadering het gevolglik die aangeleentheid rakende die oprigting van 'n volksbank vir goedkeuring aan die algemene vergadering voorgelê.¹⁹ Tydens 'n vergadering van die Arme Blanke Verbond op 2 September het Logan dit duidelik gestel dat die oprigting van 'n volksbank nou

17. Argief O.E.V., Lêer 1: S.J. Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.13; P.J.v.B. Marais, Ons Eerste Volksbank, p.4.

18. T.A.B., W119/I(1): Notule van die Arme Blanke Verbond, (hierna Notule...Arme Blanke Verbond), 24.8.1917.

19. T.A.B., W119/I(1): Notule...Arme Blanke Verbond, 28.8.1917.

prioriteit moes geniet.²⁰

Op 4 September het die Arme Blanke Verbond weer vergader. By hierdie vergadering het Postmus verklaar dat hy sou help met die oprigting van 'n volksbank, maar dat die sukses daarvan deur die lede bepaal sou word. Terselfdertyd is daar 'n voorbereidende kommissie verkies, wie se taak dit sou wees om oor te gaan tot die oprigting van 'n volksbank. Hierdie kommissie het bestaan uit C.C.Logan, C.Otto, S.J.Bezuidenhout, P.W.Orban, N.Smuts, ds.J.du Plessis, R.Hoogewind, J.van Aartsen en L.van Wyk. Die vergadering is ook meegedeel dat daar beplan is om as kapitaal 50 aandele van £5 elk uit te reik. Voordat die vergadering verdaag het, was meer as die helfte van die aandele reeds opgeneem.²¹

Op 8 September het die voorbereidende kommissie met sy werksaamhede begin. Die taak om die konstitusie van Ons Eerste Volksbank op te stel en later weer aan die vergadering voor te lê, is aan Postmus opgedra.²² Op 13 Oktober het Postmus die konstitusie aan die voorbereidende kommissie voorgelê wat na enkele wysigings goedgekeur is. Tydens die vergadering is daar ook vyf voorlopige direkteure vir die Volksbank benoem, naamlik Logan, Postmus, Orban, ds.du Plessis en Van Aartsen. Aan hulle is opdrag gegee om met die oprigting van Ons Eerste Volksbank voort te gaan.²³ Op 24 November het Postmus die voorbereidende kommissie meegedeel dat die konstitusie van Ons Eerste Volksbank

20.T.A.B., W119/I(1): Notule...Arme Blanke Verbond,
2.9.1917.

21.Ibid, 4.9.1917.

22.Ibid, 8.9.1917.

23.Ibid, 13.10.1917.

deur die Registrateur van Maatskappye goedgekeur is. Hy en Logan het ook vir C.J.Zorn genader wat bereid was om as kassier-boekhouer op te tree en vir 'n jaar sonder vergoeding by die bank diens te doen.²⁴ By 'n vergadering op 12 November het Logan die Bestuur van die Arme Blanke Verbond meegedeel dat die Statute van Ons Eerste Volksbank reeds gepubliseer was en dat die bank amptelik binne drie weke tot stand sou kom.²⁵

Memorandum van Ooreenkoms van Ons Eerste Volksbank, 1917.

Die vereniging sou as Ons Eerste Volksbank bekend staan. Die geregistreeerde kantoor van die bank sou in die Transvaal gesetel wees. Die doel van die bank was die bevordering van die maatskaplike en sedelike belange van die bevolking van Suid-Afrika in die algemeen en van die inwoners van Pretoria en voorstede in besonder. Hierdie doelwit sou verwesenlik word deur die oprigting en instandhouding van 'n volksbank; persone moes aangemoedig word om te spaar deur 'n rentevergoeding op die geld wat hulle belê het; die toestaan van lenings teen 'n lae rentekoers vir produktiewe doeleindes met twee persone wat as borge kon optree; oortollige kasgeld winsgewend te belê; om ander verenigings wat ook die welsyn van die lede van Ons Eerste Volksbank beoog het te stig of te ondersteun; om mee te werk tot die oprigting van ander volksbanke en 'n sentrale volksbank; om propaganda te maak vir 'n anti-woekerwet en om alle wettige middele tot die vereniging se beskikking te benut om hierdie doelstellings te bereik, maar steeds met die

24.T.A.B., W119/I(1): Notule...Arme Blanke Verbond, 24.11.1917.

25.Ibid, 12.11.1917.

uitsluiting van winsbejag.²⁶

Die verantwoordelikheid van lede was beperk. Die aanvangskapitaal van die bank het £250 bedra wat bestaan het uit 50 aandele van £5 elk. Sodra die bates van die bank sy verpligtinge met £500 oorskry het, sou 'n geleidelike terugbetaling op die aandele tot £2.10.0 plaasgevind het.²⁷ Die bank sou geensins 'n liefdadigheidsorganisasie wees nie. Die inkomste en winste van die bank sou net gebruik word ter bevordering van die bank se doelwitte soos in die Memorandum van Ooreenkoms uiteengesit. In geval van likwidasië of ontbinding van die bank en nadat daar aan al die skulde en verpligtinge voldoen is, sou die oorblywende kapitaal nie aan die aandeelhouders van die bank uitbetaal word nie, maar aan een of meer instellings wat dieselfde doel as Ons Eerste Volksbank gehuldig het.²⁸

Die Statute van Ons Eerste Volksbank, 1917.

In die Statute van Ons Eerste Volksbank is daar voorsiening gemaak vir die voorskrifte of bepalings waarin onder andere die werkswyse, die onderlinge regte, bevoegdhede van die bestuur, lede, verskillende komitees en ledevergaderings van Ons Eerste Volksbank omskryf word. In die inleiding van die dokument word verklaar dat al die woorde voorkomend in die Statute

26. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.1-3, pp.1-2.

27. T.A.B., W119(2)/I: Sertifikaat van Kapitaal Vermindering, 31.12.1920; Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.4-6, p.3.

28. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.7-9, pp.3-4.

wat in die enkelvoud gestel word, ook die meervoud insluit en omgekeerd, terwyl al die woorde wat op die manlike geslag betrekking het, ook die vroulike geslag impliseer. Woorde wat betrekking het op persone, sluit ook regs persone in tensy dit teenstrydig is met die sinsverband. Waar in die Statute van lede (aandeelhouders) melding gemaak word, word bedoel die persone wat 'n aandeel gehad het in die kapitaal van die bank. Waar die woord Bestuur gebruik word, word die Raad van Direkteure bedoel.²⁹

Die aanvangskapitaal het uit 50 aandele van £5 elk bestaan. By die opneem van 'n aandeel moes tien sjielings gestort word, daarna tien sjielings in die loop van November en daarna tien sjielings per maand totdat die bedrag van £5 opbetaal was. Aandele kon ook gouer betaal word. Indien 'n persoon in gebreke bly om een of meer betalings te doen, moes hy voor die 15de van die volgende maand deur die Bestuur per geregistreerde brief aangemaak word. Indien die persoon nie voor die einde van daardie maand betaal het nie, kon die Bestuur die reeds betaalde geld in die reserwefonds stort. Die aandeel sou dan weer as 'n nuwe aandeel beskou word.³⁰

Aandele kon slegs met die toestemming van die Bestuur van een persoon na 'n ander oorgedra word. In geval van die afsterwe of insolvensie van 'n aandeelhouer, kon die Bestuur die aandeel van so 'n persoon aan 'n goedgekeurde koper verkoop. Na die finale afbetaling van die aandeel word 'n bewys daarvoor uitgereik. Die aantal aandeelhouders van die vereniging mag nooit meer

29. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.1, pp.1-2.

30. Ibid., Arts.2-3, pp.2-3.

as 50 wees nie. Die vereniging kon nie sy aandele vir publieke inskrywing aanbied nie. Solank as wat die aandele nie opbetaal was nie, kon die Bestuur dit nie aan 'n ander persoon oordra nie. Indien 'n aandeelbewys verlore geraak het, was die Bestuur bevoeg genoeg om 'n duplikaat daarvan uit te reik.³¹

Die bank sou bestuur word deur vyf direkteure waarvan drie gekies sou word deur die aandeelhouders en twee deur die lede. Uit hulle midde word 'n voorsitter en 'n sekretaris aangestel. Die Bestuur sou bygestaan word deur 'n kommissie van toelating bestaande uit 20 lede, wat benoem is op 'n algemene vergadering van aandeelhouders en meerderjarige lede. Die boekhouding van die bank het onder toesig gestaan van 'n inspeksiekomitee, wat uit drie bevoegde persone bestaan het. Die ondertekenaars van die Memorandum van Ooreenkoms het voorlopig as direkteure opgetree. Die direkteure en lede van die Kommissie van Toelating sou verkies word nadat ministeriële goedkeuring van die Statute ontvang is. Direkteure word vir 'n tydperk van twee jaar benoem en tree uit soos deur die Bestuur bepaal word: na een jaar tree twee uit, na twee jaar drie en na drie jaar weer twee. Die direkteure was direk na hulle uittrede weer herkiesbaar.³²

Die lede van die Kommissie van Toelating is hoofsaaklik uit die veldkornette van die Arme Blanke Verbond verkies. Hulle is verkies vir 'n tydperk van drie jaar en tree af soos deur hulle bepaal. In die eerste jaar tree ses uit, in die tweede jaar sewe en in die derde jaar weer sewe, in die vierde jaar ses. Na uittrede was die lede nie weer onmiddellik herkiesbaar nie. Die

31. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.4-7, pp.3-5.

32. Ibid., Arts.8-12, pp.5-6.

lede van die Inspeksiekomitee is tydens die eerste algemene vergadering verkies en sou in die hoedanigheid aanbly tot met die algemene vergadering waar die eerste balans en wins- en verliesrekening behandel sou word. Op die laaste algemene vergadering van die boekjaar word 'n nuwe inspeksiekomitee vir die volgende boekjaar verkies. Lede van die komitee kon nie meer as twee keer agtereenvolgens verkies word nie. By 'n tussentydse verkiesing neem die nuutgekose persoon sitting vir solank as wat die afgetrede lid nog moes aanbly.³³

Die verkiesing van persone geskied skriftelik en 'n beslissing oor sake geskied deur middel van die opsteek van hande. 'n Vergadering kon in sekere gevalle hiervan afwyk. By die verkiesing van persone of ampsdraers vir die verskillende komitees moes 'n volstrekke meerderheid behaal word. Indien daar 'n staking van stemme plaasvind, moes die voorsitter sy beslissende stem uitbring. Elke aandeelhouer en meerderjarige lid het net een stem gehad. 'n Meerderjarige lid was 'n persoon wat al die algemene vergaderings bygewoon het. Die direkteure en die Kommissie van Toelating kon 'n geldige besluit neem as minstens drie direkteure en vyf lede van die kommissie teenwoordig was.³⁴

Die direkteure was verantwoordelik vir die algemene en ordelike verloop van die banksake. Hulle het die reëls en voorwaardes vir die ontvangs van spaargelde en vaste deposito's bepaal, asook die latere onttrekking daarvan. Hulle kon tydelike lenings namens die bank

33. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.13-15, pp.6-8.

34 Ibid., Arts.16-17, pp.8-9.

aangaan, mits dit nie meer as die helfte van die bedrag oorskry het wat aan leners verskuldig was nie. Hulle het die bevoegdheid gehad om oortollige kasgeld te belê. Die Bestuur het die kassier-boekhouer aangestel, sy diensvoorwaardes bepaal en die reg behou om hom te skors of te ontslaan. Die Bestuur moes voor die vyftiende van elke maand 'n verslag oor die werksaamhede van die vorige maand gepubliseer het. Die verslag moes deur twee direkteure en die kassier-boekhouer onderteken word. Die Bestuur was verplig om twee maande na die einde van elke boekjaar 'n skriftelike jaarverslag uit te bring wat aan die algemene vergadering voorgelê sou word. Dié verslag moes vergesel wees van 'n balans en wins-en verliesrekeningstaat, asook 'n skriftelike rapport van die Inspeksiekomitee. Die Bestuur moes ten minste een keer per maand die kasvoorraad met die kasboek vergelyk het. Hulle was verplig om minstens een keer elke drie maande die dokumente soos vermeld in die registers, na te gaan.³⁵

Die Kommissie van Toelating moes alle aansoeke om lenings behandel wat deur die Bestuur aan hulle voorgelê is. Daarom moes dié kommissie minstens een keer per week vergader het. Hierdie vergaderings is bygewoon deur die kassier-boekhouer wat as die sekretaris opgetree het. Tydens elke vergadering is 'n persoon aangewys om as voorsitter op te tree. Elke lening wat deur die kommissie goedgekeur is, is deur die voorsitter en minstens twee lede van die kommissie onderteken. Net lenings wat deur die kommissie goedgekeur is, sou deur die Bestuur toegestaan word. Daar sou geen borg aan lede van die Inspeksiekomitee toegestaan word nie. 'n Aansoek om 'n lening deur 'n

35. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.18, pp. 9-11.

direkteur of lede van die Kommissie van Toelating kon slegs toegestaan word, as dit met 'n meerderheid van stemme deur die Kommissie van Toelating goedgekeur is. Die aansoek van 'n direkteur kon net goedgekeur word as dit deur die meerderheid van die Kommissie van Toelating gesteun is. 'n Lening deur 'n lid van die Kommissie van Toelating kon slegs goedgekeur word as dit die meerderheid van die direkteure se steun geniet het. Die Kommissie van Toelating moes deur die Bestuur geraadpleeg word wanneer 'n tydelike belegging van oortollige kasgelde gemaak wou word.³⁶

Die Inspeksiekomitee moes die jaarverslag van die Bestuur asook die balans en wins- en verliesrekening met die boeke en ander dokumente vergelyk het. Daarna moes hulle 'n verslag met hulle bevindinge aan die algemene vergadering voorlê. Die Bestuur en Inspeksiekomitee het hulself die reg voorbehou om van kundige persone (rekenmeester, ouditeur) gebruik te maak om kontrole oor finansiële aangeleenthede uit te oefen.³⁷

Die algemene vergadering word deur die Bestuur byeengeroep en in Pretoria gehou. Hierdie vergadering moes binne twee maande na afloop van die finansiële jaar gehou word. 'n Buitengewone algemene vergadering kon gehou word as die Bestuur van mening was dat daar genoegsame rede daarvoor bestaan het. Die Bestuur was ook verplig om 'n algemene vergadering te belê as die Inspeksiekomitee, tien aandeelhouders of twintig meerderjarige lede hulle daartoe sou versoek. As die Bestuur nie so 'n vergadering binne vier weke nadat dit

36. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.19, pp.11-12.

37. Ibid., Arts.20-21, pp.12-13.

aangevra is gehou het nie, kon die aanvraers self so 'n vergadering byeengeroep het. Die algemene vergadering moes so na as moontlik aan volmaan gehou word, om lede en aandeelhouders wat ver moes reis, se taak te vergemaklik. Die sameroeping van die algemene vergadering sou geskied deur middel van 'n gedrukte kennisgewing wat sewe dae voor die vergadering sou plaasvind aan die lede en aandeelhouders gepos moes word. Daar moes ten minste twintig meerderjarige lede of aandeelhouders binne 'n halfuur na die aanvang van die vergadering teenwoordig wees, om geldige besluite te kon neem. As daar nie betyds 'n kworum was nie, is die algemene vergadering met 'n week uitgestel. As die dag waarop die algemene vergadering gehou moes word op 'n vakansiedag sou val, is dit uitgestel tot die eerste daaropvolgende werksdag op dieselfde tyd en plek. Op so 'n vergadering kon wettige besluite geneem word ongeag die aantal lede of aandeelhouders wat teenwoordig was.³⁸

Alle aandeelhouders en lede wat die vergadering sou bywoon, moes die presensielys duidelik en leesbaar geteken het. Die voorsitter van die Bestuur het die vergadering gelei. Sou hy afwesig wees, kon die vergadering self 'n voorsitter aanwys. Indien die sekretaris afwesig was, kon die kassier-boekhouer as sekretaris optree. Die kassier-boekhouer moes sorg dat die boekhouding in orde bly. Die boeke, registers, dokumente en waarborge asook die kasgeld moes in die brandkas bewaar word. Sodra die kasgeld £10 oorskry het, moes dit op die eerste daaropvolgende werksdag gebank word. Spaarders en voorskotnemers moes minstens een keer per jaar 'n opgawe van hul rekeningstaat ontvang het. Hulle was dan verplig om skriftelik te

38. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts. 22-23, pp. 13-15.

bevestig dat die opgawe korrek of foutief was. Die boeke van die vereniging is jaarliks op 31 Desember afgesluit. Die balans en wins-en verliesrekening moes deur 'n geregistreeerde ouditeur nagesien en mede-onderteken word.³⁹

Daar sou slegs 'n surplus wees nadat die oprigtingskoste van die bank verhaal is en voorsiening gemaak is vir verwagte verliese. Die reserwefonds kon ook nie benut word om die verwagte verliese mee te delg nie. Indien daar 'n surplus was, moes die een helfte in die reserwefonds gestort word. Die ander helfte sou onder die lede verdeel word in verhouding tot die rente wat aan hulle uitbetaal is, of wat hulle ontvang het. Slegs meerderjarige lede wat al die algemene vergaderings bygewoon het, kon in die winste gedeel het. Die gedeelte van die wins wat nie aan lede uitbetaal is nie omdat hulle nie die algemene vergaderings bygewoon het nie, sou ook in die reserwefonds gestort word. Spaarrekeninghouers, wie se spaarrekeninge in die loop van 'n finansiële jaar gesluit is, sou nie in die wins deel nie, maar hulle deel sou in die reserwefonds gestort word. Lede wat hierdie geld ontvang se rekeninge sou dienooreenkomstig gekrediteer word. Dit kon net in kontant uitbetaal word indien 'n lid geen geldelike verpligtinge teenoor die bank gehad het nie. Die presensielys van die jaarlikse algemene vergadering wat deur die voorsitter en die sekretaris gewaarmerk was, sou gebruik word om vas te stel watter lede vir die winsuitkering kwalifiseer. Op die aandele sou geen dividend of bonus uitbetaal word nie. As 'n boekjaar met 'n verlies geëindig het, kon daar vanselfsprekend

39. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.24-25, pp.15-17.

geen sprake van 'n surplus wees nie.⁴⁰

Die reserwefonds was onverdeelbaar, slegs 50% van die kapitaal sou gebruik kon word vir die deelname aan en ondersteuning van suster-instellings of ondernemings wat die welsyn van die lede van Ons Eerste Volksbank beoog het. Dit kon gebruik word vir lenings aan derglike instellings. Daar sou geen beleggings deur die bank goedgekeur word voordat die reserwefonds nie £500 oorskry het nie. Die rente of winste wat uit die belegging van die reserwefonds verdien word, sou vir die bedryfskoste van die bank gebruik word.⁴¹

Lidmaatskap van die bank was beperk tot diegene wat 'n spaarrekening by die bank gehad het en hulself met die doel van die bank vereenselwig het. Die direkteure het die reg gehad om die opening van 'n rekening te weier asook om een wat reeds geopen was, te sluit. Die direkteure kon enige aansoek om lidmaatskap, sonder die verstrekking van redes, geweier het. Opheffing van lidmaatskap kanselleer die lid se aanspraak op enige winsverdeling. Lidmaatskapsgelde vir lede wat 'n spaarrekening by die bank gehad het, het een sjieling per jaar beloop. Diegene wat na skriftelike aansoek lede geword het, het 'n halfkroon per jaar aan ledegeld betaal. Iemand wat in die tweede helfte van 'n jaar lid geword het, het die helfte van die lidmaatskapsgelde betaal. Elke lid het 'n genommerde bewys van lidmaatskap ontvang. Lenings is net aan lede toegestaan. Aandeelhouders, net soos 'n gewone lid, kon 'n spaarrekening open en vir 'n lening aansoek

40. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.26, pp.17-20.

41. Ibid., Art.27, p.20.

doen.⁴²

Volgens die Statute van Ons Eerste Volksbank kon enige persoon, selfs getroude vrouens en kinders, 'n spaarrekening by die bank geopen het. So 'n persoon het dan 'n genommerde spaarboekie ontvang, wat by elke inbetaling of onttrekking voorgelê moes word. Die kleinste bedrag wat gedeponeer kon word, was een sjieling, terwyl spaarseëls vir kleiner bedrae gebruik sou word. Die grootste bedrag wat in 'n spaarrekening gedeponeer kon word, was £50. Die bank het ook vaste deposito's in bedrae van £5, £10 en £25 vir ses of twaalf maande aangeneem. 'n Bedrag van £100 was die grootste wat op 'n vaste deposito toegelaat is. Spaar- en depositogelde kon nie op die naam van 'n ander persoon oorgeplaas word nie. Die Bestuur het ook die reg besit om die ontvangs van spaar- en/of depositogelde tydelik van onttrekking te weerhou. Daar is gepoog om onttrekkings uit spaarrekeninge direk op aanvraag uit te betaal, maar die Bestuur kon vereis het dat 'n persoon skriftelik moes kennis gee voor so 'n onttrekking. Vir 'n bedrag kleiner as £5 moes een week, vir bedrae tussen £5 en £10 moes twee weke, vir bedrae tussen £10 en £25 moes drie weke, en vir bedrae tussen £25 en £50 moes vier weke kennis gegee word. Depositobewyse sou na ses of twaalf maande skriftelike kennisgewing terugbetaal word.⁴³

Die rente op spaarrekeninge het 6% per jaar beloop, bereken op die vyftiende en laaste dag van elke maand op die laagste bedrag in die rekening gedurende

42. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.28, pp.21-22.

43. Ibid., Arts.29-32, pp.22-24.

die eerste en tweede helfte van die maand. Die bedrag sou tot die laaste pond afgerond word. Op vaste depositobewyse met ses maande opsegging, is 7% rente per jaar bereken. Op vaste depositobewyse met twaalf maande opsegging is 8% rente per jaar bereken. Vanaf die dag dat die deposito's opgesê is, sou 1% rente per jaar minder vergoed word. Die direkteure het die reg gehad om die rentekoers te wysig. Elke wysiging sou egter voorafgegaan moes word deur 'n behoorlike kennisgewing aan die depositohouers. Die rentekoerse op reeds toegestane depositobewyse kon nie gewysig word nie. Die rente op spaarrekeninge sou aan die einde van elke boekjaar of tydens die finale terugbetaling, bygereken word. Die betaling van die rente op depositobewyse is aan die einde van elke boekjaar per tjek aan depositohouers gestuur, terwyl seëlkode op depositobewyse teen die rekening van die deposant gedebiteer is.⁴⁴

Net mense wat lede was van Ons Eerste Volksbank kon aansoek doen om 'n lening. Lenings is net toegestaan indien die applikant se aansoek gesteun was deur minstens twee borge wat as medehoofskuldenaars sou optree. Een persoon kon ook nie vir 'n groter bedrag as £100 borg gestaan het nie. Die kassier-boekhouer kon ook nie as 'n borg opgetree het nie. Wanneer 'n aansoeker aansoek gedoen het om 'n lening, het hy 'n getekende verklaring van die kassier-boekhouer ontvang, waarin die voorwaardes vir die lening uiteengesit was. Een van die belangrikste voorwaardes was dat die lening slegs geldig sou wees solank as wat die verskuldigde maandelikse paaiement gereeld betaal is. As 'n lening aan 'n getroude persoon toegestaan is, moes sowel die

44. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.33, pp.24-26.

man as vrou daarvoor teken. Lenings sou ook toegestaan word aan depositohouers op dieselfde voorwaardes as vir 'n gewone aansoeker, maar as die kasgeld beperk was, sou die gewone lenings voorkeur geniet het bo die van depositohouers. As die kasgeld beperk was, sou daar voorkeur gegee word aan die aansoeke van die kleinste lenings. Aan elke aansoeker kon net 'n lening toegestaan word wat gelykstaande was aan 2½% van die kapitaal wat aan die bank toevertrou was. Vyftig pond was die maksimum lening wat toegestaan kon word. Die totale onkoste verbonde aan die uitskryf van 'n lening het 2½% rente of ses pennies per pond per maand beloop. Die bedrag was nie vooruit betaalbaar nie.⁴⁵

As 'n persoon in gebreke gebly het om sy lening terug te betaal, moes die borge skriftelik deur die kassier-boekhouer daarvan in kennis gestel word. Selfs al sou dit nie gedoen word nie, het dit hulle steeds nie van hulle verpligtinge onthef nie. Die borge het dan die reg gehad om uit te vind op watter wyse hulle die uitstaande bedrag kon aflos. In geval van wanbetaling deur die lener, kon die borge by die bank navraag doen hoe hulle te werk moes gaan om die uitstaande bedrag af te los.⁴⁶

Die besittings van die bank, asook die kapitaal en die reserwefonds het as 'n waarborg vir die spaargelde van die bank gedien. Die totale verpligtinge van die bank sou nooit meer kon beloop as tien keer die bedrag wat aan die bank toevertrou is nie. Sodra as wat die verpligtinge van die bank sewe keer meer was as dié bedrag en die reserwefonds saam, moes 'n algemene

45. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.34-35, pp.26-28.

46. Ibid., Art.36, pp.28-29.

vergadering belê word. By hierdie vergadering moes die Bestuur dan voorstelle aan die aandeelhouders en lede voorlê vir die uitbreiding van die kapitaal, indien die 10% merk bereik is. Voorstelle vir die daarstel van 'n waarborgfonds of enige ander voorstelle, moes ondersoek word, net solank dit in ooreenstemming was met die wette van die land en dit van 'n gesonde finansiële beleid getuig het.⁴⁷

Geen lede van die Bestuur, Kommissie van Toelating of die Inspeksiekomitee het 'n salaris ontvang nie. Die salarisse van beide die kassier-boekhouer en die ouditeur moes jaarliks deur die algemene vergadering bepaal word. Kantoorure sou so gereël word dat dit ten beste deur lede van die bank benut kon word. Afrikaans en Hollands sou die amptelike tale van die bank wees. Die bank het geen lede op grond van verdienste of erelede benoem nie. In die gevalle waarvoor die Statute nie voorsiening gemaak het nie, sou die Bestuur 'n finale beslissing moes maak. Die leemte wat daar sodoende ontstaan het, sou op 'n volgende vergadering bespreek word. Voorstelle vir die wysiging van die Statute moes deur die Bestuur voorgelê word. Dit moes in die oproepbriewe vir 'n algemene vergadering vermeld word, sodat dit behandel kon word. 'n Wysiging van die Statute was moontlik indien ten minste tien aandeelhouders en/of meerderjarige lede die Bestuur versoek het om 'n voorstel in die verband op die agenda vir 'n algemene vergadering te plaas. Indien die Bestuur nie aan so 'n versoek gehoor gegee het nie, het die aansoekers die reg gehad om self 'n vergadering te hou waarop hul voorstelle behandel sou word. Die

47. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Art.37, pp.29-30.

algemene vergadering sou dan beslis of die voorstel op die agenda van die volgende algemene vergadering geplaas moes word.⁴⁸

'n Voorstel tot die ontbinding of vrywillige likwidasië van die bank kon alleen gemaak word indien die Bestuur of 'n derde van die aandeelhouers en meerderjarige lede so besluit het. So 'n voorstel kon net behandel word op 'n algemene vergadering waar daar ten minste 'n driekwart van die stemgeregtigde aandeelhouers en lede teenwoordig was. Indien daar minder as dié aantal lede die vergadering bygewoon het, sou daar besluit word waar en wanneer die volgende vergadering gehou sou word. Dit moes ten minste 'n maand later plaasgevind het. Om 'n besluit te kon neem, moes ten minste die helfte van die totale aantal aandeelhouers en lede teenwoordig wees. As dit nie gebeur het nie, kon so 'n besluit op 'n derde vergadering geneem word.⁴⁹

Die poging om Ons Eerste Volksbank in Pretoria tot stand te bring, het nie onopgemerk verbygegaan nie. Dit was veral De Volkstem wat heelwat publisiteit hieraan verleen het. Op 4 Desember is daar in 'n hoofartikel verklaar, dat 'n volksbank enkele maande tevore net 'n gedagte was en dat niemand geglo het dat die ideaal so gou verwesenlik sou kon word nie. In die hoofartikel is verder daarop gewys dat die doel van Ons Eerste Volksbank was om spaarsamigheid onder lede aan te moedig en om die wat in tydelike finansiële nood verkeer het, met klein lenings te help. Dit is ook beklemtoon dat daar geen blywende resultate sou kon

48. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918, Arts.38-43, pp.30-32.

49. Ibid., Art.44, p.33.

wees, as daar nie op 'n streng besigheidsgrondslag te werk gegaan sou word nie. Daar is ook verwag dat die bank heelwat kritiek sou moes verduur, daarom sou daar uiters versigtig met spaargelde te werk gegaan moes word. Om te kon begin moes daar £250 gevind word. Hierdie kapitaal is verskaf deur vyftig aandeelhouders wat dan ook as waarborge sou optree. Daar was ook geld nodig om al die onkoste verbonde aan oprigting en inrigting van die instelling te dek. Indien die onkoste meer sou wees as die inkomste, sou dit deur die aandeelhouders van die bank gedra moes word en nie deur die lede nie. Die lede sou onder alle omstandighede hul geld en rente terug ontvang.⁵⁰

Daar is verder betoog dat die bank ook nie 'n koöperatiewe vereniging was nie, dit wil sê as die lede geld wou deponeer of geld by die bank wou leen, was hulle nie verantwoordelik vir die verpligtinge van hul medelede of die van die bank nie. Tog sou die lede in alle voordele gedeel het, aangesien in die Statute bepaal is dat die helfte van die wins in 'n reserwefonds gestort sou word en die ander helfte aan die lede uitbetaal sou word. Die keuse van Zorn as kassier-boekhouer was 'n goeie keuse omdat hy bekend was in Pretoria. Om aan die wetgewing van die land te voldoen, sou die boeke van die bank elke jaar op 31 Desember deur 'n geregistreerde rekenmeester gekontroleer word. Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het die hoop uitgespreek dat hulle op 2 Januarie 1918 met hul werksaamhede sou kon begin.⁵¹

'n Kennisgewing in die vorm van 'n advertensie is uitgereik waarin aangedui is dat Ons Eerste Volksbank

50. Ms. 203.28, De Volkstem, 4.12.1917 ('n Volksbank opgerig).

51. Ibid.

op Woensdag 2 Januarie 1918 om half vier die middag in kamer no. 5 van die African Arcade geopen sou word. Die gebou was geleë tussen Kerk-, Sentraalstraat en Pretoriusstraat in Pretoria. Die kantoor sou op Woensdae vanaf 15h30-17h30, Saterdagoggende vanaf 07h30-0900 en weer Saterdagmiddae vanaf 15h00-17h00 oop wees.⁵² Ons Eerste Volksbank is op 31 Desember 1917 deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer.⁵³

Soos wat die werksaamhede van die bank uitgebrei het, het die Statute heelwat wysigings ondergaan. Terselfdertyd het die verskillende wette wat deur die Unieregering op die wetboeke geplaas is, en op Ons Eerste Volksbank van toepassing was, met die verloop van tyd 'n wysiging van die Statute genoodsaak.⁵⁴

52. Ms.203.28, De Volkstem, 28.12.1917.

53. T.A.B., W119(2)/I: Sertifikaat van Inlywing, 31.12.1917.

54. Sien Hoofstuk III, pp.24-57.

HOOFSTUK III

WETGEWING EN ONDERSOEK MET BETREKKING TOT ONS EERSTE VOLKSBANK EN ANDER VOLKSBANKE, 1926 - 1942

1. Ons Eerste Volksbank en die Woekerwet van 1926 en die uitwerking daarvan op volksbanke in die algemeen.

Vanaf die stigting van Ons Eerste Volksbank in 1917 het die bank talle probleme ondervind. Eerstens was daar probleme met betrekking tot die rentekoers wat op uitstaande lenings gehef is. Verder is daar probleme ondervind met die Betaalmiddelen en Bankwet, No.31 van 1920 wat die bank verplig het om goudsertifikate by die Suid-Afrikaanse Reserwebank op te neem. Die grootste probleem egter, was die beperkinge wat deur die Woekerwet van 1926 op die bank gelê is. Ons Eerste Volksbank het ook telkens te doen gehad met persone wat beweer het dat die bank in wese niks anders as 'n woekerinstelling was nie en wat graag die benaming geldskierter aan Ons Eerste Volksbank gekoppel het.

Vroeg in Desember 1917, nog voordat die bank begin funksioneer het, het daar 'n brief in De Volkstem verskyn, waarin ene J.M.H.Beumer teen Ons Eerste Volksbank te velde getrek het. Hy was ontstoke oor die ses pennies per pond per maand, dit wil sê 30% per jaar wat as rente op geleende kapitaal betaalbaar was. Hy het toegegee dat die spaarafdeling by die bank 'n goeie instelling was, waardeur die behoeftiges uit die hande van die woekeraars gehou is. Hy was van mening dat dit daarom noodsaaklik was dat die oprigters van Ons Eerste Volksbank hul voorwaardes vir die toestaan van 'n lening in heroorweging moes neem. Al het hulle beplan om die rente van 30% later te verlaag, was dit belangrik dat die bank sy goeie naam moes behou. Dit

kon net gedoen word deur 'n billike behandeling van hul lede wat volgens hom nie moontlik sou kon wees as hulle by hulle leningsvoorwaardes gebly het nie. Beumer het ook beweer dat dit vir 'n voornemende lener op die platteland, moeilik sou wees om twee borge te bekom. Hy het ook daarop gewys dat groot banke geld teen beter voorwaardes en rentekoerse van tussen 10-12% per jaar uitgeleen het. Hy was van mening dat die voorlopige bestuur van Ons Eerste Volksbank oordryf het as hulle beweer het dat woekeraars se rente op uitstaande lenings tot tien keer hoër was as die van die bank.¹

In reaksie op Beumer se brief het die voorlopige bestuur van die bank op die 11 Desember 1917 'n brief in De Volkstem laat publiseer. Die voorlopige bestuur het aangevoer dat Beumer in werklikheid ontsteld was oor die hoë rente wat Ons Eerste Volksbank van voorneme was om in te stel. Die voorlopige bestuur het beweer dat Beumer reg sou gewees het as die bedoeling van die hoë rente was om hoë dividende vir die aandeelhouders van Ons Eerste Volksbank te verseker. Indien hy die hoofartikel van De Volkstem van 1 Desember 1917 gelees het, sou hy gesien het dat die aandeelhouders niks ontvang nie, maar dat die rente teruggeploeg word in die bank en die lede. Verder het die Bestuur daarop gewys dat die rente wat woekeraars op lenings gevorder het, nie 60% was soos wat Beumer beweer het nie, maar wel 120%, en dat die Bestuur talle gevalle as bewys gehad het. Daar was selfs gevalle waar daar nog meer rente bereken is en het die Bestuur op 'n spesifieke geval gewys waar tot 250% rente bereken is. Die hoë rente was nie die enigste euwel nie, aangesien kliënte in baie gevalle deur die woekeraars afgepers

1. Ms. 203.28, De Volkstem, 7.12.1917 (Ons Eerste Volksbank).

is. Die finansiële en morele ondergang van hul kliënte het die woekeraars koud gelaat. Dit was hierdie tipe woekeraars wat Ons Eerste Volksbank hand en tand wou beveg.²

In soverre dit Beumer se bewering betref dat Ons Eerste Volksbank van voorneme was om 30% rente per jaar op 'n lening te hef, het die bestuur erken dat dit baie hoog was, maar dat daar onthou moes word dat rente net betaalbaar was op die nog uitstaande kapitaal en nie elke keer op die volle bedrag van die oorspronklike lening nie. Die rente het ook die seëls, die koste van die ondersoek en die administrasie verbonde aan die hantering van so 'n ondersoek ingesluit. Indien die rentekoers dalk te hoog was, sou die lede dit weer terugontvang met die verdeling van winste aan die einde van die boekjaar. Die bestuur het ook nie verstaan hoe Beumer die platteland kon betrek nie, want in die Statute, pers en vergaderings wat gehou is, het hulle dit duidelik gestel dat die bank net tot Pretoria beperk sou wees. Die bedoeling van die bank was nie om die plek van koöperasies in te neem nie. Die bestuur het ook daarop gewys dat dit onbillik was om Ons Eerste Volksbank met gewone banke te vergelyk, want die bank wou juis diegene help wat nie by 'n gewone bank geholpe kon raak nie. By dié bank het karakter en eerlikheid van 'n aansoeker om 'n lening 'n belangrike rol gespeel en nie die besit van vaste eiendom soos by gewone banke nie. Die bestuur het gehoop dat hulle antwoord aan Beumer talle misverstande sou opklaar.³

In die Memorandum van Ooreenkoms was daar vir die doel van hierdie bespreking, veral twee doelwitte wat die aandag verdien. Eerstens het die bank die daarstelling

2. Ms.203.28, De Volkstem, 11.12.1917 (Ons Eerste Volksbank).

3. Ibid.

van 'n anti-woekerwet gepropageer. Tweedens was die bank absoluut teen enige vorm van winsbejag gekant.⁴ Buiten hierdie twee doelwitte was die leuse van Ons Eerste Volksbank Beveg die woeker en beskerm die volk. Hieruit was dit duidelik dat Ons Eerste Volksbank nie 'n woekerinstelling kon wees nie. Vanaf hul stigting het die bank ses pennies per pond per maand op die nog uitstaande deel van 'n lening bereken. Die rente wat deur Ons Eerste Volksbank bereken is, het alle onkoste gedek. Indien 'n persoon sy lening vinniger afbetaal het, is die rente ooreenkomstig verminder. Sou 'n persoon agterstallig raak met sy afbetalings, is daar nie rente op rente bereken nie.⁵

In 1920 het Ons Eerste Volksbank verdere probleme ondervind toe hulle aan die bepalings van die Betaalmiddels en Bankwet, No.31 van 1920 moes voldoen. Volgens artikel 30 van hierdie wet was elke bank in die Unie verplig om 'n reserwesaldo in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, gelykstaande aan 13% van die bank se opvorderbare verpligtinge in die Unie van Suid-Afrika, te hou.⁶ Hierdie wet het Ons Eerste Volksbank verplig om 'n vasgestelde dekking in goud of goudsertifikate, waarop daar geen rente ontvang is nie, by die Suid-Afrikaanse Reserwebank ten opsigte van die bank se vaste deposito's en spaarbankrekenings te deponeer. Die bank het hierdie bepaling streng nagekom. Teen Desember 1921 het die bank 'n volledige bankstaat aan die Sekretaris van Finansies gestuur. Hiervolgens het

4. Argief O.E.V., Lêer 1: Memorandum van Ooreenkoms en Statute van Ons Eerste Volksbank 1918.

5. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslag oor Ons Eerste Volksbank oor die Boekjaar 1918 uitgebring in die algemene vergadering van 14.2.1919, p.7. (Hierna Verslag... Boekjaar 1918... 14.2.1919).

6. OP(S)60/1: Wet op Betaalmiddele en Banke van 1920.

die bank in totaal 'n reserwe van £1775.0.9 in die Suid-Afrikaanse Reserwebank gehad.⁷

In teenstelling met Ons Eerste Volksbank het baie woekeraars tot twee sjielings per pond per maand rente bereken. Gevolglik was die rente van ses pennies per pond wat deur Ons Eerste Volksbank gehef is, uiters billik.⁸ Soos wat duidelik blyk uit hoofstukke IV en V oor die groei en vooruitgang van die bank, is die lede 'n aansienlike som aan rente bespaar wanneer hulle met die bank in plaas van met die woekeraars sake gedoen het. Vir die bank was dit belangrik om die woekeraar aan bande te lê, want elke pennie wat hulle hul lede aan rente bespaar het, het tot die lede se welvaart bygedra. Die Bestuur het ook telkens 'n beroep op hul lede gedoen om hul vriende van die bank te vertel, sodat meer mense uit die woekeraars se hande gehou kon word. Die Bestuur het ook verklaar dat dit hul strewe was om sodra as wat die reserwefonds sterk genoeg was, hulle rentekoers verder te verlaag. Die Bestuur het ook hulle spyt uitgespreek dat die regering nie die voorgestelde woekerwetgewing tydens die parlamentsitting van 1922 behandel het nie. Dit was ook onwaarskynlik dat die wetgewing in 1923 behandel sou word. Alhoewel die wetgewing in sekere opsigte geheel en al negatief was, sou dit met enkele wysigings wel 'n positiewe uitwerking op die hele Suid-Afrika kon uitoefen. Die hoop is gevolglik uitgespreek dat die regering wel toepaslike wetgewing sou kon instel wat die woekeraars aan bande sou lê.⁹

7. Argief O.E.V., Lêer 3: Bankstaat van Ons Eerste Volksbank om te voldoen aan Art.31 van die Wet op Betaalmiddele en Banke van 1920, 30.11.1921.

8. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1920...23.3.1921, p.6.

9. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1922...22.3.1923, pp.4-8.

Nietemin binne ses jaar het Ons Eerste Volksbank 'n geweldige invloed op die renteberekening van die woekeraars in Pretoria uitgeoefen. Daar is vasgestel dat die woekeraars in 1923 slegs een sjieling per pond per maand rente gehef het. Dit was duidelik dat die bank 'n kragtige instrument was om die woekeraar mee te beveg.¹⁰

Van tyd tot tyd het daar berigte verskyn in die koerante om persone bewus te maak van die gevare wat woekeraars vir hulle ingehou het. So byvoorbeeld is daar herhaaldelik gepleit dat wetgewing ingestel moes word om die woekeraars aan bande te lê. In 1924 het die Bestuur van die bank 'n brief aan The Sunday Times onder die opskrif Put a brake on usury geskryf. Die bedoeling van die brief was om die koerant te ondersteun in hul pogings om die woekeraars deur wetgewing aan bande te lê. In hierdie brief is daarop gewys dat die opstel van wetgewing om die woekeraar te bestry, aanbevelingswaardig was. Dit was egter nie so maklik uitvoerbaar nie, want dit het soms tot negatiewe wetgewing soos die Woekerwet van 1908 in die Kaap gelei. Voorts het die Bestuur daarop gewys dat die wetgewing telkens misluk het en tot nog groter euwels gelei het. Daar is verder daarop gewys dat wanneer die rente wat deur woekeraars bereken is, vergelyk word met die van die bank, dit duidelik word dat die rentekoers van 30% per jaar wat deur die bank gehef is, baie billik was. Die doel van die bank was ook opbouend en nie afbrekend soos die van die woekeraars nie. Die Bestuur het weer daarop gewys dat, soos wat die bank se reserwefonds sterker word, die rentekoers verlaag sou word. Daar is verder daarop gewys dat instellings soos

10.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar
1923...20.3.1924, p.6.

Ons Eerste Volksbank vrygestel moes word van die beperkings van woekerwetgewing. Die Statute en Memorandum van Ooreenkoms van die bank moes as 'n riglyn dien vir die Minister van Justisie om te bepaal of so 'n instelling vrygestel moes word al dan nie. Die mening is verder uitgespreek dat die voorgestelde woekerwetsontwerp van 1922, nie die woekeraars aan bande sou lê nie, maar hulle sou aanmoedig om skuiwergate te vind om die wet te omseil.¹¹

In 1924, nadat Ons Eerste Volksbank reeds sewe jaar lank bestaan het, was die kennis van die algemene publiek ten opsigte van die doel en werksaamhede van die bank steeds beperk. Baie onkundige persone het die bank nog as 'n woekerinstelling beskou, ten spyte daarvan dat die Bestuur telkens daarop gewys het dat 'n sterk reserwefonds nodig was voordat die rentekoers verlaag kon word. Hierdie mikpunt is eers na sewe jaar se harde werk bereik, toe die Bestuur op 24 Desember 1924 besluit het om vanaf 1 Januarie 1925 die rente op lenings vanaf ses pennies tot vyf pennies per pond per maand te verlaag. Hierdie verlaging het beteken dat die rente nou op slegs 25% per jaar te staan gekom het.¹²

Alhoewel die rentevermindering beteken het dat Ons Eerste Volksbank op daardie stadium gemiddeld 'n £1000 per jaar aan inkomste sou verbeur, was die Bestuur verheug oor die vermindering. Die hoop is uitgespreek dat die rente spoedig verder verlaag sou kon word. Die Bestuur was van mening dat indien hulle meer mense kon kry om klein lenings op te neem, hulle gouer daarin sou kon slaag om die rentekoers weer te verminder en

11.Ms.101.0050, The Sunday Times, 23.7.1924 (Put a brake on usury).

12.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1924...12.3.1925, pp.9-11.

daardeur sou hulle meer persone uit die hande van woekeraars kon hou. Daar is ook daarop gewys dat 'n nuwe tendens in Pretoria ontstaan het, waar woekeraars veral in Innesdal, geld op verbande uitgeleen het. In sommige gevalle het die rente tot 100% beloop. In die meeste gevalle was die afbetalingsvoorwaardes so onbillik dat die persone ten einde laas hul eiendom aan die woekeraars moes afstaan. Om hierdie ongesonde situasie hok te slaan, het die Bestuur besluit om ook kapitaal op maklike afbetalingspaaielemente beskikbaar te stel vir die toestaan van lenings op eerste verbande op eiendomme.¹³

Hoewel die Bestuur verwag het dat die aangekondigde rentevermindering tot 'n uitbreiding van sake sou lei, was hulle geensins voorbereid op die snelle uitbreiding wat daar gevolg het nie. Die uitbreiding van sake het die bank in staat gestel om die rentekoers vanaf 1 Januarie 1926 nog verder te verlaag, naamlik van vyf pennies tot vier pennies per pond per maand of van 25% tot 20% per jaar. Die uitbreiding van sake het ook beteken dat die Bestuur uiting kon gee aan hul strewe om volgens artikel 21 van die Statute van Ons Eerste Volksbank die helfte van die wins vir die boekjaar 1925 aan die lede uit te betaal.¹⁴ Die Bestuur het egter hul spyt uitgespreek dat baie min lede in die uitkeer van winste sou deel, omdat nie almal die voorwaarde hiervoor, naamlik om die algemene vergaderings by te woon, nagekom het nie. Op grond hiervan was die Bestuur van mening dat nadat die eerste winsverdeling plaasgevind het, dit 'n beter bywoning van die algemene vergaderings tot gevolg sou hê. Ook

13. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1924...12.3.1925, pp.11-12.

14. Sien Hoofstuk II, p.17.

is die verwagting gekoester dat 1926 voorspoediger sou wees, sodat die rente nog verder verlaag kon word. Die Bestuur het weereens 'n beroep op al die lede gedoen om waar moontlik Ons Eerste Volksbank bekend te stel, sodat niemand nodig sou hê om hom tot 'n woekeraar te wend nie.¹⁵

In die jaarverslag van 1925 het die Bestuur ook daarop gewys dat die regering wetgewing by die Parlement gaan indien om woekeraars te bestry. Indien hierdie wetsontwerp goedgekeur sou word, sou dit beteken dat nog 'n doelstelling van die bank, naamlik die daarstelling van 'n woekerwet, bereik is. Die Bestuur was egter van mening dat as die voorgestelde wetsontwerp onveranderd as wet aanvaar word, dit die hele proses om woekeraars te bestry, 'n nekslag sou toedien. Die wet sou die oprigting van verdere volksbanke onmoontlik maak het, omdat die voorgestelde rentekoers op lenings onvoldoende was, veral gedurende die aanvangsjare van 'n volksbank. Die hoë rentekoers in die begin was 'n vereiste om die administrasiekoste verbonde aan 'n klein lening te kon dek. Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank en lede van die bestuur van beide soortgelyke instellings in Bloemfontein, was van voorneme om die Minister van Justisie te versoek om enkele wysigings aan die wetsontwerp aan te bring. Hierdie wysigings was noodsaaklik om hulle ideaal te vervul, naamlik om nog volksbanke in ander dele van die land op te rig. Juis omdat die bank geen ander doel as die welsyn van hulle lede gehad het nie en teen enige winsbejag was, het die Bestuur geglo dat hulle op die nodige simpatie van die regering en van die parlement sou kon reken.¹⁶

15. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar
1925...25.3.1926, pp.9-10.

16. Ibid., pp.10-11.

Tydens die debat oor die voorgestelde woekerwetsontwerp in die Volksraad op 8 Februarie 1926, het die Minister van Justisie, Tielman Roos, verklaar dat daar te veel verskillende woekerwette in die Unie bestaan het en dat hy van mening was dat dit tyd geword het dat daar net een woekerwet vir die hele land moes wees. Roos het daarop gewys dat die vorige Minister van Justisie 'n paar jaar vantevore deur 'n komitee van geldskieters genader is oor die wetsontwerp wat hy ingedien het. Hulle het verklaar dat die wetsontwerp gewysig moes word om hulle te pas, aangesien hulle reeds groot bedrae geld uitgeleen het. Volgens Roos het dit voorgekom asof die woekerpraktyk eerder toegeneem as wat dit afgeneem het. Talle van die geldskieters het beweer dat hulle eintlik weldoeners van die publiek was. Nietemin was Roos van mening dat daar teen die geldskieters, veral dié wat woekerrente gehef het, opgetree moes word.¹⁷

Roos het verder daarop gewys dat daar reeds verenigings gestig was om geldskieters te bestry en dat die verenigings 'n rentekoers van 30% per jaar gehef het. Hy het aangetoon dat een van hierdie verenigings (Ons Eerste Volksbank) hul rentekoers op lenings reeds vanaf ses pennies tot vier pennies per pond per maand verlaag het. Volgens hom was dit 'n bewys van die positiewe invloed van die wetsontwerp. Roos was oortuig daarvan dat dit nog meer positief sou wees as dit eers 'n wet was. Kragtens die wetsontwerp is daar voorgestel dat die rente op lenings 12% per jaar moes wees indien die lener in staat was om sekuriteit aan te bied en 15% indien hy dit nie kon doen nie. Roos was egter oortuig daarvan dat die gekose komitee wat hy van voorneme was

17.OP(S)2: Debatte van die Volksraad, deel VI, kolomme 424-425.

om aan te stel, eerder vir 20% rente te vinde sou wees. Hy was bekommerd oor die betrokkenheid van derde persone wat met promesses en ander papiere te doen gehad het. Indien hierdie struikelblok nie suksesvol oorkom kon word nie, sou die wetsontwerp nutteloos gewees het, want daar sou steeds skuiwergate vir hierdie persone (woekeraars) gewees het. Hierdie was 'n moeilike probleem, want die derde persoon sou aan bande gelê moes word, sonder dat die handel of verhandelbaarheid van wissels belemmer word. Hy het ook daarop gewys dat 'n versoek van die gewone banke ontvang is dat hulle van die wetsontwerp vrygestel moes word. Hierdie kwessie sou met groot versigtigheid aangepak moes word. Roos het die hoop uitgespreek dat die gekose komitee 'n sterk komitee sou wees en dat die lede almal oor goeie handelskennis sou beskik. Ten slotte het hy die hoop uitgespreek dat die gekose komitee nuttige werk sou verrig deur talle probleme uit die weg te ruim en van die wetsontwerp 'n maatreël te maak wat uiteindelik die handel sou bevorder het.¹⁸

In reaksie op die Minister van Justisie se toeligting van die wetsontwerp, het J.W.Jagger, lid van die Volksraad vir Kaapstad-Sentraal, verklaar dat die bedoeling van die woekerwet baie goed was. Hy het egter gewaarsku dat die beperkings ten opsigte van verhandelbare skuldbekentenisse probleme kon veroorsaak deurdat dit die handel in die Unie kon benadeel. Hy was van mening dat die wetsontwerp net op handelstransaksies tussen sakemanne toegepas moes word en dat dit 'n baie ernstige fout sou wees om die bepalinge van die woekerwet op gewone besighede toe te pas. Jagger was ook bekommerd oor die rentekoers wat geldskieters kon hef, want afgesien van die rente wat

18. OP(S)2: Debatte van die Volksraad, deel VI, kolomne 425-427.

gehef kon word, was daar ook ander bepalings wat tussen die geldskierter en geldlener gegeld het, wat tot gevolg gehad het dat die rente in werklikheid baie hoër was. Dit was aspekte soos hierdie waaraan die gekose komitee aandag moes gee.¹⁹

In sy reaksie het J.H.Brand Wessels, lid van die Volksraad vir Bethlehem, die Volksraad meegedeel dat hy bewus was van talle geldskietters op die platteland wat gewone, eerlike, hardwerkende mense roekeloos uitgebuit het. As hulle eers in die skuld was, het hulle dit moeilik gevind om die juk van die woekeraars af te skud en in baie gevalle het hulle alles verloor. Volgens hom sou daar geen ander wet wees wat die volk groter vreugde sou verskaf nie.²⁰ C.W.A.Coulter, lid van die Volksraad vir Kaapstad-Tuine, was weer van mening dat die blote feit dat daar wel 'n woekerwet met sekere boetes was, as 'n afskrikmiddel gedien het. Hy het daarop gewys dat die Kaapse wet van 1908 voorsiening vir twee belangrike vrystellings gemaak het wat nie in die konsepwet opgeneem was nie. Eerstens was handelstransaksies tussen sakemanne vrygestel van enige beperkings. Tweedens was die bona fide besitter van 'n skuldbewys ook vrygestel van die beperkings van die wet. Hy was gevolglik van mening dat hierdie sake ook deur die gekose komitee aangespreek moes word. Coulter het verder aangevoer dat dié soort lenings wat deur dié verenigings toegestaan word, van groot hulp vir die armer klasse was. In baie gevalle het dit hierdie mense in staat gestel om 'n eie huis te bekom. Hy het dus daarop aangedring dat geregistreerde hulpverenigings en bona fide bouverenigings van die woekerwet vrygestel moes word.²¹ Volgens H.Oost, lid

19.OP(S)2: Debatte van die Volksraad, deel VI, kolomme 427-428.

20.Ibid., deel VI, kolomme 428-429.

21.Ibid., deel VI, kolomme 429-431.

van die Volksraad vir Pretoria distrik-Noord, moes 'n sekere liggaam wat in Transvaal werksaam was, ook onder die woekerwet geval het. Hy het aangevoer dat die liggaam ook tien persent rente per maand gehef het. R.Stuttaford, lid van die Volksraad vir Nuweland, was van mening dat die wetsontwerp soos wat hy was, die gewone burger eerder sou benadeel as wat dit hom sou beskerm. Hy was van mening dat die skade wat die wetsontwerp die handel sou aandoen, meer sou wees as die voordele wat dit sou meebring. Stuttaford het ook daarop aangedring dat om die hele kwessie van sekuriteit op wissels op te los, alle bona fide handelstransaksies tussen sakemanne van die bepalings van die woekerwet vrygestel moes word.²²

G.A.Hay, lid van die Volksraad vir Pretoria-Wes, het in die Volksraad verklaar dat dit hoog tyd was dat so 'n wetsontwerp ingedien moes word. Hy het die Volksraad meegedeel dat een van die grootste geldskieters in die land hom meegedeel het dat 'n kwart van die staatamptenare in die Unie regstreeks of onregstreeks in die hande van geldskieters was. Hy was van mening dat die tyd reg was dat die geldskieters onder regulasies geplaas moes word wat die volk beskerm het.²³ Sir Ernest Oppenheimer, lid van die Volksraad vir Kimberley, het gemaak dat daar gewaak moes word dat in 'n poging om die arm man te beskerm teen uitbuiting, die handel nie onregmatig belemmer moes word nie. Hy het voorgestel dat daar ondersoek ingestel moes word na die moontlikheid om rekbaarheid in die rentetariewe in te stel. Dit sou verhinder dat daar onregmatige rentetariewe bereken word.²⁴

22.OP(S)2: Debatte van die Volksraad, deel VI, kolomme 432-433.

23.Ibid., kolomme 434-435.

24.Ibid., kolomme 436-437.

Volgens A.O.B.Payn, lid van die Volksraad vir Temboeland, sou talle probleme rakende woekeraars opgelos kon word, indien elke geldskierter verplig sou word om te registreer en 'n lisensie uit te neem. Inspekteurs moes ook die reg besit om enige tyd die boeke van 'n geldskierter te kon nagaan.²⁵ Dit was 'n moeilike vraagstuk, daarom was dit noodsaaklik om die wetsontwerp na 'n gekose komitee te verwys wat deur die Volksraad benoem is.²⁶

Nadat die woekerwetsontwerp in die Volksraad bespreek is, is daar besluit om 'n gekose komitee onder voorsitterskap van Tielman Roos te benoem om die woekerwetsontwerp te bestudeer en aanbevelings vir die verbetering daarvan voor te lê. Die komitee het bestaan uit T.J.de V.Roos, J.W.Jagger, J.H.Brand Wessels, G.A.Hay, C.W.A.Coulter, A.O.B.Payn en ds.B.R.Hattingh. Hierdie komitee het tydens hul ondersoek heelwat persone ondervra, onder andere ook J.Dommissie wat die algemene bestuurder van die Nederlandse Bank en 'n direkteur van Ons Eerste Volksbank was. Die komitee het verder ook vir H.H.van Rooijen wat die bestuurder van die Afrikander Verbond Spaar en Voorskot Bank Bpk. in Bloemfontein was, en dr.C.F.Visser, bestuurder en H.W.Kammeijer, direkteur en sekretaris van Die Spaar en Voorskotkas van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging. Bpk. in Bloemfontein, ondervra. Juis omdat hierdie persone gemoeid was met volksbanke, kon hulle, volgens die komitee, 'n waardevolle rol speel in die opstel van woekerwetgewing.²⁷

25.OP(S)2:Debatte van die Volksraad, deel VI, kolom 438.

26.Ibid., kolom 439-440.

27.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, p.III.

Op 18 Februarie 1926 het Dommissie sy verskyning voor die komitee gemaak. Dommissie het begin deur te verduidelik dat die doel van Ons Eerste Volksbank was om die arm persoon in Pretoria te help, diegene wat voorheen verplig was om hulle tot woekeraars te wend. Dit was die doel van Ons Eerste Volksbank om hierdie mense finansieel te help met lenings teen 'n redelike rentekoers. Daar was geen bedoeling om wins te maak nie. Talle persone het beweer dat Ons Eerste Volksbank 'n woekerinstelling was omdat hulle toe 30% rente per jaar bereken het. Daar kon egter nooit sprake van woeker wees nie, aangesien daar nooit iemand was wat voordeel uit die rente getrek het nie. Afgesien van die personeel, het geen ander persoon of direkteur 'n salaris ontvang nie. Dommissie het verklaar dat Ons Eerste Volksbank op dieselfde grondslag as die Raiffeisenbanke gefunksioneer het, naamlik "Diens sonder wins". Met betrekking tot die rentekoers het hy daarop gewys dat dit op vaste deposito's redelik hoog was sodat daar kapitaal beskikbaar sou wees indien die bank 'n krisis op die lyf sou loop.²⁸

Dommissie het voorts daarop gewys dat Ons Eerste Volksbank se rentekoers in 1926 op 20% per jaar te staan gekom het, maar dat dit moontlik was om dit tot 15% per jaar te verlaag, sodat daar aan die bepaling van die konsepwet voldoen kon word. Die bepaling rakende die rentekoers in die konsepwet het Ons Eerste Volksbank nie benadeel nie, maar dit het wel 'n probleem geskep, omdat dit beteken het dat die oprigting van ander volksbanke nie sou kon realiseer nie. Vir 'n volksbank in sy aanvangsjare sou die beoogde rente per jaar nie genoegsaam gewees het om 'n

28.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, pp.1-4.

bestaan as bank te kon maak nie. As die regering werklik ernstig was om die woekeraars te bestry, moes hulle besef dat dit net suksesvol gedoen kon word deur volksbanke op te rig soos in Amerika en Europa en nie alleen deur negatiewe wetgewing nie. Dommissie was van mening dat slegs instellings soos Ons Eerste Volksbank wat nie 'n winsmotief gehad het nie, vrygestel moes word van die woekerwet.²⁹

Dommissie het dit beklemtoon dat Ons Eerste Volksbank nie gepleit het vir die vrystelling van rentekoerse nie, maar dat volksbanke van die woekerwet vrygestel moes word. Dit sou meegehelp het dat nog ander volksbanke opgerig kon word. Die beperkende voorwaardes waarvoor die beoogde woekerwet voorsiening gemaak het, sou die oprigting van enige volksbank in 'n stedelike gebied onmoontlik gemaak het, omdat dit onmoontlik was om so 'n besigheid met 'n rentekoers van 20% per jaar te begin. Indien volksbanke toegelaat sou word om met 'n hoër rentekoers te begin, moes dit 'n oogmerk wees om met verloop van tyd die rentekoers geleidelik te verlaag. Op die platteland was daar prokureurs wat eintlik niks anders as woekeraars was nie. Omdat hulle nie 'n bestaan net uit hulle firmas kon maak nie, het hulle geld aan die mense begin voorskiet. Sou die voorgestelde woekerwet die rentekoers op 30% vasstel, sou die prokureurs dit steeds op die platteland kon hef, want omdat hulle die mense goed geken het, was hulle administrasiekoste baie min. Dis om hierdie rede dat daar gepleit is dat volksbanke vrygestel moes word van die beperkings van die woekerwet. Indien dit gedoen kon word, sou daar volksbanke in feitlik elke dorp in Suid-Afrika opgerig

29.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, p.5.

kon word.³⁰

Dommissie het die komitee meegedeel dat 'n woekeraar die Ons Eerste Volksbank meegedeel het dat Ons Eerste Volksbank binne ses maande bankrot sou wees. Teen 1926 het die bank nog steeds bestaan, terwyl heelwat woekeraars intussen bankrot gespeel het. Dommissie het die komitee verder meegedeel dat een van die grootste woekeraars in Pretoria in die pers verklaar het dat dit onmoontlik was om met 'n rentekoers van 30% per jaar op uitgeleende geld 'n bestaan te maak. Dommissie was van mening dat die regering se beoogde kredietbanke nie kon werk nie, omdat dit van bo af afgedwing is. Hy was van mening dat dit juis misluk het omdat daar te veel hulp van die regering af gekom het en te min selfhelp.³¹

Dommissie het die komitee verder daarop gewys dat in agt jaar van Ons Eerste Volksbank se bestaan daar reeds 5691 mense finansieel gehelp is. Die bedrag wat die bank die persone aan rente bespaar het indien in ag geneem word dat die rente wat die woekeraars gevra het twee sjielings per pond beloop het, reeds 'n bedrag van £104 000 beloop het. Die algemene reëling van die bank was dat diegene aan wie 'n lening toegestaan word, sover moontlik moes probeer om hul lening binne 'n jaar te delg. Dommissie het die komitee verder ingelig dat die koste van suksesvolle beheer en kontrole omtrent twee derdes van hul inkomste beloop het. Dommissie was van mening dat die beginsel om 'n maksimum rente vir 'n lening te bepaal 'n fout was. Volgens hom sou dit daartoe lei dat die woekeraars enige rentekoers op kleiner lenings kon bereken aangesien die heel meeste

30.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, pp.6-7.

31.Ibid, pp.7-9.

woeker op klein bedrae voorgekom het. Hy het die komitee ook ingelig omtrent gevalle waar 'n bedrag van £1 vir 'n week voorgeskiet is en aan die einde van die week moes die lener 30 sjielings net aan rente terugbetaal. Dit was hierdie praktyke wat Ons Eerste Volksbank uit die weg wou ruim. Volgens Domnisse was dit onwaarskynlik dat daar gevalle van woeker op bedrae bo £300 voorgekom het.³²

Op Maandag 22 Februarie 1926 het die gekose komitee getuienis van Domnisse, asook van H.H.van Rooijen, die bestuurder van die Afrikander Verbond Spaar en Voorskot Bank Bpk. in Bloemfontein, en van dr.C.F.Visser, bestuurder, en H.W.Kammeijer, direkteur en sekretaris van Die Spaar en Voorskotkas van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging Bpk., aangehoor. Hierdie twee instellings kon nie soos Ons Eerste Volksbank hul rentekoers verlaag het nie, aangesien hulle besigheid nie so kapitaalkragtig soos die van Ons Eerste Volksbank was nie. Gevolglik was hulle rentekoers op lenings steeds ses pennies per pond per maand. Hulle het gehoop dat sodra hul besigheid uitgebrei het en hul reserwefonds sterk genoeg was, hulle ook hul rentekoers sou kon verlaag. Hierdie twee instellings het dus ernstige probleme ondervind met die voorgestelde woekerwetgewing se beperking van rentekoerse. Domnisse het die komitee daarop gewys dat Ons Eerste Volksbank geen beswaar gehad het om aan regeringsinspeksie onderwerp te word nie. Intendeel, hulle sou dit verwelkom as die regering inspekteurs na Ons Eerste Volksbank sou stuur. Daar was nie 'n volksbank of dergelike inrigting in Johannesburg nie, maar die Bestuur was in gesprek met verskeie persone oor die moontlikheid om verdere volksbanke in Johannesburg,

32.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, pp.9-11.

Potchefstroom en Kaapstad op te rig. Die probleem was om persone te vind by wie daar geen verskuilde motiewe was vir die oprigting van 'n volksbank nie. Die oogmerk was om net onderlinge verenigings te stig.³³

In soverre dit die voorstel in die konsepwet betref dat geldskietters verplig moes word om die benaming geldskietter onder hul handtekening op wissels te plaas, sodat dit as geldskietterwissels geïdentifiseer kon word, het Dommissie heftig gereageer. Hy het aangevoer dat dit nie sou slaag nie, omdat die geldskietters plaasvervangers sou kry om hulle werksaamhede onder 'n dekmantel voort te sit. Hy was dus oortuig dat slegs volksbanke, waar die geldopnemer simpatieke behandeling ontvang het, die geldskietter aan bande sou kon lê. Dit was ook moontlik dat die geldskietters hoër rentekoerse van hul kliënte kon eis om hulle te beskerm teen die moontlike boetes wat deur die wet op hulle gehef kon word as hulle gevang sou word. Op 'n vraag van die komitee oor hoekom inrigtings wat 30% rente per jaar vra beskerm moes word en nie persone wat net soveel gehef het nie, het Dommissie geantwoord dat 'n volksbank bedryf word tot die lede se voordeel, terwyl geldskietters net vir hulle eie voordeel gewerk het. Soos wat 'n volksbank se reserwefonds sou groei, sou die rentekoers ooreenstemmend verlaag word; daarteenoor sou die geldskietters altyd die maksimum rentekoers geëis het.³⁴

Nadat die gekose komitee al die getuienis rakende die woekerwetsontwerp aangehoor het, het hulle talle aanbevelings gemaak wat in die Woekerwet van 1926

33.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, pp.11-16.

34.Ibid., pp.40-43.

opgeneem is. Kragtens dié wet is daar bepaal dat in soverre dit die heffing van rente betref, 'n geldskierter nie meer as 30% per jaar op 'n bedrag minder as £10 kon hef nie. Op 'n bedrag meer as £10, maar wat nie £50 oorskry het nie, kon hy net 20% rente per jaar gevorder het. Op bedrae wat meer as £25 was, maar nie £50 oorskry het nie, kon slegs 15% rente per jaar bereken word. Op lenings wat meer as £50 beloop het, kon net 12% rente per jaar bereken word. Iemand wat hierdie bepaling oortree het, sou skuldig wees aan 'n misdryf en kon 'n boete van tot 'n £100 opgelê word.³⁵ Die Woekerwet het verder bepaal dat indien 'n geldskierter deur 'n valse, misleidende of bedrieglike verklaring, of deur die terughouding van belangrike inligting iemand sou kon oorreed om geld te leen, die geldskierter skuldig sou wees aan bedrog.³⁶ 'n Geldskierter kon 'n advertensie in 'n koerant plaas, maar dan moes hy sy regte naam, die plek waar die besigheid bedryf word en die bedrag wat hy bereid was om uit te leen, daarin vermeld het. 'n Geldskierter is ook deur die wet verbied om 'n agent of werwer te gebruik om persone uit te nooi om geld te leen of 'n transaksie met hom aan te gaan.³⁷

Indien 'n geldskierter 'n transaksie met 'n geldopnemer aangegaan het, moes hy 'n duplikaat of kopie van die kontrak met die volle besonderhede van die transaksie aan die geldopnemer verskaf het.³⁸ 'n Geldskierter was verplig om, indien 'n geldopnemer dit versoek het, aan

35. OP(S)60/1: Wet tot Reëling van gelduitlening en van die rentekoers wat op geldleninge bereken mag word. Wet No.37, 1926 (Woekerwet van 1926), Art.1, p.3.

36. Ibid., Art.6, p.5.

37. Ibid., Art.7, pp.5-7.

38. Ibid., Art.8, p.7.

hom 'n volledige uiteensetting omtrent die lening te verskaf.³⁹ Kragtens die Woekerwet moes elke gelduitlener in al die korrespondensie wat hy gevoer het sy regte naam en die woord gelduitlener vermeld het, terwyl hy eweneens verplig was om op 'n opvallende plek aan die buitekant van sy kantoor sy regte naam en die woord "gelduitlener", te laat aanbring. Dieselfde reëling het ook gegeld wanneer 'n gelduitlener 'n kennisgewing of advertensie buite sy kantoor wou aanbring. Indien die gelduitlener 'n geregistreeerde maatskappy was, moes die name van al die direkteure van die maatskappy vermeld word. Indien daar geen direkteure was nie, moes die ware naam van die persoon wat die maatskappy werklik beheer het, vermeld word.⁴⁰

Volgens artikel 14(3) van die Woekerwet, was hierdie wet nie van toepassing op die Suid-Afrikaanse Reserwebank of op enige bank soos omskryf in die Betaalmiddelen en Bankwet, No. 31 van 1920, waarvan die hoofbesigheid bankwese was en wat in die Suid-Afrikaanse Reserwebank die verpligte goudreserwes gehou het nie.⁴¹ In die Woekerwet beteken "geldopnemer" iemand wat 'n geldlening ontvang het, en "geldskierter" iemand wat 'n geldlening verskaf het. Kragtens die Woekerwet van 1926 was 'n "gelduitlener" iemand wat besigheid bedryf het as 'n geldskierter teen 'n rentekoers van meer as 10% per jaar of wat homself adverteer het as iemand wat lenings verskaf het.⁴²

In 1926, na die aanname van die Woekerwet, het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank verklaar dat een van

39. OP(S)60/1: Wet tot Reëling van gelduitlening en van die rentekoers wat op geldleninge bereken mag word, Wet No.37, 1926 (Woekerwet van 1926), Art.9, p.7.

40. Ibid., Art.10, pp.7-9

41. Ibid., Art.14, pp.9-11.

42. Ibid., Art.16, p.11.

die oorspronklike doelstellings van Ons Eerste Volksbank in 1926 bereik is, naamlik die daarstelling van 'n anti-woekerwet. Die Bestuur was oortuig daarvan dat die wet geleidelik 'n goeie invloed op die gemeenskap sou uitoefen. Die Woekerwet het wel nie al die voordele wat Ons Eerste Volksbank daarvan verwag het bevat nie, maar hul ondervinding was dat die wet met verloop van tyd verbeter sou word. Daar het optimisme geheers dat die woekeraar weldra geheel en al sou verdwyn.⁴³

Nog voor die Woekerwet van 1926 op die wetboek geplaas is, het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank aangekondig dat die rente op lenings verder verlaag gaan word vanaf vier pennies tot drie pennies per pond per maand. Hierdie renteverlaging het beteken dat die bank se rente op 15% per jaar te staan gekom het. Om versigtigheid aan die dag te lê omdat daar groot bedrae geld ter sprake was, is besluit dat die renteverlaging vanaf 1 April 1927 in werking sou tree. Die Bestuur het die hoop uitgespreek dat die rente verder verlaag sou kon word tot 'n vlak waar dit nie vir verdere vermindering vatbaar was nie, maar steeds 'n billike rentevergoeding vir klein lenings sou verskaf. Die hoop is uitgespreek dat die punt spoedig bereik sou word waar die Bestuur kon aanneem dat alle betroubare mense wat ondersteuning in die vorm van klein lenings benodig het, as lede van Ons Eerste Volksbank beskou kon word.⁴⁴

Hierdie renteverlaging het dus beteken dat Ons Eerste Volksbank nou binne die voorskrifte van die Woekerwet

43. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar
1926... 24.3.1927, pp.9-10.

44. Ibid., pp.8-9.

geval het.⁴⁵ Dit was duidelik dat die bank 'n heilsame invloed op die armer klasse in Pretoria uitgeoefen het. Die Woekerwet het wel 'n groot verbetering meegebring, maar dit het steeds nie 'n einde aan die woekeraar gemaak nie. Die bank het nie net hul lede baie geld aan rente bespaar nie, maar was meer suksesvol as die Woekerwet om die woekeraar te verplig om hul ongeoorloofde rente te verminder. Selfs diegene wat nog van woekeraars gebruik gemaak het, het ook voordeel getrek uit die werksaamhede van Ons Eerste Volksbank.⁴⁶

Trouens uit die bedryfsresultate van Ons Eerste Volksbank gedurende 1927 het dit duidelik geword dat 'n volksbank nie sy werksaamhede in die stad kon begin met drie pennies per pond per maand rente nie. Die maksimum rente van 15% per jaar wat deur die Woekerwet vasgestel is, was te laag, veral in stede waar die eksploitasiekoste hoog was. Sodoende het die wet die oprigting van verdere volksbanke verhoed. Trouens die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het die hoop uitgespreek dat die regering weldra wysigings aan die Woekerwet sou aanbring ten einde die oprigting van ander volksbanke veral in industriële gebiede, moontlik te maak. Daar was steeds bewyse dat die woekeraars nog onder die arbeidersklas werksaam was. Dit was elkeen se plig om te help met die oprigting van betroubare kredietinstellings soos Ons Eerste Volksbank, waar daar aan die armer persone se kredietbehoefte voldoen kon word.⁴⁷

45. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.4.

46. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1928...27.3.1929, p.4.

47. Ibid., p.7.

Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het ook telkens 'n beroep op die handelsgemeenskap van Pretoria gedoen om die maklike kredietverskaffing in te kort. Die regering self het ook gepoog om die kredietwese op 'n beter peil te bring. Die Bestuur het aangedui dat hierdie doelwit makliker bereik kon word deur die oprigting van volksbanke wat op dieselfde beginsels as Ons Eerste Volksbank gefunksioneer het. Daar is aangetoon dat die bank se werksaamhede opvoedkundig van aard was, omdat dit die mense geleer het om hul lewenswyse in te rig op 'n basis wat hulle onafhanklik sou maak van die pernisiouse kredietstelsel. Dit sou die mense aanspoor om elkeen vir homself en vir sy gesin 'n eie reserwe deur middel van die spaarafdeling van die bank op te bou.⁴⁸

Die sukses van Ons Eerste Volksbank om die rente te beperk wat net sy lede andersins aan die woekeraars sou betaal, word duidelik in die volgende tabel aangetoon.

Tabel 1: Rentebesparing deur Ons Eerste Volksbank:

Jaar	Rente bespaar
1918	£1500.0.0
1919	£6428.0.0
1920	£12091.10.0
1921	£14348.14.0
1922	£14735.10.0
1923	£16379.2.0
1924	£17392.10.0
1925	£20803.10.0
1926	£28381.10.0
1927	£32495.8.0
	£164555.14.0

48.T.A.B., W119/II(1): Verslag oor die eerste ses maande van 1931 uitgebring in die algemene vergadering van 24.9.1931, p.8.

As dit nie vir Ons Eerste Volksbank was nie, sou baie van die bank se lede hul toevlug tot woekeraars moes neem. Die woekeraars het tot voor die stigting van die bank twee sjielings per pond per maand rente bereken. Na die stigting van Ons Eerste Volksbank het die rente wat die woekeraars in 1926 bereken het, tot een sjieling en ses pennies per pond per maand afgeneem.⁴⁹

Gesien in die lig van die renteheffings op lenings wat deur die Woekerwet van 1926 toegelaat is, dan word dit duidelik dat die wet dit vir enige ander volksbank onmoontlik gemaak het om te kan bly voortbestaan. Ons Eerste Volksbank was teen 1926 in die gelukkige posisie dat hulle reserwefonds sterk genoeg was om die rente op lenings so te kon verminder, dat hul aan die vereistes van die Woekerwet voldoen het. Die twee instellings in Bloemfontein was egter nie in staat om hulle rentekoers in so 'n mate te verlaag dat hulle ook aan die vereistes van die Woekerwet kon voldoen nie. Eerstens was hul arbeidsveld meer beperk as die van Ons Eerste Volksbank wat alleen in Pretoria opgetree het. Tweedens was beide instellings se reserwefonds ook nie so sterk dat hulle hul rente kon verlaag nie. Die Woekerwet van 1926 was regstreeks daarvoor verantwoordelik dat beide die twee instellings hulle deure moes sluit.

49. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar
1927...29.3.1928, p.4.

2. Raad van Handel en Nywerheid se verslag oor Ons Eerste Volksbank, 1934.

In September 1933 het die Minister van Handel en Nywerheid, A.P.J.Fourie, gelas dat die Raad van Handel en Nywerheid ondersoek moes instel na die konstutisie, doelstellings asook die besigheidsmetodes van Ons Eerste Volksbank. Die minister het gevrees dat die bank dalk op grond van die Woekerwet van 1926 gesluit sou moes word. Hy was oortuig daarvan dat die bank goeie werk gedoen het, maar hy wou veral uitsluitel kry of die bank se werksaamhede spesiale wetgewing vereis het al dan nie.⁵⁰ Gevolglik het die Raad van Handel en Nywerheid die Bestuur van Ons Eerste Volksbank in Oktober in kennis gestel dat daar 'n ondersoek na die besigheidsmetodes van Ons Eerste Volksbank ingestel sou word.⁵¹

Om met die ondersoek behulpzaam te wees, het die Bestuur die bestuurder opdrag gegee om die jaarverslae van die laaste vyf jaar asook die Memorandum van Ooreenkoms, 'n lys van die direkteure se name en die Statute van Ons Eerste Volksbank aan die Raad van Handel en Nywerheid te stuur.⁵² Na al die inligting ontvang is, het die kosterekenmeester van die Raad van Handel en Nywerheid, F.P.Spooner, 'n uiters positiewe verslag oor die werksaamhede van die bank op 27 Januarie 1934 ingedien en aanbeveel dat nog sulke banke

50.T.A.B., D519: Commerce and Industries Currency and Banking Investigation into Ons Eerste Volksbank, Sekretaris van die Raad van Handel en Nywerheid - Voorsitter van Raad van Handel en Nywerheid, 28.9.1933.

51.Ibid., Sekretaris van Raad van Handel en Nywerheid-Bestuurder van Ons Eerste Volksbank, 5.10.1933.

52.Ibid., Bestuurder van Ons Eerste Volksbank - Sekretaris van Raad van Handel en Nywerheid, 7.10.1933.

opgerig word.⁵³

Op 18 Julie het die komitee wat deur die Raad van Handel en Nywerheid aangestel is om uitvoering aan die minister se opdrag te gee, met hul werksaamhede begin. Hierdie komitee het bestaan uit F.J.Fahey (voorsitter), dr.G.S.H.Rossouw, dr.D.H.Steyn, dr.A.J.Stals, F.P.Spooner, H.A.Levy (sekretaris) en S.J.L. Jandrell as die assistent-sekretaris.⁵⁴ Die volgende sake sou in opdrag van die Minister van Handel en Nywerheid ondersoek word. Die konstitusie, doel en besigheidsmetode van Ons Eerste Volksbank en in watter opsig sy werksaamhede in stryd was met die Woekerwet van 1926. Daar moes ook vasgestel word of die bank 'n nuttige funksie verrig en of die soort besigheid wat bedryf is, aangemoedig moes word. Daar moes veral vasgestel word of enige onbehoorlike winste gemaak word en waarvoor dit aangewend word. Die ondersoek moes ook bepaal of die bank deur wetgewing toegelaat moes word om met sy werksaamhede voort te gaan. Daar moes ook bepaal word wat die bank se verhouding tot enige ander bank of banke was. Verder moes enige ander saak in verband met die doel en funksies van die bank wat vir die komitee belangrik was, ondersoek word.⁵⁵

Die komitee het eerstens die getuienis van J.Dommissie, die voorsitter van Ons Eerste Volksbank, aangehoor. Die komitee het hom uitgevra oor die ontstaan en die besigheidsmetodes van Ons Eerste Volksbank. Dommissie het hulle oor alle tersaaklike inligting ingelig.⁵⁶ Op

53.T.A.B., D519: F.P.Spooner, Report on The Functions and Finances of Ons Eerste Volksbank, 27.1.1934.

54.Ibid., Getuienis van J.Dommissie, 18.7.1934.

55.Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.5.

56.T.A.B., D519: Getuienis van J.Dommissie, 18.7.1934.

dieselfde dag het die komitee ook die getuienis van S.J.Bezuidenhout aangehoor. Die komitee wou van hom weet hoe gereeld die lede van die bank hul lenings terugbetaal het. Hy het hulle meegedeel dat die terugbetalings baie flink geskied het.⁵⁷ Om die mening in te win van persone wat onafhanklik van die bank gestaan het, is prof.E.H.D.Arndt van die Universiteit van Pretoria versoek om getuienis te lewer. Dit was eers tydens die aanhoor van sy getuienis dat die komitee uitgevind het dat hy tot 'n direkteur van Ons Eerste Volksbank verkies is.⁵⁸ Op 24 Julie het prof.E.H.D.Arndt sy getuienis voor die komitee gelewer. Van hom wou die komitee weet of hy van mening was dat Ons Eerste Volksbank wel 'n bank was en of nuwe spesiale wetgewing vir volksbanke nodig was. Arndt het dit duidelik gestel dat die bank wel 'n bank was en hy daarvan oortuig was dat spesiale wetgewing vir volksbanke nodig was.⁵⁹

Op 31 Julie wou die komitee van J.de Villiers Roos, 'n direkteur van Ons Eerste Volksbank, weet hoekom daar nie nog volksbanke in Suid-Afrika was nie. Roos het die komitee meegedeel dat die Woekerwet van 1926 die belangrikste rede hiervoor was.⁶⁰

Dommissie het die komitee meegedeel dat Ons Eerste Volksbank telkens probleme ondervind het wat die werksaamhede van die bank gestrem het, soos byvoorbeeld

57.T.A.B., D519: Commerce and Industries Currency and Banking Investigation into Ons Eerste Volksbank, Getuienis van S.J.Bezuidenhout, 18.7.1934.

58.Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.5.

59.T.A.B., D519: Getuienis van E.H.D.Arndt, 24.7.1934.

60.Ibid., Getuienis van J.de Villiers Roos, 31.7.1934.

bewerings dat die bank eintlik niks anders as 'n woekerinstelling was nie. Die bank het ook probleme ondervind in hul poging om nog volksbanke in ander gebiede in die Unie van Suid-Afrika op te rig. Daar was ook beweringe dat Ons Eerste Volksbank nie aan die bepalinge van die Woekerwet van 1926 voldoen het nie. Aan die ander kant is daar ook beweer dat Ons Eerste Volksbank 'n nuttige diens aan 'n bepaalde gedeelte van die gemeenskap gelewer het.⁶¹ Trouens met die oog daarop om die komitee groter insae in die werksaamhede van die bank te gee, het die Bestuur op 6 September 1934 'n uitnodiging gerig aan die komitee om die algemene vergadering wat op 20 September gehou sou word, by te woon.⁶² Van al die komiteelede was net dr.A.J.Stals teenwoordig.⁶³ Na afhandeling van die komitee se werksaamhede is die taak om die ondersoek af te handel en 'n verslag op te stel aan 'n kleiner komitee opgedra bestaande uit G.S.H.Rossouw, dr.A.J.Stals, D.H.Steyn en H.A.Levy wat as die sekretaris sou optree.⁶⁴

In sy verslag wat in 1934 aan die Minister van Handel en Nywerheid oorhandig is, het die komitee daarop gewys dat die prototipe van Ons Eerste Volksbank reeds in 1849 sy oorsprong in Duitsland gehad het. In Suid-Afrika het die gedagte om 'n volksbank te stig in 1916 by C.C.Logan ontstaan. Dit het egter eers in 1918 gerealiseer toe Logan, Bezuidenhout en Postmus oorgegaan het om Ons Eerste Volksbank te stig.⁶⁵

61. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.5.

62. T.A.B., D519: Bestuurder Ons Eerste Volksbank - Sekretaris van Raad van Handel en Nywerheid, 6.9.1934.

63. Ibid., Sekretaris van Raad van Handel en Nywerheid - Bestuurder Ons Eerste Volksbank, 18.9.1934.

64. Ibid., p.21.

65. Sien Hoofstuk II, p.17.

Die komitee het bevind dat die bepaling in die Woekerwet van 1926 met betrekking tot renteheffing die stigting van enige ander soortgelyke banke voorkom het. Die komitee was van mening dat indien daar gunstiger statutêre bepalinge ten opsigte van volksbanke bestaan het, dit moontlik sou wees om nog verdere volksbanke op te rig.⁶⁶

Die komitee het ook bevind dat Ons Eerste Volksbank 'n deel van sy fondse in staatseffekte en vaste deposito's by sterk finansiële instellings belê het. Op 30 Junie 1934 het die beleggings van Ons Eerste Volksbank soos volg daaruit gesien:

Tabel 2: Beleggings van Ons Eerste Volksbank op 30 Junie 1934:

Instelling	Tipe belegging	Bedrag
Nederlandse Bank	Vaste deposito's	£8000.0.0
Suid-Afrikaanse Reservebank	5½ Unie-lening	£2000.0.0
Suid-Afrikaanse Reservebank	4½ Unie-lening	£6656.13.6
Suid-Afrikaanse Reservebank	Aandele	£250.0.0
United Building Society	Vaste deposito	£5000.0.0
Rand Providend Building Society	Vaste deposito	£500.0.0

Ons Eerste Volksbank het ook beleggings in die aankoop van eiendomme ten bate van verdienstelike lede gehad.⁶⁷

Die komitee het bemerk dat die reserwefonds van die vereniging merkwaardig gegroei het. Die helfte van elke jaar se surplus is in die reserwefonds gestort, die ander helfte is aan die lede uitbetaal. Die volgende statistiek het dan ook die merkwaardige groei in die reserwefonds aangetoon.

66. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.6.

67. Ibid., pp.10-11.

Tabel 3: Toename in die reserwefonds van Ons Eerste Volksbank, 1918 - 1933:

Tydperk	Bedrag
31 Desember 1918	£266.2.3
31 Desember 1922	£1951.19.0
31 Desember 1926	£6002.16.11
31 Desember 1930	£10264.15.10
30 Junie 1933	£12555.8.3

Nadat die komitee ondersoek ingestel het na die lede se terugbetaling van lenings, is daar bevind dat daar 'n spesiale reserwe ten bedrae van £721.4.5 vir moontlike slegte skulde en onderhoud van geboue bestaan het. Die reserwefonds was nie verdeelbaar nie. Slegs 50% daarvan kon in aandeelkapitaal van verenigings soortgelyk aan Ons Eerste Volksbank wat die welvaart van sy lede beoog het, belê word. Enige winste wat uit die reserwefonds ontstaan het, is in die lopende rekening inbetaal. Die komitee het ook daarop gewys dat in geval van likwidasië van die bank die lede en aandeelhouers niks sou ontvang nie. In so 'n geval sou die reserwefonds aan instellings met 'n soortgelyke doel as Ons Eerste Volksbank uitbetaal word. Die komitee het ook bevind dat die Statute van die bank voorsiening vir die laste van die bank gemaak het. Die totale laste kon nooit tienmaal die bedrag van die aandeelkapitaal, die reserwefonds en die sigbare surplus van die bank, oorskry het nie. Voordat die laste van dié bank die perk bereik het, moes die Bestuur 'n algemene vergadering belê om voorstelle voor te lê oor hoe die situasie beredder kon word. Dit kon insluit die uitbreiding van die aandeelkapitaal, die instelling van 'n waarborgfonds of enige ander maatreël, op voorwaarde dat dit ooreenkomstig 'n

gesonde finansiële beleid was.⁶⁸

In sy verslag het die komitee aangetoon dat die totale beheer en algemene boekhouding van die bank onder die toesig van 'n geoktrooieerde rekenmeester gestaan het. Die ouditeur moes die balansstaat en die wins- en verliesrekening noukeurig ondersoek het. Hy moes 'n skriftelike verslag daarvoor opstel en onderteken het, waarna dit dan op die algemene vergadering ingedien is.⁶⁹

Die belangrikste opdrag van die komitee was om ondersoek in te stel na die werksaamhede van Ons Eerste Volksbank. Daar moes onder andere vasgestel word of Ons Eerste Volksbank die bepalings van die wette wat op hom van toepassing was, nagekom het. Volgens artikel 11 van Wet no.22 van 1923 was banke verplig om ten minste 'n 10% deposito in die Suid-Afrikaanse Reserwebank te hou. Aanvanklik het Ons Eerste Volksbank streng hierby gehou. Op die balansstaat van 1928 is die bedrag van £4500 as 'n verpligte deposito by die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangetoon. In 1929 het die verpligte deposito tot 'n bedrag van £5100 gegroei. Dit was die laaste vermelding van die verpligte deposito by die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die bestuurder van Ons Eerste Volksbank het die komitee meegedeel dat die verpligte deposito in 1930 onttrek is. Artikel 31 van Wet no.22 van 1923 het bepaal dat die bestuurder en die hoofrekenmeester 'n getekende maandelikse finansiële opgawe aan die Tesourie in Pretoria moes stuur. Hierdie bepaling is nagekom totdat die verpligte deposito by die Suid-Afrikaanse

68. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.11.

69. Ibid.

Reserwebank onttrek is. Nietemin was die komitee van mening dat Ons Eerste Volksbank ongetwyfeld deur die omskrywing van die woord bank gedek word, soos wat die Wet op Betaalmiddele en Banke bepaal het. Die latere wysiging van hierdie Wet in 1930 het nie die posisie van Ons Eerste Volksbank in hierdie opsig verander nie.⁷⁰

Omdat Ons Eerste Volksbank na 1930 geen verpligte deposito by die Suid-Afrikaanse Reserwebank gehou het nie en geen maandelikse opgawe aan die Tesourie gestuur het nie, was die komitee van mening dat die bank se werksaamhede nie ooreenkomstig statutêre bepalings uitgevoer is nie. Die komitee was egter nietemin van mening dat omdat Ons Eerste Volksbank fundamenteel koöperatief was, dit met veiligheid van die verpligte deposito by die Suid-Afrikaanse Reserwebank onthef kon word. Wat die indiening van maandelikse opgawes betref, kon dit addisionele vertroue en aanmoediging aan leners en beleggers verskaf het, omdat hulle geweet het dat die aandag van die Tesourie te eniger tyd op die werksaamhede van die bank gevestig kon word. Onder die bestaande omstandighede sou dit nie billik wees om die bank te dwing om sodanige opgawes te verstrek nie, terwyl ander soortgelyke instellings wat nie die benaming bank gebruik het nie, van hierdie verpligting vrygestel was. Gevolglik het die komitee aanbeveel dat Ons Eerste Volksbank vrygestel behoort te word van die indiening van hierdie opgawes, totdat die aanbevelings van hierdie verslag deeglik oorweeg is.⁷¹

In sy verslag het die komitee verder daarop gewys dat

70. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No. 188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.12

71. Ibid.

dit die Woekerwet van 1926 was wat die werksaamhede van die bank die meeste geraak het. Dit was veral artikel 1 wat probleme geskep het. Dit het bepaal dat geen geldskierter meer as 30% rente per jaar kon eis nie en dat die totale bedrag wat deur 'n geldskierter uitgeleen kon word, nie die som van £10 oor 'n periode van drie maande kon oorskry nie. Op bedrae tussen £10-£25 is 20% rente per jaar bereken en 15% op bedrae wat £25-£50 beloop het, verder sou 12% rente per jaar op bedrae bo £50 bereken word. Na aanleiding van hierdie bepaling het die komitee bevind dat Ons Eerste Volksbank net drie pennies per pond per maand rente op alle lenings gehef het. Dit het meegebring dat die rentekoers dan ongeveer 15% per jaar beloop het en dat dit aan die statutêre bepaling van die Woekerwet van 1926 voldoen het, omdat £50 die maksimum bedrag per lening was. In die praktyk was die gemiddelde lening nog kleiner; in 1929 het die gemiddelde lening £20.8.6 bedra en in 1932 het dit £13.19.0 beloop. Die komitee het dus tot die besluit gekom dat daar met veiligheid verklaar kon word, dat wat rente betref Ons Eerste Volksbank binne die perke van die Woekerwet gehandel het.⁷²

Na aanleiding van die voorafgaande het die komitee tot die gevolgtrekking gekom dat dit onmoontlik was vir 'n volksbank om met hul werksaamhede teen 'n rentekoers van drie pennies per pond per maand op lenings te begin. Veral in industriële sentrums soos Pretoria was dit onmoontlik om teen so 'n lae rentekoers te begin. Daar moet onthou word dat volksbanke met 'n klein hoeveelheid kapitaal begin het en dat hul fondse stelselmatig opgebou moes word deur 'n redelike wins tussen rente op lenings ontvang en rente betaal om

72. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No. 188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.13

deponeerders te lok. Die administrasiekoste was ook hoog weens die groot aantal klein bedrae waarmee gewerk moes word. Daarom is 'n minimum van ses pennies per pond per maand rente benodig vir 'n volksbank om te kon begin. Dit is bevestig deur statistiek uit ander lande waar soortgelyke verenigings bestaan het. Verskillende getuienis het getoon dat artikel 1 van die Woekerwet die belangrikste rede was waarom daar nie meer volksbanke in die Unie van Suid-Afrika opgerig is nie. Die komitee het hiermee saamgestem en was van mening dat spesiale wetgewing nodig was om die uitbreiding van volksbanke in die Unie van Suid-Afrika aan te moedig.⁷³

Die komitee het in sy verslag daarop gewys dat volgens artikel 10 van die Woekerwet 'n gelduitlener aan die buitekant van sy besigheid of kantoor waarin sy besigheid bedryf is, sy ware naam met die toevoeging van die woord "gelduitlener" moes aanbring. Daar moes ook op alle dokumente naas die besigheid se ware naam, die woord "gelduitlener" verskyn het. Ons Eerste Volksbank het nie hierdie bepaling nagekom nie, omdat dit as 'n skandvlek op die bank se naam beskou is. Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het gevoel dat dit die bank op dieselfde vlak as die woekeraars sou plaas en was van mening dat dit die diens en nuttigheid van die bank sou belemmer. Trouens die komitee het simpatie gehad met die bank se beswaar teen die betiteling van gelduitlener. Gesien in die lig van die oogmerke en doelstellings van die bank soos dit in die Memorandum van Ooreenkoms en die Statute uiteengesit is, het die komitee gevoel dat dit onbillik sou wees om die bank te verplig om hierdie bepaling van die Woekerwet na te kom.⁷⁴

73. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.13.

74. Ibid., pp.13-14

Wat die nuttigheid van Ons Eerste Volksbank betref en of die stigting van volksbanke aangemoedig moes word, het die komitee gevoel dat die werk van die persone wat betrokke was by die bank net die hoogste lof verdien het. Dit was veral die feit dat die stigters bereid was om hul eie vrye tyd op te offer sonder enige besoldiging, wat indruk gemaak het. Die hoë etiese ideale wat deur 'n besigheidsorganisasie daargestel is, moes op selfs die mees onverskillige 'n indruk gemaak het.⁷⁵

Wat die leningsdiens van Ons Eerste Volksbank betref, het die komitee bevind dat daar geen fundamentele afwyking van die bank se oorspronklike doelstellings was nie. Die sukses en omvang van die leningsdiens kan die beste geëvalueer word wanneer na die volgende statistiek gekyk word.

Tabel 4: Lenings by Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1934:

Jaar	Aansoek vir lenings		Lenings uitbetaal	
	Aantal	Gemiddelde bedrag	Aantal	Gemiddelde bedrag
1928	2309	£33.13.0	1939	£33.11.0
1929	2506	£33.18.0	2102	£33.11.0
1930	2560	£32.10.0	2105	£31.6.0
30.06.1931	1177	£32.8.0	948	£31.4.0
1931-1932	2313	£30.2.0	1879	£26.19.0
1932-1933	2079	£26.9.0	1635	£23.16.0
1933-1934	2370	£26.0.1	1982	£24.5.0

In hul verslag het die komitee opgemerk dat daar ongeveer 2000 verdienstelike aansoeke jaarliks deur die bank goedgekeur is. Die komitee het daarop gewys dat die bank 'n belangrike diens lewer deur behoeftige persone te help om hul eie wonings te kon bekom. In die

75. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
 (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
 p.14.

meerderheid van die gevalle is 'n lening op grond van die karakter van die applikant toegestaan. Die komitee het voorts daarop gewys dat die bank in 1932 - 1933 die bedrag van £3612.0.11 bestee het vir die aankoop van eiendomme vir "spesiaal verdienstelike" lede wat dit nie self sou kon bekostig het nie. Hierdie eiendomme is dan weer aan dié lede herverkoop en het hulle dan die koopprys in paaiemente terugbetaal. Die eiendom is op die naam van die bank getranspoteer totdat die totale koopprys terugbetaal is, waarna dit op die betrokke lid se naam oorgedra is. Hierdie persone het hul verpligtings uitstekend nagekom.⁷⁶

Die komitee het in sy ondersoek bevind dat die belangrikste oogmerk van Ons Eerste Volksbank was om spaarsaamheid onder die armer klasse van die gemeenskap aan te moedig. Om dit te kan doen, het die bank geld op spaarrekeninge en vaste deposito ontvang. Die sukses van Ons Eerste Volksbank in die verband word deur die volgende statistiek weerspieël.

Tabel 5: Spaarrekeninge en vaste deposito's by Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1934:

Jaar	Spaarrekeninge	Vaste deposito's
Desember 1918	£1773	£2518
Desember 1921	£10607	£14973
Desember 1924	£19269	£19960
Desember 1927	£28022	£37325
Desember 1930	£35020	£60055
Junie 1933	£42618	£51366
Junie 1934	£44521	£49530

76. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
 (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
 p.14.

Volgens die komitee se verslag was die statistiek nog meer betekenisvol as in aanmerking geneem word dat die vereniging net binne die munisipale gebied van Pretoria werksaam was.⁷⁷

Die komitee het bemerk dat een van Ons Eerste Volksbank se doelstellings was om die maatskaplike en sedelike belange van hul lede te bevorder. Dit was 'n unieke doelstelling vir 'n finansiële instelling. Daar is veral gepoog om eertydse skuldenaars in klein deposante te verander sodat hulle 'n sterk gesamentlike ekonomiese mag kon vorm. Wat die sedelike doelstelling van die bank betref, was die bestuur vol lof vir die debiteure wat so gereeld hul skulde vereffen het. Die terugbetalings het spontaan geskied en dit was slegs in enkele gevalle nodig om druk op debiteure uit te oefen.

Die komitee het ook bevind dat in sekere gevalle waar lede van die bank slegs £8.10.0 per maand verdien het, hulle steeds genoeg kon spaar om paaiemente op lenings by Ons Eerste Volksbank te kon betaal. In sommige gevalle het hierdie persone geld geleen by die bank om 'n klein stukkie grond te koop en nadat dit afbetaal was, het hulle weer geleen om 'n huis te bou. Die bestuurder het bevestig dat heelwat persone op die manier finansiël gehelp is, en dat hulle die tweede beste debiteure naas vrouens was.⁷⁸

In hul verslag het die komitee aangetoon dat tot aan die einde van 1928 is in totaal 'n bedrag van £372 110.13.6 aan lenings toegestaan is. Daarvan is net

77. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
pp.14-15.

78. Ibid., p.14.

£1300.0.5 as oninbare skuld afgeskryf, wat net 0.349% van die geleende kapitaal verteenwoordig het. Teen Junie 1934 was die totale bedrag aan lenings voorgeskiet £673 787, hiervan is 0.351% as oninbare skuld beskou, wat minder is as een pennie in elke pond. Die komitee het gemerk dat die oninbare skuld bly verminder het ten spyte van die depressie. Die bestuur van Ons Eerste Volksbank was vas oortuig daarvan dat die werkende en loontrekkende klasse die beste skuldenaars van die gemeenskap was. Dit was ook die ondervinding van al die ander volksbanke en kredietverenigings wat volgens die beginsels van die Raiffeisen-stelsel gefunksioneer het.⁷⁹

Die komitee het in hul verslag daarop gewys dat by Ons Eerste Volksbank die geleentheid om persoonlike verantwoordelikheid en wedersydse afhanklikheid aan te kweek, die gereelde vervulling van aangename verpligtinge soms ten koste van groot persoonlike opofferings, om selfvertroue op te bou en ekonomiese krag te vermenigvuldig, steeds toegeneem het. Die komitee het bevind dat Ons Eerste Volksbank se werksaamhede oor so 'n wye veld nie anders kon as om sedelike krag aan enige individu of gemeenskap te verleen nie. Die vraag moes egter gevra word of al hierdie ideale nie deur die bestaande instellings soos spaarbanke, bouverenigings of handelsbanke bereik kon word nie. Die komitee het egter tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie instellings nie hierdie ideale kon volvoer nie. Hierdie instellings was in wese suiwer finansiële instellings en as sodanig in hul werksaamhede beperk. Alhoewel hierdie instellings die minder gegoede man kon help om te spaar, het die

79. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.15.

sielkundige faktor, naamlik om die arm man se eie instelling te wees, ontbreek. Die instellings het ook nie krediet op persoonlike sekuriteit verleen nie, omdat dit nie deel van hulle funksies uitgemaak het nie. Die komitee het gevoel dat die leemte slegs deur volksbanke gevul kon word en was oortuig daarvan dat hierdie werk beslis aanmoediging verdien het. Die woekeraar sou ongetwyfeld volksbanke met teensin beskou het, maar die handelsgemeenskap en publiek sou die ontwikkeling van volksbanke verwelkom het.⁸⁰

In die komitee se verslag het hulle daarop gewys dat daar 'n noue verband bestaan het tussen die nuttigheid van die diens wat deur Ons Eerste Volksbank gelewer word en die koste wat dit vir die leners meegebring het. As bewys hiervoor het die komitee se ondersoek daarop gedui dat die leners by Ons Eerste Volksbank baie min in terme van lidmaatskapsgelde en rente betaal het, vir die diens en voordele wat hulle van die bank ontvang het.⁸¹

Die komitee het in sy verslag aangetoon dat die bedryfsresultate van die vorige ses en 'n halwe jaar geëindig op 30 Junie 1934 soos volg daaruit gesien het.⁸²

80. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.15.

81. Ibid., p.16.

82. Ibid.

**Tabel 6: Bedryfsresultate van Ons Eerste Volksbank,
1928 - 1934:**

Jaar	Netto inkomste	Administrasie koste	Depresiasie	Reserwe vir slegte skuld	Surplus
30.12.28	£5632	£4652	£427	£252	£300
31.12.29	£6146	£4624	£431	£250	£841
30.12.30	£5929	£4618	£23	£288	£1000
30.06.31	£3062	£2334	£166	£312	£250
30.06.32	£5273	£4619	£281	£173	£200
30.06.33	£4899	£4598	£17	£184	£100
30.06.34	£5184	£4475	£124	£5	£580

Die komitee het in hul verslag aangetoon dat die administrasiekoste plus bedrae wat afgeskryf is teenoor slegte skulde en depresiasie van meubels en bankpersele, uitgedruk as persentasies van die bedrae wat belê is, op die volgende te staan gekom het.⁸³

**Tabel 7: Persentasie slegte skuld by Ons Eerste
Volksbank, 1928 - 1934:**

Tydperk	Persentasie
1928	5.68%
1929	4.93%
1930	4.52%
1931	4.70%
1932	4.28%
1933	4.47%
1934	4.32%

Die komitee het verder in sy verslag tot die gevolgtrekking gekom dat dit onbillik sou wees om Ons Eerste Volksbank te vergelyk met enige ander bankinstelling as gevolg van die fundamentele verskil in werksaamhede. Die komitee het ook daarop gewys dat al die beskikbare winste vir die laaste ses en 'n halwe

83. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
 (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
 p.15.

jaar in die reserwefonds gestort is. Dit het die reserwefonds binne 'n kort tydjie tot £13 000 laat styg. Met hierdie feite tot die komitee se beskikking was hulle van mening dat geen onbehoorlike winste deur die vereniging gevorder is nie. 'n Volgende punt wat die komitee ondersoek het, was of daar nie in vergelyking met ander instellings, buitengewone hoë rente aan deposante betaal is nie. Die komitee het bevind dat Ons Eerste Volksbank altyd oor voldoende fondse beskik het om aansoeke vir lenings na te kom. Dit was net te danke aan die aantreklike rentekoerse wat op deposito's betaal is. Die rentekoerse wat op vaste deposito's betaal is, was hoër as by ander bankinstellings. Die rede was dat die aanmoediging van die armes om te spaar 'n hoof funksie van die bank was en dat 'n betreklike hoë rentekoers betaal moes word om die nodige fondse te bekom. Die komitee was tevrede dat die bank se rentekoerse op vaste deposito's nie buitensporig hoog was nie. Nietemin was dit belangrik dat daar kennis geneem moes word dat 'n hoë rentekoers op deposito's gepaard met 'n verlaging van die rentekoers op lenings, die neiging het om die winste te verminder waaruit die reserwefonds opgebou moes word. In 'n poging om die voordele tussen die leners en die deposante te laat balanseer, moes die belangrikheid van 'n reserwefonds nie onderskat word nie.⁸⁴

Die komitee het gemerk dat daar geen besondere verhouding tussen Ons Eerste Volksbank en enige ander bank bestaan het nie. Ons Eerste Volksbank was derhalwe 'n onafhanklike onderneming en het nie op enige ander bank of soortgelyke instelling vir sy fondse gesteun nie. Die bank het sy eie finansies,

84. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.17.

funksies en werksaamhede beheer.⁸⁵

In die loop van die komitee se ondersoek, moes hulle daaraan aandag gee of daar nie dalk 'n moontlike afwyking in die hoofdoel, naamlik die toestaan van klein lenings, by Ons Eerste Volksbank plaasgevind het nie. Dit het die aandag getrek, omdat daar 'n afname was in die fondse wat vir lenings gedurende die laaste ses en 'n halwe jaar aangewend is. Die onderstaande tabel bewys die afname in die lenings.

Tabel 8: Statistiek om te bepaal of Ons Eerste Volksbank van hul hoofdoel afgewyk het:

Tydperk	Uitstaande lenings	Uitstaande verbande	Staatseffekte en Vaste deposito's	Eiendom	Ander beleggings
20.12.28	£45772	£25078	£12750	£3750	£2085
20.12.29	£51445	£30878	£13350	£3500	£3233
20.12.30	£48863	£32348	£8250	£16214	£3200
30.06.31	£45721	£31117	£12800	£19600	£4382
30.06.32	£38560	£31200	£20400	£19400	£4465
30.06.33	£32770	£30207	£19664	£19400	£5408
30.06.34	£37319	£23819	£22407	£19773	£3100

Die komitee het bevind dat die agterstallige paaielemente op lenings tot 1929 aansienlik toegeneem het, daarna het dit geleidelik begin verminder en dat ook verbande tot 1930 toegeneem en daarna geleidelik verminder het. Die vaste beleggings en verwerwing van eiendom deur Ons Eerste Volksbank het taamlik buite verhouding tot die lenings en verbande vermeerder. Die bestuur van Ons Eerste Volksbank het daarop gewys dat die periode waarin daar 'n vermindering in die aantal toegestane lenings was dit met die depressie saamgeval het. Juis as gevolg van die depressie het die aansoeke om lenings verminder en weens die daling in die applikante se

85. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.17.

verdienste, is die toelaatbare lenings ooreenkomstig die Statute van Ons Eerste Volksbank ingekort. Die komitee het opgemerk dat gedurende die 1934-finansiële jaar daar reeds weer 'n oplewing in die aansoeke om lenings voorgekom het.⁸⁶

Die komitee het na die aanhoor van mondelinge en die nagaan van skriftelike getuienis tot die gevolgtrekking gekom dat die bestaande wetgewing onvoldoende was vir die beveiliging van die spaargeld van die armer klasse. Die name van 'n aantal handelsinstellings wat spaargeld aanneem en onder verskillende benaminge besigheid gedoen het, is aan die komitee voorgelê. Dit het geblyk dat hierdie organisasies behalwe wanneer hulle die benaming bank aangeneem het, hulle benaminge en sferes van werksaamhede willekeurig kon verander en dit soms ook gedoen het sonder beletsel of verhinderings. Hierdie instellings se beleggings en sekuriteite kon ook nie volledig gekontroleer word nie. Ander organisasies weer het tot stand gekom, van uiterlike vorm verander en tot niet gegaan met die gevolglike geldelike verlies vir die onverskillige deposante. Die komitee was ook bewus daarvan dat aansienlike verliese deur klein spaarders gely is wat by individue of besigheidsfirmas gedeponeer het en met hierdie spaargelde volgens eie diskresie gehandel het. In die meeste gevalle het hul optrede tot likwidasië of sekwestrasie van talle deposante gelei. Die komitee was van mening dat hierdie deposante dieselfde beskerming moes geniet as deposante by gewone bankinstellings. Die komitee het die behoefte aan

86. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.18.

wetgewing beklemtoon om sulke gebreke uit te wis.⁸⁷

Die komitee het die vraag omtrent watter wetsbepalinge voorgestel behoort te word om die werksaamhede van 'n volksbank streng binne die perke van die wet te bring en tog enige beperkinge te vermy wat suksesvolle werksaamheid of ontwikkeling kon belemmer of inkort, volledig ondersoek. Die komitee was oortuig dat wetgewing nie slegs die behoeftes van 'n volksbank as 'n aparte instelling moes behandel nie, maar dat die algemene beginsels wat toepaslik op volksbanke, koöperatiewe kredietverenigings en soortgelyke organisasies was, behandel moes word. Die komitee was van mening dat daar geen twyfel kon wees oor die positiewe bydrae wat Ons Eerste Volksbank aan die gemeenskap van Pretoria gelewer het nie. Die feite het dit bevestig dat Ons Eerste Volksbank veral onder die armer klasse in Pretoria groot finansiële en maatskaplike voordele meegebring het. Dit kon nie betwyfel word nie dat volksbanke wat klein wysigings in hul konstitusies teweegbring met die oog op hul omgewing of nasionale eienskappe, net voordelig vir die landbouers, kleinhandelaars, klein fabrikante en loontrekkers kon wees nie. Die komitee was daarom van mening dat alle wetgewing wat met betrekking tot bankinstellings opgestel sou word, daarna moes strewen om die uitbreiding van volksbanke na elke gemeenskap in die Unie aan te moedig wat begerig was om selfhelp en ekonomiese stabiliteit te bevorder.⁸⁸

Bekwame outoriteite het aan die komitee voorgestel dat al wat nodig was om volksbanke te bevorder, was om volksbanke van die beperkinge van die Wet op

87. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.18.

88. Ibid.

Betaalmiddele en Banke en die Woekerwet vry te stel. Gevolglik het die komitee aanbeveel dat volksbanke onder die direkte toesig van die Tesourie geplaas moes word. Verder is daar ook aanbeveel dat spesiale wetgewing ingestel moes word wat alleenlik op volksbanke van toepassing sou wees. Dit moes aan hulle 'n duidelike status in enige wetgewing verleen en moes hul werkzaamhede ook in die algemeen gereël het. Hoewel die Bestuur van Ons Eerste Volksbank telkens gepleit het dat die Woekerwet van 1926 gewysig moes word ten opsigte van hul beperking van 15% rente per jaar, om die werkzaamhede van volksbanke te vergemaklik, het hulle nie baie ondersteuning geniet nie. Nadat die komitee die aspek ernstig oorweeg het, was die komitee van mening dat die Woekerwet 'n nodige funksie verrig het. Enige wysiging daarvan met die doel om aan die besondere posisie van volksbanke voorkeur te verleen, kon uitweë vir gelduitlenende ondernemings geopen het wat nie dieselfde oogmerke nagestreef het nie en gevolglik nie deur dieselfde veiligheidsmaatreëls gedek is nie. Die komitee was derhalwe nie ten gunste van enige wysiging van die Woekerwet nie.⁸⁹

Die komitee was voorts van mening dat om volksbanke en soortgelyke instellings van die bepalings van die Woekerwet en die Wet op Betaalmiddele en Banke vry te stel, onvanpas sou wees. Dit sou ook in stryd wees met 'n fundamentele beginsel waarvolgens die instellings van 'n land deur die wette van die Parlement, Ordonnansies of Regulasies met die krag van wette, gereguleer behoort te word. Sodanige vrystelling sou die volksbanke in 'n onreëlmatige posisie gelaat het. As hulle slegs onder die kontrole van die Tesourie

89. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.19.

geplaas sou word, sou dit in die praktyk beteken het dat net een staatsdepartement of in wese net een persoon, Ons Eerste Volksbank sou beoordeel. Dit sou die posisie van volksbanke baie onseker gemaak het.⁹⁰

Die komitee het dit benadruk dat volksbanke op 'n afsonderlike status geregtig was as gevolg van hulle betekenis vir die gemeenskap. Alle gewone bankinstellings van die Unie van Suid-Afrika was onder definitiewe wette werksaam wat nie die persone bedien het wat volksbanke vir hulp genader het nie. Omdat volksbanke onder die beheer van die Woekerwet gestaan het en nie hulle eie wetgewing gehad het nie, kon dit beskou word as 'n verklaring van onkunde rakende hul finansiële werksaamhede. Die komitee het aanbeveel dat die voorbeeld van die oorsese lande om spesiale wetgewing vir volksbanke daar te stel, ook in die Unie gedoen moes word. In die loop van die komitee se ondersoek het dit duidelik geword dat sodanige wetgewing baie beginselkwessies in aanmerking sou moes neem. Daar sou ook voorsiening gemaak moes word vir gereelde toesig om handelondernemings te belet om die dekmantel van volksbanke aan te neem wat die bedoeling van die wet sou verydel. Die komitee was bereid om indien die regering die aanbeveling van spesiale wetgewing vir volksbanke sou aanneem, saam te werk om so 'n wetsontwerp op te stel.⁹¹

Die komitee se verslag het dit beklemtoon dat met betrekking tot die toesig en administrasie van volksbanke deur die regering, in die algemeen besef moes word dat volksbanke vanweë hul aard, doel en

90. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.19.

91. Ibid., pp.19-20.

werksaamhede van gewone bankinstellings en privaat gelduitleningsbesighede verskil het. Dit was daarom nodig dat spesiale kennis en 'n simpatieke standpunt waarvoor spesiale opleiding benodig is, gekweek moes word. Die komitee was van mening dat Ons Eerste Volksbank met sy ondervinding, tradisies en suksesvolle werksaamhede, sover moontlik in samewerking met die Universiteit van Pretoria, in staat sou wees om persone op te lei wat 'n aktiewe rol in die ontwikkeling en bestuur van volksbanke kon speel.⁹²

Die komitee was in hul verslag ook van mening dat dit ongewens was om volksbanke en soortgelyke instellings van die bepalinge van die Woekerwet en die Wet op Betaalmiddele en Banke vry te stel. Dit was duidelik uit die verslag dat die spesifieke doel van volksbanke nie deur ander handelsinstellings bereik kon word nie. Die verslag het aanbeveel dat op grond van die sukses van Ons Eerste Volksbank, die oprigting van volksbanke volgens die Raiffeisen-, Schulze-Delitzsch- en Luzattitipe, alle aanmoediging verdien het. Daar is gevolglik bevind dat Ons Eerste Volksbank geheel en al onafhanklik opgetree het en aan geen ander bank of instelling verbonde was nie. Uit die verslag van die komitee was dit duidelik dat die Wet op Koöperatiewe Vereniginge van 1922 nie voorsiening gemaak het vir die behoeftes van volksbanke soos Ons Eerste Volksbank, wat essensieel 'n koöperatiewe krediet- en spaarinstelling was, nie.⁹³

Die komitee het voorgestel dat spesiale wetgewing aangeneem moes word om 'n oktrooi te verleen aan koöperatiewe kredietinstellings van die volksbank-tipe

92. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid,
(Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934,
p.20.

93. Ibid.

en om hul werksaamhede te kon reguleer. Totdat sodanige wetgewing aangeneem is, behoort Ons Eerste Volksbank uitgesluit te wees van die bepalinge van artikels 30 en 31 van die Wet op Betaalmiddele en Banke asook van die bepalinge van die Woekerwet. Die komitee het voorgestel dat wanneer die voorgestelde spesiale wetgewing oorweeg sou word, 'n poging aangewend moes word om voorsiening te maak vir voldoende beheer oor alle soorte werksaamhede in verband met klein lenings en deposito's van koöperatiewe handelsverenigings, om die belange van die deposante en leners te beveilig.⁹⁴

Op 1 April 1935 het W.F.McMullen, die sekretaris van die Raad van Handel en Nywerheid, 'n brief aan C.Williamson, die sekretaris van Finansies, gerig. Hierin wou hy weet of sy departement na aanleiding van die Raad van Handel en Nywerheid se verslag, enige optrede oorweeg het.⁹⁵ Nege dae later het McMullen ook 'n soortgelyke brief aan die sekretaris van Justisie gerig.⁹⁶ Op 11 April het die sekretaris van Finansies, C.Williamson, vir McMullen ingelig dat dit onmoontlik was om enige wetgewing rakende die verslag van die Raad van Handel en Nywerheid met die parlamentsitting in te dien.⁹⁷ Op 16 September 1935 het die Departement van Landbou en Bosbou 'n skrywe aan die Departement van Finansies gerig. Nadat dié verslag bestudeer is, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie spesiale wetgewing vir volksbanke benodig word nie.

94. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, (Verslag No.188) Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.21.

95. T.A.B., D519:Commerce and Industries Currency and Banking Investigation into Ons Eerste Volksbank, Sekretaris van Handel en Nywerheid - Sekretaris van Finansies, 1.4.1935.

96. Ibid., Sekretaris van Handel en Nywerheid - Sekretaris van Justisie, 10.4.1935

97. Ibid., Sekretaris van Finansies - Sekretaris van Handel en Nywerheid, 11.4.1935.

Die departement was oortuig daarvan dat volksbanke ook onder die koöperatiewe verenigingswet geval het.⁹⁸ 'n Maand later het McMullen vir Williamson in kennis gestel van die Departement van Landbou en Bosbou se opmerking rakende Ons Eerste Volksbank se posisie. In hierdie brief het die Raad van Handel en Nywerheid dit duidelik gestel dat hulle oortuig was dat volksbanke spesiale wetgewing nodig gehad het.⁹⁹ Op 14 Oktober 1935 het die sekretaris van die Raad van Handel en Nywerheid die Minister van Handel en Nywerheid in kennis gestel dat hy oortuig was dat kleinskaalse beleggers en hul beleggings of dit in Ons Eerste Volksbank was al dan nie, slegs deur spesiale wetgewing behoorlik beveilig en beskerm kon word.¹⁰⁰

-
98. T.A.B., D519:Commerce and Industries Currency and Banking Investigation into Ons Eerste Volksbank, Sekretaris van Landbou en Bosbou - Sekretaris van Finansies, 16.9.1935.
99. Ibid., Sekretaris van Handel en Nywerheid - Sekretaris van Finansies, 14.10.1935.
100. Ibid., Sekretaris van Handel en Nywerheid - Privaatsekretaris van die Minister van Handel en Nywerheid, 14.10.1935.

3. DIE BANKWET VAN 1942.

In Oktober 1941 het die Minister van Finansies, J.H.Hofmeyr, 'n bankwetsontwerp by die Volksraad ingedien omdat die bestaande wetgewing rondom banke in die Unie nie voldoende was nie.¹⁰¹ Hierdie wetsontwerp is egter nie ter tafel gelê nie. Nietemin het die wetsontwerp 'n goeie doel gedien, aangesien dit heelwat kommentaar uitgelok het.¹⁰² Kommentaar is gelewer deur onder andere Standard Bank, Barclays Bank, J.Dommissie (Kontroleur van die Nederlandse Bank en Voorsitter van die Bestuur van Ons Eerste Volksbank), Sasbank (Die Spaar en Voorskotkas van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging, Bpk.), die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings en dr.E.H.D.Arndt. Gevolglik het die Minister van Finansies 'n tegniese komitee bestaande uit dr.M.H.de Kock, prof.E.H.D.Arndt en A.A.Smit benoem om die wetsontwerp en die kommentaar daarop te bestudeer. Hierna moes die komitee 'n nuwe wetsontwerp opstel.¹⁰³

In sy verslag oor die wetsontwerp en die tersaaklike inligting, het die komitee daarop gewys dat hy van mening was dat die wetsontwerp alleen van toepassing moes wees op persone, maatskappye, verenigings, firmas, vennootskappe of individue wat die ontvang van geld op deposito's as bedryf beoefen het en wat nie vir spesiale redes van die beoogde wet vrygestel sou word nie. Dit was dus nie die bedoeling dat finansiële of handelsinstellings wat hul bedrywighede bedryf het met hul eie kapitaalmiddele, of fondse wat deur familie en vriende verskaf is, onder die bepalings van die wetsontwerp sou val nie. Wat spesifieke vrystellings

101.U.G.6-'42: Verslag van die Tegniese Komitee oor Bankwetgewing, 28.1.1942, p.3.

102.OP(S)2: Debate van die Volksraad, Deel 43, Kolom 1861

103.U.G.6-'42: Verslag van die Tegniese Komitee oor Bankwetgewing, 28.1.1942, p.5.

betref, het die komitee beslis dat die wetsontwerp nie van toepassing sou wees op die Posspaarbank, Land- en Landboubank van Suid-Afrika, Reserwebank, Staatskuldkommissaris, enige plaaslike owerheid, bouvereniging of koöperatiewe kredietvereniging vir swartes nie.¹⁰⁴

Die instellings waarop die wetsontwerp van toepassing sou wees, is in vier kategorieë ingedeel, naamlik handelsbanke, volksbanke, instellings vir klein lenings en deposito-nemende instellings. Op al hierdie instellings is die uitdrukking "bankinstelling" in die wetsontwerp van toepassing gemaak. In soverre dit volksbanke betref het die komitee 'n volksbank gedefinieer as 'n vereniging wat gestig sou word met die doel om spaarsin onder sy lede te bevorder en ook om lenings aan sy lede te verskaf. Hierdie definisie was in ooreenstemming met die algemeen aanvaarde begrip van 'n volksbank, naamlik dat dit 'n organisasie was wat alleen met lede sake gedoen het en tot voordeel van sy lede bedryf is.¹⁰⁵

Die komitee het aanbeveel dat 'n Registrateur van Banke verantwoordelik sou wees vir die uitvoering van die pligte wat in die wetsontwerp aan hom opgedra is.¹⁰⁶ In soverre dit volksbanke betref, het die wetsontwerp vereis dat alle volksbanke kwartaalstate en opgawes aan die Registrateur van Banke moes voorlê. Hierdie state het hom van gedetailleerde informasie aangaande die bedrywighede van volksbanke voorsien. As 'n finansiële vereiste het die komitee voorgestel dat 'n volksbank 'n gestorte kapitaal op waarborg-deposito's en 'n

104. U.G. 6-'42: Verslag van die Tegniiese Komitee oor Bankwetgewing, 28.1.1942, p.3.

105. Ibid., p.5.

106. Ibid., p.7.

onaangetaste reserwefonds moes hê, wat ten minste 10% van sy totale verpligtings teenoor sy lede of publiek moes bedra. Daar was geen minimum gestorte kapitaal vir volksbanke voorgeskryf nie, omdat hierdie instellings suksesvol en doeltreffend as kleieneenhede sake gedoen het en met 'n klein aanvangskapitaal stadigaan hul sake en hul reserwefondse opgebou het. Die komitee het ook bepaal dat die minimum "liquide reserwe" van volksbanke van 20% na 30 % verhoog moes word. Daar is bepaal dat die hoogste rentekoers wat 'n volksbank kon beding, nie meer as ses pennies per pond per maand kon beloop het nie. Hierdie rentekoers was nie te hoog nie en gewoonlik is dit net in die aanvangsjare beding totdat 'n voldoende reserwefonds opgebou was, waarna die rentekoers dan geleidelik verlaag is. As voorwaarde vir elke lening wat toegestaan is, moes 'n volksbank toesien dat dit in gelyke paaiemente met tussenposes van hoogstens een maand elk terugbetaal word. Die wetsontwerp het bepaal dat 'n volksbank geen tak of agentskap kon stig nie. 'n Verdere bepaling het voorsiening gemaak daarvoor dat geen volksbank sonder die toestemming van die Registrateur opgerig of gestig kon word nie.¹⁰⁷

In opdrag van die Minister van Finansies het die komitee egter voortgegaan om 'n nuwe konsepwetsontwerp op te stel. Die bedoeling van hierdie wetsontwerp was dan ook om eerder die belange van die deposante as die van die aandeelhouders of geldopnemers te beskerm. Op 11 Februarie 1942 het die Minister van Finansies in die Volksraad verklaar dat die tegniese komitee wat hy aangestel het om die voorgestelde wetsontwerp van 1941 te ondersoek, 'n positiewe verslag daarvoor uitgebring het. Op grond van die verslag is dieselfde wetsontwerp

107.U.G.6-'42: Verslag van die Tegniese Komitee oor Bankwetsgewing, 28.1.1942, pp.17-19.

met een of twee wysigings ingedien.¹⁰⁸

Ter verduideliking van die gewysigde wetsontwerp het die minister daarop gewys dat die wetsontwerp voorsiening gemaak het vir die instelling van die amp van 'n Registrateur van Banke wat onder die Minister van Finansies sou resorteer. Sy pligte het behels die uitvoering van die bepalings van die wetsontwerp en die registrasie van bestaande bankinstellings. Alle nuwe bankinstellings wat aan die voorwaardes in die wetsontwerp voldoen het, is ook deur hom geregistreer. Hy moes ook toesien dat alle state wat volgens die wet ingedien moes word, wel ingedien word.¹⁰⁹ Tydens hierdie debat in die Volksraad het A.J.Werth, lid van die Volksraad vir George, die minister versoek om voor die tweede lesing van die bankwetsontwerp, dit te verwys na 'n gekose komitee. Werth het daarop gewys dat as dit nie gedoen word nie die nuwe bankwet niks anders as net lapwerk sou wees nie. Die Minister van Finansies het geweier om dit te doen, omdat hy van mening was dat dit eerder na die tweede lesing aan 'n gekose komitee voorgelê moes word.¹¹⁰

Op 18 Februarie 1942 het die Volksraad besluit dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys moes word.¹¹¹ Dié komitee het die bevoegdheid gehad om getuienis aan te hoor en inligting in te samel. Die doel van die komitee was om te verseker dat 'n effektiewe bankwet daargestel word. Die komitee het onder die

108.OP(S)2: Debate van die Volksraad, Deel 43, Kolom 1861.

109.Ibid., Kolom 1867.

110.Ibid., Kolomme 1868-1869.

111.Ibid., Kolomme 2241-2291.

voorsitterskap van J.W.Higgerty gestaan.¹¹² In soverre dit volksbanke betref, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat slegs Ons Eerste Volksbank aan die begripsbepaling van 'n volksbank voldoen het.¹¹³ Volgens J.H. van Vuuren, 'n direkteur van Spoorbondkas, was die wetsontwerp veral wat betref volksbanke, 'n halwe eier. Hy was van mening dat die vereistes wat deur die wetsontwerp aan volksbanke gestel is, onuitvoerbaar was en dat daar te veel tekortkomings in die wetgewing veral ten opsigte van die banke was. Volgens hom het die wetsontwerp daartoe bygedra dat die besigheid van volksbanke en trust- maatskappye na die handelsbanke toe weggedryf is.¹¹⁴ Volgens Van Vuuren was dit onmoontlik om die stelsel van volksbanke wat in Duitsland of Amerika bestaan het, net so in Suid-Afrika toe te pas. Eerstens was die kompetisie ten opsigte van die betrokke terrein te mededingend. Tweedens het daar 'n gebrek bestaan aan goed opgeleide personeel wat 'n volksbank kon bedryf. Volgens Van Vuuren was die grootste struikelblok die feit dat 'n volksbank geen takke kon oprig nie. Hy het daarop gewys dat die beoogde stelsel van volksbanke soos in die wetsontwerp bepaal heeltemal onprakties sou wees, met die gevolg dat in plaas daarvan om die volksbankbeweging te bevorder die wetsontwerp tot die agteruitgang daarvan aanleiding sou gee.¹¹⁵

Die komitee het ook die getuienis van R.B.Saayman en K.D.van der Post aangehoor wat Sasbank verteenwoordig het.¹¹⁶ Hulle het aangevoer dat Sasbank eintlik meer

112.S.C.8-'42: Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942, pp.III-2.

113.Ibid., p.24.

114.Ibid., p.40.

115.Ibid., pp.40-41.

116.Ibid., p.45.

as 'n volksbank was en dat die bank spesiale dienste aan die publiek gelewer het. Sasbank het ook spesiale voorsorgmaatreëls getref om die belange van die publiek te beskerm.¹¹⁷ Nadat die gekose komitee al die inligting ingesamel het, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die tyd vir wetgewing ten opsigte van volksbanke aangebreek het.

Die komitee het opdrag gehad om riglyne neer te lê waaraan 'n instelling moes voldoen om as 'n volksbank beskou te word. Die komitee het verder die taak gehad om te bepaal of 'n instelling 'n volksbank was al dan nie. Die konsepwet wat deur die gekose komitee opgestel is, het bepaal dat 'n volksbank 'n vereniging was wat gestig was met die doel om die spaarsin onder sy lede te bevorder en om lenings aan hulle beskikbaar te stel.¹¹⁸ Die konsepwet het ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Registrateur van Banke, wat die werksaamhede moes verrig wat deur die wet van hom vereis is.¹¹⁹ Wat die registrasie van bestaande bankinstellings betref, het die konsepwet bepaal dat enige instelling wat voor die inwerkingstelling van hierdie wet die bankbedryf in die Unie beoefen het en dit wou voortsit, binne negentig dae na die in werktreding van die wet, by die Registrateur van Banke daarom aansoek moes doen. Hierdie instellings moes ook hul jongste jaarrekenings, die adres van hul hoofkantoor en 'n afskrif van hul reglement aan die Registrateur voorlê. Indien die applikant 'n vereniging was, moes die akte van oprigting, statute, 'n adreslys van die voorsitter, direkteure en

117.S.C.8-'42: Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp, 1942, p.56.

118.A.B.16B-42: Bankwetsontwerp, 1942, Art.1, sub.-art.1, p.3.

119.Ibid., Art.3, sub.-art.1, p.5.

hoofbestuurder asook 'n afskrif van enige wet of akte van ooreenkoms wat die vereniging in besonder gereguleer het, aan die Registrateur voorgelê word.¹²⁰

Indien die Registrateur na die bestudering van hierdie dokumente, beslis dat die applikant nie 'n bankinstelling was nie, moes hy die aansoek om registrasie van die hand wys. As die Registrateur bevind dat die applikant 'n bankinstelling was, moes hy die applikant as 'n bankinstelling geregistreer het. Die Registrateur moes ook toesien dat 'n bankinstelling nie geregistreer word as hy van mening was dat die naam daarvan die publiek aangaande die ware aard van sy bedryf sou mislei nie.¹²¹ Na die registrasie van 'n bankinstelling moes die Registrateur 'n registrasiesertifikaat aan die instelling uitreik. Hierin word gespesifiseer watter tipe bankinstelling die bank was.¹²² Indien die Registrateur van mening was dat 'n bankinstelling nie ten volle aan die vereistes vir registrasie voldoen het nie, kon hy 'n sertifikaat van voorlopige registrasie aan die applikant uitgereik het.¹²³ Enige applikant wat na die inwerktrading van hierdie wet van voorneme was om die bankbedryf in die Unie te beoefen, moes by die Registrateur aansoek doen om ingevolge die wet geregistreer te word as 'n bankinstelling van die kategorie waartoe dit behoort het.¹²⁴

Die Bankwetsontwerp het bepaal dat geen instelling as 'n bankinstelling van 'n bepaalde kategorie kon optree, tensy dit geregistreer of tydelik geregistreer was

120.A.B.16B-42: Bankwetsontwerp, 1942, Art.4, sub.-art.1, p.5.

121.Ibid., Art.4, sub.-arts.4-6, p.7.

122.Ibid., Art.4, sub.-art.7, p.7.

123.Ibid., Art.5, sub.-art.1-2, pp.7-9.

124.Ibid., Art.6, sub.-art.1, p.9.

nie.¹²⁵ Elke bankinstelling moes op 'n sigbare plek in duidelike letters die naam van die bankinstelling by elke kantoor waar hulle besigheid bedryf, aangebring het. Die naam van die bankinstelling moes op elke staat, kennisgewing, advertensie of brief verskyn. Vermelding moes ook gemaak word dat die betrokke instelling geregistreer of voorlopig geregistreer was.¹²⁶ Geen bankinstelling kon sonder die toestemming van die Registrateur sy naam verander nie. 'n Bankinstelling kon ook nie 'n verkorting van sy naam aanneem, tensy hy die nodige toestemming van die Registrateur ontvang het nie.¹²⁷ Hierdie bepalings wat in die konsepwet vervat is, is met enkele wysigings net so in die Bankwet van 1942 opgeneem en sou op 1 Julie 1943 inwerking tree.¹²⁸

Die Bankwet van 1942 het bepaal dat 'n volksbank die volgende opgawes binne dertig dae vanaf die einde van elke kalenderkwartaal in drievoud aan die Registrateur moes voorlê: 'n staat van bates en laste; 'n opgawe van toegestane lenings en deposito's wat ontvang is; asook 'n staat waarop die bedrag van sy verpligtings teenoor sy lede en publiek aangedui is. 'n Volksbank moes ook binne dertig dae vanaf die dag waarop hy enige periodieke staat van sy sake of enige kennisgewing, verslag of ander dokumente aan sy lede voorgelê het, 'n gewaarmerkte afskrif daarvan aan die Registrateur voorsien het. Die Bankwet het volksbanke ook verplig om enige verdere inligting of dokumente wat deur die Registrateur vereis word, aan hom voor te lê. Elke volksbank was ook verplig om 'n afskrif van sy bate- en

125.A.B.16B-'42: Bankwetsontwerp, 1942, Art.7, sub.-art.1, p.9.

126.Ibid., Art.11, sub.-art.2, p.11.

127.Ibid., Art.12, sub.-art.1, pp.11-13.

128.OP(S)2: Debate van die Volksraad, Deel 43, Kolomme 6154-6159.

lastestaat van elke voorafgaande kalenderkwartaal, op 'n sigbare plek in die gebou of kantoor waarin hy sy bedryf beoefen het, te vertoon.¹²⁹

Uit die Bankwet van 1942 blyk dit duidelik dat die finansiële voorskrifte vir volksbanke bepaal het dat volksbanke die volgende moes besit en instandhou: 'n gestorte kapitaal of waarborg-deposito en 'n onaangetaste reserwefonds wat tesame minstens 10% van sy totale verpligtings teenoor die lede of publiek bedra het; 'n likiede bate van 'n bedrag met minstens 30% van sy onmiddellik terugbetaalbare deposito's en 15% van sy verpligtings teenoor sy lede of publiek wat binne ses maande of met minder as ses maande opsegging opeisbaar was en 5% van sy verpligtings teenoor sy lede of die publiek wat na ses maande of met minstens ses maande opsegging opeisbaar was.¹³⁰

Kragtens die bepalings van die wet het die volgende beperkings op transaksies van volksbanke gegeld. Geen volksbank kon aan een persoon of twee of meer persone gesamentlik 'n bedrag meer as 'n £100 uitleen nie. 'n Volksbank kon nie aan een persoon, behalwe 'n bankinstelling of 'n bouvereniging, met uitsondering van enige rente op enige bedrag wat hy aan die bedoelde persoon skuld, 'n groter bedrag as die volgende skuld nie: £1000 as sy verpligtings teenoor die publiek nie £200 000 oorskry het nie; £2000 as sy verpligtings teenoor die publiek £200 000 oorskry, maar nie £400 000 oorskry het nie; £3000 as sy verpligtings teenoor die publiek £400 000 oorskry, maar nie £600 000 oorskry het nie; £4000 as sy verpligtings teenoor die publiek

129.OP(S)60/I: Bankwet van 1942, (Wet No.38 van 1942), Art.18, sub.-art.1-2, pp.297-299.

130.Ibid., Art.19, p.299.

£600 000 oorskry het.¹³¹ Verder kan 'n volksbank nie enige rente op 'n lening wat hy toegestaan het, vooruit aftrek of ontvang nie en 'n volksbank kon ook nie enige saamgestelde rente op so 'n lening beding of ontvang nie. Die Bankwet het ook verhoed dat 'n volksbank enige rente op enige deel van die lening wat alreeds terugbetaal was, kon beding of ontvang.¹³²

Die Bankwet het voorts vereis dat ten opsigte van lenings by 'n volksbank, so 'n toegestane lening in gelyke paaielemente met tussenposes van hoogstens een maand terugbetaal moes word. 'n Volksbank was verplig om aan elke applikant aan wie daar 'n lening toegestaan is, 'n volledige uiteensetting van die grootte en datum van die lening, die wyse van terugbetaling daarvan, die aard van die waarborg vir die lening, die naam en adres van die geldopnemer asook van die volksbank en die vasgestelde rentekoers te voorsien. Daar is van 'n volksbank vereis om aan elke persoon wat kapitaal op 'n lening afbetaal, 'n kwitansie vir die bedrag wat vereffen is te verskaf. Die kwitansie moes toon hoeveel rente en hoeveel kapitaal gedelg is. Die Bankwet het voorts bepaal dat wanneer 'n persoon sy paaielement aan die einde van 'n maand betaal, hy die reg gehad het om £1 vooruit op die kapitaal te betaal. Dit is van elke volksbank verwag om op enige sigbare plek in die gebou waarin hy sy besigheid bedryf het, 'n kennisgewing aan te bring met 'n uiteensetting van die rentekoers wat hy beding en ontvang het.¹³³

Die Bankwet het verhoed dat 'n volksbank 'n tak of agentskap kon stig of instand hou. Geen persoon kon

131.OP(S)60/I: Bankwet van 1942, (Wet No.38 van 1942), Art.20, pp.299-301.

132.Ibid., Art.21, p.301.

133.Ibid., Art.22, p.301.

sonder die toestemming van die Registrateur 'n volksbank gestig het nie. Die Registrateur kon nie toestemming gee vir die oprigting van 'n volksbank, alvorens hy hom nie vergewis het dat die stigting van 'n volksbank op die bedoelde plek in die openbare belang sou wees nie.¹³⁴

Nadat die nuwe wet op 1 Julie 1943 in werking getree het, het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank besluit om aansoek te doen om onder die nuwe wet as 'n volksbank geregistreer te word. Die Bestuur het dit duidelik gestel dat Ons Eerste Volksbank aan al die vereistes van die wet voldoen het.¹³⁵

-
134. OP(S)60/I: Bankwet van 1942, (Wet No.38 van 1942), Arts.23-25, pp.301-303.
135. T.A.B.W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1941 - 30 Junie 1942...30.9.1942, p.1., Verslag... Boekjaar 1 Julie 1941-30 Junie 1942...30.9.1943 , p.8.

HOOFSTUK IV

DIE GROEI EN VOORUITGANG VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1918 - 1927

Nadat Ons Eerste Volksbank op 2 Januarie 1918 met sy werksaamhede begin het, het dit elke jaar 'n positiewe groei op finansiële gebied getoon. Hierdie groei was net moontlik deur die bekwame leiding van die Bestuur, bygestaan deur die Kommissie van Toelating en die Inspeksiekomitee. Omdat die Bestuur die bank bestuur het, is dit nodig om te kyk na die bydrae wat hulle gelewer het. Met die besluit om 'n volksbank te stig, is daar eers 'n voorlopige bestuur aangewys. Tydens die algemene vergadering wat op 15 Maart 1918 gehou is, is die voorlopige bestuur bekragtig met C.C.Logan as voorsitter, P.J.van Aartsen, S.J.Bezuidenhout en ds.J.A.du Plessis as lede, en J.Postmus as sekretaris. Ds.du Plessis het kennis gegee dat hy net vir een jaar op die Bestuur kon dien, aangesien hy van voorneme was om Pretoria te verlaat. Omdat die sekretaris, J.Postmus, as gevolg van sy werk dikwels uitstедig was, is daar besluit dat J.Dommissie, die Bestuurder van die Nederlandse Bank, in beide se plek as plaasvervanger sou optree.¹ Dommissie se aanstelling is deur die Bestuur goedgekeur, omdat hy oor voldoende bankkennis beskik het en die doelstellings van Ons Eerste Volksbank onderskryf het.²

Tydens die algemene vergadering van 14 Februarie 1919 is H.M. Heyns as direkteur in die plek van ds.Du Plessis verkies. In Julie 1919 moes Heyns ook as

-
- 1.T.A.B., W119/II(1): Jaarverslag oor Ons Eerste Volksbank oor die Boekjaar 1918 uitgebring in die algemene vergadering van 14.2.1919, pp.2-3. (Hierna Verslag... Boekjaar 1918... 14.2.1919)
 - 2.Argief O.E.V., Notule van die Bestuursvergadering, 18.1.1918.

direkteur bedank, omdat hy Pretoria verlaat het en word J.Dommissie in Augustus 1919 in sy plek tot direkteur verkies.' In 1920 is daar besluit dat aangesien Postmus so dikwels uitstedig was, H.D.Ross in sy plek as direkteur sou waarneem.⁴ As gevolg van 'n druk werksprogram is Postmus gedwing om as direkteur te bedank en is voorgestel dat hy tot ere-direkteur van Ons Eerste Volksbank benoem moes word.⁵ Tydens die algemene vergadering van 7 April 1922 word Postmus tot ere-direkteur benoem en word Ross in sy plek as direkteur verkies.⁶ In 1924 het C.C.Logan as voorsitter van die Bestuur bedank, omdat hy na Brits verplaas is. Tydens die algemene vergadering van 12 Maart 1925 is voorgestel dat Logan ook tot ere-direkteur van die bank benoem moes word. Hy is as voorsitter deur Dommissie opgevolg. In Logan se plek is G.D.Horscroft as direkteur benoem.⁷ Op 28 Desember 1925 het Bezuidenhout sy bedanking as lid van die Bestuur ingedien, omdat hy met ingang van 1 Januarie 1926 benoem is as bestuurder van Ons Eerste Volksbank in die plek van C.J.Zorn wat afgetree het.⁸ In Bezuidenhout se plek is S.Boorsma as direkteur benoem. In 1926 is Horscroft na Kaapstad verplaas en moes hy as direkteur bedank. Om die vakature te vul is R.L.O. Versveldt in sy plek benoem.⁹

-
3. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1919...
26.3.1920, p.1.
 4. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1920...
23.3.1921, p.1.
 5. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1921...
10.3.1922, p.1.
 6. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1922...
22.3.1923, p.1.
 7. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1924...
12.3.1925, p.1.
 8. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1925...
25.3.1926, p.1.
 9. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1926...
24.3.1927, p.1.

Die Kommissie van Toelating het ook 'n belangrike rol vervul. Hulle het bewys dat samewerking baie kon vermag en dat daar wel iets tot stand gebring kon word, sonder om hulle eie belange te bevorder. Ook het hulle aangetoon dat die "klein man" wel vertrouwe verdien. Die Kommissie het ook getoon dat iemand wat bereid is om homself te help, deur ander gehelp word.¹⁰

Die opening van Ons Eerste Volksbank het nie ongemerk verbygegaan nie. De Volkstem het van die begin af alle moontlike publisiteit aan die bank verleen. Reeds in Desember 1917 het die koerant die inwoners van Pretoria ingelig dat die bank in Januarie 1918 sy deure vir besigheid sou open en terselfdertyd ook die besigheidsure van die bank aangedui.¹¹ Nadat Ons Eerste Volksbank vir net 'n paar dae besigheid gedoen het, was dit duidelik dat die publiek se reaksie baie beter was as wat die voorlopige bestuur verwag het. Daar is heelwat besware geopper veral met betrekking tot die beperking wat die bank se Statute op die grootte van 'n lening geplaas het. Nadat die voorlopige bestuur die saak goed oorweeg het, het hulle besluit om 'n lening tot 'n bedrag van £35 aan 'n persoon toe te staan. Namate meer geld by die bank gedeponeer sou word, sou die bedrag tot £50 verhoog kon word. Die voorlopige bestuur het heelwat aansoeke vir nog groter lenings ontvang, maar hulle het daarop gewys dat die bank bedoel was om die klein man finansiëel te help. Hoewel sake met die verloop van tyd verbeter het, was £50 steeds die maksimum bedrag wat as 'n lening toegestaan is. Lenings sou ook net aan die inwoners van Pretoria toegestaan word.¹²

10. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1918... 14.2.1919, p.3.

11. Ms.203.28, De Volkstem, 28.12.1917.

12. Ms.203.28, De Volkstem, 11.1.1918.

'n Verdere beswaar wat teen Ons Eerste Volksbank geopper is, was dat die rentekoers op lenings te hoog was. In reaksie hierop het die voorlopige bestuur daarop gewys dat daar in Amerika 37 Loan Banks was, waarvan 34 op 'n kongres verklaar het dat 2% rente per maand op 'n lening die minste was waarmee die onkoste verbonde aan klein lenings gedek kon word. Die meerderheid van dié banke was egter van mening dat 3% rente per maand die beste sou wees. Ons Eerste Volksbank het die middeweg van 2½% rente per maand gekies, omdat dit die berekening van ses pennies per pond per maand vergemaklik het. Met die toestaan van die eerste lening van £4 vir 'n maand, het die rente tot die lener se verbasing net twee sjielings beloop.¹³

Nog 'n knelpunt was dat die bank talle mondelinge navrae om lenings ontvang het. Die aansoekers wou egter groter lenings hê as wat die bank kon toestaan. Dit was duidelik dat die probleem so gou moontlik opgelos moes word. Postmus het gevolglik voorgestel dat dit opgelos kon word indien elkeen van die vier bestuurslede van die bank 'n £1000 by die Nederlandse Bank sou leen, waarvoor hulle gesamentlik en afsonderlik borg sou teken. Die lening is toegestaan en dié bedrag tesame met die £250 aandeelkapitaal en al die spaar- en vaste depositogelde wat die bank reeds ontvang het, het die voorlopige bestuur in staat gestel om lenings toe te staan.¹⁴ Die Nederlandse Bank het Ons Eerste Volksbank gehelp om aansienlike rente op die lening te bespaar, deur die geld tot die bank se beskikking te stel soos wat hulle dit benodig het en nie die hele £1000 op een slag nie. Die Kommissie van Toelating sou elke Donderdagmiddag vergader om die

13.Ms.203.28, De Volkstem, 11.1.1918.

14.Argief O.E.V., Notule van die Bestuursvergadering, 5.1.1918; T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1918... 14.2.1919, p.5.

aansoeke om lenings te behandel, sodat dit die volgende dag aan die Bestuur vir goedkeuring voorgelê kon word. Die Bestuur sou elke Vrydagmiddag om vyfuur vergader waartydens besluit sou word of 'n lening aan 'n applikant toegestaan of geweier moes word.¹⁵

Dit is belangrik dat daar kennis geneem word van hoe die bank se aandeelkapitaal gewerk het. Toe die bank in 1918 sy werksaamhede begin het, het die kapitaal £250 bedra, bestaande uit 50 aandele van £5 elk. Daar is voorsiening gemaak dat hierdie bedrae aan die aandeelhouers terugbetaal moes word, behalwe vir een sjieling wat elke aandeel voortaan sou bedra. Hierdie geld kon terugbetaal word sodra as wat die reserwefonds sterk genoeg was. Hierdie terugbetaling het gevolglik eers in 1920 plaasgevind, wat beteken het dat die aandeelkapitaal in 1922 op £2.10s te staan gekom het.¹⁶

Tydens die bestuursvergadering van 11 Januarie 1918 het C.J.Zorn, die kassier-boekhouer, daarop aangedring dat vir die toestaan van 'n lening nie net die applikant se kredietwaardigheid nie, maar ook sy karakter in oënskou geneem moes word. Daar is ook besluit dat indien 'n lening groter as £25 toegestaan sou word, Zorn en nog een van die bestuurslede die lening moes onderteken. Postmus het die vergadering meegedeel dat hy in kennis gestel is deur die Siviele Kommissaris dat die bank nie 'n banklisensie benodig het nie. Hy het die vergadering ook meegedeel dat volgens die Inspekteur van Belasting, die bank vrygestel was van belasting in sake tussen die bank en sy lede. Ten opsigte van Ons Eerste Volksbank se aandele, was Postmus minder

15. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1918... 14.2.1919, p.5.

16. Argief O.E.V., Raad van Handel en Nywerheid, Verslag No.188 Ons Eerste Volksbank, 10.12.1934, p.7; Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, Kaapstad, 1926, p.1.

optimisties, maar die moontlikheid het bestaan dat die bank ook daarvan vrygestel kon word.¹⁷

Op 6 Februarie 1918 is daar in die Burgersaal in Pretoria-Wes 'n fees ter ere van die stigting van Ons Eerste Volksbank gehou. Hierdie geleentheid is onder andere deur Logan, Bezuidenhout, ds.H.Bosman en T.Rood bygewoon. Tydens Rood se toespraak het hy daarop gewys dat dit die gebruik was om arm mense as noodwendig sleg te bestempel. Hy het verklaar dat Ons Eerste Volksbank soos 'n tou was wat na mense in ekonomiese nood uitgegooi was. Al wat hulle moes doen, was om hul hande uit te steek om gehelp te word. In sy toespraak het Logan dit beklemtoon dat die Armbankevraagstuk soos 'n vretende kanker oor die Unie van Suid-Afrika uitgebrei het. As daar nie iets drasties gedoen sou word om dit teen te werk nie, sou dit later onmoontlik wees om iets daaraan te doen. Die eerste wat die arm persoon moes doen, was om homself te sien soos wat diegene wat hom kon help, hom gesien het. As hy dit kon doen, het hy reeds ver gevorder op die pad na herstel. Dit het te maklik gebeur dat die arm persoon homself bejammer het of dat hy oorsake wat hy nie kon verhelp het nie, vir sy agteruitgang blameer het. Logan het daarop gewys dat die finansieel gemiddelde man in die posisie was om hulp te verleen. Hy het dit benadruk dat Ons Eerste Volksbank die skakel tussen die twee klasse van die volk was.¹⁸

'n Netelige saak wat teen die einde van Februarie opgeduik het, was of sekere dokumente van Ons Eerste Volksbank nie ook in Engels opgestel moes word nie. Hierdie aangeleentheid het na vore getree toe 'n lening

17.Argief O.E.V., Notule van die Bestuursvergadering, 11.1.1918.

18.Ms.203.28, De Volkstem, 8.2.1918 (Ons Eerste Volksbank Feest).

aan ene E.Drake toegestaan is. Daar is besluit om die aangeleentheid uit te stel totdat die belangstelling onder die Engelssprekendes genoegsaam toegeneem het.¹⁹ Tydens die eerste algemene vergadering van Ons Eerste Volksbank wat op 15 Maart 1918 in die Erasmussaal gehou is, is die Kommissie van Toelating aangewys. Hierdie vergadering is deur 56 lede bygewoon. Lede is aangemoedig om nie net geld by die bank te leen nie, maar om ook geld by die bank te spaar. By die vergadering is daar ook beswaar aangeteken teen die bank se besluit om geen redes vir die weiering van 'n lening bekend te maak nie. Na deeglike bespreking, is 'n voorstel aanvaar dat die redes vir die weiering van 'n lening bekend gemaak sou word.²⁰

Op 22 Maart 1918 is Logan amptelik tot voorsitter en Postmus tot sekretaris van die Bestuur van Ons Eerste Volksbank verkies.²¹ Met die eerste vergadering van die Kommissie van Toelating was Logan, Postmus en Bezuidenhout ook teenwoordig. Die rede hiervoor was om aan die Kommissie wenke te gee oor hoe hulle te werk moes gaan. M.H.Heyns is verkies tot voorsitter en C.J.Zorn, die kassier-boekhouer, is as sekretaris van die Kommissie aangewys.²²

-
- 19.Argief O.E.V., Notule van die Bestuursvergadering, 22.2.1918; Notule van die Bestuursvergadering, 15.3.1918.
- 20.Argief O.E.V., Lêer 1: S.J.Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.20; Ms.203.29, De Volkstem, 19.3.1918.
- 21.Argief O.E.V., Notule van die Bestuursvergadering, 22.3.1918.
- 22.Argief O.E.V., Lêer 1: S.J.Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy ontstaan en Bloei, p.20; Notule van die Bestuursvergadering, 7.6.1918.

Wat die lede van die bank betref, het hulle geleidelik toegeneem oor die eerste tien bestaansjare van die bank, soos duidelik uit die onderstaande tabel blyk.

Tabel 9: Toename in die ledetal van Ons Eerste

Volksbank vir die tydperk 1918 - 1927:

Jaar	1918	1919	1920	1921	1922	1923	1924	1925	1926	1927
Lede	462	962	1421	1605	1715	1958	2187	2583	3098	3813

Uit die bogenoemde tabel kan duidelik gesien word dat daar in hierdie tydperk 'n aansienlike styging in die ledetal was.²³ Die Bestuur was verder van mening dat hoe langer die bank per dag tot beskikking van die publiek sou wees, hoe meer sukses behaal sou word. Gevolglik is daar besluit om by die lede van die bank self navraag te doen oor watter kantoorure hulle die beste sou pas en dat op grond hiervan die kantoorure van die bank vasgestel sou word.²⁴ Hoewel hierdie tye aanvanklik almal gepas het,²⁵ is dit nietemin hierna herhaaldelik na gelang van die behoeftes van die lede gewysig.²⁶

In die beginjare het Ons Eerste Volksbank twee belangrike probleme ondervind. Die eerste was dat volgens artikel 34 van die Statute van Ons Eerste Volksbank, geen voorskot groter as 2½% van die beskikbare kapitaal, op daardie stadium £10, toegestaan kon word nie. Tog het die bank goeie aansoeke om voorskotte van £25 en hoër ontvang, wat eintlik nie

23. T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank 1918-1927.

24. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1918...14.2.1919, p.5.

25. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1919...26.3.1920, p.3.

26. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, p.2; Verslag...Boekjaar 1922...22.3.1923, p.2.

geweier kon word nie. Hierdie probleem het hulle soos reeds daarop gewys, opgelos deur met die Nederlandse Bank te reël vir 'n £1000 krediet, wat hulle in staat sou stel om voorskotte tot £35 toe te staan. Tweedens het die bank verskeie aanbiedinge om geldelike steun ontvang. Die Bestuur het besluit om dit nie te aanvaar nie, omdat hulle die indruk wou vermy dat die bank 'n welwillendheidsorganisasie was.²⁷ Die Bestuur het besluit dat Logan, Dommissie en Bezuidenhout hierdie maatskappye wat hulle donasies aangebied het, moes besoek om hulle in te lig oor die doel van Ons Eerste Volksbank.²⁸

Omdat die organisasie rondom 'n aansoek om 'n lening by Ons Eerste Volksbank aanvanklik so omslagtig was, het Dommissie voorgestel dat 'n kennisgewing opgestel word waarin die beleid van die bank betreffende lenings uiteengesit word. Hierdie voorstel is deur die Bestuur aanvaar. Dit sou vir Zorn baie tyd en moeite bespaar het.²⁹ Drie maande later het Van Aartsen daarop gewys dat daar steeds te min inligting beskikbaar was oor die wyse waarop daar aansoek vir 'n lening by Ons Eerste Volksbank gedoen moes word. Postmus het onderneem om in die volgende jaarverslag weereens 'n volledige uiteensetting daarvan te gee.³⁰ Trouens, knap hierna het die Bestuur besluit dat lenings voortaan net toegestaan sou word aan aansoekers wat op die gedrukte aansoekvorms aansoek gedoen het.³¹

27.T.A.B., W119/II(1): Verlag...Boekjaar 1918...14.2.1919, pp.5-6.

28.Argief O.E.V., Notule van die Bestuursvergadering, (Hierna Notule...Bestuursvergadering) 8.2.1918.

29.Argief O.E.V., Notule...Bestuursvergadering, 22.2.1918; Notule...Bestuursvergadering, 15.3.1918.

30.Argief O.E.V., Lêer 1: S.J.Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.20; Notule... Bestuursvergadering, 7.6.1918.

31.Ms.203.29, De Volkstem, 16.7.1918.

Reeds in die tweede helfte van 1918 het Ons Eerste Volksbank twee aansoeke om lenings ontvang van persone wat buite Pretoria gewoon het. Die Bestuur het besluit om te kyk na die moontlike uitbreiding van hul arbeidsveld. Aanvanklik sou daar gekyk word na die omliggende gebiede om Pretoria. 'n Voorwaarde vir die toestaan van so 'n lening was dat die borge van so 'n persoon aan die Kommissie van Toelating bekend moes wees.³² Nietemin, in die tydperk 1918 - 1927 was daar bykans elke jaar 'n skerp toename in die aantal aansoeke om lenings. Dit word in die volgende tabel geïllustreer.³³

Tabel 10: Aansoeke om lenings by Ons Eerste Volksbank tussen 1918 - 1927:

Jaar	Aantal lenings aangevra	Ge-weier	Toege-staan	Terugge-neem ³⁴	Uitbetaal	Gemiddeld per lening	Bedrag uitbetaal
1918	394	98	296	23	273	£26.6.0	£7182.0.0
1919	662	148	514	26	488	£32.4.4	£15835.0.0
1920	1021	212	809	62	747	£32.9.5	£24621.10.0
1921	958	319	639	85	554	£28.5.3	£19412.0.0
1922	971	177	794	95	699	£35.5.2	£24829.0.0
1923	1070	172	898	73	825	£28.2.1	£29241.5.0
1924	1189	155	1034	97	937	£28.5.7	£32789.0.0
1925	1415	154	1261	93	1168	£28.8.5	£40479.0.0
1926	1969	279	1690	167	1523	£28.8.7	£52753.2.6
1927	2165	345	1820	113	1707	£28.6.2	£59634.2.3

Uit hierdie gegewens kan waargeneem word dat die bank wat die aantal aansoeke om lenings betref, 'n effense afname in 1921 beleef het, wat moontlik in verband

32. Argief O.E.V., Notule... Bestuursvergadering, 14.6.1918.

33. T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank 1918-1927.

34. Die woord teruggeneem beteken waarskynlik aansoeke wat, nadat dit reeds goedgekeur was, teruggeneem is, voordat dit uitbetaal kon word.

gebring kan word met die ekonomiese probleme na die Eerste Wêreldoorlog. In 1926 is 'n drastiese styging in die aansoeke om lenings ondervind, wat moontlik toegeskryf kan word aan die instelling van die Woekerwet van 1926 wat mense gedwing het om hulle finansiële heil by Ons Eerste Volksbank te kom soek. In 1918 het die Bestuur van die bank besluit om volgens artikel 37 van die Statute 'n waarborgdeposito van £250 in die lewe te roep wat kon dien as bykomende sekuriteit vir gewone spaarders en houers van vaste deposito's. Na slegs een jaar was dit duidelik dat hierdie maatreël suksesvol was, daarom was dit nie nodig om dit verder uit te brei nie.³⁵ Wat die permanente personeel van die bank betref, was die bank in die gelukkige posisie dat C.J.Zorn wat die kassier-boekhouer was, onderneem het om vir die eerste jaar sy dienste gratis aan te bied, waarna die Bestuur besluit het om hom met ingang van 1 Januarie 1919 'n salaris van £20 per maand te betaal.³⁶ In Junie 1919 het die Bestuur besluit om Zorn aan te stel as die eerste bestuurder van Ons Eerste Volksbank. Om hom behulpsaam te wees sou daar 'n klerk aangestel moes word. Nadat verskeie aansoeke ontvang is, is Norrie Logan as klerk aangestel.³⁷ Op 17 Julie 1919 is Zorn tot sekretaris van Ons Eerste Volksbank in Postmus se plek verkies, omdat hy as gevolg van sy veeleisende werk nie hierdie taak langer kon behartig nie.³⁸ Omdat die werksaamhede van die bank so vinnig uitgebrei het, is ook besluit om

35.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1918
...14.2.1919; Verslag...Boekjaar 1919...26.3.1920,
p.6.

36.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar
1918...14.2.1919, p.11.

37.Argief O.E.V., Notule...Bestuursvergadering,
6.6.1919; Notule...Bestuursvergadering, 4.7.1919.

38.Argief O.E.V., Notule...Bestuursvergadering,
17.7.1919.

die personeel te vermeerder. Teen 1927 het dit uit agt lede en 'n bestuurder bestaan.³⁹

Een van die belangrikste doelstellings van die bank was om spaarsaamheid onder sy lede te bevorder. Alhoewel die bedrae nie altyd groot was nie, moes dit vo^ro^kom word dat 'n groot aantal spaarders net af en toe 'n klein bedraggie spaar. Dit sou die administrasiekoste onnodig verhoog wat tot gevolg sou hê dat die rentekoers nie verlaag sou kon word nie. Die rentekoers moes van so 'n aard wees dat dit die lede sou aanmoedig om algaande meer te spaar. In die volgende tabelle word die toename in die aantal spaarders en die bedrae wat gespaar is vir die tydperk 1918 - 1927, aangedui.⁴⁰

39. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, p.8; Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.6.

40. T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank 1918-1927.

Tabel 11: Aantal spaarrekeninge, 1918 - 1927:

Jaar	1918	1919	1920	1921	1922	1923	1924	1925	1926	1927
Saldo onder £1	59	92	139	184	168	143	189	206	261	279
Saldo tussen £1-£10	84	37	180	200	229	221	239	259	302	387
Saldo tussen £10-£20	15	105	62	73	60	80	81	90	80	125
Saldo tussen £20-£30	10	11	34	32	34	30	31	49	61	57
Saldo tussen £30-£40	4	16	20	31	31	23	18	28	32	37
Saldo tussen £40-£50	19	41	28	15	17	20	18	31	28	36
Saldo tussen £50-£60	-	-	61	55	35	20	35	27	37	40
Saldo tussen £60-£70	-	-	-	8	8	14	16	17	22	22
Saldo tussen £70-£80	-	-	-	7	6	10	13	8	25	21
Saldo tussen £80-£90	-	-	-	3	7	10	15	7	9	19
Saldo tussen £90-£100	-	-	-	2	10	7	14	13	18	16
Saldo bo £100	-	-	-	18	42	69	82	81	96	115
Totale aantal rekeninge	191	302	524	628	647	647	751	816	971	1154

Tabel 12: Die toename in spaarrekeninge, 1918 - 1927:

Jaar	1918	1919	1920	1921	1922
Saldo onder £1	£17.13.5	£29.11.10	£46.15.0	£61.14.8	£62.2.8
Saldo tussen £1-£10	£267.9.4	£43.8.5	£584.18.8	£688.10.10	£847.18
Saldo tussen £10-£20	£183.0.4	£829.3.9	£854.12.6	£1022.4.9	£882.15.5
Saldo tussen £20-£30	£237.18.3	£247.6.6	£826.17.7	£763.14.3	£826.15.7
Saldo tussen £30-£40	£142.9.10	£575.2.1	£670.5.7	£1047.3.6	£1073.14.2
Saldo tussen £40-£50	£924.3.3	£2020.0.9	£1237.19.7	£673.17.7	£768.12.10
Saldo tussen £50-£60	-	-	£3184.18.10	£2932.18.5	£1893.9.4
Saldo tussen £60-£70	-	-	-	£518.4.7	£501.14.8
Saldo tussen £70-£80	-	-	-	£522.17.5	£445.18.1
Saldo tussen £80-£90	-	-	-	£346.15.2	£579.6.0
Saldo tussen £90-£100	-	-	-	£186.1.10	£953.3.6
Saldo bo £100	-	-	-	£1842.8.6	£4369.14.9
Totale saldo	£1772.14.5	£3744.13.4	£7406.7.9	£10600.11.6	£13204.9.8
Gemiddelde saldo per rekening	£9.6.7	£12.8.0	£14.2.7	£16.17.9	£20.8.2

Tabel 12: (vervolg)

Jaar	1923	1924	1925	1926	1927
Saldo onder f1	£53.3.5	£60.17.8	£70.6.8	£79.1.10	£88.0.10
Saldo tussen f1-f10	£783.0.5	£887.9.6	£922.3.2	£1025.4.5	£1325.15.6
Saldo tussen f10-f20	£1165.6.7	£1161.5.0	£1278.3.2	£1164.1.5	£1745.2.7
Saldo tussen f20-f30	£742.12.0	£767.7.2	£1194.8.6	£1458.9.3	£1392.17.11
Saldo tussen f30-f40	£781.0.9	£604.1.10	£969.17.8	£1113.3.6	£1272.17.9
Saldo tussen f40-f50	£875.2.9	£799.1.5	£1396.13.4	£1199.19.3	£1642.15.11
Saldo tussen f50-f60	£1103.12.0	£1883.4.1	£1468.19.7	£1981.6.5	£2086.15.8
Saldo tussen f60-f70	£907.6.8	£1023.6.4	£1069.5.11	£1422.6.8	£1426.1.9
Saldo tussen f70-f80	£760.4.10	£959.7.5	£601.11.9	£1866.14.6	£1575.10.4
Saldo tussen f80-f90	£842.12.7	£1294.13.1	£597.2.3	£758.1.5	£1594.0.2
Saldo tussen f90-f100	£669.2.4	£1317.3.4	£1241.3.1	£1714.9.10	£1526.14.5
Saldo bo f100	£7153.0.8	£8511.9.8	£8501.17.9	£10254.13.10	£12345.13.10
Totale saldo	£15836.5.0	£19269.6.6	£19311.12.10	£24037.12.4	£28022.6.8
Gemiddelde saldo per rekening	£24.9.7	£25.13.2	£23.13.3	£24.15.0	£24.7.0

Wanneer gekyk word na bogenoemde tabelle, kan duidelik gesien word dat veral die toename in klein rekeninge nie bevredigend was nie. Dit is duidelik dat daar nie genoeg gespaar is nie. In die meeste gevalle is daar net een inbetaling, gewoonlik minder as f1 gemaak, daarom ontvang min lede rente op hul spaargeld. Die klein bedrae het eweneens tot gevolg gehad dat Ons Eerste Volksbank met onnodige administrasie opgeskeep gesit het en kon min lede enige voordeel hieruit trek. Gevolglik was die Bestuur van mening dat indien hulle van spaarbussies gebruik sou maak en daar op 'n meer gereelde basis klein bedrae gespaar sou word, hulle die probleem sou kon oplos. Die Bestuur het geglo dat hulle deur middel van seëls die skoolkinders kon aanmoedig om te spaar.⁴¹

Teen 1919 was daar steeds te veel rekeninge met 'n saldo minder as f1 asook te veel rekeninge met net een inbetaling. Die Bestuur was oortuig daarvan dat as die

41. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1918...14.2.1919, pp.8-9.

voordele wat die bank bied eers by die publiek van Pretoria inslag gevind het, daar 'n verhoging sou wees in die bedrae wat in spaarrekeninge gespaar word en dat wanneer die spaarbussies beskikbaar was, dit gebruik kon word om 'n gereelde spaarpatroon aan te moedig.⁴² Skynbaar het hierdie pogings goeie vrugte afgewerp want in 1920 het die Bestuur met groot vreugde kennis geneem van die toename in die aantal spaarrekeninge met 'n bedrag tussen £1 en £10. Hierdie toestand van sake was 'n duidelike bewys daarvan dat daar geleidelik 'n groter neiging onder die lede ontstaan het om meer gereeld te spaar.⁴³ Die Bestuur het besluit om in die loop van 1921 die maksimum bedrag wat gespaar kon word van £50 - £100 te verhoog. Hierdie maatreël het goeie vrugte afgewerp as na die statistiek in die voorafgaande tabelle gekyk word.⁴⁴ In 1923 het die Bestuur al die rekeninge met 'n saldo van 'n paar sjielings gesluit. Hierdie stap het nie gelei tot 'n noemenswaardige vermindering in die aantal rekeninge nie.⁴⁵

In 1924 net soos in 1920, was daar 'n skerp styging in die aantal spaarrekeninge. Sedert 1924 het daar 'n geleidelike verskuiwing ten opsigte van klein spaarrekeninge plaasgevind. Daar het 'n tendens ontstaan om meer gereeld asook groter bedrae geld te spaar. Sodoende het die lede van die bank verseker dat

42. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1919...26.3.1920, p.6.

43. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1920...23.3.1921, pp.7-8.

44. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, p.6.

45. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, p.8.

hulle die maksimum rente op hul spaargeld verdien het.⁴⁶

Wat die vaste deposito's betref, was daar ook 'n geleidelike toename in hierdie vorm van belegging. Die geld is deur die bank gebruik om lenings toe te staan. Dit was verder duidelik dat die meeste beleggers 'n vaste deposito-belegging met twaalf maande opseggingstermyn bo die met 'n ses maande opseggingstermyn verkies het. Die rede hiervoor was dat die deposito met die langer opseggingstermyn meer winsgewend was. Wanneer na die toename in die twee tipes vaste deposito's gekyk word, is dit duidelik watter een die spaarders verkies het.⁴⁷

**Tabel 13: Die toename in die vaste deposito's,
1918 - 1927:**

Jaar	Vaste deposito 6 maande opsegging	Vaste deposito 12 maande opsegging
1918	£1270	£1247.11.6
1919	£1820	£5503.18.6
1920	£3280	£9791.15.6
1921	£2354.18.0	£12618.15.0
1922	£2010	£13720
1923	£1435	£14720
1924	£1385	£18575
1925	£1500	£21955
1926	£1270	£26270
1927	£1750	£35575

46. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1924...12.3.1925, p.9; Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, p.7; Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.6.

47. T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank 1918-1927.

In 1918 het die rente op vaste deposito's onderskeidelik 7% en 8% per jaar bedra. Die rente op vaste deposito's was meer as die rente op spaarrekeninge en dit was juis die beleggings aan vaste deposito's wat Ons Eerste Volksbank in staat gestel het om voorskotte te kon uitreik. Die kapitaal wat in spaarrekeninge belê was, kon enige tyd opgeëis word, terwyl dié in die vaste deposito's 'n vasgestelde opseggingstermyn gehad het.⁴⁸ Vanaf 1921 het dit begin duidelik word dat deposante voorkeur gegee het aan deposito's met twaalf maande opsegging, aangesien die rentekoers op hierdie tipe belegging 1% hoër was.⁴⁹ Teen 1923 het dit voorgekom asof die vaste deposito's met 'n ses maande opseggingstermyn moontlik sou doodloop. Daar was 'n duidelike tendens dat soos wat die beleggers meer vertrouwe in Ons Eerste Volksbank gekry het, hulle al hoe meer voorkeur aan die langer termyn beleggings wat beter rente verdien het, gegee het. Die Bestuur was geensins bekommerd oor hierdie tendens nie, want volgens hulle het dit gedui op 'n gesonde ontwikkeling in die bank se bedryf.⁵⁰

'n Baie belangrike aspek waaraan aandag gegee moet word, is die rente wat lede betaal het op hul lenings, asook die rente wat die bank sy lede gespaar het, deurdat hulle hulle nie tot 'n woekeraar hoef te gewend het nie. Met die begin van hulle werksaamhede in 1918 het die bank dan ook ses pennies per pond per maand rente bereken. Dit is moontlik dat iemand wat nog nie met woeker te doen gehad het nie, dit as woeker kon beskou. Die rente wat deur Ons Eerste Volksbank

48. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1918...14.2.1919, p.9.

49. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, p.6.

50. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, p.8; Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, p.7.

bereken is, het alle kostes ingesluit en indien iemand sy lening gouer sou afbetaal as die tydperk waarop ooreengekom was, is die rente ooreenkomstig verminder. Indien iemand agterstallig met sy terugbetalings sou raak, is daar nie rente op rente bereken nie.⁵¹

Soos reeds daarop gewys, was een van die belangrikste doelstellings van Ons Eerste Volksbank om die aktiwiteite van die woekeraars aan bande te lê. Reeds na die stigting van die bank was dit duidelik dat die woekeraars die invloed van Ons Eerste Volksbank begin voel het. Dit het daartoe gelei dat die woekeraars leuens oor die bank begin versprei het. Hulle het byvoorbeeld beweer dat die bank 'n koöperasie was waar die lede van die bank hul besittings as sekuriteit vir die bank se skuld moes gee. Die Bestuur het dit beklemtoon dat net die aandeelhouders verantwoordelik was vir Ons Eerste Volksbank en dan ook net vir die £250 aandelekapitaal wat hulle verskaf het.⁵²

Volgens inligting tot die beskikking van Ons Eerste Volksbank was daar in 1919 woekeraars in Pretoria wat tot twee sjielings per pond per maand rente bereken het. Dit bewys dat diegene wat by Ons Eerste Volksbank 'n lening aangegaan het, heelwat rente bespaar het. Na net twee jaar het die bank sy lede £6428 aan rente alleen bespaar.⁵³ Reeds in 1923 het die Bestuur daarop gewys dat woekeraars as gevolg van die heilsame invloed van Ons Eerste Volksbank hulle rentekoers tot net 'n sjieling per pond per maand beperk het. Dus was die

51. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1918...14.2.1919, p.10.

52. Ms.203.30, De Volkstem, 26.7.1918.

53. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1919...26.3.1920, p.7.

bank ook 'n handige instrument om die woekeraars mee te beveg.⁵⁴ Op 24 Desember 1924 het die Bestuur dan ook besluit om vanaf 1 Januarie 1925 die rente op lenings van ses pennies tot vyf pennies per pond per maand te verminder, dit wil sê van 30% tot 25% per jaar.⁵⁵

Hierna het die aansoeke om lenings so toegeneem dat die Bestuur besluit het om die rente vanaf 1 Januarie 1926 van vyf tot vier pennies per pond per maand, of van 25% na 20% per jaar, te verlaag.⁵⁶ Na hierdie aankondiging het sake so goed verloop, dat die rente verder tot drie pennies per pond per maand verlaag is. Omdat daar groot bedrae geld by betrokke was, is hierdie besluit eers van 1 April 1927 in werking gestel. Die Bestuur het gehoop dat die rente verder verlaag sou kon word tot 'n punt waar dit nie vir verdere vermindering vatbaar was nie, maar steeds 'n billike rentevergoeding vir klein lenings sou beteken.⁵⁷ Die Bestuur het hulleself ten doel gestel om 'n punt te bereik waar hulle sou kon aanneem dat alle betroubare mense wat ondersteuning in die vorm van 'n klein lening nodig gehad het, as lede van die bank gereken kon word.⁵⁸

Dit was duidelik dat as die bank nie opgerig was nie, baie van die lede hul toevlug andersins tot woekeraars sou moes neem. Voor die stigting van die bank het woekeraars meestal tot twee sjielings per pond per maand rente op lenings bereken. Wanneer dit vergelyk word met die rente van Ons Eerste Volksbank, word dit

54. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, p.6.

55. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1924...12.3.1925, p.11.

56. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1925...25.3.1926, p.10.

57. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, pp.8-9.

58. Ibid., p.9.

duidelik hoe billik die rente van die bank werklik was. Uit die volgende tabel blyk dit duidelik wat hierdie besparing aan rente beloop het.⁵⁹

Tabel 14: Rente wat Ons Eerste Volksbank sy lede van 1918 - 1927 bespaar het:

Jaar	Rente wat Ons Eerste Volksbank sy lede bespaar het
1918	£1500.0.0
1919	£6428.0.0
1920	£12091.10.0
1921	£14348.14.0
1922	£14375.10.0
1923	£16379.2.0
1924	£17392.10.0
1925	£20803.10.0
1926	£28381.10.0
1927	£32495.8.0
Totaal	£164555.14.0

Hierdie statistiek bewys verder hoe 'n waardevolle en noodsaaklike rol 'n volksbank in 'n gemeenskap kan vervul. Dit wys ook dat 'n volksbank 'n uiters effektiewe instrument was om woekeraars mee te bestry.

Vanaf die stigting van Ons Eerste Volksbank was dit die bedoeling dat lenings net vir produktiewe doeleindes aan lede toegestaan moes word. Daarom is dit belangrik om te kyk waarvoor die mense die geld benodig het waarvoor hulle aansoek gedoen het. Met die oog hierop en ook om aan te toon watter nuwe behoeftes mense met die verloop van tyd genoep het om vir 'n lening aansoek

59. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.4.

te doen, word daar ter illustrasie hiervan gekyk na die redes wat aansoekers gedurende 1923 en 1927 vir die verkryging van lenings aangevoer het.⁶⁰

Tabel 15: Redes waarom daar vir lenings aansoek gedoen is in 1923:

Aantal aansoeke	Redes waarom lenings benodig is
46	Bou van huise op grond wat reeds besit word.
154	Vergroting of verbetering aan eiendom.
74	Aankoop van perde, koeie, donkies, waens ens.
28	Aankoop van voorraad deur klein winkeliers.
33	Betaling van dokters- en hospitaalgelde.
42	Om applikante vakansie te laat hou, meestal na 'n siekte
263	Vir betaling van drukkende skulde.
42	Vir hulp aan ouers, familie of vriende.
154	Aankoop van huisraad op openbare verkopings.
836	

60. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, p.5; Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.3.

Tabel 16: Redes waarom daar vir lenings aansoek gedoen is in 1927:

Aantal aansoeke	Redes waarom lenings benodig is
102	Bou van huise op grond wat reeds besit word.
262	Vergroting of verbetering aan eiendom.
107	Aankoop van perde, koeie, donkies, waens ens.
46	Aankoop van voorraad deur klein winkeliers.
134	Betaling van dokters- en hospitaalgelde.
155	Om applikante vakansie te laat hou, meestal na 'n siekte.
430	Vir betaling van drukkende skulde.
108	Vir hulp aan ouers, familie of vriende.
208	Aankoop van huisraad op openbare verkopings.
34	Verbande vir gedeeltelike betaling van koopprys van 'n huis of aanbouing.
83	Vir studie aan Buitemuurse studente.
1669	

Wanneer die statistiek vir die genoemde twee jaar met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die aanvraag vir lenings vir die aangeduide behoeftes, binne vyf jaar feitlik verdubbel het. Dit bewys eerstens dat daar 'n toenemende behoefte aan krediet was en dat al hoe meer mense hulle in die verband na Ons Eerste Volksbank gewend het. Tweedens bewys dit dat die sakegemeenskap steeds te maklik krediet aan die publiek verskaf het. Die statistiek toon ook dat Ons Eerste Volksbank beslis nie 'n woekerinstelling kon wees nie. Die toename in lenings wat hier aangetoon word, bewys dat die bank op 'n gesonde basis bedryf is en dat hulle die spesifieke behoeftes van die publiek aangespreek het wat nie deur gewone banke vervul kon word nie.

Ons Eerste Volksbank wou nie net hulle lede leer om gereeld te spaar nie, maar ook dat hulle 'n verpligting het om elke maand hulle skuld te delg. Wanneer na die statistiek in die verband oor die eerste tien jaar gekyk word, word dit duidelik dat die bank wel in hierdie doel geslaag het. Om dit te kan staaf, word daar weer na die statistiek van 1923 en 1927 gekyk. Die Bestuur het ook daárop gewys dat alle gelde wat uitgeleen is op lenings, teen 1927 ten volle vereffen was, behalwe vir 'n klein bedrag wat afgeskryf is.⁶¹

Tabel 17: Afbetaling van lenings tot 1923:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande einde 1923
1918	£7182.0.0	-
1919	£15835.10.0	£107.8.10
1920	£24621.10.0	£327.4.0
1921	£19412.0.0	£467.16.0
1922	£24829.0.0	£2106.10.0
1923	£29448.12.10	£16208.13.2

Tabel 18: Afbetaling van lenings tot 1927:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande einde 1927
1924	£32789.0.0	£24.8.9
1925	£40405.13.0	£514.8.3
1926	£52895.6.10	£3884.7.11
1927	£59973.15.6	£36475.18.6

Vanaf die ontstaan van Ons Eerste Volksbank het die Bestuur met groot omsigtigheid lenings aan voornemende

61. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, p.5; Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.3.

lede toegestaan. Tog het dit, ten spyte van al die versigtigheid, gebeur dat sommige lede nie hulle lenings gereeld terugbetaal het nie. Rakende hierdie lede is besluit dat 'n lys met name van die sondebokke aan die Bestuur voorgelê moes word. Die Bestuur sou dan besluit watter stappe teen dié persone geneem sou word. Hulle borge is ook uitgenooi om die bank gereeld te besoek ten einde te verneem hoe gereeld die persoon vir wie hy borg gestaan het, sy skuld betaal het.⁶²

Op 17 Desember 1918 het De Volkstem berig dat ten spyte van die ernstige Spaanse griep epidemie wat op daardie stadium aan die orde van die dag was in Pretoria, terugbetalings steeds gereeld geskied het. Daar is wel uitstel aan enkele persone as gevolg van die griep epidemie gegee.⁶³ In 1919 was daar 101 lenings waarop nie gereeld afbetaal is nie. Die meerderheid van hierdie mense het uitstel ontvang en daarna voortgegaan om geleidelik hul skuld te delg. Aan die einde van Desember 1919 was daar twintig gevalle waar lede sonder die nodige toestemming nie hul lenings vereffen het nie. Na vele waarskuwings is die name van hierdie mense vir ondersoek aan die prokureurs oorhandig waarna hulle weer spoedig hul afbetalings hervat het. Net ses van hierdie lede is gedagvaar. Die Bestuur het telkens die lede versoek om gereeld te betaal en indien hulle enige probleme daarmee ondervind, skriftelik om uitstel aansoek te doen. Persone wat nie gereeld betaal het nie, het hul eie kansse belemmer om weer 'n lening te kon kry. Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het hulleself telkens bereid verklaar om mense te help wat dit verdien het om

62.Argief O.E.V., Notule...Bestuursvergadering,
20.9.1918; Ms.203.30, De Volkstem, 15.10.1918.
63.Ms.203.30, De Volkstem, 17.12.1918.

gehelp te word. Daar sou baie streng teen kansvatters opgetree word.⁶⁴

In 1920 was daar heelwat persone wat nog steeds nie hul lenings gereeld afbetaal het nie. Nadat die prokureurs die betrokke lede gedagvaar het, het hulle flink begin terugbetaal. Omdat daar teen hierdie persone opgetree moes word, moes daar onnodige kostes aangegaan word. Na 'n deeglike ondersoek het die Bestuur besluit om aan die einde van 1920 'n bedrag van £165.3.3 as slegte skuld af te skryf. Hierdie bedrag is ten volle gedek deur die reserwe wat daarvoor geskep was en wat reeds £425 bedra het.⁶⁵ Die volgende jaar was daar steeds heelwat lede wat nie hul lenings gereeld afbetaal het nie. Die Bestuur en die bestuurder het aan die einde van 1921 'n bedrag van £437.6.3 as slegte skuld afgeskryf. Reeds in 1921 was die tekens van die na-oorlogse depressie in Pretoria sigbaar. Die depressie het ook 'n groot invloed op die arbeidsveld van Ons Eerste Volksbank uitgeoefen. Dit het die Bestuur en die Kommissie van Toelating gedwing om met nog groter omsigtigheid lenings te oorweeg en toe te staan. Dit is duidelik beklemtoon deur die groot aantal lenings wat geweier is.⁶⁶

Die Bestuur was van mening dat nouer kontak tussen hulle en die lede tot 'n afname in die agterstallige skuld sou lei. Gevolglik is daar besluit om 'n amptenaar aan te wys om van tyd tot tyd agterstallige debiteure te besoek en hulle aan te moedig om hul verpligtings na te kom. Hierdie optrede was uiters

64. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1919...26.3.1920, pp.4-5.

65. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1920...23.3.1921, pp.4-5.

66. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, pp.4-7.

suksesvol.⁶⁷

In 1922 was die Bestuur verplig om 'n verdere bedrag van £216.12.9 as slegte skuld af te skryf, hoewel daar van die vorige jaar se afskrywings weer 'n bedrag van £135.7.6 ingewin is.⁶⁸

Die slegte skuld tussen 1923 - 1927 word in die volgende tabel aangetoon.⁶⁹

Tabel 19: Persentasie slegte skuld by Ons Eerste Volksbank van 1923 - 1927:

Jaar	Bedrag uitgeleen	Bedrag uitstaande	Persentasie
1923	£120457.7.9	£809.0.3	0.67%
1924	£153376.3.7	£904.17.3	0.59%
1925	£193786.16.10	£1003.11.0	0.52%
1926	£246709.10.0	£1063.6.8	0.43%
1927	£306715.6.2	£1214.9.9	0.40%

Hierdie statistiek was voorwaar 'n resultaat waarop enige instelling met reg trots kon wees. Die rede vir hierdie geringe verlies kan toegeskryf word aan die goeie en die grondige ondersoek wat deur die Kommissie van Toelating en die Bestuur ingestel is wanneer 'n persoon om 'n lening aansoek gedoen het. 'n Onbesproke karakter en ywer is as die belangrikste eienskappe beskou. Die ondervinding van Ons Eerste Volksbank in die verband was dieselfde as die van soortgelyke instellings in die buiteland, naamlik dat 'n lening wat

67. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, p.7.

68. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1922...22.3.1923, p.3.

69. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, pp.3-4; Verslag...Boekjaar 1924...12.3.1925, p.4; Verslag...Boekjaar 1925...25.3.1926, pp.3-4; Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, pp.3-4.

aan armes en iemand van die werkende klas toegestaan word, net so veilig indien nie veiliger is nie, as dié aan die ryker klasse van die gemeenskap.⁷⁰

Die Bestuur het telkens gewys op die belangrikheid dat lede hul maandelikse paaieimente gereeld moes vereffen. Omdat daar met duisende klein lenings gewerk is, moes die lede gereeld hul skuld vereffen het, anders sou die administratiewe onkoste die hoogte ingeskiet het. Dit sou meebring dat 'n lae rentekoers nie geregverdig sou kon word nie. Lede wat nie gereeld betaal het nie, sou ook hul kanse benadeel het om weer 'n lening te bekom.⁷¹ Na die eerste tien bestaansjare van die bank het dit duidelik geword dat die debiteure meer gereeld begin terugbetaal het.

Reeds in 1919 het Ons Eerste Volksbank 'n reserwefonds geskep om saam met die bank se kapitaal 'n ekstra waarborg aan leners van die bank te verskaf. Die algemene vergadering van 27 Februarie 1919 het besluit om alle winste wat gemaak word, in die reserwefonds te stort.⁷² Hierdie besluit was daarvoor verantwoordelik dat die reserwefonds elke jaar geleidelik gegroei het. Op 12 Maart 1925 het die algemene vergadering besluit dat artikel 21 van die Statute voortaan gevolg sou word, naamlik dat alle winste gelykop tussen die reserwefonds en die lede verdeel sou word. Lede kon slegs in die winste deel indien hulle die jaarlikse algemene vergadering bygewoon het. Daar is ook besluit dat die lede wat om hierdie rede gepenaliseer sou word,

70. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, pp.3-4.

71. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, p.9.

72. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1919...26.3.1920, p.6.

hulle aandeel van die wins sou verbeur en dat dit dan in die reserwefonds gestort sou word.⁷³ In 1926 is die wins die eerste keer verdeel. 'n Bedrag van £820.17.11 is in die reserwefonds gestort terwyl dieselfde bedrag tot die beskikking van die lede gestel is om tussen hulle verdeel te word. Slegs 235 lede kon hieruit voordeel trek. 'n Bedrag van £763.8.10 waarvoor die lede nie in aanmerking gekom het nie, is terselfdertyd in die reserwefonds gestort.⁷⁴ In 1927 is die bedrag van £893.6.6 in die reserwefonds gestort en die lede het dieselfde bedrag ontvang om onder hulle te verdeel. Weereens het baie min lede voordeel hieruit getrek en daar is weer 'n bedrag van £711.5.7 in die reserwefonds gestort.” Die onderstaande tabel toon aan hoe die reserwefonds tussen 1918-1927 gegroei het.⁷⁶

Tabel 20: Toename in die reserwefonds, 1918 - 1927:

Jaar	Reserwefonds
1918	-
1919	£266.2.3
1920	£1016.10.1
1921	£1951.19.0
1922	£2621.17.1
1923	£3207.10.1
1924	£4240.1.0
1925	£6002.16.11
1926	£7587.3.8
1927	£9191.15.9

73. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1925...25.3.1926, p.7.

74. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1926...24.3.1927, p.6.

75. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1927...29.3.1928, p.5.

76. T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank 1918-1927.

Uit die tabel blyk dit duidelik dat die reserwefonds oor 'n tydperk van nege jaar tot 'n aansienlike bedrag aangegroei het. Dit was ook 'n duidelike bewys dat die publiek al hoe meer vertrouwe in die bank se werksaamhede gestel het. Hierdie fonds het Ons Eerste Volksbank ook in staat gestel om soveel meer lenings toe te staan.

Soos wat die bank finansieel gegroei het, het hulle ook begin om hul surplus kasgeld te belê. Hierdie beleggings het die werkskapitaal van die bank heelwat uitgebrei. In die eerste paar bestaansjare van die bank was dit moeilik om hierdie geld te belê, want die Bestuur moes kon verseker dat daar voldoende kapitaal was om uit te leen en ook in die aanvraag van die lede wat hulle beleggings wou opeis, te kon voorsien. Die onderstaande tabel toon Ons Eerste Volksbank se beleggings oor die eerste tien jaar van die bank se bestaan aan.⁷⁷

77.T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank 1918-1927.

Tabel 21: Beleggings van Ons Eerste Volksbank, 1918 - 1927:

Jaar	Instelling	Tipe belegging	Bedrag belê
1921	Nedbank	Vaste deposito	£6466.10.0
1921	S.A.Reserwebank	Verpligte deposito	£1750
1921	S.A.Reserwebank	Belegging	£250
1922	Nedbank	Vaste deposito	£10047.11.10
1922	S.A.Reserwebank	Belegging	£250
1923	Nedbank	Vaste deposito	£3540
1923	S.A.Reserwebank	Belegging	£250
1924	Nedbank	Vaste deposito	£7500
1924	S.A.Reserwebank	Belegging	£250
1925	Nedbank	Vaste deposito	£6500
1925	United	Vaste deposito	£1500
1925	S.A.Permanent Building & Investment Co. Ltd.	Vaste deposito	£2000
1925	S.A.Reserwebank	5% belasbare Unielening	£2000
1925	S.A.Reserwebank	Belegging	£250
1926	Nedbank	Vaste deposito	£4000
1926	S.A.Reserwebank	5% belasbare Unielening	£2000
1926	S.A.Reserwebank	Belegging	£250
1927	Nedbank	Vaste deposito	£2000
1927	United	Vaste deposito	£2000
1927	S.A.Permanent Building & Investment Co. Ltd.	Spaarrekening	£1000
1927	S.A.Reserwebank	5% belasbare Unielening	£2000
1927	S.A.Reserwebank	Belegging	£250

In 1921 is Ons Eerste Volksbank volgens die nuwe Bank- en Circulasie Wet van 1920 verplig om dekking in goud of goudsertifikate vir alle vaste deposito's en spaarrekeninge by die Suid-Afrikaanse Reserwebank te deponer. Die Bestuur was van mening dat die bank net

soos talle ander spaarbanke, nie deur die wet geraak word nie. Omdat hierdie deposito's geen rente verdien het nie, moes daar vasgestel word of dit wel op Ons Eerste Volksbank van toepassing was. Daar is besluit om deel te neem aan die kapitaalinskrywing by die Reserwebank, omdat die Bestuur oortuig was dat dit wel goeie winste sou meebring. Teen die einde van 1921 het die bank reeds £1750 by die Reserwebank gedeponeer. In 1930 het Ons Eerste Volksbank toestemming gekry om daardie geld te onttrek.⁷⁸ Die hoop is ook uitgespreek dat die bank spoedig hulle beleggingsveld sou kon uitbrei, deur die oortollige kasgeld op 'n meer voordelige wyse te belê.⁷⁹

Teen die einde van 1922 was die beleggings van Ons Eerste Volksbank aansienlik meer as die van die vorige jaar. Ten spyte van die feit dat die pogings om hul beleggingsveld uit te brei, skipbreuk gely het, was die Bestuur steeds hoopvol dat hulle dit wel sou kon doen.⁸⁰ Dit was opmerklik dat die vaste deposito by Nedbank aansienlik minder in 1923 as in 1922 was. Die rede hiervoor was dat daar meer geld in hulle eie bedryf teen 'n gunstiger rentekoers belê is.⁸¹ Die meerderheid van die beleggings was surplusgelde wat tydelik rentegewend gemaak is.

78. Argief O.E.V., Lêer 1: S.J. Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, pp.23-24; T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, p.5.

79. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1921...10.3.1922, pp.5-8.

80. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1922...22.3.1923, p.7

81. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, pp.2-3.

In 1924 het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank daarop gewys dat daar 'n nuwe tendens onder woekeraars in Pretoria ontstaan het, deurdat hulle geld op verbande uitgeleen het. Die renteberekening het in sommige gevalle tot 100% beloop en in die meeste gevalle kon leners nie die onbillike terugbetalingsvoorwaardes nakom nie. Die woekeraars was veral aktief in die Innesdal-omgewing. Dit het daartoe gelei dat heelwat persone hul eiendomme aan die woekeraars moes afstaan. Om hierdie ongesonde situasie te stuit, het die Bestuur besluit om ook geld van Ons Eerste Volksbank beskikbaar te stel vir die toestaan van lenings op eerste verbande op eiendom. Maklike terme vir afbetaling sou gereël word. Alle aansoeke om lenings is deeglik deur die Kommissie van Toelating ondersoek en slegs nadat die Bestuur oortuig was van die applikant se kredietwaardigheid, is die lening toegestaan. Tydens die algemene vergadering van 14 Augustus 1924 is die plan van die Bestuur volledig uiteengesit en algemeen aanvaar. Die Bestuur het daarop gewys dat as die aanvraag na lenings op verbande sou toeneem, daar 'n afsonderlike afdeling spesifiek vir sulke lenings gestig sou moes word. 'n Bedrag van 'n £1000 uit die reserwefonds kon gebruik word om dit te begin.⁸²

In geheel gesien het Ons Eerste Volksbank merkwaardig gegroei en uitgebrei vanaf hul stigting tot en met 1927. Die onderstaande tabel bevestig die positiewe groei.⁸³

-
82. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1924
...12.3.1925, pp.12-13.
83. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1926
...24.3.1927, p.11; Verslag...Boekjaar 1927
...29.3.1928.

Tabel 22: Die finansiële vooruitgang van Ons Eerste Volksbank, 1918 - 1927:

Jaar	Spaar- rekeninge	12 Maande Vaste Deposito's	6 Maande Vaste Deposito's	Lenings	Verbande	Reserwe- fonds
Desember 1918	£1772.14.5	£1247.11.6	£1270.0.0	£4361.12.0	-	£266.2.3
Desember 1919	£3744.13.4	£5503.18.6	£1820.0.0	£9499.10.5	£349.0.0	£266.2.3
Desember 1920	£7406.7.9	£9791.15.6	£3280.0.0	£17289.19.6	£2834.8.7	£1016.10.1
Desember 1921	£10606.11.8	£12618.15.0	£2354.10.0	£14939.17.2	£3837.2.7	£1951.19.0
Desember 1922	£13204.9.8	£13720.0.0	£2010.0.0	£16834.3.0	£5765.5.1	£2621.17.1
Desember 1923	£15836.5.0	£14720.0.0	£1435.0.0	£19217.12.0	£6598.12.3	£3207.10.1
Desember 1924	£19269.6.6	£18575.0.0	£1385.0.0	£20931.3.4	£8487.14.11	£4240.1.0
Desember 1925	£19311.12.10	£21955.0.0	£1500.0.0	£25689.12.6	£10491.8.3	£6002.16.11
Desember 1926	£24037.12.4	£26270.0.0	£1270.0.0	£33996.6.2	£15874.4.10	£7587.3.8
Desember 1927	£28022.6.8	£35575.0.0	£1750.0.0	£40899.3.5	£17920.19.6	£9191.15.9

Hierdie positiewe groei het ook gelei tot 'n geweldige uitbreiding in die werksaamhede van Ons Eerste Volksbank. Aanvanklik het hulle sake vanuit gehuurde kantore in die African Arcade bedryf. Met dié uitbreiding is daar in 1923 besluit om 'n eie gebou op te rig. Hierdie stap was uiters suksesvol, want dit het vertroue by hulle lede en die publiek geskep. Die hele kwessie rakende die geboue van die bank word verder toegelig in 'n aparte hoofstuk.⁸⁴

84.Sien Hoofstuk VI, p.186.

HOOFSTUK V

DIE GROEI EN VOORUITGANG VAN ONS EERSTE VOLKSBANK,
1928 - 19481. Die groei en vooruitgang van Ons Eerste Volksbank,
1928 -1937.

In 1928 is P.J.van Aartsen, een van die stigterslede van Ons Eerste Volksbank, oorlede. Tydens die algemene vergadering van 27 Maart 1929, is J.Clark in sy plek tot direkteur verkies.¹ Na die afsterwe van R.L.O.Versfeld is J.de V.Roos tydens die algemene vergadering van 29 September 1932 as direkteur in sy plek verkies.² Na net een jaar as direkteur moes Roos bedank as gevolg van 'n te druk werkprogram. In 1933 het S.Boorsma ook as direkteur bedank omdat hy Pretoria verlaat het. Die vakatures van dié twee direkteure is tydelik deur H.Hochstetter en prof. E.H.D.Arndt gevul.³ Hierna het die direkteure tot 1937 onveranderd gebly.

Oor die tweede tien jaar van Ons Eerste Volksbank se bestaan, het daar 'n redelike toename in die ledetal plaasgevind. Dit was 'n bewys dat die bank suksesvol was en besig was om die vertroue van die publiek te wen. Hierdie toename word in die onderstaande tabel duidelik weerspieël:⁴

-
- 1.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1928
...27.3.1929, p.1; Verslag...Boekjaar 1929
...3.4.1930, p.1.
 - 2.Ibid., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1932 - 30 Junie
1933...28.9.1933, p.1.
 - 3.Ibid., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1933 - 30 Junie
1934...20.9.1934, p.1.
 - 4.Ibid., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank, 1928
- 30 Junie 1937.

Tabel 23: Toename in ledetal van Ons Eerste Volksbank vir die tydperk 1928 - 1937:

Jaar	1928	1929	1930	1931	1932	1933	1934	1935	1936	1937
Lede	4414	4964	5202	5011	5421	4829	5164	5519	5762	6302

Wanneer na hierdie statistiek gekyk word, moet in gedagte gehou word dat die Groot Depressie van 1929 wat wêreldwyd gevoel is, ook 'n invloed op die ledetal en aktiwiteite van Ons Eerste Volksbank uitgeoefen het. Ten spyte hiervan was daar net in 1931 en in 1933 'n geringe afname in die ledetal. Uit die jaarverslag van 1930 was dit duidelik dat die Bestuur daarvan bewus was dat die depressie ook die bank sou beïnvloed. Daarom was dit nodig dat beide die Bestuur en die Kommissie van Toelating met groter versigtigheid die aansoeke om lenings moes oorweeg.⁵ Die effek van hierdie ekonomiese krisis kon dan ook in die jaar wat op 30 Junie 1932 afgesluit is, waargeneem word. Amerika en Brittanje het as gevolg van die swak ekonomiese toestande hul geld van die goudstandaard losgemaak. Daarteenoor het die Suid-Afrikaanse regering besluit dat die Unie se geld steeds aan die goudstandaard gekoppel sou bly.⁶ In die lig van die swak ekonomiese toestande was dit logies dat daar 'n vermindering in die ledetal sou plaasvind. Hierdie vermindering kan duidelik in die ledetal van 1933 gesien word. Nadat die Unieregering besluit het om op 29 Desember 1932 van die goudstandaard af te stap, het daar in die meeste fasette van die ekonomie 'n verbetering plaasgevind.⁷ Hierdie verligting in die ekonomiese situasie kan ook in die geleidelike toename in die ledetal vanaf 1934

5. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1930...5.3.1931, p.4.

6. Ibid., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1931 - 30 Junie 1932...29.9.1932, p.6.

7. Ibid., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933...28.9.1933, p.7.

gesien word. Hierna sou die aantal lede geleidelik toeneem. In 1935 is Die Volkskas in Pretoria gestig. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Volkskas die arbeidsterrein van Ons Eerste Volksbank betree het en dat dit ook die ledetal van die bank beïnvloed het.⁸ Vanaf 1936 - 1937 het die ledetal met 540 lede toegeneem. Dit was 'n bewys daarvan dat die ekonomiese toestande genormaliseer het en besig was om gunstiger te word. Om die finansiële groei van Ons Eerste Volksbank vir die tydperk 1928 - 1937 aan te dui, kan daar gekyk word na die aanvraag om lenings in hierdie tydperk. Uit hierdie gegewens behoort ook die effek van die Groot Depressie waargeneem te kan word.⁹

Tabel 24: Aanvraag om lenings by Ons Eerste Volksbank tussen 1928 - 1937:

Jaar	Aantal lenings aangevra	Geweier	Toegestaan	Terug-geneem	Uitbetaal	Gemiddeld per lening	Bedrag uitbetaal
Desember 1928	2309	295	2014	75	1939	£21.9.0	£65098.16.0
Desember 1929	2506	312	2194	92	2102	£20.8.6	£70503.11.0
Desember 1930	2560	384	2176	161	2015	£19.8.3	£63120.3.0
Junie 1931	1177	161	1016	57	948	£18.3.9	£29561.7.6
Junie 1932	2313	335	1978	99	1897	£15.12.0	£50625.12.6
Junie 1933	2079	340	1739	104	1635	£13.19.0	£39015.2.0
Junie 1934	2370	318	2052	70	1982	£14.17.0	£48087.5.0
Junie 1935	2788	394	2394	155	2279	£15.1.9	£53690.15.10
Junie 1936	3100	407	2693	137	2556	£14.3.3	£58831.4.9
Junie 1937	3481	390	3091	130	2961	£14.18.3	£68938.6.0

8.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1934 - 30 Junie 1935...26.9.1935, p.8.

9.Ibid., Verslae oor Ons Eerste Volksbank, 1928 - 30 Junie 1937.

Wanneer na dié inligting gekyk word, moet daar in ag geneem word dat Ons Eerste Volksbank sy finansiële jaar na 1930 verander het en dat dit voortaan vanaf 1 Julie tot 30 Junie in die daaropvolgende jaar sou strek. Dit het gevolglik beteken dat die tydperk 1 Januarie 1931 tot 30 Junie 1931 net 'n halfjaarlikse statistiek weergee. Die eerste indruk is dat 1930 ekonomies die heel swakste was, veral as gekyk word na die aantal lenings wat aangevra en geweier is. Dit is ook opvallend dat die gemiddelde lening wat toegestaan is, geleidelik kleiner geword het na 1929 toe die depressie sy invloed ook in Suid-Afrika laat geld het. Gevolglik het die Bestuur as gevolg van die swak en onseker ekonomiese toestand, kleiner en veiliger lenings toegestaan. Wanneer na die totale bedrae gekyk word wat elke jaar as lenings uitbetaal is, word besef dat die groei na 1929 afgeplat het en daar eers weer 'n positiewe groei na 1933 was. Baie faktore het tot hierdie ekonomies onsekere situasie gelei. Een daarvan was byvoorbeeld die kwessie rondom die Unie se koppeling aan die goudstandaard. Dan was daar ook die groei in die goudbedryf wat baie persone as skynvoorspoed afgemaak het. Al bogenoemde en die maklike huurkoop wat tot die publiek se beskikking was, het die situasie vir die bestaan van lenings vir Ons Eerste Volksbank verder gekompliseer.

Sekerlik een van die grootste probleme waarmee die bank te doen gehad het, was om ten spyte van die swak ekonomiese toestande veral tussen 1929 - 1933, die debiteure gereeld hul verpligtinge te laat nakom. Gedurende die eerste tien bestaansjare van Ons Eerste Volksbank het die debiteure gereeld hul verpligtinge

nagekom. Die onderstaande tabel toon die situasie ten opsigte van slegte skuld oor die tydperk 1928 - 1937 aan.¹⁰

Tabel 25: Bedrag as slegte skuld afgeskryf deur Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1937:

Jaar	Bedrag afgeskryf	Bedrag bekom uit vorige afskrywing	Spesiale Reserwe vir Slegte Skuld
31 Desember 1928	£209.15.2	£123.7.9	£250
31 Desember 1929	£277.11.10	£139.13.9	£389.13.9
31 Desember 1930	£206.18.11	£99.12.10	£287.15.9
30 Junie 1931	£302.19.3	£67.14.9	£533.1.11
30 Junie 1932	£298.3.11	£131.12.3	£539.8.6
30 Junie 1933	£230.19.11	£78.10.7	£571.4.4
30 Junie 1934	£161.18.3	£70.9.1	£484.10.2
30 Junie 1935	£245.19.1	£153.2.8	£461.1.5
30 Junie 1936	£216.4.9	£368.11.0	£613.7.8
30 Junie 1937	£392.14.7	£339.12.10	£560.5.11

Uit die bostaande gegewens blyk dit dat die bank baie suksesvol was in hul pogings om slegte skuld aan bande te lê. Ook die instelling van 'n Spesiale Reserwe vir slegte skuld, bestaande uit 'n gedeelte van die wins wat hiervoor aangewend is, asook van die kapitaal wat verhaal is uit vorige afskrywings, het gehelp dat die bank nie finansiële skade gely het nie. Vanaf 1918 - 1928 het Ons Eerste Volksbank £372 110.13.6 uitgeleen, waarvan net £1300.0.5 afgeskryf is, wat beteken het dat net 0.349% van die uitgeleende kapitaal nie terug ontvang is nie.¹¹ In 1929 het die Bestuur daarop gewys dat alles in ag genome die debiteure hul verpligtinge besonder goed nagekom het. In die twaalf jaar van die bank se bestaan, is daar in totaal £443 216.9.7 uitgeleen, hiervan is slegs £1437.16.0 afgeskryf wat

10.T.A.B., W119/II(1): Verslae oor Ons Eerste Volksbank, 1928 - 30 Junie 1937.

11.Ibid., Verslag...Boekjaar 1928...27.3.1929, pp.2-3.

beteken het dat net 0.324% van al die uitgeleende kapitaal nie terug ontvang is nie.¹²

Vanaf 1918 - 1930 het Ons Eerste Volksbank in totaal £506 726.0.0 uitgeleen, daarvan is net £1544.12.1 as slegte skuld afgeskryf, wat beteken dat slegs 0.305% van al die uitgeleende kapitaal nie terug ontvang is nie.¹³ Om die situasie wat slegte skuld betref vanaf 30 Junie 1931 - 30 Junie 1937 onder oë te neem word, die volgende tabel voorgehou.¹⁴

Tabel 26: Persentasie slegte skuld afgeskryf deur Ons Eerste Volksbank, 1931 - 1937:

Jaar	Bedrag uitgeleen	Bedrag uitstaande	Persentasie
30 Junie 1931	£536400.0.0	£1783.6.11	0.33%
30 Junie 1932	£586500.0.0	£2081.10.10	0.36%
30 Junie 1933	£625700.0.0	£2251.10.0	0.36%
30 Junie 1934	£673787.5.0	£2413.8.3	0.35%
30 Junie 1935	£727871.12.0	£2383.9.8	0.33%
30 Junie 1936	£787130.0.0	£2375.19.7	0.30%
30 Junie 1937	£856000.0.0	£2565.4.1	0.30%

Gesien in die lig van die geringe persentasie wat jaarliks as slegte skuld afgeskryf is van die bedrag wat uitgeleen is, dan blyk dit duidelik dat dit 'n besondere prestasie was. Die Bestuur van die bank asook die Kommissie van Toelating het veral in die

12. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1929...3.4.1930, p.2.

13. Ibid., Verslag...Boekjaar 1930...5.3.1931, p.2.

14. Ibid., Verslag...Boekjaar eerste sesmaande van 1931...24.9.1931, p.4. Verslag...Boekjaar 1 Julie 1931 - 30 Junie 1932...29.9.1932, p.4 Verslag...Boekjaar 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933...28.9.1933, p.4; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1930 - Junie 1934...20.9.1934, p.4; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1934 - 30 Junie 1935...26.9.1935, p.5; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1935 - 30 Junie 1936...30.9.1936, p.4; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1936 - 30 Junie 1937...30.9.1937, p.4.

tydperk 1928 - 1937 slegs lenings vir produktiewe doeleindes toegestaan. Juis as gevolg van die swak ekonomiese omstandighede het hulle elke aansoek deeglik oorweeg. Om 'n idee te kan kry van waarvoor die mense aansoek om lenings gedoen het, kan daar onder andere na die statistiek van 1933 en 1937 gekyk word.¹⁵

Tabel 27: Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk, 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933:

Aantal aansoeke	Redes waarvoor lenings benodig is
84	Bou van huise op grond wat reeds besit word.
142	Vergroting of verbetering van eiendom.
77	Aankoop van perde, koeie, donkies, waens ens.
41	Aankoop van voorraad deur klein winkeliers.
324	Vir vakansie meestal na 'n siekbed.
99	Betaling van dokters- of hospitaalgelde.
408	Betaling van drukkende skuld.
142	Hulp aan ouers, familieleden of vriende.
227	Aankoop van huisraad op openbare verkoping.
91	Studiedoeleindes aan buitemuurse studente.
1635	

15. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933... 28.9.1933, pp.3-4;
Verslag... Boekjaar 1 Julie 1936 - 30 Junie 1937, pp.3-4.

Tabel 28: Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk, 1 Julie 1936 - 30 Junie 1937:

Aantal aansoeke	Redes waarvoor lenings benodig is
48	Bou van huise op grond wat reeds besit word.
364	Vergroting of verbetering van eiendom.
74	Aankoop van perde, koeie, donkies, waens ens.
44	Aankoop van voorraad deur klein winkeliers.
817	Vir vakansie meestal na 'n siekbed.
107	Betaling van dokters- of hospitaalgelde.
526	Betaling van drukkende skulde.
151	Hulp aan ouers, familieleden of vriende.
730	Aankoop van huisraad op openbare verkoping.
100	Studiedoeleindes aan buitemurse studente.
2961	

Soos uit die bostaande tabelle blyk, is lenings slegs vir produktiewe doeleindes toegestaan. Die toename in die betaling van drukkende skulde, het bevestig dat krediet steeds te maklik toegestaan word. 'n Verblydende teken was dat in vergelyking met die tydperk Julie 1932 - Junie 1933, meer persone in 1937 geld aan die verbetering van hul eiendom en huise bestee het. Hierteenoor het die aantal lenings vir die betaling van dokters- en hospitaalgelde feitlik konstant gebly. Ten spyte hiervan het die aantal applikante wat lenings bekom het om na 'n siekbed vakansie te hou, meer as verdubbel. Dit bewys dat baie meer applikante geglo het dat die ekonomiese klimaat sodanig verbeter het, dat hulle geld kon leen nie net vir primêre behoeftes nie, maar ook vir ontspanningsdoeleindes. Die aantal aansoeke om lenings deur klein winkeliers vir die aankoop van voorraad het ook konstant gebly. Dit bewys dat daar nie 'n toename in die oprigting van klein-sake-besighede was nie. Dus kan afgelei word dat die sakegemeenskap versigtig optimisties was oor die ekonomiese toestande tussen

1933 - 1937 in die Unie. In geheel gesien het die bank hom goed van sy taak gekwyd, naamlik om lenings toe te staan aan diegene wat dit nodig gehad het en wat steeds hul verpligtinge teenoor die bank nagekom het. In die betrokke tydperk het die aantal aansoeke om lenings met 1326 toegeneem. Dit het daarop gedui dat al hoe meer persone in Pretoria ten spyte van die ekonomiese toestand, hul vertroue in Ons Eerste Volksbank gestel het.

Ons Eerste Volksbank se eerste taak en doel was nie net om aan persone wat in nood was en werklik grondige redes gehad het, lenings toe te staan nie. Hierdie persone moes ook opgevoed word om hul verantwoordelikhede en verpligtinge ten opsigte van die terugbetaling van skuld na te kom. Hierin is een van die bank se belangrikste doelstellings vervat. Uit die statistiek van die vorige hoofstuk¹⁶ het dit duidelik geblyk dat die lede van die bank baie getrou hul verpligtinge nagekom het. In totaal is slegs 'n baie klein bedrag wat oor die tydperk 1918 - 1927 uitgeleen is, nie terugbetaal nie.¹⁷

Om vas te stel hoe die lede hul lenings oor die tweede tien bestaansjare van Ons Eerste Volksbank vereffen het, word daar na die statistiek van die boekjaar 1 Julie 1931 - 30 Junie 1932 en van 1 Julie 1936 - 30 Junie 1937 gekyk.¹⁸

16. Sien Hoofstuk IV, p.105.

17. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1930...5.3.1931, p.3.

18. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1931 - 30 Junie 1932...29.9.1932, p.3; Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank, 1928 - 30 Junie 1937.

Tabel 29: Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1932:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande einde Junie 1932
Desember 1928	£65395.7.4	-
Desember 1929	£71105.16.1	£313.15.6
Desember 1930	£63509.17.3	£2217.15.1
Junie 1931	£29742	£5306.10.4
Junie 1932	£50625.12.6	£30721.15.6

Tabel 30: Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1937:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande einde Junie 1937
Junie 1933	£39015.2.0	-
Junie 1934	£48666.18.8	-
Junie 1935	£54084.7.0	£609.13.0
Junie 1936	£59216.2.9	£5334.4.5
Junie 1937	£68938.6.0	£44982.10.8

Uit hierdie statistiek kan duidelik gesien word dat ten spyte van die swak ekonomiese toestand, die lede getrou hul finansiële verpligtinge nagekom het. Dit is veral ten opsigte hiervan dat die waarde van Ons Eerste Volksbank sterk na vore gekom het. Lede is aangemoedig om gereeld hul paaiement te betaal. Dit het bewys dat minder gegoede lede ook goeie debiteure kon wees. Lede het ook beseft dat 'n gereelde afbetaling bewys het dat hulle kredietwaardig was en dat hulle in die toekoms makliker gehelp sou word. Dit verdien vermelding dat baie persone wat lenings by die bank gekry het, by geen ander bank geholpe kon raak nie, juis as gevolg van hul swak finansiële posisie en omdat hulle nie kredietwaardig genoeg was nie. Hierdie persone het bewys dat in 1928 waar hulle in totaal £65 395.7.4 aan lenings ontvang het, hulle dit binne vier jaar kon delg.

Om die finansiële groei van Ons Eerste Volksbank oor die tydperk 1928 - 1937 te kan evalueer, is dit belangrik om ook te kyk na die toename in die aantal spaarrekeninge. Hieruit sal ook die effek van die depressie op die spaarrekeninge waargeneem kan word. Die onderstaande tabelle dui die toename in die spaarrekeninge aan.¹⁹

TABEL 31: Die toename in die aantal spaarrekeninge, 1928 - 1937:

Jaar	Desember 1928	Desember 1929	Desember 1930	Junie 1931	Junie 1932
Saldo onder £1	333	331	378	394	370
Saldo: £1-£10	460	520	555	589	586
Saldo: £10-£20	127	164	169	176	167
Saldo: £20-£30	80	100	96	106	112
Saldo: £30-£40	52	55	54	55	81
Saldo: £40-£50	44	47	47	49	45
Saldo: £50-£60	50	57	57	65	52
Saldo: £60-£70	30	30	35	31	35
Saldo: £70-£80	17	28	19	25	42
Saldo: £80-£90	21	23	29	20	21
Saldo: £90-£100	19	25	28	28	35
Saldo bo: £100	125	128	118	132	135
Totale aantal rekeninge:	1358	1508	1585	1670	1681

19.T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1928 - 30 Junie 1937.

Tabel 31 (vervolg):

Jaar	Junie 1933	Junie 1934	Junie 1935	Junie 1936	Junie 1937
Saldo onder £1	423	415	406	444	471
Saldo: £1-£10	615	630	610	614	674
Saldo: £10-£20	209	208	228	254	215
Saldo: £20-£30	88	115	118	140	118
Saldo: £30-£40	70	82	91	81	72
Saldo: £40-£50	62	66	68	61	59
Saldo: £50-£60	56	56	46	56	67
Saldo: £60-£70	30	40	51	38	44
Saldo: £70-£80	37	29	47	41	36
Saldo: £80-£90	24	34	42	35	35
Saldo: £90-£100	27	47	48	44	21
Saldo bo: £100	167	145	173	162	182
Totale aantal rekeninge	1808	1867	1928	1970	1994

**TABEL 32: Die toename in die bedrae in spaarrekeninge,
1928 - 1937:**

Jaar	Desember 1928	Desember 1929	Desember 1930	Junie 1931	Junie 1932
Saldo onder £1	£109.0.4	£128.8.2	£144.8.3	£147.0.4	£148.10.0
Saldo: £1-£10	£1651.10.4	£1758.17.3	£1927.6.5	£2171.11.2	£2168.18.3
Saldo: £10-£20	£1762.12.1	£2312.7.9	£2352.17.10	£2504.15.11	£2331.15.2
Saldo: £20-£30	£1919.11.2	£2448.8.5	£2348.1.0	£2541.1.7	£2775.0.10
Saldo: £30-£40	£1773.16.7	£1863.19.9	£1853.10.4	£1856.3.7	£2753.19.1
Saldo: £40-£50	£1936.6.9	£2048.19.6	£2135.16.7	£2200.15.3	£1985.19.6
Saldo: £50-£60	£2726.16.9	£3027.14.6	£3065.10.0	£2397.11.4	£2773.2.3
Saldo: £60-£70	£1898.3.2	£1908.2.8	£2297.10.9	£2002.16.1	£2254.4.5
Saldo: £70-£80	£1267.7.9	£2093.10.3	£1410.14.3	£1867.7.0	£3143.18.9
Saldo: £80-£90	£1781.5.0	£1942.13.7	£2468.1.5	£1682.5.2	£1773.1.0
Saldo: £90-100	£1821.10.0	£2397.15.6	£2647.7.2	£2726.16.0	£3318.14.0
Saldo bo: £100	£13142.3.6	£13354.7.8	£12368.15.5	£13624.14.5	£14273.13.4
Totale saldo	£31790.3.5	£35285.5.0	£35019.19.5	£36822.17.10	£39700.17.2
Gemiddelde saldo per rekening	£23.8.0	£23.8.0	£22.2.0	£22.1.0	£23.12.6

Tabel 32: (vervolg)

Jaar	30 Junie 1933	30 Junie 1934	30 Junie 1935	30 Junie 1936	30 Junie 1937
Saldo onder £1	£165.0.2	£157.13.7	£161.12.2	£176.5.8	£178.19.3
Saldo tussen £1-£10	£2349.17.3	£2358.6.0	£2425.9.11	£2447.1.3	£2660.1.2
Saldo tussen £10-£20	£2950.1.11	£2943.17.11	£3192.6.4	£3587.1.4	£3007.9.1
Saldo tussen £20-£30	£2153.8.9	£2807.5.6	£2878.5.2	£3397.17.7	£2908.6.2
Saldo tussen £30-£40	£2377.16.6	£2852.7.4	£3126.18.2	£2799.5.10	£2457.17.6
Saldo tussen £40-£50	£2763.3.9	£2933.7.1	£3038.10.11	£2711.0.10	£2691.11.10
Saldo tussen £50-£60	£3027.14.4	£3058.1.6	£2506.7.9	£3031.9.3	£3648.8.0
Saldo tussen £60-£70	£1956.10.0	£2580.2.11	£3311.14.11	£2458.9.0	£2848.0.2
Saldo tussen £70-£80	£2772.4.4	£2175.18.6	£3530.14.9	£3076.16.11	£2685.4.4
Saldo tussen £80-£90	£2017.4.3	£2870.10.11	£3545.12.9	£2942.2.2	£2965.11.10
Saldo tussen £90-100	£2555.6.10	£4506.5.3	£4596.4.3	£4247.15.11	£1999.18.0
Saldo bo £100	£17530.0.7	£15277.6.6	£18344.7.6	£17094.3.1	£19291.0.10
Totale saldo	£42618.8.8	£44521.3.0	£50658.4.6	£47969.8.10	£47342.8.2
Gemiddelde saldo per rekening	£23.6.0	£23.17.0	£26.5.6	£24.6.9	£23.15.0

Volgens die Bestuur het daar gedurende 1928 te veel kapitaal na die bank ingestroom. Dit het veroorsaak dat die oormaat van geld nie direk belê kon word nie. Die Bestuur het ook beweer dat die snelle toename van die spaargelde 'n nadelige uitwerking op die bank se winsresultate gehad het. Eers in die tweede helfte van 1928 het die deposito's en spaargelde nie meer so ruim toegevloei nie, daarteenoor het die lenings begin toeneem, wat 'n beter ewewig daargestel het.²⁰ Wanneer gekyk word na die aantal spaarrekeninge vir die tydperk 1928 - 1937 (Tabel 31), is dit opvallend dat die totale aantal rekeninge in geen stadium afgeneem het nie. Daar was steeds 'n geleidelike groei selfs ten spyte van die depressie wat in 1929 begin het. Dit is ook opvallend dat die aantal rekeninge bo 'n £100 steeds goed vertoon het en dat daar nie 'n groot afname

20. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1928...27.3.1929, p.7.

was nie. Wanneer na Tabel 32 gekyk word, word beseft dat 1930 ekonomies gesproke die swakste jaar tot dusver vir Ons Eerste Volksbank was. Die gemiddelde saldo per rekening het met meer as een pond afgeneem. Dit is duidelik dat die boekjaar 1 Julie 1934 - 30 Junie 1935 ekonomies 'n besonderse goeie jaar was, maar die mense was steeds versigtig optimisties oor die herstel van die ekonomie. Dit kan duidelik gesien word in die geleidelike afname in die volgende twee jare. In geheel gesien, bevestig hierdie statistiek die vertroue van die publiek van Pretoria in Ons Eerste Volksbank.

Om te bepaal wat die tendens met vaste deposito's in die tydperk 1928 - 1937 was, kan die volgende tabel van nader beskou word.²¹

Tabel 33: Toename in vaste deposito's tussen, 1928 - 1937:

Jaar	Vaste deposito, 6 maande opsegging	Vaste deposito, 12 maande opsegging
Desember 1928	£1345.0.0	£43425.0.0
Desember 1929	£958.0.0	£54395.0.0
Desember 1930	£1215.0.0	£58840.0.0
Junie 1931	£895.0.0	£62585.0.0
Junie 1932	£695.0.0	£58145.0.0
Junie 1933	£535.0.0	£50831.0.0
Junie 1934	£535.0.0	£48995.0.0
Junie 1935	£485.0.0	£46950.0.0
Junie 1936	£485.0.0	£44665.0.0
Junie 1937	£400.0.0	£44740.0.0

Uit die bostaande is dit duidelik dat daar tot 1931 ten spyte van die depressie, 'n toename in die vaste

21. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1928 - 30 Junie 1937.

deposito's was. Hierdie tendens het ook by ander banke voorgekom en veroorsaak dat daar te veel oortollige gelde op hande was.²² Uit die bostaande statistiek is dit ook duidelik dat beleggers steeds al hoe meer 'n vaste deposito met twaalf maande opsegging verkies het. Die rede hiervoor is die beter rente wat hulle op hul beleggings ontvang het. Die geleidelike afname vanaf 1932 was ook as gevolg van 'n verlaging in die rentekoers op vaste deposito's. Die doel hiermee was om 'n beter balans te verkry tussen die geld wat by die bank belê is, en die wat deur die bank uitgeleen is. In geheel het die vaste deposito's getoon dat die lede steeds bereid was om hul geld by Ons Eerste Volksbank te belê. In soverre dit die reserwefonds van Ons Eerste Volksbank betref, is dit nodig om daarop te wys dat die fonds in die eerste tien bestaansjare aangegroei het tot £9191.15.9 en het dit 'n ekstra waarborg vir lenings en onvoorsiene gebeure verskaf. Die onderstaande tabel dui die groei in die reserwefonds aan:²³

Tabel 34: Groei van die reserwefonds, 1928 - 1937:

Jaar	Reserwefonds
1928	£9958.9.6
1929	£10265.15.10
1930	£11113.16.6
1 Januarie 1931-30 Junie 1931	£12004.14.11
1 Julie 1931-30 Junie 1932	£12255.8.3
1 Julie 1932-30 Junie 1933	£12455.8.3
1 Julie 1933-30 Junie 1934	£12555.8.3
1 Julie 1934-30 Junie 1935	£13099.13.7
1 Julie 1935-30 Junie 1936	£13850.2.10
1 Julie 1936-30 Junie 1937	£14785.14.2

22. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar eerste ses maande van 1931...24.9.1931, p.7.

23. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1928 - 30 Junie 1937.

Uit die bostaande kan waargeneem word dat die reserwefonds geleidelik gegroei het. Hierdie groei was ook 'n bewys dat die bank finansiëel suksesvol was, omdat dit aangevul is uit die winste wat vir elke boekjaar verkry is. Aan die einde van 'n boekjaar het die Bestuur besluit hoe die netto wins verdeel moes word. In baie gevalle is hierdie wins in die reserwefonds gestort om dit te versterk veral in finansiëel moeilike tye. In gevalle waar die netto wins van 'n boekjaar verdeel is tussen die reserwefonds en die lede, het dit gebeur dat min lede gekwalifiseer het omdat hulle nie die algemene vergadering bygewoon het nie. Tydens die algemene vergadering van 29 Maart 1928 is daar besluit dat ooreenkomstig artikel 21 van die Statute van Ons Eerste Volksbank die wins van 1927 soos volg verdeel sou word: die een helfte (£443.1.3) aan die lede terwyl die ander helfte in die reserwefonds gestort sou word. Slegs 808 lede kon in die wins deel, omdat hulle die algemene vergadering bygewoon het, maar omdat min lede hierdie vergaderings bygewoon het, kon 'n bedrag van £322.8.0 in die reserwefonds gestort word." Hierdie verdeling sou meer lede aangemoedig het om die algemene vergaderings by te woon. Die volgende statistiek toon aan hoe die netto

24.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar
1928...27.3.1929, p.5.

wins vir die tydperk 1928 - 1937 verdeel is.²⁵

**Tabel 35: Verdeling van wins by Ons Eerste Volksbank,
1928 - 1937:**

Jaar	Netto wins	Bedrag na reserwefonds	Bedrag na lede
1928	£299.17.3	£299.17.3	-
1929	£841.0.8	£841.0.8	-
1930	£1000.0.0	£500.0.0	£500.0.0
30 Junie 1931	£250.0.0	£250.0.0	-
30 Junie 1932	£200.0.0	£200.0.0	-
30 Junie 1933	£100.0.0	£100.0.0	-
30 Junie 1934	£580.0.0	£290.0.0	£290.0.0
30 Junie 1935	£800.0.0	£400.0.0	£400.0.0
30 Junie 1936	£1000.0.0	£500.0.0	£500.0.0
30 Junie 1937	£435.11.4	£444.2.3	-

Namate Ons Eerste Volksbank se reserwefonds sterker geword het, het dit die Bestuur in staat gestel om die rente op lenings tot drie pennies per pond per maand te verlaag. Die Bestuur het egter nog steeds gehoop dat die rente verder verlaag sou kon word tot op die punt waar 'n verdere verlaging nie meer moontlik sou wees nie. Die renteverlaging tot drie pennies per pond was volgens die Bestuur reeds te laag vir 'n volksbank wat

25. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1929...3.4.1930, p.4; Verslag...Boekjaar 1930...5.3.1931, p.3; Verslag...Boekjaar oor die eerste ses maande van 1931...24.9.1931, p.6; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1931 - 30 Junie 1932...29.9.1932, p.6; Verslag...Boekjaar...1 Julie 1932 - 30 Junie 1933...28.9.1933, p.6; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1933 - 30 Junie 1934...20.9.1934, p.6; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1934 - 30 Junie 1935...26.9.1935, p.5; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1935 - 30 Junie 1936 ... 30.9.1936, p.6; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1936 - 30 Junie 1937...30.9.1937, p.6; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938...21.9.1938, p.6.

net met sy werksaamhede begin het.²⁶ Die ideaal van die bank was steeds om die rente op lenings tot 2 pennies per pond per maand te verlaag. Dit het egter in gedrang gekom deur die vestiging van Volkskas in Pretoria, wat beteken het dat hulle ook in Ons Eerste Volksbank se arbeidsveld werksaam sou wees. Die twee instellings het in 1934 reeds persone afgevaardig om met mekaar samesprekings te voer oor moontlike samewerking. Hierdie samesprekings was egter onsuksesvol.²⁷ Na 1928 word daar nie meer in die jaarverslae melding gemaak van die rente wat Ons Eerste Volksbank sy lede bespaar het nie. Die rede wat hiervoor aangevoer is, was dat na die instelling van die Woekerwet van 1926 dit onnodig was om dit langer aan te dui. Die instelling van die Woekerwet het nie beteken dat die woekeraars verdwyn het nie.²⁸

Wat betref die rentevergoeding op vaste deposito's en spaarrekeninge, moes die bank hom deur ekonomiese toestande laat lei. Na 1932 het heelwat handelsbanke hul rente op vaste deposito's asook op spaarrekeninge tot 2% per jaar verminder. Oor die eerste halfjaar van 1931 het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank die rente op vaste deposito's met een jaar opsegging, tot 5% per jaar verminder. Die rente op spaarrekeninge is ook tot 4% per jaar verlaag. Hierdie rentekoerse het steeds baie gunstig met ander instellings vergelyk. Dit het ook nie tot 'n vermindering in die aantal vaste

26. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1928...27.3.1929, p.7.

27. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1934 - 30 Junie 1935...26.9.1935, p.8.

28. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1929...3.4.1930, p.12.

deposito's of spaarrekeninge gelei nie.²⁹ Die volgende jaar is die rentekoers van vaste deposito's tot 4% verlaag. Daar was volgens die Bestuur 'n beter wisselwerking tussen die uitset van geld in klein lenings en die vermindering in rentevergoeding op vaste deposito's. Dit het die hoop laat ontstaan dat die volgende aantal jare beter resultate sou oplewer.³⁰ Met die verbetering van die ekonomiese toestande in die Unie, het die publiek al hoe meer geld by Ons Eerste Volksbank belê. Dit het die Bestuur verplig om na 'n jaar weer die rentekoerse op vaste deposito's en spaarrekeninge te hersien. Daar is bepaal dat alle nuwe vaste deposito's met 'n jaar opsegging, 4% rente per jaar sou ontvang. Spaarrekeninge het 3½% rente per jaar ontvang.³¹

In die boekjaar 1 Julie 1935-30 Junie 1936 was daar 'n groot toename in die aantal lenings. Hierteenoor was daar 'n klein daling in vaste deposito's asook in spaarrekeninge wat grootliks toegeskryf kan word aan die daling in die rentekoers. Dit, volgens die Bestuur, het 'n gesonde aanpassing in die totale aantal krediteure teenoor die totale aantal debiteure bewerkstellig. Die Bestuur was van mening dat solank die geldmark in die Unie oorvoer was, daar geen verbetering sou kom nie en dat die rentekoers daarom steeds so laag sou bly.³²

Gedurende die tydperk 1928-1937 het Ons Eerste

29. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933... 28.9.1933, pp.7-8.

30. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1933 - 30 Junie 1934... 20.9.1934, pp.7-8.

31. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1934 - 30 Junie 1935... 26.9.1935, p.7.

32. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1935 - 30 Junie 1936... 30.9.1936, p.7.

Volksbank geld by talle finansiële instellings belê. Die rente verdien uit hierdie beleggings, is weer herbelê totdat dit as werkskapitaal benut kon word. Gedurende die tydperk 1928-1937 het die bank ook heelwat verbande toegestaan. Die doel hiermee was om lede te help om 'n eie huis te bekom. In die meeste gevalle sou die persone wat verbande by die bank bekom het, dit by geen ander instelling kon verkry nie. Was Ons Eerste Volksbank nie daar nie, sou baie persone hulle op woekeraars moes verlaat. Dit was juis hierdie euwel wat die bank probeer voorkom het. Die onderstaande tabel weerspieël die toename in die totale bedrae wat in die vorm van verbande in die tydperk 1928-1937 toegestaan is.³³

Tabel 36: Toename in verbande toegestaan deur Ons Eerste Volksbank, 1928-1937:

Jaar	Verbande
1928	£25078.8.0
1929	£30878.6.7
1930	£32347.12.11
30 Junie 1931	£31116.12.6
30 Junie 1932	£31200.4.7
30 Junie 1933	£30207.6.0
30 Junie 1934	£23818.18.8
30 Junie 1935	£22346.12.11
30 Junie 1936	£19164.14.9
30 Junie 1937	£18699.3.2

Uit die tabel kan waargeneem word dat die kapitaal wat vir verbande toegestaan is, tot 1930 geleidelik toegeneem het. Na 1931 het die kapitaal wat vir verbande bewillig is, geleidelik afgeneem. Die rede

33. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1928 - 30 Junie 1937.

hiervoor was dat daar aan al hoe minder lede lenings op verbande toegestaan is. Persone wat aansoek vir verbande gedoen het, is baie streng beoordeel, gevolglik was daar baie wat nie gekwalifiseer het nie. Tog is dit duidelik dat Ons Eerste Volksbank ook op dié terrein goeie werk verrig het.

Om die tydperk 1928-1937 in perspektief te plaas, moet daar gekyk word na die invloed en die gevolge van die depressie. Teen 1928 het Ons Eerste Volksbank 'n punt bereik waar die reserwefonds so sterk was dat 'groot winste nie meer nodig was nie.³⁴ Was dit nie hiervoor nie, kon dit baie sleg met die bank tydens die depressie gegaan het. Daar moet ook onthou word dat die Bestuur baie nougeset te werk gegaan het om 'n kerngesonde finansiële beleid te volg. Teen 1929 was daar 'n groot vermeerdering in al die aktiwiteite van die bank en het hul werksaamhede radikaal toegeneem. Hulle het ook verwag om in 1929 hul tweede nuwe gebou te betrek. Ten spyte van al die voorspoed het die Bestuur telkens hul misnoeë teenoor die handelsgemeenskap van Pretoria uitgespreek, wat na hul mening te maklik krediet verskaf het. Dit was veral die verleidelike huurkoopstelsel wat kritiek uitgelok het. Die Bestuur het telkens gewaarsku dat indien teenspoed soos siekte of werkloosheid sou voorkom, diegene wat gebruik gemaak het van die huurkoopstelsel, alles sou verloor. Die Bestuur het telkens die publiek van Pretoria genooi om voordat hulle huurkoop oorweeg het, eers by Ons Eerste Volksbank te kom aanklop.³⁵

In die jaarverslag van 1930 het die Bestuur aangetoon

34. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1928...27.3.1929, p.7.

35. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1929...3.4.1930, pp.5-7.

dat 1929 ekonomies die moeilikste jaar was. Die depressie wat in 1929 begin en oor die hele wêreld versprei het, het ook na Suid-Afrika versprei.³⁶ Dit het beteken dat die Bestuur en die Leningskomitee (Kommissie van Toelating) baie versigtiger te werk moes gaan in die oorweging van aansoeke. Die effek van die depressie op Ons Eerste Volksbank kon duidelik waargeneem word in die daling in die bedrae wat as lenings toegestaan is. Ook het daar by die bank net soos by ander derglike instellings, 'n afname gevolg in die normale beleggings en 'n toename in deposito's en spaargelde. Hierdie tendens het ook 'n nadelige invloed op die winsresultate uitgeoefen. Ten spyte van hierdie swak toestande het die bank steeds hul lede gelei om onafhanklik van die kredietstelsel te bly en 'n eie reserwe deur 'n spaarrekening op te bou.³⁷

Die ekonomiese krisis het in 1932 'n hoogtepunt bereik. Baie lande het besluit om hul geldeenhede van die goudstandaard los te maak. Die Unieregering het egter besluit om steeds die goudstandaard te handhaaf. In Suid-Afrika het die toestande so versleg dat baie boere uiteindelik hul plase verloor het en 'n heenkome in die stede gaan soek het. Talle nywerhede moes as gevolg van die vermindering in koopkrag werknemers ontslaan. Dit het veroorsaak dat baie mense werkloos was en insolvensies was aan die orde van die dag. Almal het probeer bespaar, selfs personeel se werksure is ingekort. Baie van die persone wat deur die toestande geraak is, was in die arbeidsveld van Ons Eerste Volksbank. Selfs gedurende die swak toestande het die bank nooit enige geregverdigde aansoeke om lenings

36. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1930...5.3.1931, p.4.

37. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar oor die eerste ses maande van 1931...24.9.1931, pp.7-9.

geweier nie. Die Bestuur het daarop gewys dat juis in sulke moeilike tye daar 'n groter behoefte om hulp was. Hulle het besef dat hulle moes sorg dat die aansoeke om lenings in 'n gesonde verhouding moes bly met die verminderde inkomste van die applikante. Lenings moes ook net vir werklik verdedigbare doeleindes toegestaan word. Daar is ook besef dat aansoeke vir lenings wat werklik nie nodig was nie, geweier behoort te word.

Nadat Engeland in 1931 van die goudstandaard afgestap het, het baie persone hul spaar- en depositogelde onttrek. Dit het tot gevolg gehad dat baie bou- en ander beleggingsmaatskappye genoodsaak was om die uitleen van geld te staak. Dat hierdie verskynsel nie by Ons Eerste Volksbank voorgekom het nie, het bewys dat die deposante baie vertrou in die instelling gehad het. Ten spyte van die ekonomiese toestand, was dit steeds die strewe van die bank om 'n gesonde toestand en likiditeit te handhaaf.³⁸

In die tweede helfte van 1932 was daar tekens van ekonomiese herlewing. Dit was van korte duur, want kort hierna het die produktepryse en werkloosheidsyfer drasties gestyg. Om sake verder te vererger, is die Unie in die heel ergste droogte tot op daardie stadium, gedompel. Dit op sigself het 'n geweldige impak op die ekonomie gehad. Gelukkig het die regering besluit om die Uniepond van goud te skei. Binne enkele maande het die geldeenheid dramaties gestyg en het buitelandse beleggings begin terugkeer. Hierdie oorfloed van geld kan duidelik waargeneem word in die opgawe van die balanse van die handelsbanke by die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Op 30 Desember 1932 het hierdie balanse

38.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1931 - 30 Junie 1932...29.9.1932, pp.6-9.

£3 833 215.0.0 bedra, en op 11 Augustus 1933 het dit tot £27 195 538.0.0 gestyg. Ook die verloop van sake by Ons Eerste Volksbank het geweldig verbeter. Die regering en baie ander instellings het alles in hul vermoë gedoen om toestande te normaliseer, werkers is heraan gestel en hul salarisse heraan gepas. Ten spyte van die voorspoed het die Bestuur van die bank weer gemaan dat die ekonomiese krisis nog nie afgeweer was nie. Tog was die Bestuur ook optimisties dat as die pryspeil sou verbeter, welvaart weer sou terugkeer. Met die verbetering van die inkomste van die bevolking en in besonder ook in Pretoria, kon dit meebring dat sake vir die bank ook sou verbeter. 'n Belangrike faktor wat verdere groei in Ons Eerste Volksbank sou meebring, was die oprigting van die Yster en Staal Korporasie (YSKOR) in Pretoria.³⁹

Uit die jaarverslag van die jaar wat eindig op 30 Junie 1934 blyk dit dat die ekonomiese probleme besig was om op te klaar. Die Bestuur was baie tevrede met die verloop van sake. Hulle was ook weer in staat om die helfte van die wins onder die lede te verdeel. Hierdie algemeen gunstige toestande wat in die Unie geheers het, het ook 'n gunstige uitwerking op die sake van Ons Eerste Volksbank gehad. Aangesien daar 'n groter kapitaalvloei in Pretoria was gedurende dié boekjaar, is daar dan ook heelwat meer lenings aangevra en was die bedrae wat toegestaan is aansienlik hoër.⁴⁰

Die finansiële groei van Ons Eerste Volksbank vanaf 1928-1937 kan aan die hand van die volgende gegewens

39. T.A.B., W119/II(1): Verlag...Boekjaar 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933...28.9.1933, pp.6-9.

40. T.A.B., W119/II(1): Verlag...Boekjaar 1 Julie 1933 - 30 Junie 1934...20.9.1934, pp.6-7.

toegelig word.⁴¹

Tabel 37: Groei van Ons Eerste Volksbank, 1928-1937:

Jaar	Spaar- rekeninge	12 Maande Vaste deposito's	6 Maande Vaste deposito's	Voorskotte	Verbande	Reserwe- fonds
Desember 1928	£31790.3.5	£43425.0.0	£1345.0.0	£45772.7.11	£25078.8.0	£9958.9.6
Desember 1929	£35285.5.0	£54395.0.0	£985.0.0	£51444.13.3	£30878.6.7	£10264.15.10
Desember 1930	£35019.19.5	£58840.0.0	£1215.0.0	£48863.3.2	£32347.12.11	£11113.16.6
Junie 1931	£36822.17.10	£626585.0.0	£895.0.0	£45720.17.0	£31116.12.6	£12004.14.11
Junie 1932	£39700.17.2	£58145.0.0	£695.0.0	£38559.16.5	£31200.4.7	£12255.8.3
Junie 1933	£42618.8.8	£50831.0.0	£535.0.0	£32770.5.4	£30207.6.0	£12455.8.3
Junie 1934	£445211.3.0	£48995.0.0	£535.0.0	£37319.9.1	£23818.18.8	£12555.8.3
Junie 1935	£50658.4.6	£46950.0.0	£485.0.0	£41588.3.11	£22346.12.11	£13099.13.7
Junie 1936	£47969.8.10	£44665.0.0	£485.0.0	£44603.19.7	£19164.14.9	£13850.2.10
Junie 1937	£47342.8.2	£44740.0.0	£400.0.0	£50926.8.1	£18699.3.2	£14785.14.2

2. Die groei en vooruitgang van Ons Eerste Volksbank, 1938-1948.

Op die algemene vergadering van 21 September 1938 is die bedanking van James Clark as direkteur van Ons Eerste Volksbank aanvaar. Die Bestuur het T.C.Sandrock in sy plek as direkteur benoem.⁴² Twee jaar later het Sandrock na die Vrystaat verhuis en moes daarom as direkteur bedank.⁴³ In 1941 is S.N.van Vuuren as direkteur in die plek van Sandrock verkies.

41. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1936 - 30 Junie 1937...30.9.1937; Verslag...Boekjaar oor die eerste ses maande van 1931...24.9.1931.

42. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1938 - 30 Junie 1939...28.9.1939, p.1.

43. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941...24.9.1941, p.1.

Dr.E.H.D.Arndt is deur die Goewerneur-generaal as Registrateur van Banke aangestel en moes daarom ook as direkteur bedank.⁴⁴ Die Bestuur het besluit om S.J.Bezuidenhout wat in 1942 bedank het as bestuurder van Ons Eerste Volksbank, in Arndt se plek as direkteur aan te stel.⁴⁵ In 1944 het Dommissie as direkteur en voorsitter van die bank bedank en hy is dadelik tot ere-direkteur benoem. In Dommissie se plek is J.P.Kakebeeke as direkteur benoem.⁴⁶ In 1947 het H.Hochstetter as direkteur bedank en in sy plek is G.H.Braak as benoem.⁴⁷ Dit is belangrik om te vermeld dat dr.C.G.du Toit as bestuurder van Ons Eerste Volksbank in die plek van Bezuidenhout aangestel is. Hy het die pos net vir twee maande bekleed voordat hy bedank het en in sy plek is P.J.van B. Marais as bestuurder aangestel. In die plek van Dommissie wat in 1944 as voorsitter bedank het, is S.N.van Vuuren verkies. Volledigheidshalwe word die volgende naamlys verstrek van die bestuurders, voorsitters en ere-direkteure van Ons Eerste Volksbank aan te toon.⁴⁸

Bestuurders	Aanstellingsdatum
C.J.Zorn	02.01.1918 - 31.12.1925
S.J.Bezuidenhout	02.01.1926 - 31.12.1942
Dr.C.G.du Toit	02.01.1943 - 31.03.1943
P.J.Van B.Marais	01.04.1943 -

44.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1941 - 30 Junie 1942...30.9.1942, p.1.

45.Argief O.E.V., Jaarverslag van Ons Eerste Volksbank oor die Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943 uitgebring in die algemene vergadering van 30.9.1943, p.1. (Hierna Verslag...Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943...30.9.1943, p.1.)

46.Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1944 - 30 Junie 1945...27.9.1945, p.1.

47.Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948...30.9.1948, p.1.

48.Argief O.E.V., Lêer 1: P.J.Van B. Marais, Ons Eerste Volksbank, p.10.

Voorsitters

C.C.Logan	02.01.1918 - 12.03.1925
J.Dommissie	12.03.1925 - 21.09.1944
S.N.van Vuuren	21.09.1944 - 10.06.1955

Ere-direkteure**(lewenslank)**

J.Postmus	07.04.1920
C.C.Logan	12.03.1925
J.Dommissie	21.09.1944

Die tydperk vanaf 1938-1948 was 'n interessante tydperk waarin die toename in die ledetal van die bank telkens gefluktueer het, maar nietemin staan die einde van die tydperk tog in die lig van 'n aansienlike toename in die ledetal, soos blyk uit die onderstaande tabel.⁴⁹

Tabel 38: Toename in die ledetal van Ons Eerste Volksbank vir die tydperk, 1938-1948:

JAAR	LEDE
1938	6266
1939	6764
1940	6729
1941	5880
1942	5306
1943	5243
1944	5338
1945	5313
1946	5732
1947	6600
1948	7212

Soos duidelik blyk uit die voorafgaande was daar gedurende 1938-1939 'n geleidelike toename in die ledetal van Ons Eerste Volksbank. Hierna tree daar 'n

49.T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948

duidelike afname in die ledetal in. Die rede hiervoor kan slegs aan die Tweede Wêreldoorlog en die gepaardgaande spanning en onsekerheid toegeskryf word. Vanaf 1947 was daar weer 'n positiewe groei in die ledetal. Dit was na die afloop van die oorlog en die terugkeer na normaliteit.

Om die werklike vooruitgang van Ons Eerste Volksbank te kan bepaal vir die tydperk 1938-1948, moet daar gekyk word na die toename in die bedrae wat aan lenings toegestaan is. Uit hierdie statistiek sal ook die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog waargeneem kan word.⁵⁰

Tabel 39: Toename in die bedrae wat aan lenings gedurende 1938 - 1948 toegestaan is:

Jaar	Bedrag aan lenings toegestaan
1938	£51940.0.7
1939	£65084.19.11
1940	£54225.10.7
1941	£40931.16.3
1942	£41241.19.2
1943	£40655.5.3
1944	£43254.6.6
1945	£44910.19.10
1946	£56495.13.9
1947	£87431.5.5
1948	£105480.4.7

Die rekord styging in die toegestane lenings vir die tydperk 1938-1948 van £131 44.19.4 is veroorsaak deur die vermindering in rentekoers wat in Oktober 1938 aangekondig is.⁵¹ Dit is interessant om daarop te let

50. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948

51. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1938 - 30 Junie 1939...28.9.1939, p.3.

dat daar in 1940 'n afname van £10859.9.4 in die bedrag was wat aan lenings toegestaan is. Hierdie daling is regstreeks deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak. Daar was veral 'n afname in die aantal aansoeke om klein persoonlike lenings. Vir die Bestuur was dit 'n verblydende verskynsel, omdat dit bewys het dat die publiek besef het dat daar in moeilike tye net vir noodsaaklike behoeftes skuld gemaak moes word. Die afname is verder beïnvloed deur die regering se afkondiging van 'n gedeeltelike moratorium op die toestaan van lenings aan persone wat aktiewe militêre diens sou verrig het. Aangesien die moratorium op 'n groot deel van die leners van die bank van toepassing was, het die Bestuur besluit om alle aansoeke vir persoonlike lenings van persone wat hulself vir aktiewe militêre diens aangemeld het of van plan was om dit nog te doen, te weier.⁵² Die Bestuur het ook daarop gewys dat die vermindering van die bedrag wat aan lenings toegestaan is, nie net deur die oorlog veroorsaak is nie. Baie lede het oortyd gewerk en het nie meer 'n lening nodig gehad nie. Dit het veroorsaak dat die bedrag wat in 1941 vir lenings toegestaan is, met £13294 gedaal het.⁵³

In 1942 was daar reeds tekens te bespeur dat wat die lenings betref, die situasie besig was om te normaliseer. Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank was ook oortuig daarvan dat wanneer die oormatige aktiwiteit in die arbeidsmark sou afneem, daar 'n groter vraag na klein lenings sou wees.⁵⁴ Vanaf 1944 was dit duidelik dat die aanvraag na lenings besig was

52.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940...26.9.1940, pp.2-8.

53.T.A.B., W119/II(1); Verslag...Boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941...24.9.1941, p.8.

54.Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943...30.9.1943, p.8.

om na die normale terug te keer. Die Bestuur was positief dat daar voortaan weer 'n geleidelike toename sou plaasvind. Daar is ook aangevoer dat die verbeterde aanvraag na klein lenings veroorsaak is deurdat 'n ander instelling wat ook klein lenings beskikbaar gestel het, sy Pretoriatak gesluit het.⁵⁵ Om die verbeterde aanvraag van lenings die beste te kan illustreer, moet gekyk word na die styging in aansoeke om lenings in die tydperk 1946-1947 wat in totaal op £30936 in een boekjaar te staan gekom het.⁵⁶ Hierdie positiewe styging het tot in 1948 bly voortduur.

Die grootste probleem waarmee enige finansiële instelling in swak ekonomiese tye te doen het, is slegte skuld. Hierdie situasie word in soverre dit Ons Eerste Volksbank betref in die tabel op bladsy 168 aangedui.⁵⁷

Uit dié inligting blyk dit dat daar in totaal slegs 'n baie klein gedeelte van die geld wat uitgeleen is, nie terug ontvang is nie. Omdat die jaarverslag van 1942 as gevolg van die skaarste aan papier nie volledig is nie en die jaarverslag van 1948 nie so volledig is soos die ander nie, kan die statistiek nie behoorlik vergelyk word nie. Uit die jaarverslag van 1949 blyk dit dat in die een en dertig en 'n halwe bestaansjaar van Ons Eerste Volksbank daar in totaal 'n bedrag van £1 856 282 uitgeleen is, waarvan

55. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1943 - 30 Junie 1944...21.9.1944, p.2.

56. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947...25.9.1947, p.7.

57. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948. (Hierna Jaarverslae 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942.)

Tabel 40: Bedrae afgeskryf as slegte skuld deur Ons
Eerste Volksbank gedurende, 1938-1948:

Jaar	Bedrag afgeskryf	Spesiale reserve vir slegte skuld
1938	£344.13.11	£852.12.5
1939	£562.18.5	£1099.1.4
1940	£416.10.8	£1480.7.6
1941	£498.3.6	£1500.0.0
1942	£390.8.11	£1574.4.6
1943	£142.6.7	£1879.17.2
1944	£375.17.2	£1779.11.10
1945	£122.0.5	£1657.11.5
1946	£113.17.6	£1543.13.11
1947	£64.0.6	£1750.0.0
1948	£596.19.1	£2000.0.0

slegs £4661.17.4 as slegte skuld afgeskryf is. Dit is gelyk aan 0.2511% van die totale uitgeleende kapitaal.⁵⁸ Dit is dus duidelik dat die debiteure van die bank hul verpligtinge baie nougeset nagekom het. Die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het, soos dit die gebruik was, slegs lenings vir produktiewe doeleindes toegestaan. Weereens sou hulle en die Kommissie van Toelating groot omsigtigheid aan die dag moes lê as gevolg van die swak ekonomiese toestande na die Tweede Wêreldoorlog. Die statistiek in tabelle 41 en 42 sal ook aandui wat die behoeftes van die leners voor, tydens en na die Tweede Wêreldoorlog was.⁵⁹

Uit hierdie statistiek kan afgelei word wat die behoeftes van die leners voor die oorlog in 1938 was. Tydens die oorlog in 1943 was daar 'n afname in die behoeftes van die leners. Behalwe dat heelwat

58. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1948 - 30 Junie 1948...27.10.1949, p.4.

59. T.A.B., W119/II(1):Verslag...Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938; Argief O.E.V., Jaarverslae 1 Julie 1943 -30 Junie 1947.

Tabel 41: Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938:

Aantal aansoeke	Redes waarvoor lenings benodig is
39	Bou van huise op grond wat reeds besit is.
273	Vergroting van of verbetering van eiendom.
144	Aankoop van perde, koeie, esels, waens ens.
49	Aankoop van voorrade deur klein winkeliers.
854	Vir vakansiedoeleindes meestal na 'n siekbed.
105	Betaling van dokters- of hospitaalgelde.
111	Hulp aan ouers, familieleden of vriende.
548	Betaling van drukkende skulde.
684	Aankoop van huisraad op openbare verkoping.
107	Vir studiedoeleindes.
2914	

Tabel 42: Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 12 Julie 1942 - 30 Junie 1943:

Aantal aansoeke	Redes waarvoor lenings benodig is
58	Bou van huise op grond wat reeds besit is.
127	Vergroting van of verbetering van eiendom.
77	Aankoop van veestapels of landbougereedskap.
38	Aankoop van voorrade deur klein winkeliers.
608	Vir vakansiedoeleindes meestal na 'n siekbed.
106	Vir dokters- en hospitaalgelde.
70	Vir hulp aan ouers, familieleden of vriende.
207	Betaling van drukkende skulde.
845	Aankoop van huisraad en huislike benodighede.
79	Vir studiedoeleindes.
2215	

moontlike leners aan die oorlog deelgeneem het en nie vir lenings aansoek gedoen het nie, was daar tog ook positiewe gevolge. In 1943 het meer lede lenings ontvang om hul eie huise te bou en baie het geld geleen om huisraad en ander benodighede aan te koop. Daar was

Tabel 43: Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947:

Aantal aansoeke	Redes waarvoor lenings benodig is
102	Bou van huise op eie grond.
294	Vergroting van of verbetering van eiendom.
185	Aankoop van veestapels of landbougereedskap.
55	Aankoop van voorrade deur klein winkeliers.
618	Vir vakansiedoeleindes meestal na 'n siekbed.
175	Vir dokters- en hospitaalgelde.
73	Vir hulp aan ouers, familieledede of vriende.
259	Betaling van drukkende skulde.
1398	Aankoop van huisraad en huislike benodighede.
94	Vir studiedoeleindes.
3253	

ook 'n kleiner aanvraag na lenings om drukkende skuld mee te vereffen. Dit was 'n bewys dat die mense heelwat minder skuld tydens die oorlog aangegaan het. Dit was 'n verblydende aspek, want die leners het besef dat hulle slegs geld moes leen indien dit werklik nodig was. Teen 1947 het die ekonomiese situasie wêreldwyd begin herstel. Hierdie herstel kon duidelik waargeneem word in die groeiende behoeftes van die leners by Ons Eerste Volksbank.

Uit die volgende inligting kan waargeneem word hoe gereeld die leners hul lenings oor die tydperk 1938-

Tabel 44: Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1938:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande 30 Junie 1938
1 Julie 1935-30 Junie 1936	£59216.2.9	£620.6.3
1 Julie 1936- 30 Junie 1937	£68938.6.0	£6067.11.10
1 Julie 1937- 30 Junie 1938	£71097.12.0	£45242.2.6

Tabel 45: Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1943:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande 30 Junie 1943
1 Julie 1940- 30 Junie 1941	£56074.10.0	£246.15.9
1 Julie 1941- 30 Junie 1942	£59622.0.0	£3267.12.8
1 Julie 1942- 30 Junie 1943	£59884.0.0	£37140.16.10

Tabel 46: Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1947:

Jaar	Bedrag voorgeskiet	Bedrag uitstaande 30 Junie 1947
1 Julie 1944- 30 Junie 1945	£63493.10.0	£155.1.1
1 Julie 1945- 30 Junie 1946	£75747.11.0	£7835.0.8
1 Julie 1946- 30 Junie 1947	£117178.10.0	£79441.3.8

1948 vereffen het.⁶⁰

Hierdie statistiek weerspieël dat die lede van Ons Eerste Volksbank hulle geldelike verpligtinge baie nougeset nagekom het. Al die geld wat uitgeleen is tussen 1 Februarie 1918 en 30 Junie 1945 was reeds teen 1948 terugbetaal. In die tydperk 1 Julie 1947 tot 30 Junie 1948 is daar £139 791.0.0 uitgeleen. Hiervan was daar teen 30 Junie 1949 nog net £10 848.11.0 uitstaande. Dit het sonder twyfel bewys dat die middelklas en salaristrekkers net sulke goeie terugbetalers was as enige ander groep. Dit het ook bewys dat die keuring van applikante en borge deur die Kommissie van Toelating en die Bestuur baie suksesvol was.

60. T.A.B., W119/II(1); Verslag...Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938...21.9.1938, p.3; Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943...30.9.1943, p.3; Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar...1 Julie 1946 - 30 Junie 1947...25.9.1947, p.3

'n Belangrike oogmerk van Ons Eerste Volksbank was steeds om debiteure in spaarders te omskep. Om dit te illustreer moet gekyk word na die statistiek van die spaarrekeninge tussen 1938 -1948.⁶¹

Tabel 47: Die toename in die bedrae wat tussen 1938 - 1948 deur middel van spaarrekeninge gespaar is:

Jaar	Bedrag
1 Julie 1937- 30 Junie 1938	£50185.3.1
1 Julie 1938- 30 Junie 1939	£49953.5.2
1 Julie 1939- 30 Junie 1940	£50360.11.8
1 Julie 1940- 30 Junie 1941	£57493.2.3
1 Julie 1941- 30 Junie 1942	£52469.9.1
1 Julie 1942- 30 Junie 1943	£67232.5.4
1 Julie 1943- 30 Junie 1944	£79703.7.1
1 Julie 1944- 30 Junie 1945	£86876.7.3
1 Julie 1945- 30 Junie 1946	£81104.0.2
1 Julie 1946- 30 Junie 1947	£78857.11.6
1 Julie 1947- 30 Junie 1948	£65908.9.10

Uit bogenoemde statistiek en tabel 37 blyk dit dat tussen 1937 - 1938 daar 'n styging van £2842.14.11 ten opsigte van spaarrekeninge was. Hierdie was 'n uiters suksesvolle jaar en die Bestuur van Ons Eerste Volksbank het dit oorweeg om die rentekoers tot twee pennies per pond per maand, dit wil sê tot 10% per jaar, te verlaag. As gevolg van die onsekere toestande en spanning in Europa

61.T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948.

het hulle egter besluit om te wag.⁶² Gedurende 1938 - 1939 het die bedrag in spaarrekeninge met 'n bedrag van £231.17.11 op die vorige jaar gedaal.⁶³ Hierna het daar 'n geleidelike toename in die bedrag wat in die spaarrekeninge gespaar is, plaasgevind. Dit het bewys dat Ons Eerste Volksbank daarin geslaag het om heelwat van hul debiteure in krediteure te verander. Die Bestuur was ook van mening dat dit 'n vereiste vir finansiële instellings soos Ons Eerste Volksbank was om in sulke onsekere tye doelbewus 'n uiters sterk likiede posisie op te bou, waardeur die vertroue in die instelling versterk kon word. Daar was ook 'n tendens onder deposante om liever hul spaargeld uit finansiële instellings te onttrek en dit onder hul eie beheer te hou totdat die toestande genormaliseer het. Daarna het die kapitaal weer na die instellings teruggevloei.⁶⁴ In 1941 was daar weer 'n toename in die bedrag wat in die spaarrekeninge gespaar is ten spyte daarvan dat die Bestuur weer die rentekoers op alle deposito's verminder het. Die Bestuur was van mening dat die oorlog nie meer lank sou aanhou nie en dat nadat vrede gesluit is, alles weer geleidelik na die normale sou terugkeer. Die Bestuur het ook geglo dat sodra die oorlog beëindig is, daar weer 'n groter aanvraag na kapitaal sou wees. Dan sou die tyd ook aangebreek het om weer aantrekliker rentekoerse op deposito's en spaarrekeninge aan te bied.⁶⁵ Ons Eerste Volksbank het dan ook kort na die verslaning van die Spilmoondhede in 1945 hierdie tendens saam met ander instellings

62.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938...21.9.1938, pp.5-9.

63.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1938 - 30 Junie 1939...28.9.1939, p.6.

64.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940...26.9.1940, p.8.

65.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941...24.9.1941, p.9.

ondervind. Die spaarrekeninge was minder hierdeur geaffekteer as die vaste deposito's.⁶⁶

In 1943 het die spaarrekeninge met 'n bedrag van f15 000 toegeneem. Dit het die Bestuur verplig om die rente op die spaarrekeninge tot 1½% te verlaag. Die Bestuur was hoopvol dat beleggingsmoontlikhede weer sou toeneem en dat die rentekoers veral vir spaargelde weer verhoog sou kon word, om die spaargees onder die publiek aan te moedig.⁶⁷ Ten spyte van die rentevermindering op spaarrekeninge het dit steeds met f12 471 gestyg. Dit het bewys dat spaarders steeds groot vertroue in Ons Eerste Volksbank gehad het.⁶⁸ In 1946 het die spaarrekeninge met ±f5772 gedaal. Die rede hiervoor was die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog waarna daar 'n groter vraag na lenings ontstaan het en heelwat lede hul spaargelde onttrek het.⁶⁹ In 1947 het die Bestuur besluit dat 'n maksimum van f200 in 'n spaarrekening gedeponeer kon word. Dit verklaar die verlaging in die totale bedrag wat in spaarrekeninge gespaar is en wat tot in 1948 voortgeduur het. Talle spaarders het hul spaargelde wat meer as f200 beloop het, onttrek en dit weer op vaste deposito's by Ons Eerste Volksbank belê.⁷⁰

Uit die onderstaande inligting kan 'n goeie oorsig oor die toename in vaste deposito's gekry word vir die

-
66. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940...26.9.1940, p.8.
67. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943...30.9.1943, p.8.
68. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1943 - 30 Junie 1944...21.9.1944, p.2.
69. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946...26.9.1946, pp.8-9.
70. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947...25.9.1947, p.8; Verslag...Boekjaar 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948...30.9.1948, p.2.

tydperk 1938 - 1948.⁷¹

Tabel 48: Toename in vaste deposito's tussen 1938 - 1948:

Jaar	Bedrag belê
30 Junie 1938	£42640.0.0
30 Junie 1939	£47060.0.0
30 Junie 1940	£56945.0.0
30 Junie 1941	£52760.0.0
30 Junie 1942	£48950.0.0
30 Junie 1943	£50555.0.0
30 Junie 1944	£47070.0.0
30 Junie 1945	£43715.0.0
30 Junie 1946	£38495.0.0
30 Junie 1947	£49330.0.0
30 Junie 1948	£72325.0.0

In 1938 was daar 'n afname van £2500 in die vaste deposito's teenoor 1937.⁷² Dit was duidelik dat net soos met die spaarrekeninge, die deposante eerder hul kapitaal onder hul eie beheer wou hê, daarom vind gereelde onttrekkings van die vaste deposito's plaas. Uit die statistiek word dit duidelik dat die deposante nie hul geld dadelik herbelê het nadat die Tweede Wêreldoorlog verby was nie. Die rede hiervoor was dat baie van hulle gevrees het vir 'n depressie soos na die Eerste Wêreldoorlog. Soos wat die onsekerhede opgeklaar het, het al hoe meer mense hul geld weer herbelê. Dit blyk duidelik uit die statistiek van 1948.⁷³ Ten spyte van die verlaging van die

71. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948.

72. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938...21.9.1938, p.5.

73. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941...24.9.1941, p.9.

rentekoers in 1941, het die bedrae op vaste deposito's in 1943 bly toeneem. Op 6 Mei 1943 het die Bestuur, teen hul sin, besluit om voorlopig geen verdere vaste deposito's aan te neem nie. Hierdie toestand sou onveranderd bly totdat daar weer nuwe beleggingsmoontlikhede geskep is.⁷⁴ Nadat hierdie maatreël geïmplementeer is, het die bedrae op vaste deposito's geleidelik begin afneem. In 1946 het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank besluit om weer deposante toe te laat om geld op vaste deposito te belê. Die rede hiervoor was dat die surplusfondse aansienlik gedaal het. Die Bestuur het egter besluit dat niemand meer as £500 kon belê nie. Hierdeur het die lede weer die geleentheid ontvang om hul spaargelde teen veilige en voordelige rentekoerse te belê.⁷⁵ Hierna in 1947 het die vaste deposito's reeds met £9435 vermeerder.⁷⁶ In 1948 het die vaste deposito's met 'n bedrag van £24 395 toegeneem. Die Bestuur het ook besluit om die rentekoers op vaste deposito's met 'n jaar opseggingstermyn tot 4% te verhoog. Die maksimum bedrag op 'n vaste deposito was steeds £500 per persoon. Hierdie stappe sou daartoe lei dat al hoe meer persone weer hul geld op vaste deposito's belê het.⁷⁷

Uit die onderstaande inligting kan die toename van die reserwefonds van Ons Eerste Volksbank oor die tydperk 1938 - 1948 waargeneem word. Na die eerste twintig jaar het die reserwefonds op £14 785.14.2 te staan

74. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943...30.9.1943, p.8.

75. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946...26.9.1946, p.8.

76. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947...25.9.1947, p.5.

77. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948...30.9.1948, p.2.

gekom. Die onderstaande tabel dui die toename in die reserwefonds aan.⁷⁸

Tabel 49: Toename in die reserwefonds, 1938-1948:

Jaar	Reserwefonds
1938	£15729.16.5
1939	£17160.9.3
1940	£18765.15.4
1941	£19241.19.5
1942	£19792.5.4
1943	£20518.14.8
1944	£21124.13.10
1945	£21888.9.0
1946	£23212.7.5
1947	£25044.8.1
1948	£27223.14.4

Uit die tabel kan waargeneem word dat die reserwefonds van Ons Eerste Volksbank gedurende 1938 - 1948 toegeneem het. Dit het die Bestuur in staat gestel om ten spyte van die ekonomiese krisis as gevolg van die oorlog, steeds met hul werksaamhede te kon voortgaan. Die sterk reserwefonds het die Bestuur ook in staat gestel om die rentekoers op lenings te kon verlaag.

In soverre dit rentekoerse betref, het die Bestuur met die afsluiting van die boekjaar 30 Junie 1938 verklaar dat dit 'n uiters suksesvolle jaar vir Ons Eerste Volksbank was. Dit het so goed gegaan dat die Bestuur geglo het dat hul ideaal bereikbaar was, naamlik om die rentekoers te verlaag tot twee pennies per pond per maand, dit wil sê 10% per jaar. Die Bestuur het egter

78. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948.

besluit om voorlopig daarmee te wag omdat talle persone gewaarsku het teen 'n moontlike verslapping in die handels- bedrywighede terwyl in sekere bedrywe so 'n verslapping al gevoel is.⁷⁹ In 1939 het die Bestuur tog besluit om die rente op lenings van 15% tot 12½% per jaar, of dan van drie pennies tot twee en 'n half pennies per pond per maand, te verlaag. Die Bestuur was verheug oor hierdie stap. Die Bestuur het daarop gewys dat baie ander instellings voorgegee het dat hulle rentekoers laer was as die van Ons Eerste Volksbank. Dit was nie korrek nie, maar was slegs die wyse waarop hulle hul rentekoers bereken het wat dit laer laat voorkom het, terwyl dit in werklikheid veel hoër was as die van Ons Eerste Volksbank wat die laagste rente in Suid-Afrika gehef het. Die Bestuur het dit weereens benadruk dat die rente van 12½% per jaar, 'n suiwere of netto rente was en dat niks daarby gevoeg is in die vorm van boetes of kommissies nie. Die verskuldigde rente op 'n lening is aan die einde van elke maand slegs op die netto skuld bereken.⁸⁰

In 1941 het die Bestuur besluit dat daar slegs 'n geringe kans op goeie beleggings kon wees, as gevolg van die uitbreek in 1939 en omvang van die Tweede Wêreldoorlog. Daarom was die Bestuur verplig om oor te gaan tot 'n renteverlaging op alle deposito's by Ons Eerste Volksbank. Die Bestuur het besluit dat 'n rente van 3% op deposito's wat vir een jaar belê is, betaal sou word. Op deposito's met een jaar opsegging het Ons Eerste Volksbank 3½% rente betaal. Die rentekoers op spaarrekeninge het 2½% beloop. Die Bestuur het die hoop uitgespreek dat sodra as wat dié oorlog verby was

79. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938... 21.9.1938, p.6.

80. T.A.B., W119/II(1): Verslag... Boekjaar 1 Julie 1938 - 30 Junie 1939... 28.9.1939, p.8.

en toestande genormaliseer het, hulle in staat sou wees om meer aanloklike rentekoerse daar te stel.⁸¹ Daarom het die Bestuur besluit om vanaf 1942 die rente op spaarrekeninge tot 1½% per jaar te verlaag. Die Bestuur het weereens die hoop uitgespreek dat die beleggingsmoontlikhede sou verbeter sodat die rentekoers op spaarrekeninge weer verhoog sou kon word.⁸² Ten spyte van die rentevermindering het dit steeds nie spaarders ontmoedig nie. In 1948 is die rentekoers op vaste deposito's vanaf 3½% tot 4% per jaar verhoog.⁸³ Dit het veroorsaak dat meer deposante hul geld op vaste deposito's belê het.

Soos wat Ons Eerste Volksbank uitgebrei het, het die Bestuur al hoe meer lenings op verbande toegestaan.

Tabel 50: Toename in verbande by Ons Eerste Volksbank gedurende die tydperk 1938 - 1948:

Jaar	Verbande
1938	£25063.9.11
1939	£31332.2.1
1940	£30290.16.10
1941	£33656.11.3
1942	£33424.10.2
1943	£26072.9.6
1944	£21230.16.5
1945	£21559.10.11
1946	£24666.19.9
1947	£31232.6.1
1948	£27958.17.9

81. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941...24.9.1941, p.9.

82. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943...30.9.1943, p.8.

83. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948...30.9.1948, p.2.

Hierdie geld is aangewend vir die gedeeltelike betaling van die koopprys van huise, vir aanbouing of vir verbeterings. Die statistiek in tabel 50 illustreer die toename in die totale bedrag wat vir verbande oor die tydperk 1938 - 1948 beskikbaar gestel is.⁸⁴

Soos wat uit tabel 50 afgelei kan word, het die toename in verbande tot 1942 redelik konstant gebly. Vanaf 1943 het dit egter begin afneem. Die rede hiervoor was die geweldige konkurrensie van boumaatskappye wat voorheen nie so gemoeid was met verbande nie.⁸⁵ In 1947 het die bedrag wat vir verbande beskikbaar gestel is, begin toeneem en bewys dat die onsekerhede as gevolg van die oorlog verdwyn het. Die mense het weer verbande opgeneem om huise te koop of om verbeterings aan hul huise aan te bring. In 1948 was daar weer 'n daling van £3275 in die bedrag wat op verband beskikbaar gestel is as gevolg van die Bestuur se beleid om in die eerste plek in die vraag na korttermynlenings te voorsien.⁸⁶

In die tydperk 1938-1948 het Ons Eerste Volksbank heelwat geld ontvang wat belê is. Om dit te kan aantoon moet gekyk word na die toename in die bedrag wat die bank vir beleggings beskikbaar gehad het.⁸⁷

Uit die statistiek in tabel 51 kan gesien word dat

84. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948.

85. T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1943 - 30 Junie 1944...21.9.1944, p2.

86. Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948...30.9.1948, p.2

87. T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948.

Tabel 51: Beleggings van Ons Eerste Volksbank vanaf
1938 - 1948:

Jaar	Beleggings
1938	£18164.19.3
1939	£8265.6.6
1940	£26857.12.3
1941	£37238.16.10
1942	£35186.5.9
1943	£54474.12.0
1944	£64799.18.10
1945	£68917.9.8
1946	£49595.9.7
1947	£21232.6.0
1948	£26807.5.7

daar vanaf 1938 - 1945 'n geleidelike styging in die bedrag van die bank se beleggings was. Vanaf 1946 het dié bedrag redelik gedaal omdat die terugkerende soldate hul deposito's onttrek het en dié beleggings daarvoor benodig is. In 1948 nadat die rente op vaste deposito's en spaarrekeninge verhoog is, het kapitaal weer teruggevloei en is dit weer by finansiële instellings belê, dit verklaar die toename in die bedrag wat in 1948 belê is.

Om die finansiële groei van Ons Eerste Volksbank oor die tydperk 1938 - 1948 in perspektief te kan plaas, moet na die volgende statistiek gekyk word.⁸⁸

88.T.A.B., W119/II(1): Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1938 - 30 Junie 1942; Argief O.E.V., Jaarverslae oor Ons Eerste Volksbank 1 Julie 1942 - 30 Junie 1948.

**Tabel 52: Finansiële groei van Ons Eerste Volksbank,
1938 - 1948:**

Jaar	Spaar- rekeninge	Vaste Deposito's	Voorskotte	Verbande	Reserwefonds
1938	£50185.3.1	£42640.0.0	£51940.0.7	£25063.9.11	£15729.16.5
1939	£49953.5.2	£47060.0.0	£65084.19.11	£31332.2.1	£17160.9.3
1940	£50360.11.8	£56945.0.0	£54225.10.7	£30290.16.10	£18765.15.4
1941	£57493.2.3	£52760.0.0	£40931.16.3	£33656.11.3	£19241.19.5
1942	£52469.9.1	£48950.0.0	£41241019.2	£33424.10.2	£19792.5.4
1943	£67232.5.4	£50555.0.0	£40655.5.3	£26072.9.6	£20518.14.8
1944	£79703.7.1	£47070.0.0	£43254.6.6	£21230.16.5	£21124.13.10
1945	£86876.7.3	£43715.0.0	£44910.19.10	£21559.10.11	£21888.9.0
1946	£81104.0.2	£38495.0.0	£56495.13.9	£24666.19.9	£23212.7.5
1947	£78857.11.6	£49330.0.0	£87431.5.5	£31232.6.1	£25044.8.1
1948	£65908.9.10	£72325.0.0	£105480.4.7	£27958.17.9	£27223.14.4

Uit hierdie statistiek kan afgelei word dat die tydperk 1938-1948 'n uiters suksesvolle tydperk vir Ons Eerste Volksbank was. Ten spyte van die invloed van die Tweede Wêreldoorlog het die publiek in Pretoria steeds hul vertroue in hul instelling geplaas. Die feit dat Ons Eerste Volksbank die ekonomiese krisis van die Tweede Wêreldoorlog deurstaan het, het bewys dat dit 'n kapitaalkragtige instelling was, wat die belange van hul lede op die hart gedra het.

In 1938 het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank daarop gewys dat die bank die eerste volksbank in Suid-Afrika was. Dit was deur en deur koöperatief en het geen dividendontvangende aandeelhouers gehad nie. Dit was uitsluitlik in die lewe geroep om die volk te dien, veral die Afrikaners. Ander instellings wat hulleself koöperatief genoem het en ook ten doel gehad het om die Afrikaner te help, het hulle ook in Pretoria gevestig. Volgens die Bestuur was dit 'n betreuenswaardige toestand. Daar was ander plekke wat eerder hulp nodig gehad het. Hierdie situasie het 'n deur oopgelaat vir moontlike oneerlikheid deurdat mense by meer as een

instellings verswak het nie, maar sou ook die gemeenskap verhoed het om enige voordeel te trek uit laer rentekoerse vir fasiliteite wat as onontbeerlik beskou is. Dit was dus duidelik dat die vestiging van ander instellinge in gebiede waar daar reeds volksbanke bestaan het, nie in die belang van die volk was nie. Die Bestuur het gevoel dat dit 'n saak was wat die aandag van die regering verdien het.⁸⁹ Die Bestuur het geglo dat werklike volksdiens alleen bevorder kon word deur fasiliteite ook in ander plekke beskikbaar te stel en nie deur duplikasie en konkurrensie op plekke waar hulle reeds bestaan het nie. Die Bestuur het die hoop uitgespreek dat dit gou moontlik sou wees dat alle soortgelyke instellings ten volle sou kon saamwerk.⁹⁰ In 1940 was daar kontak tussen Ons Eerste Volksbank en hul suster- instelling die Sasbank in Bloemfontein. Hierna het die Bestuur die hoop uitgespreek dat die kontak van duursame aard sou wees en sou lei tot gunstige samewerking van alle volksbanke in die Unie in belang van die volk.⁹¹

Gedurende die tydperk 1938-1948 was daar veral een saak waaroor die Bestuur van Ons Eerste Volksbank redelik besorg was. 'n Groot aantal persone het aansoek gedoen vir lenings om artikels te bekom wat nie noodsaaklik was nie. Dit het telkens gebeur dat die Bestuur en die Leningskomitee so 'n aansoek in belang van die applikant moes weier. Dit was duidelik dat talle persone nie die verleiding om veral motors op huurkoop te koop, kon weerstaan nie. Hierdie persone het dan gewoonlik te laat uitgevind dat hulle nie aan die

89.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938...21.9.1938, pp.6-7.

90.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1938 - 30 Junie 1939...28.9.1939, pp.7-8.

91.T.A.B., W199/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940...26.9.1940, p.9.

verpligte afbetalings kon voldoen nie. Die Bestuur het die hoop uitgespreek dat die regering hierdie saak in die parlement sou opneem. Dit was belangrik dat daar wetgewing aangeneem moes word om hierdie ongesonde situasie veral onder persone met 'n beperkte inkomste hok te slaan.⁹²

Dit sou onvanpas wees om nie in hierdie hoofstuk verslag te doen oor die invloed van die Tweede Wêreldoorlog op Ons Eerste Volksbank nie. In die jaarverslag van 1940 het die Bestuur verklaar, dat alhoewel die oorlogswolke in 1939 dreigend oor Europa saamgepak het, hulle nooit verwag het dat die katastrofe oor Europa en die Unie in September sou losbars nie. Hulle het verwag dat die uitbreek van die oorlog 'n nadelige invloed op die werksaamhede van Ons Eerste Volksbank sou uitoefen. Hoewel dit nadelig was vir Ons Eerste Volksbank se inkomste, was daar tog ook 'n positiewe gevolg, omdat dit gelei het tot 'n daling in klein persoonlike lenings. Hierdie afname in klein persoonlike lenings is verder beïnvloed deur die regering se afkondiging van 'n gedeeltelike moratorium van toepassing op persone wat aktiewe militêre diens sou verrig het. Om hulleself te beskerm, het Ons Eerste Volksbank geen persoonlike lenings aan sulke persone toegestaan nie. Die oorlog het ook gelei tot 'n afname in die belangrikste bron van inkomste van Ons Eerste Volksbank, maar ten spyte van die afname in spaarrekening en vaste deposito's, was daar tog tekens dat sodra as wat die oorlog en die onsekerhede verby was, die toestande weer sou normaliseer.⁹³

92.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1938 - 30 Junie 1939...28.9.1939, pp.8-9.

93.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940...26.9.1940, pp.7-8.

In 1941 het die Bestuur die hoop uitgespreek dat die oorlog nie meer lank sou duur nie. Hulle het verwag dat sodra as wat die oorlog verby was, daar weer 'n groter vraag na persoonlike lenings sou wees. Hulle sou dan ook weer beter rentekoerse op deposito's kon aanbied.⁹⁴ In 1944 was dit duidelik dat die oorlog nie meer lank sou aanhou nie en Ons Eerste Volksbank het hom reggemaak om die terugkerende soldate by te staan. In 1945 nadat die oorlog verby was, het die ekonomiese toestande dan geleidelik weer begin normaliseer. Na die oorlog het die surplusfonds van Ons Eerste Volksbank hulle in staat gestel om ooreenkomstig hulle verwagting, aan die groter aanvraag om lenings en die opvraging van spaardeposito's te kon voldoen.⁹⁵

94.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941...24.9.1941, p.10.

95.Argief O.E.V., Verslag...Boekjaar 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946...26.9.1946, pp.8-9.

HOOFSTUK VI

DIE GEBOUE EN REKLAME VAN ONSE EERSTE VOLKSBANK,

1918-1948

1. Geboue.

In hierdie hoofstuk gaan daar gekonsentreer word op twee sake, naamlik die geboue en reklame van Ons Eerste Volksbank. Dit was juis hierdie twee aspekte wat gehelp het om die mense in Pretoria van Ons Eerste Volksbank bewus te maak. Behalwe om te adverteer, het die Bestuur van die bank geglo dat tevrede lede die suksesvolste reklame vir Ons Eerste Volksbank sou wees. Hoe groter die sukses van die bank, hoe meer mense sou van die bestaan daarvan kennis geneem het. Afgesien hiervan was dit veral die oprigting van Ons Eerste Volksbank se twee geboue in Pretoria wat tot gevolg gehad het dat die publiek kennis van die bank se werksaamhede geneem het.

Met die totstandkoming van Ons Eerste Volksbank het die bank sy besigheid op 1 Januarie 1918 vanuit 'n kantoor in die African Arcade in Pretoria begin. Die besigheid het so snel uitgebrei dat in Februarie nog 'n kantoor in dieselfde gebou betrek moes word.¹ Dit het egter nie die probleem opgelos nie. Dit was soms so besig dat baie lede selfs buite die kantore moes wag om gehelp te word. Daar is besluit om 'n derde kantoor te huur wat as 'n wagkamer sou dien.² Die bank was veral op Saterdag baie besig. Daar is gevolglik deur P.J. van Aartsen voorgestel dat die bank op Saterdag tot eenuur in die middag moes oopbly, sodat lede wat op Saterdag gewerk het en in die voorstede van Pretoria

1. Argief O.E.V., Lêer 1: S.J. Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.19.
2. T.A.B., Verslag... Boekjaar 1919... 26.3.1920, p.8;
Ms.203.31, De Volkstem, 7.2.1919.

gewoon het, 'n geleentheid kon kry om hul banksake te doen. Om die nodige ruimte te bekom met die oog op die verwagte toeloop van besigheid, sou C.C.Logan by die Kinderhulpvereniging aanklop om te reël dat hulle kantore in die African Arcade op Woensdae en Saterdag tot die bank se beskikking gestel word.³ In Oktober 1918 is daar voorgestel dat die bank ook op weekdae in die middag vir 'n uur oop moes wees.⁴

Teen 1919 het Ons Eerste Volksbank se besigheid so uitgebrei dat daar reeds vier kantore in die African Arcade betrek was.⁵ In Maart 1919 het die bank 'n aanbod van die Stadsraad van Pretoria ontvang om die Stadshuis wat in Pretoriusstraat geleë was, teen £20 per maand vir kantore te huur. Die aanbod is egter van die hand gewys.⁶ In Mei 1921 ontvang die bank weer 'n aanbod om kantore in die nuwe gebou van The South African Townships Mining and Finance Corporation te huur. Hierdie aanbod is ook nie aanvaar nie, omdat die kantore nie geskik was vir banksake nie.⁷ Teen die einde van dieselfde jaar het H.D.Ross, 'n direkteur van die bank, met die bestuurder van die African Theatre Trust onderhandel oor die verkryging van kantoornruimte in hulle nuwe gebou in Pretoria. Hierdie onderhandelings het ook niks opgelewer nie.⁸

3.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
7.6.1918.

4.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
4.10.1918.

5.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
31.1.1919.

6.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
7.3.1919.

7.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
12.5.1921; Notule van Bestuursvergadering,
16.6.1921.

8.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
24.11.1921.

Steeds met die oog daarop om voldoende kantoorruimte te bekom, het die Bestuur dit oorweeg om 'n eie gebou op te rig. Gaandeweg is daar besef dat die huur van addisionele kantoorruimte nie 'n oplossing vir hul behoefte aan vloerspasie was nie. Teen die einde van 1922 het die Bestuur van die bank dit oorweeg om 'n perseel geleë op die hoek van Parlement- en Pretoriusstraat van H.Hochstetter, 'n eiendomsagent, te koop. Terselfdertyd is daar besluit om 'n argitek van Pretoria, J.G.Kraan, te versoek om planne vir sowel 'n enkel- as dubbelverdiepinggebou op te trek. Hy sou 'n volledige kosteberekening vir so 'n projek opgestel het. Hochstetter het die grond aan die bank aangebied teen 'n bedrag van £1500. Die ligging van die perseel was gunstig vir die bou van 'n bankgebou. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die goeie ligging van die perseel dat die Bestuur besluit het om dit te koop.⁹

Die besluit om 'n eie gebou te laat bou, was nie 'n maklike besluit nie. Die besluit is egter geneem omdat die Bestuur geloof in die toekoms van die bank gehad het.¹⁰ In Maart 1923 het die Bestuur die besluit goedgekeur om die perseel aan te koop. Dommissie, Van Aartsen en Bezuidenhout is as boukommissie benoem. Hulle sou volle beheer uitoefen oor die bouwerk en moes gereeld verslag doen aan die Bestuur oor die vordering daarvan. Hulle sou ook as skakel optree tussen die argitek en die boukontraakteur.¹¹ Na onderhandeling is die perseel vir 'n bedrag van £1400 aangekoop.¹²

9.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 9.11.1922.

10.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924.

11.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 15.3.1923.

12.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 22.3.1923.

Dommissie het reëlins getref dat die koopsom eers betaalbaar sou wees nadat die transportakte aan die bank uitgereik was.¹³ Nadat die planne en kosteberekening wat deur Kraan opgestel is, bestudeer is, het die Bestuur besluit om 'n dubbelverdiepinggebou op te rig.¹⁴

Tenders vir die oprigting van die gebou is aangevra. Na oorweging van die tenders is die tender van J.D. van Tilburg vir £3350 aanvaar.¹⁵ Die bouwerk aan die gebou het in Mei 1923 begin en is vroeg in September 1923 voltooi. Die gedenksteenlegging wat op 9 Junie 1923 plaasgevind het, is deur J.Postmus in sy hoedanigheid as direkteur waargeneem. Alle kommissieleden en personeel het ook die geleentheid bygewoon.¹⁶ Tydens die geleentheid het Postmus daarop gewys dat Ons Eerste Volksbank in net vyf jaar tot 'n lewenskragtige organisasie in Pretoria gegroei het. Die doel van die bank was steeds om woekeraars te beveg en om krediet aan die "klein man" te verskaf. Volgens Postmus was die bank so suksesvol dat die lede reeds tot 1715 aangegroei het. Postmus het dit ook beklemtoon dat die oprigting van 'n eie gebou net moontlik was as gevolg van die publiek se volgehoue steun.¹⁷ Die Bestuur het intussen kennis gegee dat die kantore in die African Arcade einde September ontruim sou word.¹⁸

13.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 9.5.1923.

14.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 5.4.1923.

15.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 3.5.1923.

16.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 30.5.1923.

17.Argief O.E.V., Lêer 1: Inligtingsblad oor gedenksteenlegging, 9.6.1923.

18.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 16.8.1923.

Die opening van die nuwe gebou het op 22 September 1923 plaasgevind. Talle vooraanstaande persone onder andere die waarnemende Eerste Minister F.S.Malan, die Minister van Verdediging kolonel H.Mentz, die Ouditeur-generaal J.de V.Roos, asook die onder-president van die Reserwebank, H.Jorissen, het die opening van die gebou op 22 September 1923 bygewoon. By hierdie geleentheid is die gebou amptelik deur die waarnemende Eerste Minister geopen. Hy het Ons Eerste Volksbank geloof vir die werk wat onder die armer gemeenskap van Pretoria gedoen is.¹⁹

Die totale koste verbonde aan die bankgebou het op £5394 te staan gekom. Dit het ingesluit die aankoop van die perseel, die oprigting van die gebou en die aankoop van kantoormeubels.²⁰ Daar is beluit om die gebou by De Nederlander Brand Assuransie Maatskappy te verseker.²¹ Voordat die gebou nog voltooi was, het prokureur Lingbeck 'n opsie geneem om die boonste verdieping te huur. Hierdie ruimer gebou het verseker dat die personeel van die bank hul werkzaamhede onder ideale toestande kon voortsit. Dit sou lei tot 'n belangrike toename in hul werkvermoë.²²

Soos wat die tyd verloop het en die besigheid van Ons Eerste Volksbank toegeneem het, het daar weer 'n tekort aan vloerspasie ontstaan. Na net sewe jaar het die

-
- 19.Argief O.E.V., Lêer 1: S.J.Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.25; Lêer 1: Uitnodigings vir opening van gebou, 17.9.1923; T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar1923...20.3.1924, p.10.
- 20.Argief O.E.V., Lêer 1: S.J.Bezuidenhout, Ons Eerste Volksbank, Sy Ontstaan en Bloei, p.25.
- 21.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 23.5.1923.
- 22.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923...20.3.1924, p.12.

Bestuur op 'n bestuursvergadering besluit om die bankgebou vir £7000 te verkoop. Die verkoopsvoorwaardes sou later volledig uitgewerk word. Terselfdertyd is opdrag aan 'n paar firmas gegee om die gebou te verkoop. Die kopers kon die gebou eers betrek wanneer die bank se beoogde nuwe gebou voltooi was.²³ Daar is besluit dat totdat daar 'n koper vir die gebou gevind is, dit verhuur sou word.²⁴ Wat die verkoop van die gebou betref, is daar besluit om dit in die hande van H. Hochstetter te laat.²⁵ Nadat die gebou vir drie jaar in die mark was, was daar steeds nie 'n koper nie. Hoewel verskeie eiendomsagente gepoog het om dit te verkoop en selfs nadat die koopprys verlaag is, was die reaksie nog steeds swak. In Maart 1934 het die Committee of Tattersalls 'n opsie om die gebou vir £5250 te koop vir 14 dae verkry. Ook hierdie transaksie het ten einde laas deur die mat geval.²⁶ Onder hierdie omstandighede is die onderste verdieping van die gebou aan die Uniebank van Suid-Afrika verhuur.²⁷ Toe die Bestuur hierna 'n aanbod van £4800 vir die gebou ontvang, is daar besluit om die aanbod te aanvaar om sodoende ontslae te raak van die las om dit te verhuur en in stand te hou.²⁸ Slegs ses jaar na die oprigting van Ons Eerste Volksbank se eerste gebou in 1923, is daar begin met onderhandelings om 'n perseel vir die oprigting van 'n tweede gebou aan te koop.

23. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 12.6.1930.

24. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 17.9.1931; Notule van Bestuursvergadering, 15.10.1931.

25. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 24.8.1933.

26. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 1.3.1934; Notule van Bestuursvergadering, 19.4.1934.

27. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 29.5.1935.

28. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 14.11.1935.

Hierdie keer kon 'n gebou opgerig word wat aan die groeiende behoeftes van die bank sou voldoen.²⁹ Na onderhandelings tussen die Bestuur van Ons Eerste Volksbank en die Suid-Afrikaanse Mutual Lewensasuransiematskappy, is daar besluit om 'n perseel te koop wat aan die westekant van Kerkplein geleë was. Die aanvanklike koopsom was £3500, maar die Bestuur het besluit om 'n aanbod vir £3250 te maak.³⁰ Hierdie aanbod is deur die verkoper aanvaar en daar is opdrag gegee aan H.D.Ross en R.L.Versfeld, direkteure van die bank, om 'n konsepkoopakte op te stel.³¹ Hierna is daar tydens 'n buitengewone bestuursvergadering op 26 November 1929 besluit om die perseel te koop.³² Op 3 Desember 1929 is die koopbrief deur die Bestuur goedgekeur. 'n Kommissie bestaande uit Domnisse, Ross en Versfeld is aangewys om verdere onderhandelings met die Suid-Afrikaanse Mutual Lewensasuransiematskappy te voer. Hulle het ook toestemming ontvang om indien nodig enkele wysigings aan die verkoopakte aan te bring. Magtiging is ook verleen om wanneer 'n ooreenkoms bereik is, die koopakte deur enige twee direkteure namens Ons Eerste Volksbank te laat onderteken.³³

'n Spesiale vergadering is gereël om die tenders vir die nuwe gebou te bespreek.³⁴ Nadat al die tenders

29.T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1928...27.3.1929, p.8; Verslag...Boekjaar 1929...3.4.1930, p.6.

30.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 10.9.1929.

31.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 26.9.1929.

32.Argief O.E.V., Notule van Buitengewone Bestuursvergadering, 3.12.1929.

33.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 3.12.1929.

34.Argief O.E.V., Notule van Buitengewone Bestuursvergadering, 3.4.1930.

oorweeg is, is besluit om die tender van die firma Van de Koppel en Kie vir f12 607 te aanvaar.³⁵ 'n Boukommissie bestaande uit direkteure Ross en J.Clark is aangewys om met die argitek te skakel en die belange van Ons Eerste Volksbank te behartig.³⁶ Nog voordat die gebou voltooi was, het die firma Roux en Jacobsz 'n opsie van die bank verkry om by voltooiing van die gebou, die boonste verdieping daarvan te huur. Dit sou help om 'n bevredigende opbrengs te verseker op die kapitaal wat in die nuwe gebou belê is.³⁷ Bouwerk aan die tweede gebou het in Mei 1930 begin en die gebou is in September 1930 in gebruik geneem. In 1941 het die Bestuur 'n afdak agter die gebou laat oprig waar die lede van die Bestuur hul motors kon parkeer.³⁸

In Oktober 1947 het die Bestuur besluit om 'n oop gedeelte van die boonste verdieping te laat toebou. Ook hierdie gedeelte sou verhuur word.³⁹ As gevolg van sy sentrale ligging was daar voortdurend 'n aanvraag na kantoorruimte in die gebou. In 1947 is die Bestuur aangeraai om nog 'n verdieping te laat oprig. Hierdie voorstel is egter van die hand gewys.⁴⁰ Vroeg in 1948 is die bank genader om ook die aangrensende Erasmusgebou te koop. Die aanbod is van die hand gewys omdat die Bestuur van mening was dat hul eie gebou meer

-
- 35.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 9.4.1930.
36.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 10.4.1930.
37.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 8.5.1930; T.A.B., W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1929...3.4.1930, p.6.
38.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 2.10.1941.
39.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 15.10.1947; Notule van Bestuursvergadering, 16.10.1947.
40.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 22.11.1947.

as voldoende ruimte gehad het.⁴¹ Die ligging van hierdie gebou het ongetwyfeld daartoe bygedra dat meer mense besluit het om hul geldsake by Ons Eerste Volksbank op te neem. Omdat baie mense heen en weer oor Kerkplein beweeg het, het hulle kennis geneem van die bank se bestaan. Die feit dat die bank binne net ses jaar 'n eie gebou opgerig het, het ook daartoe bygedra dat meer mense daarvan oortuig was dat die bank 'n kapitaalkragtige instelling was. 'n Eie gebou het ook die lede van Ons Eerste Volksbank verseker dat hul bank finansiëel suksesvol was en dat daar deeglik na hul belange omgesien word.

2. Reklame.

Dit was egter nie net die geboue wat gehelp het dat die publiek in Pretoria van Ons Eerste Volksbank kennis geneem het nie. Die Bestuur het vanaf die stigting van die bank besef dat goeie publisiteit hulle in staat sou stel om meer mense te bereik wat in finansiële nood was. Hulle het ook besef dat die beeld van Ons Eerste Volksbank uitgebou sou word deur die gebruik van koerante. Op 4 Desember 1917 het daar 'n hoofartikel in De Volkstem oor Ons Eerste Volksbank verskyn. Hierin is berig oor die totstandkoming van die bank. Daar is ook verduidelik hoe Ons Eerste Volksbank sou funksioneer en wat die doelstellings was.⁴²

In Mei 1918 het daar 'n artikel oor Ons Eerste Volksbank in The Pretoria News verskyn. Hierdie artikel het berus op inligting wat Postmus aan die koerant verskaf het.⁴³ In Januarie 1919 het die Bestuur besluit om voorlopig net in die drie Hollandse

41. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 12.2.1948.

42. Ms.203.28, De Volkstem, 4.12.1917 ('n Volksbank opgerig).

43. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 21.5.1918.

koerante naamlik De Volkstem, Ons Vaderland en De Spectator te adverteer. Met die oog hierop het Dommissie aangebied om 'n advertensie te ontwerp wat in hierdie koerante kon verskyn.⁴⁴

'n Advertensie van Ons Eerste Volksbank het op Dinsdag 11 Februarie 1919 in Ons Vaderland verskyn. Hierin is daar berig dat die bank oor 'n gesonde reserwefonds beskik het. Alle dienste is ook hierin uiteengesit, tesame met die rentekoers wat op deposito's betaalbaar was, asook die rente wat op uitstaande lenings gehef is en die besigheidsure. Verder is daar aangedui waar die bank geleë was. In die berig is die lesers ook gewaarsku teen geldskieters.⁴⁵

Intussen het Postmus met 'n bemarkingsagent P.Blunt geskakel. Postmus het hom genader om uit te vind wat dit sou kos om in koerante, tydskrifte, bioskope en in munisipale trems te adverteer. In Januarie 1919 het Postmus 'n brief van Blunt ontvang. Om in The Pretoria News te adverteer sou nege sjielings per plasing vir 52 plasings (een keer per week) beloop, agt sjielings per plasing vir 104 plasings (twee keer per week) en sewe sjielings per plasing vir 208 plasings op alternatiewe dae. Vir 'n kwart bladsy in The Nongqai het die koste £1.10.0 per plasing beloop. Vir ses maande plasing is 10% en vir twaalf maande is 15% afslag op die koste verskaf. Om in Pretoria Time Tables vir 'n maand te adverteer, het £1 per bladsy en 12/6 per halwe bladsy beloop. Afslag vir ses maande plasing het 5% en vir twaalf maande 10% beloop. In die munisipale trems kon 50 gedrukte advertensies, twee in elke trem, teen

44.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 4.1.1919.

45.R2, Ons Vaderland, 11.2.1919 (Advertensie).

£3.10.0 vir 'n maand vertoon word. Vir ses maande het dit £3 per maand en vir twaalf maande £2.10.0 beloop. Om in die bioskope te adverteer, het 'n advertensieflits van tien sekondes wat twee keer tydens 'n vertoning vertoon is, £3.10.0 per maand vir twaalf maande gekos.⁴⁶ In De Spectator het twee advertensies per week vir 'n maand lank 15 sjielings gekos. Vir 'n tydperk van drie maande kon dertien advertensies teen 22 sjielings en ses pennies per maand geplaas word. Ses en twintig advertensies vir 'n tydperk van ses maande het 20 sjielings per maand gekos. Twee en vyftig advertensies vir 'n tydperk van een jaar het 17 sjielings en ses pennies per maand gekos.⁴⁷

Tydens 'n bestuursvergadering wat op 24 Januarie 1919 gehou is, het die Bestuur besluit om die hele kwessie in verband met reklame onder die vergrootglas te plaas. Daar moes besin word oor hoeveel geld aan advertensies bestee sou word. 'n Saak wat ook aandag verdien het, was of advertensies ooit nodig was, want die bank het besonder goed daarsonder gevaar. Die Bestuur het besluit om nie verder uit te brei nie, maar net hul gewone kwota advertensies te behou.⁴⁸

Die skakeling tussen Ons Eerste Volksbank en die koerante was baie goed. De Spectator het die advertensies van die bank vanaf hulle Vrydag- na hul Dinsdag-uitgawe verskuif omdat die verkoopsyfer op 'n Dinsdag baie hoër was.⁴⁹ In 1920 het daar 'n artikel

46.T.A.B., W119(2)I: P.Blunt - J.Postmus, Pretoria, 14.1.1919, (kopie).

47.T.A.B., W119(2)I: P.Blunt - Bestuurder Ons Eerste Volksbank, 14.1.1919, (kopie).

48.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 24.1.1919.

49.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 21.10.1919.

oor Ons Eerste Volksbank in De Burger verskyn. Die artikel het gehandel oor die bank en die Armblankekweessie. Die Bestuur was vol lof teenoor die skrywer, Waterpas, wat op so 'n wyse erkenning aan Ons Eerste Volksbank verleen het vir die werk wat hulle in Pretoria verrig het.⁵⁰ In 1921 het daar ook 'n artikel in De Deutsch Afrikaner oor die bank verskyn. Met hierdie artikel in 'n Duitse koerant het die bank hom tot die Duitssprekende gemeenskap in Pretoria gewend. Daar is besluit om 'n advertensie oor die bank vir ses en twintig maande in hierdie koerant te plaas.⁵¹

Soms het dit gebeur dat die Bestuur van die bank besluit het dat 'n advertensie in sekere tydskrifte, koerante of op sekere plekke nie suksesvol sou wees nie. In sodanige gevalle het die Bestuur geweier dat 'n advertensie geplaas word. In 1923 het die studentebblad, Die Banner Ons Eerste Volksbank genader vir 'n advertensie. Die Bestuur het geweier omdat hulle geglo het dat dit beter sou wees om eerder 'n advertensie te plaas in 'n koerant wat deur die ouers van studente of voornemende studente gelees word.⁵² Wat heel ironies was, was dat daar op 1 April 1924 op die voorblad van Die Vaderland 'n advertensie van sowel 'n woekeraar as Ons Eerste Volksbank verskyn het.⁵³ Teen 1936 het die Bestuur besluit om alle advertensies in Die Vaderland te staak.⁵⁴ Die Bestuur het terselfdertyd die uitnodiging om in Die Transvaler te

50.Argief O.E.V., Lêer 1: J.Dommissie - Redakteur De Burger, Pretoria, 18.11.1920 (kopie).

51.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 28.7.1921.

52.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 25.1.1923.

53.R5. Ons Vaderland, 1.4.1924.

54.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 20.8.1936.

adverteer, ook van die hand gewys. Die rede hiervoor was dat Ons Eerste Volksbank se arbeidsveld net tot Pretoria beperk was.⁵⁵

In 1948 het daar 'n berig oor die bank in The Pretoria News verskyn. Hierdie berig het oor die dertigste bestaansjaar van Ons Eerste Volksbank gehandel.⁵⁶ Van al die koerante het De Volkstem beslis die meeste gedoen om 'n goeie beeld van die bank aan hul lesers oor te dra. Hierdie koerant het reeds vanaf 1917 die idee van volksbanke gepropageer, daarom het hulle die inwoners van Pretoria so goed op hoogte gehou met die werksaamhede van Ons Eerste Volksbank.

Intussen het Ons Eerste Volksbank ook besluit om in tydskrifte te adverteer. Omdat die vrou vir die bank belangrik was, is daar besluit om in Die Boervrou te adverteer. Daar was egter nie veel reaksie op die advertensie nie en gevolglik is dit gestaak.⁵⁷ In Oktober 1922 is daar ook 'n advertensie in die Public Servants Magazine geplaas. Een advertensie op 'n kwart bladsy het £2.15 per maand gekos. Hulle het die reg voorbehou om die advertensie te enige tyd te kon verander.⁵⁸ Hierna het daar heelwat samesprekings tussen Ons Eerste Volksbank en die sekretaris van die Pretoria Public Service Benefit Association, F.G.Parsons, plaasgevind. Hierdie samesprekings om nouer samewerking met lede van die organisasie te

55.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
25.11.1937.

56.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
19.2.1948.

57.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
16.10.1919.

58.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
19.10.1922.

bewerkstellig, het egter misluk.⁵⁹ Hierdeur was Ons Eerste Volksbank die geleentheid ontnem om deur goeie reklame heelwat staatsamptenare as lede te werf.

In 1924 het daar weer 'n advertensie van Ons Eerste Volksbank in die Public Servants Magazine verskyn. Dommissie reageer hierop deur aan hulle 'n brief te skryf waarin hy versoek dat die doel van die bank aan hul lesers verduidelik moes word. In sy skrywe het Dommissie die voordele wat die bank aan die staatsamptenare kon bied, beklemtoon. Hy het daarop gewys dat die bank geen verskuilde motiewe gehad het nie, maar net die welvaart van die algemene publiek wou bevorder.⁶⁰ Voortvloeiend hieruit het die bank daarin geslaag om 'n ooreenkoms vir 'n jaar lank met die Public Servants Magazine te sluit. Daar sou gereeld 'n artikel oor Ons Eerste Volksbank in die tydskrif verskyn het.⁶¹ Nadat die kontrak in 1924 verval het, het die Bestuur besluit om dit met 'n verdere ses maande te verleng.⁶²

In 1941 het Ons Eerste Volksbank 'n kontrak gesluit met die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalbedryfsvereniging om 'n advertensie in die Staalwerker te plaas. Die advertensie het 'n kwart bladsy beslaan en het 'n goeie uiteensetting gegee van die dienste wat die bank gebied het. Die koste hieraan verbonde was £1.2.6 per uitgawe. Die Bestuur het besluit om die kontrak vir 'n

59.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 24.7.1923.

60.Argief O.E.V., Lêer 1: J.Dommissie - F.G.Parsons, Pretoria, 19.7.1924, (kopie).

61.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 1.5.1924.

62.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 7.5.1925.

jaar met die vereniging te sluit.⁶³ In 1945 het die bank ook 'n advertensie in die kwartaalblad van die Transvaalse Onderwysersvereniging geplaas. Hierdie advertensie het slegs £1 gekos.⁶⁴

Daar is verder besluit om ook deur middel van die bioskope te adverteer. Die eerste bioskoop wat 'n advertensie van Ons Eerste Volksbank teen £42 per maand vertoon het, was die Grand Bioscope in Pretoria.⁶⁵ In 1921 het die bank 'n klagte van De Spectator ontvang dat die advertensies van die bank net in Engels vertoon is. Die Bestuur het hulle meegedeel dat die advertensies die een week in Engels en die volgende week in Hollands verskyn.⁶⁶ Daar is ook besluit om advertensies van die bank in die Palm Court Bioscope Café te vertoon. Hierdie advertensie sou ook die een week in Engels en die volgende week in Hollands verskyn. Die koste hieraan verbonde het £2.10 per maand beloop en daar is besluit dat dit vir drie maande vertoon sou word.⁶⁷

Daar is voorts ook besluit om 'n advertensie in die West Apies River Club Limited-bioskoop in Daspoort te laat vertoon. Die Bestuur het besef dat indien hulle in soveel as moontlik bioskope adverteer, hulle 'n groter groep mense in Pretoria sou kon bereik.⁶⁸ Die

63.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 8.5.1941.

64.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 1.3.1945.

65.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 17.1.1919.

66.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 28.7.1921.

67.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 14.8.1921.

68.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 22.12.1921.

besluit is ook goedgekeur om vir drie maande in die Regent Palace Bioscope Café teen £2.10 per maand te adverteer.⁶⁹ Gedurende 1922 het dit telkens gebeur dat die advertensies van Ons Eerste Volksbank by die Grand Bioscope net in Engels vertoon is. Dommissie het onderneem om ondersoek daarna in te stel. Hy het bevind dat die advertensies net in Engels vertoon is, omdat daar net Engelse films vertoon is. Die Bestuur het besluit om die advertensie maandeliks tussen die Grand Bioscope en die His Majesty's bioskoop af te wissel.⁷⁰

In 1924 het Ons Eerste Volksbank besluit om 'n verdere Engelse advertensie in die Daspoort Hall Bioscope te laat vertoon.⁷¹ Advertensies moes egter gereeld aangepas word soos wat die rentekoers gestyg of gedaal het. In 1925 is daar ook advertensies van Ons Eerste Volksbank in die Gezina Bioscope en die A.B.C.Bioscope Café vertoon.⁷² In 1929 het die Bestuur besluit om nie weer advertensies in die bioskope te laat vertoon nie.⁷³ Hierdie besluit was egter onsuksesvol en daar is toe besluit om daarmee voort te gaan. Die Bestuur het toestemming verleen dat die publiek deur middel van advertensies ingelig kon word oor winsuitkering aan lede van Ons Eerste Volksbank.⁷⁴ Hierdie stap het baie mense oorreed om eerder hul banksake by Ons Eerste

69.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 29.6.1922.

70.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 12.10.1922.

71.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 18.9.1924.

72.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 26.2.1925; Notule van Bestuursvergadering, 9.4.1925.

73.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 5.12.1929.

74.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 18.10.1934.

Volksbank te doen.

Gesien in die lig van die feit dat munisipale trems in 1919 van die belangrikste vervoermiddels in Pretoria was, is daar besluit om ook in en op die trems te adverteer. Die koste om 'n advertensie in 25 trems aan te bring, sou £30 per maand gewees het.⁷⁵ In 1923 het die moontlikheid om op trems te adverteer weer na vore getree. Die Bestuur het besluit om in ses trems advertensies te plaas.⁷⁶ Teen die einde van 1923 het die bank 'n uitnodiging van die Spoorwegadministrasie ontvang om op enige tien stasies rondom Pretoria advertensies te plaas. Die koste hieraan verbonde het £1 per maand beloop. Die uitnodiging is aanvaar, want om 'n 100 plakkate te laat druk, het slegs £2.10 gekos.⁷⁷

Daar is in 1921 besluit om die bemarking van die bank verder te voer deur op 'n kalender te adverteer. Die eerste van hierdie advertensies het op die Trans Pers-Departement se kalender verskyn.⁷⁸ In 1939 het Ons Eerste Volksbank 'n uitnodiging van die Jacaranda Festival Committee ontvang waarin hulle genooi is om deel te neem aan 'n optog, of om deur hulle te adverteer. Die Bestuur het egter besluit om nie hierdie uitnodiging aan te neem nie.⁷⁹

75.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 17.1.1919.

76.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 3.5.1923; Notule van Bestuursvergadering, 23.5.1923.

77.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 6.12.1923.

78.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 22.12.1921.

79.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 28.9.1939.

Soms het dit gebeur dat die advertensies van Ons Eerste Volksbank te lank en te lomp was. Om dit te voorkom en ook om kostes te bespaar, is die advertensies verkort.⁸⁰ Vanaf 1921 het die bank gepoog om hulle advertensies eenvormig te hou. Die Bestuur het gesoek na 'n bekwame persoon wat die ou advertensies met nuwes kon vervang.⁸¹ 'n Belangrike kwessie wat aangespreek moes word, was of daar ook in Engels geadverteer moes word. Dommissie was van mening dat die bank hom ook tot die Engelssprekende gedeelte van die gemeenskap moes wend. Gevolglik het hy voorgestel dat naas die benaming Ons Eerste Volksbank ook die benaming First Peoples Bank aangebring moes word. Na bespreking van die aangeleentheid, is daar besluit om dit te laat vaar.⁸² Die Bestuur het wel later besluit om ook in Engels te adverteer. Heelwat persone wat hulle vir besigheid tot Ons Eerste Volksbank gewend het, was dan ook Engelssprekendes.

Dit het ook gebeur dat baie hooggeplaaste amptenare goeie propaganda vir die bank gemaak het. So het W.H.Clegg, die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, in sy lesing op 15 Januarie 1924 voor The Institute of Bankers in South Africa, laat blyk dat Ons Eerste Volksbank en volksbanke in die algemeen as 'n onontbeerlike deel van die ekonomiese stelsel van die Unie van Suid-Afrika beskou is. Verskeie ekonome het daarop gewys dat onderlinge of koöperatiewe kredietstelsels die middel moes wees om die groot leemte in die kredietstelsel van die Unie, veral op die

80.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
13.1.1921.

81.Argief O.E.V., Notules van Bestuursvergadering,
17.3.1921.

82.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
29.11.1918.

platteland, te vul. Ons Eerste Volksbank het gehoop dat wanneer die regering besluit om die koöperatiewe kredietinstelling te vestig, hulle nie sou afwyk van die belangrike beginsel, naamlik dat die krag en groei vanuit hierdie instellings self en nie van buite moes kom nie. Dit is ook beklemtoon dat daar nooit op liefdadigheid gesteun kon word nie.⁸³ Dit het gehelp om al hoe meer mense bewus te maak van die bestaan van volksbanke en meer in besonder van Ons Eerste Volksbank.

Vir die tydperk onder bespreking, 1919-1948, het Ons Eerste Volksbank die volgende bedrae per jaar aan reklame bestee.⁸⁴

Tabel 53: Bedrae aan reklame bestee deur Ons Eerste Volksbank vanaf 1919-1948:

Jaar	Bedrag	Jaar	Bedrag
1919	£53.11.2	1934	£168.12.4
1920	£97.19.0	1935	£166.16.6
1921	£122.13.0	1936	£174.13.2
1922	£161.9.3	1937	£144.9.9
1923	£151.15.4	1938	£154.9.0
1924	£237.1.0	1939	£216.13.0
1925	£309.15.4	1940	£217.8.0
1926	£269.0.4	1941	£205.10.0
1927	£209.12.4	1942	£232.7.0
1928	£134.10.0	1943	£262.6.6
1929	£125.15.0	1944	£348.2.10
1930	£75.19.0	1945	£248.1.10
1931	£53.0.0	1946	£244.18.5
1932	£70.3.11	1947	£269.4.0
1933	£73.12.0	1948	£353.0.3

83. T.A.B. W119/II(1): Verslag...Boekjaar 1923
 ...20.3.1924, pp.10-11.

84. T.A.B. W119/II(1): Jaarverslae van Ons Eerste Volksbank 1919 - 1941, Argief O.E.V., Jaarverslae van Ons Eerste Volksbank 1942 -1948.

HOOFSTUK VII
ONS EERSTE VOLKSBANK EN DIE STIGTING VAN ANDER
VOLKSBANKE 1918-1945

Uit die Statute van Ons Eerste Volksbank het dit duidelik geblyk dat dit die bedoeling was om nog soortgelyke instellings op te rig.¹ Die hulp wat die bank in die opsig kon bied, sou van groot waarde wees, omdat dit uit ervaring geput is. Ondervinding het geleer dat talle soortgelyke instellings (byvoorbeeld te Potchefstroom en Kaapstad) misluk het, omdat hulle daarop ingestel was om wins te maak, of omdat hulle arbeidsveld te groot was. Die gevolg was dat die persoonlike kontak met die kliënte, wat onontbeerlik vir 'n volksbank is, ingeboet is. In talle gevalle het volksbanke misluk, omdat die persone wat as kliënte gewerf moes word, nie verstaan het watter voordele 'n volksbank vir hulle ingehou het nie.

Ons Eerste Volksbank het tydens sy aanvangsjare telkens gepoog om meer inligting in te win oor suksesvolle werksmetodes van ander soortgelyke instellings. Dit was veral belangrik om op hoogte te bly van die suksesvolle metodes wat in Europa toegepas is. J.Dommissie het in Oktober 1920 aan ds.D.Muller, die hoofvertegenwoordiger van 'n volksbank-tipe-instelling in Holland, geskryf om inligting in te win oor die werking van dié instelling. Om hom beter in te lig oor die wyse waarop Ons Eerste Volksbank gefunksioneer het, is afskrifte van die Statute en enkele jaarverslae aan hom gestuur. Dommissie wou veral weet hoe hulle daarin geslaag het om hulle lede aan te moedig om geld by die bank te spaar.² Afgesien van hierdie skrywe was daar,

1.Sien Hoofstuk II, p.17.

2.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Dommissie - ds.D.Muller, 13.10.1920, (kopie).

sover vasgestel kan word, geen verdere skakeling tussen ds.Muller en Ons Eerste Volksbank nie. Nadat ds.J.du Plessis in 1919 bedank het as direkteur van Ons Eerste Volksbank, het hy homself in Potchefstroom gevestig. Omdat hy so nou betrokke was by die stigting van die bank, kon hy homself nie sonder meer distansieer van die bank en hul doelstellings nie. Daarom het hy toe 'n geleentheid hom voorgedoen het, meegehelp om 'n soortgelyke instelling in Potchefstroom te stig. Op 28 Februarie 1924 het Ons Eerste Volksbank 'n skrywe van ds.Du Plessis ontvang waarin hy versoek het dat 'n lid van die Bestuur die mense in Potchefstroom moes kom toespreek oor die funksionering van 'n volksbank.³ Domnisse het hierop gereageer deur aan hom 'n eksemplaar van die Statute en 'n verslag oor die werksaamhede van die bank van 1923 te stuur. Wat betref sy versoek dat Postmus of enige ander lid van die Bestuur 'n lesing in Potchefstroom moes kom gee, het Domnisse hom meegedeel dat dit onmoontlik vir Postmus sou wees. Hy het egter aangebied om vir die doel self na Potchefstroom te gaan. Dit sou egter op die vroegste eers in April 1924 kon plaasvind. Hy het die hoop uitgespreek dat daar genoegsame belangstelling sou wees om 'n volksbank in Potchefstroom op te rig.⁴

Nadat Domnisse Potchefstroom besoek het, het hy 'n brief van J.Pons ontvang waarin hy vir sy moeite en tyd om na Potchefstroom te kom bedank is. Pons het die hoop uitgespreek dat hulle weer met mekaar sou kon skakel.⁵ Domnisse het ook aan Pons die boek van

3.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 28.2.1924.

4.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Domnisse - ds.J.A.du Plessis, 7.3.1924, (kopie).

5.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Pons - C.J.Zorn, 26.5.1924, (kopie).

H.W.Wolff People's Banks, A Record of Social and Economic success gestuur, sodat hy dit kon bestudeer. Hy het die hoop uitgespreek dat daar binnekort ook 'n volksbank in Potchefstroom geopen sou word, aangesien hy Potchefstroom as 'n goeie arbeidsveld gesien het. Hy het Pons daarop gewys dat indien die poging om 'n volksbank in Potchefstroom op te rig suksesvol sou wees, dit ook elders nagevolg sou word.⁶

Van hierdie poging het nie veel gekom nie. Prof. Arndt, latere bestuurslid van Ons Eerste Volksbank, wou van Dommissie weet hoekom die pogings om 'n volksbank in Potchefstroom op te rig, misluk het. Hy is meegedeel dat die onderhandelings om 'n volksbank in Potchefstroom in die lewe te roep, reeds ver gevorderd was en dat daar baie entoesiasme vir so 'n stap was. Daar was ook genoeg persone wat bereid was om te help, maar op die laaste oomblik het die moed om die knoop deur te haak, ontbreek. Volgens Dommissie was die kans uiters skraal dat daar later 'n volksbank in Potchefstroom opgerig sou kon word. Die rede hiervoor was dat daar alreeds 'n kredietvereniging bestaan het.⁷

Dat daar nie reeds vroeër gepoog is om 'n volksbank in die Kaap te stig nie, is byna ondenkbaar, maar in April 1924 het G.J.Boyes 'n bestuursvergadering van Ons Eerste Volksbank in Pretoria bygewoon. Hy het die Bestuur bedank vir al die ondersteuning en informasie wat hulle tot sy beskikking gestel het, terwyl die Bestuur hom van hul voortgesette steun verseker het.⁸

6.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Dommissie - J.Pons, 27.5.1924, (kopie).

7.Ibid., J.Dommissie - E.H.D.Arndt, 11.12.1926, (kopie).

8.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 17.4.1924.

Drie maande later het die bank weer 'n brief van Boyes ontvang, waarin hy versoek het dat 'n Engelse weergawe van die Statute van Ons Eerste Volksbank aan hom gestuur moes word. Aangesien die Bestuur nie oor 'n Engelse weergawe beskik het nie, het hulle aan hom 'n Afrikaanse weergawe gestuur.⁹ Tydens die bestuursvergadering van 24 Julie 1924 is daar met genoegdoening kennis geneem van twee artikels wat in die Cape Times en die The Cape Argus oor volksbanke verskyn het. Die Bestuur het besef dat die tipe van artikel waardevol sou wees vir hul poging om 'n volksbank in die Kaap op te rig.¹⁰

In Augustus 1924 het die Bestuur van Ons Eerste Volksbank weer 'n brief van Boyes ontvang waarin hy hulle meegedeel het dat daar 'n voorlopige vergadering gehou is met die oog op die stigting van 'n volksbank. Tydens die vergadering is daar besluit om 'n komitee te stig wat 'n voorlopige Memorandum van Ooreenkoms moes opstel en met die volgende vergadering verslag oor hul bevindings moes doen. Boyes het berig dat hulle angstig was om die Memorandum van Ooreenkoms te finaliseer. Hy het versoek dat die Bestuur alle toepaslike inligting wat van hulp kon wees, aan hom moes stuur.¹¹

Dommissie het aan Boyes se versoek voldoen en daarop gewys dat veral in die aanvangsjare, 'n Memorandum van Ooreenkoms handig te pas sou kom. Dommissie was baie optimisties, veral nadat hy die eerste verslae van die vergadering gelees het. Hy was van mening dat daar

9. Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering
17.6.1924.

10. Ibid., 24.7.1924.

11. Argief O.E.V., Lêer 2: G.J. Boyes - C.J. Zorn,
8.8.1924, (kopie).

spoedig 'n volksbank in die Kaap opgerig sou word. Hy het die noodsaaklikheid beklemtoon dat die doel van 'n volksbank nie moes wees om wins te maak nie, maar om die morele en materiële welstand van hul lede te bevorder. Alle ander oogmerke moes ondergeskik hieraan gestel word. Dommissie het beklemtoon dat die ligging van die bank van groot waarde sou wees. Dit moes maklik bereikbaar wees en sover moontlik sentraal geleë wees, naby aan potensiële lede. Dit was ook van uiterste belang dat die Kommissie van Toelating versigtig gekies moes word, want hulle moes verteenwoordigend wees van al die groepe wat wou geld leen.¹² Dommissie het ook voorgestel dat net een bank in 'n bepaalde omgewing gestig moes word. Indien die bank suksesvol was, moes dit nie verder uitgebrei word nie, maar moes nog banke in ander omgewings gestig word. Hy was ook van mening dat Kaapstad nie so 'n maklik bereikbare stad soos Pretoria was nie. Daarom het hy aanbeveel dat hulle hul aktiwiteite klein moes hou en hul werksaamhede geleidelik moes uitbrei. Hy het gevrees dat hulle deur oorhaastige uitbreiding hulself kon vernietig.¹³ In Augustus 1924 het Boyes weer van hom laat hoor. Hy het die Bestuur meegedeel dat talle probleme ondervind is wat die oprigting van 'n volksbank in Kaapstad bemoeilik het. Die grootste probleem was die Kaapse Woekerwet van 1908. Hierdie wet het streng beperkings op rentekoerse geplaas. 'n Verdere probleem was die Koöperatiewe Verenigingswet van 1922 wat bepaal het dat elke lid van 'n koöperatiewe vereniging 'n aandeelhouer moes wees. Hierdie wet sou veroorsaak het dat die beheer van die bank volkome in die hande van die leners sou wees. Boyes wou weet watter stappe Ons Eerste Volksbank

12.Argief O.E.V., Lêer 2: Lêer 2: J.Dommissie - G.J.Boyes, 15.8.1924, (kopie).

13.Ibid.

geneem het om die beperkings van die Koöperatiewe Verenigingswet van 1922 vry te spring.¹⁴

In reaksie op Boyes se skrywe het Dommissie hom meegedeel dat indien hulle nie vrystelling van die Woekerwet kon verkry nie, dit 'n daadwerklike struikelblok kon wees. Hy was egter optimisties dat hulle vrystelling van die Minister van Justisie sou kon verkry. Hy het Boyes verseker dat solank as wat die instelling se werk in belang van die gemeenskap se welvaart was, hulle oor niks bekommerd hoef te wees nie. Hy het ook aan Boyes 'n kopié van die brief wat Ons Eerste Volksbank in 1922 aan die Minister van Justisie geskryf het, gestuur. Hy het ook daarop gewys dat die Minister van Justisie 'n groot vriend van die bank was. Indien die probleem rondom die Woekerwet nie oorbrug kon word nie, moes daar gewag word totdat nuwe wetgewing deurgevoer is. Dommissie het gewaarsku dat dit nie sou help om net die rentekoers te verlaag nie. Rente laer as ses pennies per pond sou die instelling vernietig het en rente kon alleen verlaag word indien die reserwefonds sterk genoeg was.¹⁵

Dommissie het voorts vir Boyes daarop gewys dat om die bepalinge van die Koöperatiewe Verenigingswet van 1922 te ontkom, die Bestuur van Ons Eerste Volksbank besluit het om nie onder die wet te registreer nie. Die rede hiervoor was omdat die bank nie 'n koöperatiewe vereniging was nie. Onder 'n koöperatiewe vereniging word verstaan dat lede aandeelhouders sou wees en in die winste sou deel. Volgens die Memorandum van Ooreenkoms van Ons Eerste Volksbank, sou die aandeelhouders nooit

14. Argief O.E.V., Lêer 2: G.J. Boyes - C.J. Zorn,
15.8.1924, (kopie).

15. Argief O.E.V., Lêer 2: J. Dommissie - G.J. Boyes,
21.8.1924, (kopie).

in die winste kon deel nie. Finaliteit is hieroor bereik toe 'n regsadviseur van die regering bevind het dat die bank inderdaad nie as 'n koöperatiewe instelling geklassifiseer kon word nie. Dommissie het aanbeveel dat Boyes presies dieselfde konstitusie as Ons Eerste Volksbank moes gebruik. Dit sou hulle gevrywaar het van registrasie onder die Koöperatiewe Verenigingswet. Daardeur sou hulle ook verseker het dat die beheer oor hulle instelling in die hande sou bly van diegene wat geen voordeel uit die winste, sou trek nie. Dommissie het Boyes ook meegedeel dat hy die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings ontmoet het en dat hy Dommissie verseker het dat indien Boyes se instelling gebaseer was op die riglyne van Ons Eerste Volksbank, dit nie aan die bepalings van die Koöperatiewe Verenigingswet hoef te voldoen het nie.¹⁶

In sy antwoord hierop het Boyes die Bestuur van Ons Eerste Volksbank meegedeel dat hy die advies aan die komitee belas met die taak om 'n memorandum van ooreenkoms op te stel, sou voorlê en die Bestuur onmiddellik sou inlig oor die besluit.¹⁷ Op 3 September 1924 het die Bestuur weer 'n brief van Boyes ontvang. Hy het hulle meegedeel dat die komitee besluit het om eers te wag met die instelling van 'n volksbank in die Kaap. Hulle wou eers sekerheid hê dat die nuwe wetgewing wel ingestel sou word. Hy het berig dat hy aan die Sekretaris van Justisie geskryf het en dat dié hom meegedeel het dat die Minister van Justisie niemand van die Woekerwet sou vrystel nie. Hy het sy jammerte uitgespreek dat die inwoners van Kaapstad so apaties ingestel was teenoor die gedagte van 'n

16. Argief O.E.V., Lêer 2: J.Dommissie - G.J.Boyes, 21.8.1924, (kopie).

17. Ibid., Lêer 2: G.J.Boyes - J.Dommissie, 26.8.1924, (kopie).

volksbank. Hy het begin glo dat Durban 'n beter plek sou wees om 'n volksbank op te rig. Hy wou dan van Dommissie weet of hy al deur iemand uit Durban in die verband genader is.¹⁸ In sy antwoord het Dommissie sy spyt uitgespreek oor die mislukking van die poging om 'n volksbank in Kaapstad op te rig. Hy was van mening dat Boyes se verklaring dat hy eerder 'n volksbank in Durban wou oprig, getuig het van sy onkunde aangaande volksbanke. 'n Volksbank kon nie op 'n gemeenskap afgedwing word nie. Daar moes 'n behoefte daarvoor bestaan het, dan sou geloofwaardige persone na vore tree om die behoefte aan te spreek. Hy was oortuig daarvan dat 'n volksbank in Durban ook sou misluk omdat niemand daar vir Boyes geken het nie. Die mense sou hom sien as iemand wat 'n skema aanpak om homself te verryk. Dommissie het hom aangeraai om eerder te wag vir 'n beter geleentheid om met sy planne in Kaapstad voort te gaan.¹⁹

Die belangrikste rede vir die mislukking van 'n volksbank in Kaapstad was die Woekerkwet van 1908 wat in die Kaap gegeld het. Boyes se onkunde rakende volksbanke was ook 'n bydraende faktor tot die mislukte oprigting van 'n volksbank in die Kaap. Die poging het ook grootliks misluk omdat daar te veel klem op wins in plaas van dienslewering geplaas is.²⁰

In 1924 het Ons Eerste Volksbank 'n brief ontvang van 'n persoon in Johannesburg wat 'n volksbank daar wou oprig. Hierdie brief is namens die bank beantwoord

18. Ibid., Lêer 4: G.J. Boyes - J. Dommissie, 3.9.1924, (kopie).

19. Argief O.E.V., Lêer 2: J. Dommissie - G.J. Boyes, 30.9.1924, (kopie).

20. Ibid., Lêer 2: J. Dommissie - E.H.D. Arndt, 11.12.1926, (kopie).

deur H.D.Ross. Hy het ook 'n afskrif van die Statute en die jongste jaarverslag van Ons Eerste Volksbank saamgestuur.²¹ In 1926 het Dommissie aan prof. E.H.D.Arndt die volgende redes voorgehou waarom die poging om 'n volksbank in Johannesburg op te rig, misluk het. Volgens hom het Ons Eerste Volksbank nie die poging daar daadwerklik ondersteun nie, aangesien hulle uitgangspunt was: "Wat kan ek daaruit verdien". Hier het die gedagte van hoe die publiek gedien kon word, nie gegeld nie. Dommissie het laat blyk dat daar in 1926 weer sprake was dat sekere persone 'n volksbank in Johannesburg wou oprig. Dit was egter duidelik dat solank daar onsekerheid bestaan het oor die Woekerwet van 1926, hierdie persone eers die pas sou moes markeer.²² In 1945 het die bank ook 'n brief vanaf Fordsburg ontvang van persone wat van voorneme was om 'n volksbank aldaar op te rig.²³ Daar was egter geen verdere skakeling nie en van hierdie poging het daar klaarblyklik ook niks gekom nie.

Al die pogings om volksbanke in Suid-Afrika op te rig, was egter nie onsuksesvol nie. So vind ons dat daar teen 1922 in totaal drie volksbanke in Suid-Afrika werkzaam was. Behalwe Ons Eerste Volksbank in Pretoria was daar nog twee volksbanke in Bloemfontein, naamlik die Afrikander Verbond Spaar en Voorskot Bank, Bpk. asook Die Spaar en Voorskotkas van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging, Bpk. Die Afrikander Verbond Spaar en Voorskotkas Bank, Bpk. is in 1918 kort na Ons Eerste Volksbank opgerig deur H.H.van Rooijen wat eers

21.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 20.11.1924, (kopie).

22.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Dommissie - E.H.D.Arndt, 11.12.1926, (kopie).

23.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 27.9.1945.

voorsitter van 'n maatskaplike organisasie, die Afrikaanse Verbond, was. Nadat J.Postmus hom in Bloemfontein besoek het en ingelig het oor die werksaamhede van Ons Eerste Volksbank, het hy besluit om 'n volksbank in Bloemfontein op te rig.²⁴

Die Afrikander Verbond Spaar en Voorskotkas Bank, Bpk. het in wese die Statute van Ons Eerste Volksbank oorgeneem. Die instelling het net in een opsig van dié bank verskil en dit was dat hulle vaste "presensiegelde" aan hulle direkteure gegee het. Dit het neergekom op tien sjielings per vergadering wat deur die betrokke direkteur bygewoon is.²⁵ Hierdie instelling het heelwat publisiteit in Bloemfontein geniet as gevolg van hulle noue samewerking met die twee koerante De Vriend des Volks en De Volksblad. Hulle was egter oortuig daarvan dat hul lede se tevredenheid steeds hul beste advertensie was. Die Bestuur het een keer per week in die kantore van De Volksblad-drukkery vergader. Die instelling het hulle ten doel gestel om verder uit te brei, omdat baie inwoners van Bloemfontein finansiëel swaargekry het.²⁶

Hierdie instelling het vanaf 1918 tot 1926 steeds ses pennies per pond per maand rente bereken. Omdat hulle arbeidsveld beperk was, het hulle nog nie 'n groot genoeg reserwefonds opgebou om hul rentekoers te verlaag nie. In 1926 het H.H.van Rooijen getuienis afgelê voor 'n gekose komitee rakende die woekerwetsontwerp. Die doel was om vas te stel of die

24.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, April 1926, pp.11-12.

25.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, April 1926, p.12.

26.Argief O.E.V., Lêer 2: Tweede Jaarverslag van die A.V. Spaar en Voorskotkas Bank Bpk., 1919-1920.

instelling aan die voorwaardes van die beoogde woekerwet voldoen het. 'n Belangrike verskil tussen die Afrikander Verbond Spaar en Voorskot Bank, Bpk. en Ons Eerste Volksbank was dat laasgenoemde nie groter beleggings as 'n £100 aangeneem het nie, terwyl die Afrikander Verbond Spaar en Voorskot Bank, Bpk. beleggings van tot £250 aangeneem het.²⁷

Uit latere korrespondensie het dit duidelik geblyk dat die twee instellings in Bloemfontein dit oorweeg het om te amalgameer. Dit het eers in 1941 plaasgevind toe die Afrikander Verbond Spaar en Voorskot Bank, Bpk. by SASBANK geïnkorporeer is.

Naas Ons Eerste Volksbank, was SASBANK (Die Spaar en Voorskotkas van die Oranje-Vrystaat se Onderwysersvereniging, Bpk.) die suksesvolste. Die vereniging is in 1922 in Bloemfontein, hoofsaaklik deur die toedoen van H.W.Kammeijer, opgerig. Dit was in wese gebaseer op die model van Ons Eerste Volksbank. 'n Belangrike verskil was dat takkantore landwyd opgerig is.²⁸ In 1924 het Domnisse 'n ernstige vermaning aan die vereniging gerig nadat hy hul jaarverslag van 30 Junie 1924 bestudeer het. Hy het daarop gewys dat in hul strewe na snelle uitbreiding daar versuim is om gesonde finansiële beheer toe te pas. Domnisse het aangetoon dat die vereniging deur hulle kapitaal en reserwefonds slegs 3% dekking op hul verpligtings gehad het. Dit het die vereniging in 'n uiters ongunstige finansiële toestand geplaas. Hy het dit beklemtoon dat daarteen gewaak moes word dat woekeraars wat die vyande van volksbanke was, die

27.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, April 1926, pp.12-16.

28.Argief O.E.V., Lêer 2: C.F.Visser - J.Domnisse, 8.2.1940, (kopie).

situasie kon misbruik om die vereniging by die publiek verdag te maak. Dommissie het twee voorstelle gemaak om die situasie weer reg te kon stel. Eerstens het hy aanbeveel dat die vereniging moes terugkeer na hul voorgeskrewe dekkingspersentasie soos in hul Statute vervat is. Dit sou veral in die beginjare gehelp het om die vereniging op 'n gesonde voet te plaas.²⁹

Tweedens het Dommissie aanbeveel dat die vereniging waarborg- deposito's moes uitgee. Dit was belangrik dat die beeld wat uitgedra word, moes wys dat die vereniging finansiëel gesond is. Hy het daarop aangedring dat die hele rentestruktuur hersien moes word. Die goue reël was dat die winste in verhouding tot die werkskapitaal van die vereniging moes wees. Die vereniging se oogmerk om lenings aan die landbou- onderwys, skole en opvoedkundige inrigtings teen 'n lae rentekoers toe te staan, was onuitvoerbaar. So 'n stap sou net aangepak kon word as die kapitaal en reserwefonds van die vereniging heelwat sterker was.³⁰

In 1925 het Dommissie weer 'n skrywe aan H.W.Kammeijer, die sekretaris van die vereniging, gerig. Hy was verheug oor die inwerkingstelling van die waarborg- deposito's, maar hy was steeds besorg oor die vereniging se dekkingskapitaal. 'n Ernstige probleem was die vereniging se groot ambisie, terwyl hulle nog geen gesonde finansiële beheer kon toepas nie. Die vereniging se beoogde uitbreiding met die leuse "Vir die hele Unie van Suid-Afrika" was volgens Dommissie uiters gevaarlik. Hy het daarop gewys dat nêrens in die wêreld waar 'n vereniging so 'n projek aangepak

29.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Dommissie - H.W.Kammeijer, 24.9.1924, (kopie).

30.Ibid.

het, dit nie op 'n fiasko uitgeloop het nie. Die ideaal van volksbanke wêreldwyd was die verskaffing van klein persoonlike lenings. Die radius van hul aktiwiteite moes nooit groter wees as dit wat die bestuur self maklik kon hanteer nie. Dit was uiters noodsaaklik dat alle debiteure deur die bestuur self gekontroleer kon word en nie deur agente nie. Domnisse het Kammeijer daaraan herinner dat toe hul vereniging begin het en hy die hele Vrystaat as arbeidsveld wou neem, hy hom toe al gewaarsku het dat dit die vereniging sou skaad. Die vereniging was nog te jonk om enige verliese te hanteer. Ons Eerste Volksbank was eers na drie jaar in staat om vas te stel hoe groot die verliese was wat hulle gely het. Dit sou beter wees om veral in die begin hul aktiwiteite te beperk tot net die Onderwysersvereniging in Bloemfontein wat maklik kontroleerbaar was. Hy het verder gewaarsku dat ambisie nie gesonde beheer moes oorskadu nie.³¹

In 1926 het Kammeijer as direkteur en dr.C.F.Visser as bestuurder van die vereniging, getuienis voor 'n gekose komitee rakende die woekerwetsontwerp afgelê.³² Op 6 September 1926 het Ons Eerste Volksbank 'n brief van Kammeijer ontvang, waarin hy die bank meegedeel het dat daar 'n vergadering gehou is met die Afrikaner Verbond Spaar en Voorskot Bank, Bpk.. SASBANK is deur hom en R.B.Saayman verteenwoordig, terwyl die Afrikaner Verbond Spaar en Voorskot Bank, Bpk. deur H.H.van Rooyen en J.H.Mchardy verteenwoordig is. Hierdie vergadering het plaasgevind omdat daar probleme ontstaan het met betrekking tot die rentekoers wat beide banke gehef het. Hulle het ook gepoog om vir

31.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Domnisse - H.W.Kammeijer, 9.2.1925, (kopie).

32.S.C.4-'26: Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp, April 1926, p.11.

albei 'n arbeidsveld af te baken, sonder dat die een die ander se kliënte sou afrokkel. Beide partye het tydens die vergadering tot die besef gekom dat dit noodsaaklik was dat hulle moes saamwerk. Die twee banke se besture het ook gesamentlik vergader. Hulle het besluit dat daar gekyk moes word na die wenslikheid om te amalgameer en om periodiek gesamentlike vergaderings te hou. Beide die banke was ten gunste van gesamentlike vergaderings met Ons Eerste Volksbank soos Dommissie voorgestel het.³³

In 1927 het J.Postmus 'n brief aan R.B.Saayman, 'n direkteur van SASBANK, geskryf. Hierin het hy Saayman ten opsigte van 'n paar sake gewaarsku. Eerstens het hy hom gemaan om te sorg dat hul vereniging 'n volksbank bly. Dit kon hy net doen deur te verseker dat die grootste lening nooit meer as tien keer groter is as die kleinste lening nie. Anders sou die vereniging bloot 'n kapitalistiese instelling word. Die ideaal was steeds om simpatiek teenoor die armes te wees, maar terselfdertyd saaklik te bly in die uitvoering van plig. Postmus het ook aanbeveel dat daar 'n ewewig gehandhaaf moes word tussen krediet ontvang en dit wat uitgeleen word. Daar moes ook altyd voldoende kasgeld wees indien daar skielike onttrekkings sou plaasvind. Daar moes ook gelet word op agterstallige skuld. Dit sou raadsaam wees om ten minste vier keer per jaar 'n opname te maak van persone wat agterstallig geraak het met die terugbetaling van hul lenings. Hulle moes hard aangespreek word en indien dit nie gehelp het nie, moes daar teen hulle opgetree word. Dit was belangrik om 'n sterk reserwekapitaal op te bou; geen bank kon vertrouwe skeep

33.Argief O.E.V., Lêer 2: H.W.Kammeijer - J.Dommissie, 6.9.1926, (kopie).

as dit nie oor genoegsame kapitaal beskik het nie. Gereelde ouditering was nodig om te verseker dat sake vlot sou verloop. Postmus het Saayman gemaan om hom te laat lei deur die leuse van "sukses deur selfhelp".³⁴

Nege jaar later ontvang Postmus weereens 'n brief van Saayman. Hierin wys hy daarop dat daar 'n toenemende behoefte by die Afrikaner ontstaan het om onontginde velde van die ekonomie te ontgin. Hy was oortuig daarvan dat volksbanke hiermee kon help. Hy was bekommerd oor die nuwe maatskappy, Volkskas, wat in Pretoria opgerig is, aangesien Volkskas die opvoedingsideaal van die volksbanke sou verydel. Saayman het aan Postmus verduidelik dat hy 'n konferensie tussen al die verskillende volksbanke beoog en wou weet of Postmus nie as spreker by so 'n geleentheid sou optree nie.³⁵

In sy reaksie hierop het Postmus aan Saayman verduidelik dat daar net na die oprigting van Volkskas, samesprekings tussen dié instansie en Ons Eerste Volksbank was. Die samesprekings het egter niks opgelewer nie. Die belangrikste rede hiervoor was dat die bank 'n suiwer sosiale instelling was, terwyl Volkskas saak-georiënteerd was en hoë dividende op sy kapitaal wou verdien. Verder het hulle verskil in die opsig dat Ons Eerste Volksbank hom net tot sy eie omgewing wou beperk, terwyl Volkskas regoor die land takke opgerig het. Daar was so baie verskille dat dit duidelik was dat beide in verskillende rigtings sou ontwikkel. Postmus het ook beklemtoon dat 'n volksbank met sukses deur persone wat geen grondige bankkennis

34. Argief O.E.V., Lêer 2: J. Postmus - R.B. Saayman, 24.10.1927, (kopie).

35. Ibid., Lêer 2: R.B. Saayman - J. Dommissie, 27.10.1936, (kopie).

het nie, bestuur kon word. Daarteenoor kon 'n instelling soos Volkskas net deur persone met 'n deeglike bankkennis en kundigheid bestuur word. Wat die uitnodiging betref om as spreker op te tree by 'n konferensie van volksbanke, het Postmus versoek dat Dommissie, wat net soos hy oor volksbanke gevoel het, eerder genader moes word.³⁶

Uit SASBANK se jaarverslag van 1937-1938 kan duidelik waargeneem word hoedat alle persoonlike elemente stelselmatig uit banksake uitgeskakel is. Daar was geen aandelekapitaal nie en daarom geen winsbejag nie, geen dividende en geen bonusse nie. Alle winste het na die reserwefonds gegaan. Hierdeur kon kapitaal redelik goedkoop beskikbaar gestel word. Hierdie kapitaal is veral aangewend om onderwyssake te bevorder. Regoor die land het ook al hoe meer studente van SASBANK se studielenings gebruik gemaak, omdat hul rentekoers so laag was. Wat takuitbreidings betref, was SASBANK nou in 'n posisie dat hul finansiële las afgegooi kon word, omdat uitbreiding deur agentskappe kon plaasvind.³⁷

In 1940 het die direksie van SASBANK Dommissie uitgenooi om hulle op 26 Februarie in Bloemfontein te besoek.³⁸ Uit die jaarverslag van 1939 en 1940 blyk dit duidelik dat die Tweede Wêreldoorlog 'n groot invloed op SASBANK uitgeoefen het. Hul lenings het in totaal met 'n bedrag van £32196 verminder. SASBANK het ook begin om diskonto- en kredietfasiliteite aan Afrikaanse Maatskappye te verskaf. Daar is ook besluit om 'n

36.Argief O.E.V., Lêer 2: J.Postmus - R.B.Saayman, 30.10.1936, (kopie).

37.Argief O.E.V., Lêer 2: SASBANK Jaarverslag 1937 - 1938, 3.12.1938.

38.Argief O.E.V., Lêer 2: C.F.Visser - J.Dommissie, 8.2.1940, (kopie); K.v.d.Post - J.Dommissie, 22.2.1940.

ondergeskikte maatskappy in Suidwes-Afrika op te rig. Die maatskappy sou as die Volkstrust- onderneming Beperk bekend gestaan het. 'n Duidelike bewys van SASBANK se sukses was die feit dat hul agterstallige skuld in 18 jaar op slegs £4334.18.4 te staan gekom het.³⁹

In 1941 het SASBANK se hoofkantoor na 'n nuwe gebou in Maitlandstraat in Bloemfontein verskuif. Die belangrikste gebeurtenis het egter in Oktober 1941 plaasgevind toe die Afrikaanse Verbond Spaar en Voorskotkas Bpk. by SASBANK ingelyf is. Dit was duidelik dat SASBANK bekommerd was oor die nuwe bankwetsontwerp wat die regering van voorneme was om in te dien.⁴⁰ Daar is gevrees dat dit SASBANK se werksaamhede ernstig kon benadeel. Dit was belangrik dat daar noue skakeling met die ander volksbanke moes plaasvind sodat daar eenvormig teen die nuwe wetgewing opgetree kon word.⁴¹

In 1942 het R.B.Saayman en K.D.van der Post getuienis voor 'n gekose komitee rakende die nuwe bankwetsontwerp afgelê.⁴² SASBANK het ook reeds samesprekings met verteenwoordigers van Volkskas en Spaarbondkas gevoer. Die doel hiervan was om gesamentlik teen die nuwe beoogde bankwetsontwerp te kon optree. Die gees waarin hierdie samesprekings plaasgevind het, was baie bemoedigend en het bewys dat samewerking moontlik

39. Argief O.E.V., Lêer 4: Agtiende Jaarverslag van die S.A.Spaar en Voorskot Bank Bpk., 1939 - 1940, pp.1- 2.

40. Sien Hoofstuk III, p.44.

41. Argief O.E.V. Lêer 2: Negentiende Jaarverslag van die S.A.Spaar en Voorskot Bank Bpk., 1940 - 1941, pp.1- 4.

42. S.C.8-'42: Verslag van die Gekose Komitee oor die Bankwetsontwerp, 1942, pp.4-5.

was.⁴³ In 1947 ontvang Ons Eerste Volksbank 'n brief van SASBANK waarin hulle skryf dat hulle dit oorweeg om 'n takkantoor in Pretoria op te rig." Dit het bewys dat SASBANK tot 'n kapitaalkragtige vereniging gegroei het wat 'n geweldige verskil kon maak aan die lotgevalle van die behoeftige mense in die Unie van Suid-Afrika.

Nog 'n vereniging wat in 1942 getuienis voor die gekose komitee rakende die bankwetsontwerp afgelê het, was Spoorbondkas.⁴⁵ Alhoewel Spoorbondkas nie as 'n suiwere volksbank beskou is nie, het beide direkteure J.H. van Vuuren en W.H. Immelman aangevoer dat die vereniging sedert sy ontstaan volksbank- besigheid bedryf het. Van Vuuren het aangevoer dat volksbanke van een land na 'n ander kon verskil. Volgens hom was faktore soos die ekonomiese struktuur, bevolkingsterkte, geografiese ligging en maatskaplike aangeleenthede verantwoordelik vir verskillende tipes volksbanke. Op grond hiervan was hy oortuig daarvan dat die benaming "Instelling vir klein lenings" nie gepas was vir Spoorbondkas nie. Volgens hom het Spoorbondkas met die wete en goedkeuring van die regering ontwikkel tot die tipe volksbank wat dit was. Hy het ook daarop gewys dat om die status van die vereniging te verander, 'n nadelige uitwerking op sy klandisie sou hê. Van Vuuren het ook beweer dat tydens 'n gesprek tussen die Minister van Finansies en 'n verteenwoordiger van Spoorbondkas, die minister die versekering gegee het dat hy nie die bedrywighede van Spoorbondkas sou strem nie.⁴⁶ Daar is gevolglik deur die twee direkteure voorgestel dat die

43.Argief O.E.V., Lêer 4: Negentiende Jaarverslag van die S.A. Spaar en Voorskot Bank Bpk., 1940 - 1941, pp. 3-4.

44.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 17.4.1947.

45.Sien Hoofstuk III, p.44.

46.S.C.8-'42: Verslag van die Gekose Komitee oor die Bankwetsontwerp, 1942, pp.24-26.

status van 'n "spaar- en kredietbank" aan verenigings soos Spoorbondkas verleen moes word.⁴⁷ Uit die probleme wat ondervind is met Spoorbondkas se posisie in 1942, het dit duidelik geblyk dat daar spoedig uitsluitel bereik sou moes word oor wanneer 'n instelling 'n volksbank sou wees al dan nie. Vanaf hul stigting was daar goeie samewerking tussen Ons Eerste Volksbank en Spoorbondkas. Hierdie samewerking het 'n hoogtepunt bereik in 1944 toe die tak van Spoorbondkas in Pretoria by Ons Eerste Volksbank geïnkorporeer is.

In Februarie 1944 het daar samesprekings tussen Ons Eerste Volksbank en Spoorbondkas plaasgevind. Ons Eerste Volksbank is deur die direkteure J.Dommissie, H.D.Ross en S.N.van Vuuren asook deur die bestuurder, P.J.van B.Marais, verteenwoordig.⁴⁸ Na die samesprekings met Spoorbondkas is daar besluit om 'n ooreenkoms met hulle aan te gaan. Ons Eerste Volksbank was bereid om al Spoorbondkas se wissels oor te neem teen die toestaan van 'n lening aan Spoorbondkas. 'n Afskrif van die Akte van Ooreenkoms is in 'n notuleboek van Ons Eerste Volksbank geplak. Dommissie het hierdie Akte van Ooreenkoms namens Ons Eerste Volksbank onderteken.⁴⁹

In die Akte van Ooreenkoms wat op 15 Maart 1944 opgestel is, is bepaal dat Ons Eerste Volksbank alle uitstaande wissels namens Spoorbondkas kon invorder. Dit het bepaal dat alle toepaslike dokumente van

47.S.C.8-'42: Verslag van die Gekose Komitee oor die Bankwetsontwerp, 1942, p.28.

48.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 10.2.1944.

49.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering, 9.3.1944.

Spoorbondkas aan Ons Eerste Volksbank oorhandig moes word. Daar is bepaal dat die bank aan Spoorbondkas 'n lening met die wissels as sekuriteit moes toestaan. Die lening was gelykstaande aan 'n bedrag van 90% van die wissels wat nog ingevorder moes word. Hierdie ooreenkoms sou op 16 Maart 1944 in werking tree.⁵⁰ Hiermee het Ons Eerste Volksbank sy eie arbeidsveld uitgebrei en sou dit 'n nog groter invloed in Pretoria uitoefen.

50.Argief O.E.V., Notule van Bestuursvergadering,
15.3.1944.

HOOFSTUK VIII

DIE STATUTE VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1948

Namate Ons Eerste Volksbank se besigheidsaktiwiteite en werksaamhede in omvang uitgebrei het, het sake verander en nuwe omstandighede ontstaan wat dit nodig gemaak het dat die Statute van 1917 hersien moes word sodat dit in ooreenstemming gebring kon word met die veranderings wat daar met verloop van tyd in die organisasie van die bank ontstaan het. Uiteindelik het die Bestuur in 1948 besluit om die Statute, waarin onder andere die werkswyse, die onderlinge regte en bevoegdhede van die bestuur, lede, verskillende komitees en ledevergaderings van Ons Eerste Volksbank omskryf word, in geheel te herskryf. Die Statute van 1948 is op 1 Julie 1948 deur die Registrateur van Banke dr.E.H.D.Arndt 'n voormalige direkteur van Ons Eerste Volksbank, geregistreer.¹

Die Statute van Ons Eerste Volksbank:1948

Die Statute word voorafgegaan deur 'n paar algemene verduidelikings ten einde enige onduidelikhede met betrekking tot sekere sake in die reïne te bring. In ooreenstemming hiermee word verklaar dat tensy die teks dit anders vereis, sou die omskrywings in die Statute dieselfde betekenis gehad het as die Maatskappywet van 1926 of enige statutêre wysiging wat daaraan toegeken is. Alle woorde in hierdie Statute wat in die enkelvoud gebruik is, sou ook die meervoud insluit en omgekeer. Alle woorde wat die manlike geslag aandui, sou ook betrekking op die vroulike geslag hê. Woorde wat betrekking gehad het op persone, sou ook regspersone insluit tensy dit teenstrydig met

1.OP(S)60/I: Maatskappywet van 1926 (Wet No.46 van 1926).

die sinsverband was.² Die woord "bank" word gebruik om Ons Eerste Volksbank aan te dui. Onder Bestuur moes verstaan word die Raad van Direkteure, terwyl die amptelike voertaal van die bank Afrikaans was.³ In die Statute word verder vermeld dat die kapitaal van die bank twee pond en tien sjielings bedra het, verdeel in vyftig aandele van een sjieling elk. Vir elke volgestorte aandeel het die Bestuur 'n aandeelsertifikaat op die aandeelhouer se naam uitgereik. Hierdie sertifikaat moes deur twee direkteure en die bestuurder onderteken wees. Die aantal aandeelhouers van die bank sou nooit meer as vyftig wees nie. Geen persoon kon meer as een aandeel besit nie. Die aandele was deurlopend van een tot vyftig genommer. Die bank sou ook nie sy aandele vir publieke inskrywing kon aanbied nie. As 'n aandeelsertifikaat verlore raak, kon die Bestuur weer 'n duplikaatsertifikaat uitreik. Aandele kon slegs met die toestemming van die Bestuur op 'n ander persoon se naam oorgedra word. By afsterwe of insolvensie van 'n aandeelhouer, is sy lidmaatskap beëindig en moes sy eksekuteur of kurator binne vier weke na sy aanstelling as verteenwoordiger van die betrokke boedel, aan die Bestuur kennis gegee het dat die boedel die aandeel van die hand wou sit. Indien die Bestuur sou versuim om binne vier weke na ontvangs van so 'n kennisgewing, 'n koper vir die aandeel aan te wys, sou die Bestuur geen beswaar kon maak teen die oordrag van die aandeel op die naam van die persoon aan wie die

-
2. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Goedgekeur 14.5.1948 deur E.H.D. Arndt (Registrateur van Banke), Geregistreeer, 23.6.1948 deur R.B. Schickerling (Registrateur van Maatskappye), Geregistreeer 1.7.1948 deur E.H.D. Arndt, kopie, Arts.2-3, pp.1-2.
3. Ibid., Arts.4-9, p.2.

boedel dit wou verkoop of afstaan nie.⁴

Ingeval die eksekuteur versuim om die Bestuur binne vier weke in kennis te stel, kon die Bestuur besluit het om sonder meer die aandeel verbeurd te verklaar en dit na goeddunke aan 'n ander persoon te verkoop. Wanneer 'n aandeel verbeurd verklaar is, is dit in die aandeleregister met die datum van verbeurdverklaring aangeteken. 'n Afskrif van die Bestuursbesluit met die handtekening van die Bestuurder daarop, het gedien as bewys teen enige aanspraak van 'n persoon op die aandeel. Op aandele word geen dividende of bonusse uitbetaal nie. Geen fondse van die bank sou regstreeks of onregstreeks vir die aankoop van eie aandele aangewend word nie.⁵

Die lede van die bank het uit vier groepe bestaan. Groep een was die aandeelhouers. Groep twee was die deposante en spaarders wat geld in die bank belê het. Groep drie het bestaan uit leners aan wie die bank lenings verskaf het. Groep vier was persone wat hulle met die doel van die bank vereenselwig het en 'na skriftelike aansoek deur die Bestuur as lede toegelaat is. Stemgeregtigde lede was: die meerderjarige lede (waaronder mondige persone en getroude vrouens ingesluit was); die wettige voogde van minderjarige lede; die wettige verteenwoordigers van verenigings en ander regspersone wat lede was; die wettige verteenwoordigers van afgestorwe en insolvente lede.⁶

Geen voorskot sou aan iemand uitbetaal word as die

4. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.10-15, pp.2-3.

5. Ibid., Arts.16-20, pp.3-4.

6. Ibid., Arts.21-22, pp.4-5.

voorskotnemer nie 'n lid van die bank was nie of as hy nie sy ledegeld betaal het nie. Ledegeld het gewissel van groep tot groep. Groep een het nie ledegeld betaal nie, groep twee het een sjieling betaal, terwyl beide groep drie en vier 'n halfkroon per kalenderjaar betaal het. Persone wat na die helfte van die jaar as lid tot die vereniging toegetree het, het net die helfte van die ledegeld betaal. Elke lid het 'n genommerde bewys van lidmaatskap ontvang. Die Bestuur kon 'n aansoek om lidmaatskap weier sonder om enige redes te verskaf en kon sonder verstrekking van 'n rede 'n lid wat nie 'n aandeelhouer was nie, se naam as lid skrap. Sodanige besluit moes egter skriftelik aan die betrokke lid bekend gemaak word. Die skrapping van enige lid se naam het tot gevolg gehad dat hy al sy regte as lid verbeur het. Dit het ook veroorsaak dat so 'n lid se spaardepositorekening en/of sy vaste depositorekening so gou as moontlik aan hom terugbetaal is.⁷

Vir die uitbetaling van gelde aan lede, het die deur Ons Eerste Volksbank uitgereikte kwitansies as voldoende kwytskelding van die bank gedien. By minderjariges moes die kwitansie deur die minderjarige self geteken word, bygestaan deur sy wettige voog of deur een van sy ouers, of geteken deur sy wettige voog of een van sy ouers namens hom. Getroude vrouens se kwitansies moes deur haar self geteken word, bygestaan deur haar eggenoot indien wetlik benodig. Kwitansies vir verenigings en ander regs persone moes geteken word deur 'n persoon wat behoorlik daartoe aangestel was, of deur 'n persoon wat volgens die konstitusie van so 'n vereniging of regs persoon daartoe bevoeg was.⁸

7. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.23-27, p.5.

8. Ibid., Art.28, p.6.

Die Statute van 1948 het voorsiening gemaak dat algemene vergaderings deur die Bestuur byeengeroep kon word wat in Pretoria gehou sou word. Binne drie maande na afloop van die boekjaar of binne vyftien maande na die laaste voorafgaande algemene jaarvergadering, moes die algemene jaarvergadering gehou word. Buitengewone vergaderings kon gehou word as die Bestuur van mening was dat daar so 'n behoefte bestaan het. Die Bestuur was verplig om 'n buitengewone algemene vergadering byeen te roep, as vyf aandeelhouders of minstens twintig stemgeregtigde lede skriftelik daarom aansoek gedoen het en hul redes daarvoor verskaf het. As die Bestuur nie die vergadering gehou het binne drie weke na die aanvraag ontvang is nie, het die aanvraers die reg gehad om self so 'n vergadering byeen te roep. In so 'n geval, is die personeel en die lederegister gedurende kantoorure tot die beskikking van die aanvraers gestel. Die koste verbonde aan die byeenoep en hou van so 'n vergadering sou deur die bank gedra word.⁹

Die byeenoeping van die algemene vergadering het plaasgevind deur middel van gedrukte kennisgewings wat sewe dae voordat die vergadering gehou sou word, met die pos aan alle stemgeregtigde lede gestuur moes word. In buitengewone gevalle kon lede minstens sewe dae voor die vergadering sou plaasvind by wyse van 'n advertensie in twee of meer plaaslike nuusblaaië opgeroep word. Indien 'n lid nie in kennis gestel is van so 'n vergadering nie, of as hy nie so 'n kennisgewing ontvang het nie, ly die geldigheid van die verrigtings op die vergadering nie daaronder nie.

9. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.29-31, pp.6-7.

Minstens twintig stemgeregtigde lede moes op 'n algemene vergadering aanwesig gewees het, om wettige besluite te kon neem. As daar binne 'n halfuur na die aanvang van die vergadering nie 'n kworum aanwesig was nie, is die vergadering met 'n week uitgestel en as dié dag op 'n openbare vakansiedag geval het, word die vergadering op die eerste daaropvolgende werksdag op dieselfde tyd en plek gehou. Op dié vergadering kon daar dan wettige besluite geneem word, afgesien van die aantal stemgeregtigde lede wat dit bygewoon het. Indien so 'n vergadering uitgestel word, moes die bestuurder binne twee dae nadat die vergadering uitgestel is, in twee nuusblaai wat in Pretoria verskyn het, kennis gegee het van die tyd en plek waar die uitgestelde vergadering gehou sou word, asook dat die vergadering uitgestel was weens 'n gebrek aan 'n kworum en dat indien 'n kworum nie binne 'n halfuur na die vasgestelde tyd teenwoordig sou wees nie, die lede wat dan teenwoordig sou wees, 'n kworum sou vorm. 'n Buitengewone algemene vergadering wat byeengeroep is volgens die bepaling van artikel 31 van die Statute, word in die geval wat in artikel 33 hiervan beskryf is, nie gehou nie.¹⁰

Op die algemene jaarvergadering word die volledige skriftelike jaarverslag oor die afgelope boekjaar, vergesel van 'n balansstaat en wins-en verliesrekening en van 'n skriftelike verslag van die ouditeure, die aanwending van die surplusgeld, die verkiesing van direkteure en lede van die leningskomitee, die benoeming van ouditeure en die vasstelling van hulle beloning, en/of enige ander saak wat duidelik in die kennisgewing gemeld is, behandel. Op 'n buitengewone

10. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts. 32-34, pp. 7-8.

algemene vergadering kon alleen sake behandel word wat duidelik in die kennisgewing aan lede gemeld is. Die voorsitter of een van die ander lede van die Bestuur het die buitengewone algemene vergadering asook die gewone algemene vergadering gelei. Die bestuurder het as die sekretaris opgetree. Die voorsitter kon met die toestemming van elke vergadering waarop 'n kworum aanwesig was, die vergadering verdaag het. Geen ander saak kon egter op die verdaagde vergadering behandel word as dié wat onafgehandel was toe die vergadering verdaag het nie. Wanneer 'n vergadering verdaag word, moes ooreenkomstig artikel 62 van die Maatskappywet van 1926, daarvan aan lede kennis gegee word. Behalwe soos vermeld, was dit onnodig om kennis te gee van 'n verdaging of van die sake wat op die verdaagde vergadering behandel is. Alle stemgeregtigde lede wat die vergadering bygewoon het, moes die presensielys duidelik en leesbaar geteken het. Elke lid het net een stem gehad. 'n Stemming oor persone het skriftelik geskied, terwyl 'n stemming oor sake mondelings of deur die opsteek van hande plaasgevind het. Elke vergadering het die reg gehad om in besondere gevalle van hierdie reël te kon afwyk. Vir 'n besluit oor persone sowel as sake is daar 'n volstrekte meerderheid vereis. Wanneer die aantal stemme oor sake gestaak het, het die voorsitter die beslissende stem gehad. Stemming by volmag was nie geoorloof nie.¹¹

Die bank is deur vyf direkteure, wat lede van die bank moes wees, bestuur. Tydens die algemene vergadering is drie lede verkies deur die lede soos vermeld in artikel 21(a) van die Statute en twee deur al die lede van die bank. Op 'n algemene vergadering kon op aanbeveling

11. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.35-40, pp.8-9.

van die Bestuur, ere-direkteure aangestel word, wat dieselfde regte sou hê as 'n gewone direkteur. Daar sou nooit meer as vier ere-direkteure kon wees nie. Direkteure is vir twee jaar verkies en het afgetree volgens 'n rooster wat deur hulle vasgestel is. Die eerste jaar het twee en die tweede jaar het drie afgetree. Hulle was weer onmiddellik herkiesbaar. Onderworpe aan die bepalings van artikel 45 en 49 van die Statute kon geen persoon, behalwe 'n afgetrede direkteur, op 'n algemene vergadering as direkteur aangewys word nie. Die persoon wat as direkteur verkies is, moes binne dertig dae na die afsluiting van die boekjaar, skriftelik by die bestuurder bevestig, dat hy sy nominasie aanvaar. Met 'n tussentydse verkiesing het die nuutverkose direkteur sitting gehad vir solank as wat die afgetrede direkteur nog sou aanbly.¹²

Slegs twee tydelike vakatures kon deur die Bestuur met 'n tydelike benoeming gevul word. Hierdie benoeming het geldig gebly tot op die volgende algemene vergadering. Tydens die algemene vergadering is hierdie benoemde persone as direkteure verkies. In geval van 'n derde vakature, moes die Bestuur onmiddellik 'n buitengewone algemene vergadering belê om alle sodanige vakatures te vul. Elke direkteur kon 'n ander persoon aangewys het om in sy plek as plaasvervangende direkteur op te tree gedurende sy afwesigheid of wanneer hy verhinder is om as direkteur te kon optree. Dit kon net gebeur as die benoeming van sodanige plaasvervangende direkteur deur die Bestuur goedgekeur is. Die plaasvervangende direkteur het al die pligte en funksies vervul van die direkteur wat hy

12. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.41-44, pp.9-10.

verteenwoordig het. Die benoeming van so 'n plaasvervangende direkteur is opgehef as die direkteur wat hom benoem het, besluit het om as direkteur te bedank, of as hy kennis gegee het dat die plaasvervangende direkteur hom nie langer sou verteenwoordig nie.¹³

Die amp van direkteur sou vakant word onder die volgende omstandighede. Eerstens wanneer hy skriftelik aan die bestuur sou kennis gee dat hy sy amp neerlê; tweedens wanneer hy insolvent, swak- of kranksinnig sou raak. In die derde plek sou sy amp vakant word wanneer hy ses agtereenvolgende vergaderings van die bestuur nie bygewoon het nie. In hierdie geval kon die Bestuur 'n beroep doen op 'n afwesige direkteur om 'n plaasvervangende direkteur te benoem in terme van artikel 45 van die Statute. In die vierde geval sou die amp vakant word wanneer die direkteur ophou om direkteur te wees kragtens artikel 68 van die Maatskappywet van 1926. Vyfdens sou die amp vakant word wanneer die direkteur regstreeks of onregstreeks belange gehad het by 'n kontrak of 'n aandeel in die winste van 'n kontrak met die bank. 'n Direkteur sou egter nie sy amp hoef neer te lê omdat hy lid was van 'n vennootskap, maatskappy of korporasie wat kontrakte aangegaan het met, of werk verrig het vir die bank nie. Die voorwaarde hieraan verbonde was dat hy op die eerste bestuursvergadering na die algemene jaarvergadering opnuut sy belange en die aard daarvan sou verklaar op die wyse soos vereis deur artikel 70 van die Maatskappywet van 1926. Die direkteur sou nie ten opsigte van so 'n kontrak of werk of enige saak in verband daarmee kon stem nie en as hy sou stem, sou sy

13. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.45-47, pp.10-11.

stem nie getel word nie.¹⁴

'n Direkteur kon by wyse van 'n buitengewone besluit deur die lede wat hom verkies het, voor die verstryking van sy ampstermyn uit sy pos ontslaan word en deur iemand anders vervang word. Die aangestelde persoon sou op dieselfde tydstip aftree as waarop die direkteur sou aftree in wie se plek hy aangestel was. Die direkteure kon geldige besluite geneem het as minstens drie van hulle, uitgesonderd enige ere-direkteure, by 'n bestuursvergadering aanwesig was. Enige saak wat op so 'n vergadering geopper is, is by wyse van 'n meerderheid van stemme beslis. In geval van 'n gelykop stemming, het die voorsitter die beslissende stem gehad. Die Bestuur het jaarliks op die eerste vergadering na die algemene jaarvergadering, uit sy lede 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter verkies. Die gewone bestuursvergaderings is weekliks gehou. Spesiale bestuursvergaderings kon deur enige twee direkteure byeengeroep word. By alle bestuursvergaderings het die bestuurder as sekretaris opgetree.¹⁵

Die direkteure moes aan al die bepalings van die maatskappywet van 1926 en die Bankwet van 1942 voldoen het. Die direkteure moes ook toesien dat aantekeninge gehou word in die daarvoor bestemde boeke van alle belangrike sake. Die Bestuur was verantwoordelik vir die uitvoering van die bank se doelwitte soos in die Akte van Oprigting uiteengesit. Die Bestuur was ook verantwoordelik vir die gekontroleerde verloop van sake. In die uitvoering van die doel

14. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Art.48, pp.11-12.

15. Ibid., Arts.49-50, pp.12-13.

gestel onder artikel 3(b) van die Akte van Oprigting, stel die Bestuur die reëls en voorwaardes vas waarop spaargelde en deposito's in ontvangs geneem word. In die uitvoering van die doelstellings onder artikels 3(d) en (e) van die Akte van Oprigting, stel die Bestuur die reëls en voorwaardes vas waarop lenings verleen en gelde belê sou word, en sou die Bestuur bevoeg wees om bykomende sekuriteit van enige aard vir lenings te neem, met die inagneming van die bepalings van artikels 69 en 71 van die Akte van Oprigting. In die uitvoering van enige doel gestel onder artikel 3 van die Akte van Oprigting, sou alle aktes, dokumente, kontrakte en ander stukke effektief en as van krag beskou word as hulle geteken sou wees deur een direkteur, mits gestaaf deur 'n behoorlike besluit geneem op 'n bestuursvergadering. Die bestuurder van die bank sou bevoeg wees om onder sy handtekening afskrifte van sodanige besluite uit te reik.¹⁶

Wanneer enige prokurasies, konsente, aktes of ander stukke benodig of verlang word in verband met enige handeling verrig deur die bank, sou die Bestuur die mag besit om daarmee te handel namens die bank op grond van artikel 56 van die Statute. Die Bestuur het die bestuurder en ander beampies van Ons Eerste Volksbank benoem, hulle salarisse gereël en het die reg besit om hulle te skors of te ontslaan. Die Bestuur sou maandeliks die stand van sake soos dit was op die laaste werksdag van die vorige maand, publiseer. Hierdie staat moes deur minstens twee direkteure en die bestuurder onderteken word.¹⁷

Die Bestuur moes binne drie maande na die einde van

16. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.51-56, pp.13-14.

17. Ibid., Arts.57-59, pp.14-15.

elke boekjaar of binne vyftien maande na die laaste voorafgaande algemene jaarvergadering, aan die algemene jaarvergadering 'n volledige skriftelike jaarverslag voorgelê het. Hierdie verslag het uit 'n balansstaat, 'n wins- en verliesrekening en 'n skriftelike verslag van die ouditeure soos bepaal deur artikel 67 van die Statute bestaan. Die Bestuur was net verantwoordelik aan die algemene vergadering. Hulle het die reg besit om die direkteure en komitees aan te stel en om sake van enige aard in belang van die bank te hanteer. Verder het hulle ook die reg besit om van tyd tot tyd reglemente op te stel vir 'n verbeterde reëling van die sake van die bank en om dit te verander, te wysig of te herroep, alles op voorwaarde dat die reglemente nie in stryd sou wees met die gees en bedoeling van hierdie Statute nie.¹⁶

Die bestuurder moes die boekhouding inrig ooreenkomstig die wette van die land en in oorleg met die bestuur. Die boeke, registers, dokumente, onderpande en kasgelde moes in 'n soliede en goed afsluitbare brandkamer bewaar word. Die boekjaar van die bank sou op 30 Junie van elke jaar sluit. Die totale boekhouding sou onder die toesig staan van 'n geregistreeerde rekenmeester, wat deur die algemene jaarvergadering aangestel word. Die werksaamhede van die ouditeure word gereël ooreenkomstig artikels 98 en 99 van die Maatskappywet van 1926 en die Bankwet van 1942, of enige wetlike wysigings daarvan.¹⁷

In die uitvoering van die doel van die bank soos in die Akte van Oprigting uiteengesit, word die bestuur deur

16. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.60-63, pp.15-16.

17. Ibid., Arts.64-68, p.16.

die leningskomitee bygestaan. Die leningskomitee het uit twintig persone bestaan wat op 'n algemene vergadering van die bank verkies en aangestel is. 'n Persoon kon slegs lid van die leningskomitee word as hy daarop kon aanspraak maak dat hy besondere kennis besit van 'n bepaalde groep lede van die bank. Hy moes ook van tyd tot tyd die nodige inligting rakende 'n applikant se kredietwaardigheid aan die Bestuur kon verskaf. Op elke jaarvergadering het die Bestuur die verskillende groepe van lede van die bank aangewys waarvoor lede van die leningskomitee op daardie vergadering verkies en aangestel moes word. Geen ander groepe sou dan in aanmerking geneem word nie.²⁰

Die leningskomitee het alle aansoeke om lenings behandel wat deur die Bestuur aan hulle voorgelê is. Elke aansoek wat deur die leningskomitee aanbeveel is, moes deur die voorsitter en twee lede van die komitee onderteken word. Slegs lenings wat deur die leningskomitee goedgekeur is, kon deur die Bestuur behandel word. Lede van dié komitee is vir drie jaar verkies en het afgetree volgens 'n rooster wat deur hulself vasgestel is. Die eerste jaar het ses, die tweede jaar sewe en die derde jaar weer sewe afgetree. Hulle was nie weer dadelik herkiesbaar nie. Met 'n tussentydse verkiesing het die nuutgekose lid sitting gehad vir solank as wat die afgetrede lid nog moes aanbly. Tussentydse vakatures op die leningskomitee is deur die Bestuur in oorleg met die leningskomitee gevul. So 'n tydelike benoeming het geldig gebly tot die volgende algemene vergadering, wanneer die vakatures op die gewone wyse gevul is. Die leningskomitee kon wettige besluite neem as ten minste

20. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.69-70, pp.16-17.

sewe van hulle by 'n komiteevergadering aanwesig was. Geskille wat op 'n vergadering ontstaan het, is met 'n meerderheid van stemme beslis. In geval van 'n gelykop stemming het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem gehad. Die leningskomitee het jaarliks op sy eerste vergadering na die algemene jaarvergadering uit sy lede 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter aangewys. Gewone komiteevergaderings is weekliks gehou. Spesiale vergaderings kon deur die Bestuur byeengeroep word. By al die vergaderings het die bestuurder as sekretaris opgetree.²¹

Die Statute het voorsiening gemaak dat die bank geld op spaarrekeninge kon aanneem, wat terugbetaalbaar was na 'n voorafgaande kennisgewing deur die spaarder. Die Bestuur kon besluit om, afhangende van die kennisgewing deur die spaarder, minstens vyf sjielings tot hoogstens die bedrag toegelaat deur die Bankwet van 1942, of enige wetlike wysigings daarvan, van die spaarder te verhaal. Die Bestuur het ook die reg besit om van tyd tot tyd die maksimum bedrag wat op die naam van een persoon aangeneem kon word te bepaal, of enige syfer onder die wetlike maksimum. Die bank het ook gelde geneem op vaste deposito met ses of twaalf maande kennisgewing van opsegging of soos die Bestuur van tyd tot tyd sou besluit en wel minstens vyf pond tot hoogstens die bedrag toegelaat deur die Bankwet van 1942, of enige wetlike wysiging daarvan. Die Bestuur het die reg besit om van tyd tot tyd die maksimum bedrag wat op die naam van een persoon aangeneem kon word, te bepaal of enige syfer onder die wetlike maksimum. Die Bestuur sou geen pandreg van derdes erken of in sy boeke aanteken nie, en kon enige tyd die

21. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.71-75, pp.17-18.

aanname van spaargelde en/of gelde op vaste deposito's tydelik staak. Spaargelde en gelde wat op vaste deposito's belê is, sou nie op 'n ander persoon se naam oorgeskryf kon word nie, behalwe met die Bestuur se toestemming.²²

Die Statute het bepaal dat lenings slegs toegestaan sou word op promesses geteken deur die applikant self en deur minstens twee ander persone as medehoofskuldenaars. Lenings kon ook teen sekerheid van deposito's wat die lener by die bank gehad het, verleen word, op promesses geteken deur die applikant self, mits sodanige depositobewys vir 'n groter bedrag was as die van die aangevraagde voorskot. Lenings sou ook verleen word op promesses geteken deur die applikant self, wanneer die applikant lid was van 'n vereniging, genootskap of dergelike liggaam waarmee die Bestuur in sy eie diskresie 'n ooreenkoms aangegaan het. Aan hierdie lede sou lenings verleen kon word op die volgende voorwaardes: Die aansoek van sodanige lid sou skriftelik aanbeveel moes word deur 'n vaste komitee wat benoem is deur, en wat uit lede van sodanige liggaam bestaan het. Sodanige liggaam moes by die bank 'n bedrag gedeponeer het wat na 'n besluit in die verband, vermeerder of verminder kon word. Die rente wat verdien sou word op sodanige bedrag sou as 'n waarborgfonds gedien het vir dekking teen alle moontlike verliese wat die bank kon ly. Die bedrae van die vermelde verliese sou van tyd tot tyd teen die bedrag van sodanige waarborgfonds gedebiteer word. Die besluit het by die Bestuur berus om die betrokke liggaam van tyd tot tyd skriftelik daarvan in kennis te stel. Aan hierdie lede kon in totaal nooit meer as

22. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.76-78, pp.18-19

tien maal die bedrag van die waarborgfonds in lenings verskaf word nie. Die waarborgfonds het dan die plek ingeneem van die medehoofskuldenaar soos wat in artikel 79 van die Statute genoem is.²³

Alle promesses sou op aanvraag uitbetaal word, maar by die aangaan van 'n lening is 'n ooreenkoms met die debiteur aangegaan waarvolgens hy die bedrag paalements-gewys sou aflos. Indien hy nie skriftelik aan hierdie ooreenkoms voldoen nie, sou die ooreenkoms opgehef word. Vyftig pond sou die grootste bedrag wees wat aan een persoon op promesse voorgeskiet sou kon word. Die Bestuur het die reg gehad om in sekere gevalle hiervan te kon afwyk. Indien dit 'n verdienstelike applikant was, kon tot 'n maksimum bedrag van £100 voorgeskiet word. Die voorwaarde hieraan verbonde was dat die voorskot nie die vaste maandelikse inkomste van sodanige applikant twee maal sou oorskry nie. Daar is ook bepaal dat £100 die hoogste bedrag was waarvoor een persoon hom as medehoofskuldenaar ten opsigte van 'n ander persoon se verpligtinge teenoor die bank, kon verbind. Die Bestuur het die reg besit om hiervan te kon afwyk en aan een persoon die reg te verleen om vir hoogstens £200 as medehoofskuldenaar op te tree. Die voorwaarde was dat die persoon wat as medehoofskuldenaar sou optree, hom nie kon verbind vir meer as vier keer sy vaste maandelikse inkomste nie.²⁴

Kragtens die Statute moes beleggings wat in terme van artikel 3(e) van die Akte van Oprigting in die vorm van lenings op sekuriteite van onroerende goedere verleen

23. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts. 79-82, pp. 19-20.

24. Ibid., Arts. 83-85, pp. 20-21.

word, deur 'n eerste verband verseker word. 'n Tweede verband kon alleen geneem word as die eerste verband deur die bank gehou is, of as dit gebruik is vir bykomende sekuriteit. So 'n lening sou net uitbetaal word na die behoorlike registrasie van die toepaslike verbandaktes en as daar nie 'n vermindering in die waarde van die aangebode sekuriteit was nie. Slegs as al die voorwaardes vir die toestaan van die lening nagekom is, sou die lener die reg hê op die uitbetaling van die lening. Die Bestuur het die reg besit om met die toestaan van enige voorskot bykomende sekuriteit van enige aard te eis.²⁵

Daar sou geen surplus wees nie voordat daar nie eers behoorlik voorsiening gemaak is vir die verliese wat verwag is nie. Die reserwefonds is nie beskou as deel van die voorsiening teen verliese nie. Sou daar wel 'n surplus bestaan, is daar bepaal dat een helfte in die reserwefonds gestort sou word en die ander helfte sou onder die lede van die bank verdeel word. Hierdie verdeling sou plaasvind in verhouding met die rente wat die lede betaal of ontvang het vir die boekjaar waaroor die wins-en verliesrekening gestrek het. Dit kon egter gebeur dat daar op die algemene vergadering besluit word om die hele surplus in die reserwefonds te stort. Die toewysing van die surplus was afhanklik van die bywoning van die algemene vergadering. Indien sodanige vergaderings nie bygewoon kon word nie, moes daar skriftelik tot bevrediging van die Bestuur redes hiervoor aangevoer word. Enige genootskap, vereniging of dergelike liggaam, waarmee die Bestuur volgens sy eie diskresie 'n ooreenkoms gesluit het, sou ook deel in die wins.

25. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts. 86-88, pp. 21-22.

Die deel van die wins wat so 'n genootskap, vereniging of dergelike liggaam ontvang het, is in een som aan die liggaam uitbetaal. Die uitbetaling van die wins was ook afhanklik van die bywoning van die algemene vergadering deur 'n afgevaardigde van die betrokke liggaam. As die afgevaardigde nie die vergadering kon bywoon nie, moes hy skriftelik tot die bevrediging van die Bestuur redes kon aanvoer waarom hy nie die vergadering kon bywoon nie.²⁶

Die Statute het voorts bepaal dat spaarrekeninge en vaste deposito's van lede wat gedurende 'n boekjaar gesluit en uitbetaal is, geen aandeel in die wins ontvang het nie. Die wins sou ook in die reserwefonds gestort word. Aandele in die winsverdeling is sonder advies van die betrokke lede teen hulle rekening gekrediteer wanneer sodanige rekening nie reeds afgesluit was nie. Die lid kon ook sy aandeel in kontant ontvang as hy geen geldelike verpligtinge teenoor die bank gehad het nie. Wanneer die rekening van 'n lid reeds gesluit was, en hy geen geldelike verpligtinge teenoor die bank gehad het nie, is sy aandeel in die wins slegs aan hom in kontant uitbetaal wanneer die bedrag daarvan meer was as een sjieling, anders is dit ook in die reserwefonds gestort.²⁷ Die presensielys van die algemene jaarvergadering wat deur beide die voorsitter en die sekretaris onderteken is, sou as uitgangspunt dien by die beoordeling van wie 'n aandeel in die winsverdeling sou ontvang. Indien 'n boekjaar met 'n verlies afgesluit is, sou die volgende jaar nie 'n wins kon toon voordat die verlies nie eers gedek is nie.²⁸

26. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.89-91, pp.22-23.

27. Ibid., Arts.92-93, pp.23-24.

28. Ibid., Arts.94-95, p.24.

Die reserwefonds was onverdeelbaar. Hoogstens 50% daarvan kon as hulpverlening aangewend word vir instellings wat dieselfde doel as die bank gehad het, of vir ondernemings wat die welsyn van die lede van hierdie bank beoog het, of vir lenings aan soortgelyke instellings en ondernemings. Die Bestuur moes vir elke besondere geval 'n voorstel aan die algemene vergadering voorlê. Die rente of winste wat uit die belegging van die reserwefonds verkry is, sou vir die gewone bedryf van die bank aangewend word.²⁹

Die direkteure, leningskomitee, die bestuurder en alle ander beamptes van die bank, hul erfgename en eksekuteure, is te alle tye en onder alle omstandighede deur die bank beveilig en skadeloos gestel. Die skadeloosstelling het gegeld ten opsigte van die verliese, koste en skade wat enigeen van hulle sou kon ondervind, wat hom aangedoen is, of waaraan hy blootgestel was, in of oor enige kwessie op enige wyse in verband met die sake van die bank, mits hierdie verliese, koste of skade nie veroorsaak is deur die opsetlike of agterlosige versuim van die persoon of is deur die opsetlike of agterlosige versuim van die persoon of persone nie.³⁰

Die totale verpligtinge van die bank teenoor sy lede kon nooit meer as tienmaal die gesamentlike bedrag van die kapitaal en reserwe bedra het nie. Sodra die totale verpligtinge teenoor sy lede gestyg het tot 'n bedrag gelykstaande aan nege maal die gesamentlike bedrag van die kapitaal en reserwe, moes die Bestuur 'n algemene vergadering belê het. Op hierdie vergadering

29. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.96-98, p.24.

30. Ibid., Art.99, p.25.

moes die Bestuur voorstelle aan die lede voorgelê het, oor hoe om voorsiening te maak vir die instandhouding van die bepalinge van artikel 100 van die Statute, deur die instelling van 'n waarborgfonds of deur ander middele, wat in ooreenstemming was met die voorskrifte van 'n gesonde finansieringsbeleid.³¹

Die Statute het bepaal dat die direkteure en leningskomitee geen salarisse ontvang nie. Die bestuurder moes afsonderlike registers hou van die name en adresse van die afsonderlike klasse van lede bedoel in artikel 21 van die Statute. Elke lid was verplig om die bestuurder dadelik skriftelik in kennis te stel van enige adresverandering. Kennisgewings aan lede per pos na die laaste posadres van so 'n lid volgens die lederegisters, is vir alle doeleindes as voldoende beskou. So 'n kennisgewing was bindend vir alle persone wat na sy dood of by oorgang van sy belange daarop aanspraak gemaak het. Wanneer 'n kennisgewing per pos gestuur is, is daar aanvaar dat dit ontvang is op die dag dat die kennisgewing gepos is. Die bewys dat die brief wat die kennisgewing bevat het, behoorlik geadresseer en gepos is, is as voldoende aanvaar. Indien die kennisgewing plaasgevind het deur middel van 'n advertensie in 'n koerant, is daar aanvaar dat dit ontvang is op die dag waarop die advertensie in die koerant verskyn het.³² Die ondertekening van 'n kennisgewing deur die bank, kon geskrewe of gedruk, of gedeeltelik geskrewe of gedruk gewees het. Indien 'n kennisgewing binne 'n bepaalde aantal dae of binne 'n bepaalde tydperk uitgereik moes word, was die dag van ontvangs nie in die aantal dae of tydperk ingereken nie.

31. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.100-101, p.25.

32. Ibid., Arts.102-104, pp.26-27.

In gevalle waar die Statute op dubbelsinnige wyse geïnterpreteer kon word, is daar deur die Bestuur daaroor beslis, onderworpe aan die goedkeuring van die volgende algemene vergadering. Indien die bepalings van die Statute op enige manier in stryd was met die bepalings van die Maatskappywet van 1926, die Bankwet van 1942 of enige ander wet, dan het die bepalings van daardie wet gegeld. 'n Voorstel tot ontbinding of vrywillige likwidasië van die bank kon alleen gemaak word deur die voltallige Bestuur, of deur minstens een derde van die totale aantal lede van die bank. So 'n voorstel kon alleen behandel word op 'n algemene vergadering wanneer ten minste dertig dae vooraf kennis aan alle lede gegee is en waar minstens driekwart van die stemgeregtigde lede teenwoordig was. Indien die vereiste aantal lede nie sou opdaag nie, is daar tydens die vergadering beslis waar en wanneer die volgende algemene vergadering gehou sou word. Dit moes dan ten minste dertig dae later plaasgevind het. Indien daar op die tweede vergadering nie minstens die helfte van die stemgeregtigde lede aanwesig was nie, kon daar op 'n derde vergadering 'n geldige besluit geneem word.³³

Wanneer daar onduidelikhede van welke aard ook al in die algemene werking en administrasie van Ons Eerste Volksbank opgeduik het, is daar terug verwys na die Statute van 1948 wat gedien het as 'n riglyn vir besluitneming. Dit was duidelik omskryf sodat daar geen onsekerheid geheers het oor enige saak nie. Die Statute was nie so rigied dat dit nie verander kon word nie. Soos wat die werksaamhede van die bank uitgebrei het, het die Bestuur dit soms nodig geag om die Statute aan te pas om voorsiening te maak vir die veranderings.

33. Argief O.E.V., Lêer 1: Statute van Ons Eerste Volksbank 1948, Arts.105-110, pp.26-27.

SLOTBESKOUIING

Die stigting van Ons Eerste Volksbank was 'n duidelike bewys dat indien 'n gemeenskap hulself wil help, dit moontlik is. Buiten dat Ons Eerste Volksbank aan duisende lede 'n finansiële uitkoms verskaf het, het dit ook bygedra om die idee van selfhelp in Suid-Afrika te vestig. Ons Eerste Volksbank het ook bewys dat gewone mense wat aktief betrokke is by hul eie bank, meer verantwoordelikhede geleer kan word. Lede van die vereniging het baie vinnig geleer dat dit van kardinale belang is om hul kredietwaardigheid te behou. Die feit dat krediet net toegestaan was indien 'n saak werklik meriete gehad het, het daartoe bygedra dat daar onder lede van die vereniging 'n gees van spaarsamigheid ontwikkel het.

Ons Eerste Volksbank het beslis daarin geslaag om die woeker te beperk. Die grootste struikelblok in die weg van die uitbreiding van volksbankwese in Suid-Afrika was definitief die woekerwetgewing. Alhoewel die bedoeling van die Woekerwet van 1926 edel was, het dit terselfdertyd juis die werkzaamhede van Ons Eerste Volksbank wat daarop gemik was om die woeker te bestry, beperk. Positiewe wetgewing om die beginsels van volksbanke te onderskryf, was nodig. Ongelukkig is dit ook so dat daar individue is wat hulself probeer verryk deur in "maatskappye" of "banke" te groepeer. In die opsig is wetgewing van uiterste belang.

Die behoefte aan krediet neem daagliks toe en in die meeste gevalle kan gewone banke en finansiële instellings nie in die behoefte voorsien nie. Hierdie leemte wat ontstaan word gevul deur verenigings soos Ons Eerste Volksbank wat klein lenings verskaf teen waarborg aan lede wat andersins weggewys sou gewees het. Dit blyk duidelik dat volksbanke 'n waardevolle

rol kon speel om krediet te verskaf, maar ongelukkig het die negatiewe aspekte verbonde aan die woekerwet talle pogings om volksbanke op te rig, in die wiewe gery.

Dat Ons Eerste Volksbank aan duisende mense 'n finansiële uitkoms gebied het, kan nie betwis word nie. In die tydperk van 1918 - 1948 was daar slegs enkele gevalle waar leners of swak of glad nie betaal het nie. Dit was veral die ferm optrede teen sulke persone wat slegte skuld tot die minimum beperk het. Ons Eerste Volksbank het dit juis as 'n doel gestel om lede te leer om hul finansiële verpligtinge stiptelik na te kom.

Aanvanklik is daar besluit dat Ons Eerste Volksbank geen donasies vir liefdadigheid sou bewillig nie. Weldra, soos die omstandighede verander het en Ons Eerste Volksbank meer gevestig geraak het, het hulle al hoe meer betrokke begin raak by die welsyn van hul lede, asook ander instellings soos weeshuise. Op hierdie terrein het Ons Eerste Volksbank ook 'n positiewe bydrae gelewer.

Ons Eerste Volksbank word tereg beskou as die moeder-volksbank in Suid-Afrika, nie net omdat dit die eerste volksbank in Suid-Afrika was nie, maar ook omdat die vereniging altyd bereid was om te help met die stigting van soortgelyke instellings. Daar kan baie redes aangevoer word waarom ander soortgelyke instellings misluk het, maar die wonder is dat Ons Eerste Volksbank bly voortbestaan het. Die belangrikste redes waarom Ons Eerste Volksbank bly voortbestaan het, was die toegewydheid van die stigterslede en elke ander lid van die instelling asook die bestaan van 'n sterk reserwefonds. Dit moet ook beklemtoon word dat Ons Eerste Volksbank van die begin af op 'n gesonde

besigheidgrondslag bestuur is. Dit het verseker dat die publiek vertrouwe in Ons Eerste Volksbank behou het.

Soos wat Ons Eerste Volksbank uitgebrei het, het dit nodig geword om vaste personeel aan te vul. Heel eerste het die Bestuur besef dat om Ons Eerste Volksbank na behore te kan bestuur, daar 'n bestuurder aangestel moes word, en so word C.J.Zorn dan as die eerste bestuurder aangestel. Met verloop van tyd het die werksaamhede so toegeneem dat heelwat klerke, tiksters asook 'n rekenmeester aangestel moes word. Die firma Altmann en Brugman was die ouditeursfirma van Ons Eerste Volksbank. Hierdie firma het Ons Eerste Volksbank vanaf 1918 bygestaan. Ook vir hierdie firma wat aanvanklik minimum vergoeding ontvang het, was die saak groter as die finansiële vergoeding. Die prokureursfirma Keizer en Louw het Ons Eerste Volksbank ook vanaf hul ontstaansjaar bedien. Die firma het veral gehelp om slegte skuldenaars aan die pen te laat ry. Die feit dat Ons Eerste Volksbank oor hul eie geboue beskik het, het lede nog meer aangemoedig om die vereniging as hul eie te beskou. Dit het ook baie nie-lede gelok om hul banksake by Ons Eerste Volksbank te kom doen.

Die belangrikste bydrae wat Ons Eerste Volksbank gelewer het, was hul bydrae om die Armbankevraagstuk op te los. Tydens die volkskongres oor die Armbankevraagstuk wat in Kimberley in Oktober 1934 gehou is, het S.J.Bezuidenhout gewys op die bydrae en betekenis van volksbanke. In sy verslag wys Bezuidenhout daarop dat krediet absoluut noodsaaklik was, veral vir die arm man. Die ironie volgens hom was dat krediet feitlik net beskikbaar was vir onproduktiewe doeleindes byvoorbeeld meubels en motors.

Hy wys daarop dat krediet amper glad nie beskikbaar was vir produktiewe doeleindes nie.¹

Bezuidenhout wys ook daarop dat omdat die regering altyd bereid was om te help, die mense verwag het dat hulle altyd deur die regering gehelp moes word. Bezuidenhout het ook daarop gewys dat in Suid-Afrika, net soos in die res van die wêreld, regeringshulp nie baie suksesvol was nie. Die enigste oplossing volgens hom was juis geleë in selfhelp. Hy het daarop gewys dat koöperatiewe krediet die enigste weg tot sukses was. Volgens hom was krediet nog altyd 'n monopolie van die rykes, wat dit juis die minste nodig gehad het. Hy glo dat produktiewe krediet binne die bereik van die minder bevoorregte persone gebring moes word. Volgens Bezuidenhout was volksbanke die tipe instelling wat hierdie persone die beste kon help.²

Volgens S.J.Bezuidenhout moes die hele volk versigtigheid, spaarsaamheid en verantwoordelikheid met die gebruik van geld en die betaal van skuld geleer word. Bezuidenhout wys ook daarop dat volksbanke nie net koue ystergeldkiste is wat net geld uitleen nie, hulle gee en leer hulle lede groter dinge wat nie met geld gekoop kan word nie.³

Die positiewe werk van Ons Eerste Volksbank verdien net lof. Dit is moeilik om te glo dat die ideaal van drie toegewyde mense die lot van die meerderheid van Pretoria se armlankes so merkwaardig kon verander het.

1.P.du Toit, (Samesteller): Verslag van die Volkskongres oor die Armlankevraagstuk gehou te Kimberley 2 tot 5 Oktober 1934, S.J.Bezuidenhout, Die betekenis van volksbanke, p.118.

2.Ibid.

3.Ibid.

Dit is duidelik dat sonder die positiewe invloed van Ons Eerste Volksbank daar groter armoede en ellende in Pretoria sou gewees het. Ek is oortuig daarvan dat daar in ander dele van Suid-Afrika 'n nog groter behoefte aan volksbanke bestaan het. Met die leiding van Ons Eerste Volksbank kan soortgelyke instellings regoor Suid-Afrika opgerig word. Duitsland wat 'n ekonomiese reus is, het vroeg-vroeg die waarde en voordeel van volksbanke beseef. Het dit nie tyd geword dat daar in Suid-Afrika opnuut na volksbanke gekyk moet word nie? Die wetgewing wat verhoed het dat volksbanke in Suid-Afrika versprei, moet heroorweeg word. Wanneer die moontlikheid van ekonomiese selfhelp bestaan, verdien so 'n saak definitief 'n tweede kans.

BRONNE

I. **ARGIVALE BRONNE**

ARGIEF ONS EERSTE VOLKSBANK, PRETORIA

1. **ONGEPUBLISEER**

Lêer 1 Persoonlike korrespondensie,
bankkorrespondensie en
inkomende stukke, 1918 -
1948.

Lêer 2 Ander volksbanke, 1918 -
1948.

Notule van Bestuursvergaderings van
Ons Eerste Volksbank:

05.01.1918 - 06.05.1920

12.05.1920 - 14.09.1922

21.09.1922 - 19.03.1925

26.03.1925 - 01.12.1926

08.12.1926 - 16.05.1929

23.05.1929 - 13.05.1931

21.05.1931 - 13.04.1933

20.04.1933 - 29.08.1935

05.09.1935 - 11.11.1937

20.11.1937 - 16.11.1939

23.11.1939 - 13.05.1942

28.05.1942 - 13.02.1947

20.02.1947 - 23.03.1950

2. **GEPUBLISEER**

Bezuidenhout, S.J., Ons Eerste Volksbank,
sy ontstaan en bloei, Pretoria, sj.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1942 -
30 Junie 1943, Pretoria, 30.09.1943.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1943 -
30 Junie 1944, Pretoria, 21.09.1944.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1944 -
30 Junie 1945, Pretoria, 27.09.1945.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1945 -
30 Junie 1946, Pretoria, 26.09.1946.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1946 -
30 Junie 1947, Pretoria, 25.09.1947.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1947 -
30 Junie 1948, Pretoria, 30.09.1948.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1948 -
30 Junie 1949, Pretoria, 27.10.1949.

Marais, P.J.v.B., Ons Eerste Volksbank,
jaarverslag en finansiële state vir die jubileum
boekjaar, Pretoria, 1968.

TRANSVAALSE ARGIEFBEWAAARPLEK, PRETORIA

1. ARGIEF VAN DIE DEPARTEMENT VAN HANDEL EN
NYWERHEID

ONGEPUBLISEER

D519, Commerce and Industries, currency and
banking investigation into Ons Eerste
Volksbank.

2. AANWINS W119: ARGIEF ONS EERSTE VOLKSBANK

ONGEPUBLISEER

W119/I(1), Notule van die Arme Blanke
Verbond, 15.01.1917 - 23.01.1920.

W119/(2)I, Korrespondensie en dokumente rakende
Ons Eerste Volksbank.

GEPUBLISEER

W119/II(1), Jaarverslae van Ons Eerste
Volksbank.

Jaarverslag oor die boekjaar 1918, Pretoria,
14.02.1919.

Jaarverslag oor die boekjaar 1919, Pretoria,
26.03.1920.

Jaarverslag oor die boekjaar 1920, Pretoria,
23.03.1921.

Jaarverslag oor die boekjaar 1921, Pretoria,
10.03.1922.

- Jaarverslag oor die boekjaar 1922, Pretoria,
22.03.1923.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1923, Pretoria,
20.03.1924.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1924, Pretoria,
12.03.1925.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1925, Pretoria,
25.03.1926.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1926, Pretoria,
24.03.1927.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1927, Pretoria,
29.03.1928.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1928, Pretoria,
27.03.1929.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1929, Pretoria,
03.04.1930.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1930, Pretoria,
05.03.1931.
- Jaarverslag oor die eerste ses maande van 1931,
Pretoria, 24.09.1931.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1931 -
30 Junie 1932, Pretoria, 29.09.1932.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1932 -
30 Junie 1933, Pretoria, 28.09.1933.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1933 -
30 Junie 1934, Pretoria, 20.09.1934.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1934 -
30 Junie 1935, Pretoria, 26.09.1935.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1935 -
30 Junie 1936, Pretoria, 30.09.1936.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1936 -
30 Junie 1937, Pretoria, 30.09.1937.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1937 -
30 Junie 1938, Pretoria, 21.09.1938.
- Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1938 -
30 Junie 1939, Pretoria, 28.09.1939.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1939 - 30 Junie 1940, Pretoria, 26.09.1940.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1940 - 30 Junie 1941, Pretoria, 24.09.1941.

Jaarverslag oor die boekjaar 1 Julie 1941 - 30 Junie 1942, Pretoria, 30.09.1942.

II. REGERINGSPUBLIKASIES

A.B.16B-42, Unie van Suid-Afrika, Bankwetsontwerp, wetsontwerp tot samevatting en wysiging van regsbepalings op banke en sekere soortgelyke instellings. Kaapstad, 1942.

G.P.-S.9892, Unie van Suid-Afrika, Raad van Handel en Nywerheid, verslag no. 188 Ons Eerste Volksbank. Pretoria, 1934.

OP(S)60/1, Unie van Suid-Afrika, Betaalmiddels en Bankwet, No. 31 van 1920. Kaapstad, 1920.

OP(S)60/1, Unie van Suid-Afrika, Maatskappywet van 1926, Wet No. 46 van 1926. Kaapstad, 1926.

OP(S)60/1, Unie van Suid-Afrika, Wet tot Reëling van gelduitlening en van die rentekoers wat op geldlenings bereken mag word, Wet No. 37 van 1926. Kaapstad, 1926.

OP(S)60/1, Unie van Suid-Afrika, Bankwet, Wet No. 38 van 1942. Kaapstad, 1942.

OP(S)2, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad (Hansard) Deel VI, 22 Januarie - 26 Maart 1926. Kaapstad, 1926.

OP(S)2, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad (Hansard) Deel 43. Kaapstad, 1942.

S.C.4-'26, Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Gekose Komitee op die Woeker Wetsontwerp. Kaapstad, 1926.

S.C.8-'42, Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Gekose Komitee oor Bankwetsontwerp. Kaapstad, 1942.

U.G.16-'42, Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Tegnieese Komitee oor Bankwetgewing. Kaapstad, 1942.

III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

KOERANTE

De Volkstem, 06.07.1917 - 1948.

Ons Vaderland, 10.09.1915 - 1926.

The Sunday Times, 1918 - 1926.

IV. LITERATUUR

Arndt, E.H.D., Volksbanke, met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Johannesburg, 1940.

Du Toit, P. (Samesteller), Verslag van die Volkskongres oor die Armbankevraagstuk gehou te Kimberley 2 - 5 Oktober 1934. Kaapstad, 1934.

Joubert, A.M., Die Geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Kredietvereniging, 1888 - 1902. MA, RAU, 1987.

Mabin, A. and B. Conradie (Ed.), The confidence of the whole country: Standard Bank reports on economic conditions in Southern Africa 1865 - 1902. Johannesburg, 1987.

Verhoef, G., Die Geskiedenis van Nedbank, 1945 - 1973. D Litt et Phill, RAU, 1987.

Wolff, H.W., People's Banks a record of social and economic success. Fourth edition, London, 1919.

Tabelle

- Tabel 1:** Rentebesparing deur Ons Eerste Volksbank, p.67
- Tabel 2:** Beleggings van Ons Eerste Volksbank op 30 Junie 1934, p.73
- Tabel 3:** Toename in die reserwefonds van Ons Eerste Volksbank, 1918 - 1933, p.74
- Tabel 4:** Lenings by Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1934, p.79
- Tabel 5:** Spaarrekeninge en vaste deposito's by Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1934, p.80
- Tabel 6:** Bedryfsresultate van Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1934, p.84
- Tabel 7:** Persentasie slegte skuld by Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1934, p.84
- Tabel 8:** Statistiek om te bepaal of Ons Eerste Volksbank van hul hoofdoel afgewyk het, p.86
- Tabel 9:** Toename in die ledetal van Ons Eerste Volksbank vir die tydperk 1918 - 1927, p.112
- Tabel 10:** Aansoeke om lenings by Ons Eerste Volksbank tussen 1918 - 1927, p.114
- Tabel 11:** Die aantal spaarrekeninge, 1918 - 1927, p.117
- Tabel 12:** Die toename in spaarrekeninge, 1918 - 1927, pp.117-118
- Tabel 13:** Die toename in vaste deposito's, 1918 - 1927, p.120
- Tabel 14:** Rente wat Ons Eerste Volksbank sy lede van 1918 - 1927 bespaar het, p.124
- Tabel 15:** Redes waarom daar vir lenings aansoek gedoen is in 1923, p.125
- Tabel 16:** Redes waarom daar vir lenings aansoek gedoen is in 1927, p.126
- Tabel 17:** Afbetaling van lenings tot 1923, p.127
- Tabel 18:** Afbetaling van lenings tot 1927, p.127
- Tabel 19:** Persentasie slegte skuld by Ons Eerste Volksbank 1923 - 1927, p.130

- Tabel 20:** Toename in die reserwefonds, 1918 - 1927, p.132
- Tabel 21:** Beleggings van Ons Eerste Volksbank, 1918 - 1927, p.134
- Tabel 22:** Die finansiële vooruitgang, 1918 - 1927, p.137
- Tabel 23:** Toename in ledetal van Ons Eerste Volksbank vir die tydperk 1928 - 1937, p.139
- Tabel 24:** Aanvraag om lenings by Ons Eerste Volksbank tussen 1928 - 1937, p.140
- Tabel 25:** Bedrag as slegte skuld afgeskryf deur Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1937, p.142
- Tabel 26:** Persentasie slegte skuld afgeskryf deur Ons Eerste Volksbank, 1931 - 1937, p.143
- Tabel 27:** Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1932 - 30 Junie 1933, p.144
- Tabel 28:** Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1936 - 1 Junie 1937, p.145
- Tabel 29:** Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1932, p.147
- Tabel 30:** Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1937, p.147
- Tabel 31:** Die toename in die aantal spaarrekeninge, 1928 - 1937, pp.148-149
- Tabel 32:** Die toename in die bedrae in spaarrekeninge, 1928 - 1937, pp.149-150
- Tabel 33:** Toename in vaste deposito's tussen 1928 - 1937, p.151
- Tabel 34:** Groei van die reserwefonds, 1928 - 1937, p.152
- Tabel 35:** Verdeling van wins by Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1937, p.154
- Tabel 36:** Toename in verbande toegestaan deur Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1937, p.157
- Tabel 37:** Groei van Ons Eerste Volksbank, 1928 - 1937,

p.162

- Tabel 38:** Toename in die ledetal van Ons Eerste Volksbank vir die tydperk 1938 - 1948, p.164
- Tabel 39:** Toename in die bedrae wat aan lenings gedurende 1938 - 1948 toegestaan is, p.165
- Tabel 40:** Bedrae afgeskryf as slegte skuld deur Ons Eerste Volksbank gedurende 1938 - 1948, p.168
- Tabel 41:** Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1937 - 30 Junie 1938, p.169
- Tabel 42:** Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1942 - 30 Junie 1942, p.169
- Tabel 43:** Redes waarom vir lenings aansoek gedoen is gedurende die tydperk 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947, p.170
- Tabel 44:** Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1938, p.170
- Tabel 45:** Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1943, p.171
- Tabel 46:** Afbetaling van lenings teen 30 Junie 1947, p.171
- Tabel 47:** Die toename in die bedrae wat tussen 1938 - 1948 deur middel van spaarrekeninge gespaar is, p.172
- Tabel 48:** Toename in vaste deposito's tussen 1938 - 1948, p.175
- Tabel 49:** Toename in die reserwefonds, 1938 - 1948, p.177
- Tabel 50:** Toename in verbande by Ons Eerste Volksbank gedurende die tydperk 1938 - 1948, p.179
- Tabel 51:** Beleggings van Ons Eerste Volksbank vanaf 1938 - 1948, p.181
- Tabel 52:** Finansiële groei van Ons Eerste Volksbank, 1938 - 1948, p.182
- Tabel 53:** Bedrae aan reklame bestee deur Ons Eerste Volksbank vanaf 1919 - 1948, p.204

SAMEVATTING

DIE GESKIEDENIS VAN ONS EERSTE VOLKSBANK, 1918 - 1948

deur

STEPHANUS JOHANNES KITCHING

Leier : PROF. W. A. STALS
Medeleier : PROF. J. S. BERGH
Departement : GESKIEDENIS
Graad : MAGISTER IN GESKIEDENIS

Die doel met hierdie verhandeling is om te verduidelik hoe Ons Eerste Volksbank ontstaan het en om vas te stel hoekom dit die enigste volksbank is wat bly voortbestaan het. Die finansiële vooruitgang van die bank is daarom in oënskou geneem.

In die studie is daar aangetoon dat Ons Eerste Volksbank ontstaan het toe die drie stigterslede besluit het om 'n poging aan te wend om die armlankes in Pretoria te help om hulleself te help. Dit het gelei tot die stigting van Ons Eerste Volksbank wat gebaseer was op die beginsel van selfhelp.

Die belangrikste doelstelling van Ons Eerste Volksbank was om klein lenings toe te staan aan persone wat lede van die bank was. Hierdie lede sou by geen ander bank geholpe kon raak nie, omdat hulle nie aan die kredietvoorwaardes van ander banke sou voldoen het nie. By Ons Eerste Volksbank het karakter en beginselvastheid 'n rol gespeel in die bepaling van 'n lid se kredietwaardigheid. Persoonlike betrokkenheid was 'n kenmerk van hul werksaamhede, iets wat nie by ander banke die geval was nie. Dit het duidelik geword dat geen ander bank die rol van Ons Eerste Volksbank kon vervul het nie.

Daar is kortliks gekyk na die wetgewing wat Ons Eerste Volksbank se werksaamhede geraak het. Dit was veral die Woekerwet van 1926 se rentebepaling waaraan, van al die volksbanke, net Ons Eerste Volksbank voldoen het. Hierdie wet het veroorsaak dat al die ander volksbanke wat met behulp van Ons Eerste Volksbank gestig is, hul deure moes sluit. Hierdie was voorwaar 'n betreurenswaardige situasie.

Elke lid van Ons Eerste Volksbank is die beginsel van spaarsamigheid en gereelde terugbetaling van uitstaande lenings aangeleer. Dat Ons Eerste Volksbank finansiëel suksesvol was, kan nie betwyfel word nie. Die statistiek, veral ten opsigte van slegte skuld, bevestig dit. Dit was van die begin af duidelik dat volksbanke die doeltreffendste wapen teen woekeraars was. In hierdie opsig het Ons Eerste Volksbank aan sy leuse "Beveg die Woeker en beskerm die Volk", voldoen.

SUMMARY

THE HISTORY OF ONS EERSTE VOLKSBANK, 1918 - 1948

BY

STEPHANUS JOHANNES KITCHING

Leader : PROF.W.A.STALS
Co-leader : PROF.J.S.BERGH
Department : HISTORY
Degree : MAGISTER IN HISTORY

The purpose of this study is to explain why Ons Eerste Volksbank originated and why it is still the only people's bank in South Africa today. The financial growth of the bank was also examined.

In this study it is made clear that Ons Eerste Volksbank came into existence when the three founders of the bank decided to help the poor people of Pretoria by helping them to help themselves. Ons Eerste Volksbank was born out of this effort. It was based on the principle of selfhelp.

The most important aim of Ons Eerste Volksbank was to grant small loans to members of the bank. No other bank would have judged these people creditable for any loans. Firmness of principle and trustworthiness were factors taken into account, when considering a loan. Personal involvement was a distinctive feature of their business attitude, contrary to other banks. From the begining it was clear that no bank could have taken the place of Ons Eerste Volksbank.

Legislation which affected people's banks was also examined, especially the Usury Act of 1926, which resulted in the closing down of all the other people's banks. This was a deplorable situation.

The principles of saving money and regularly repaying outstanding loans, were taught to every member of the bank. In conclusion it was clear that Ons Eerste Volksbank was financially successful, especially if the statistics of outstanding loans are taken into consideration. It was evident that Ons Eerste Volksbank was the best solution against usury.

SLEUTELTERME

- 1. ARMBLANKE**
- 2. BESTUUR**
- 3. DOMMISSE**
- 4. KREDIET**
- 5. LENINGS**
- 6. REKLAME**
- 7. RESERWEFONDS**
- 8. STATUTE**
- 9. VOLKSBANK**
- 10. WOEKERWET**